# 'n Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Rugbyraad (SARR): Ontstaan, ontwikkeling en vroeë bedrywighede, 1889-1956

Wouter Jacobus de Wet

(2015278803)

*Proefskrif voorgelê vir die graad Philosophiae Doctor (Geskiedenis)*

*Fakulteit Geesteswetenskappe*

*Universiteit van die Vrystaat*

Studieleiers:

Prof. Albert Mauritz Grundlingh

Prof. André Wessels

Junie 2021

**Verklaring**

Hiermee verklaar ek, Wouter Jacobus de Wet, dat hierdie my oorspronklike werk is. Ek bevestig ook dat hierdie proefskrif, gedeeltelik of in geheel, nog nooit voorheen vir die verkryging van 'n kwalifikasie ingedien is nie.

18 Junie 2021

**Opsomming**

Hierdie proefskrif bestudeer die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Rugbyraad (SARR), die nasionale beheerliggaam van wit rugby in die land, van 1889 tot 1956. Onbeperkte toegang tot die argief van die SARR het die kandidaat die unieke geleentheid gegee om die verhaal van die organisasie se eerste 67 jaar aan die hand van sy eie amptelike dokumentasie na te vors en te skryf.

Rugby is een van Suid-Afrika se mees gewilde sportsoorte en die geskiedenis daarvan, wat eweneens nét so populêr is, is oor die afgelope byna 90 jaar uit vele hoeke beskryf. Desondanks is daar nog nooit ’n studie van die administrasie van die spel in Suid-Afrika gemaak nie. Hierdie proefskrif het dit ten doel om dié gaping in die historiografie te vul deur ’n organisatoriese geskiedenis van die SARR daar te stel. Daar word deurgaans op drie kernaspekte gefokus – die funksies en werksaamhede van die Raad en die uitbou daarvan oor tyd, die ontwikkeling van die aard van die Raad as beheerliggaam, en die organisasie se wisselende posisie in die sosio-politieke kontekste van Suid-Afrika én die (rugby)wêreld waarbinne dit gefunksioneer het. Die hoop is dat hierdie studie ’n vernuwende bydrae sal maak tot die land se ontluikende sportgekiedenis in die algemeen, en tot ons kennis oor rugbygeskiedenis spesifiek. Alhoewel dit nie die SARR se hele 103-jaar bestaan beskryf nie, werp dit nietemin lig op ’n belangrike tema en tydperk in Suid-Afrika se rugbygeskiedenis, een wat tot dusver agterweë gebly het.

**Abstract**

This thesis studies the history of the South African Rugby Board (SARB), the national governing body of white rugby in the country, from 1889 to 1956. Unrestricted access to the archive of the SARB gave the candidate the unique opportunity to research and write the history of the organisation's first 67 years on the basis of its own official records.

Rugby is one of South Africa's most popular sports and its history, which has proven to be equally popular, has been written from many angles over the past almost 90 years. Yet, no study of the administration of the sport in South Africa exists. This thesis aims to fill this gap in the historiography by establishing an organisational history of the SARB. Three key aspects will be focussed on throughout – the functions and operations of the Board and how these developed over time, the evolution of the nature of the Board as a governing body, and the organisation's ever-changing position in the socio-political contexts of South Africa and the (rugby) world in which it functioned. The hope is that this study will make an innovative contribution to the country's budding sports history in general, and to our knowledge of rugby history in particular. Although it does not describe the SARB's entire 103-year existence, it nonetheless illuminates an important theme and period in South Africa's rugby history, one which has hitherto remained unexplored.

**Bedankings**

Ek wil graag ’n groot woord van dank aan my twee studieleiers gee. Prof. Albert Grundlingh se ongelooflike vakkennis, kritiese vrae en leiding deur die loop van hierdie studie was van onskatbare waarde. Dit was voorwaar ’n voorreg om onder u te studeer. Prof. André Wessels was van groot hulp met die administratiewe kant van dinge en ek is veral ook dankbaar vir sy fyn oog vir detail. U ervaring het my deurgaans gemoedsrus gegee.

Baie dankie ook aan my ouers, Judy and Jaco de Wet. Hulle het hul vingers stompies gewerk en knieë nerfaf gebid om my op universiteit te hou. Selfs al is dit ’n hoofstuk wat nou afgehandel is, vermoed ek egter dat hulle nie gaan ophou nie.

Bianca Naudé is ’n lewensvennoot en akademiese klankbord sonder gelyke. Dankie vir jou goeie voorbeeld oor hoe om ’n PhD kaf te draf (jy meer as ek), asook vir jou aansporing en ondersteuning oor die afgelope paar jaar.

Danika Brand het haarself as navorsingsassistent uitstekend van haar taak gekwyt. Baie dankie vir die ure op ure wat jy in die argief deurgebring het om my werk makliker te maak.

Ek is ook dank verskuldig aan twee vriende en akademiese vennote. Jan-Ad Stemmet het my sommer vinnig by die Universiteit van die Vrystaat laat tuis voel en ek koester ons gesprekke oor my studies en nog wat. Chet Fransch gave me wonderful opportunities as an aspiring academic to get a foot in the door, and for that I will forever be thankful.

Hierdie proefskrif is opgedra aan my twee oupa’s, Tol van Schalkwyk en Pierre de Wet.

# Inhoudsopgawe


**Lys van akronieme** ..... vii

**Lys van foto's en tabelle** ..... ix

**Inleiding** ..... 1

- **Probleemstelling en fokus** ..... 1
- **Literatuurstudie** ..... 4
- **Metodologie en bronne** ..... 19
- **Hoofstukindeling** ..... 24

**Hoofstuk 1: Agtergrond en stigting** ..... 26

- **Ontwikkeling van rugby in Suid-Afrika** ..... 26
- **Kontak en 'n konferensie** ..... 32
- **Stigting en samestelling** ..... 35

**Hoofstuk 2: Vroeë funksies** ..... 43

- **Administrasie van die eerste toernooie** ..... 43
- **Rugby en die Anglo-Boereoorlog** ..... 58
- **Spanning laai op** ..... 61

**Hoofstuk 3: Internasionale kontak, 1889-1914** ..... 70

- **Die 1891- en 1896-toere na Suid-Afrika** ..... 70
- **1903: Rugby vir rekonsiliasie?** ..... 80
- **Die eerste Springbokke, 1906-1907** ..... 84
- **Internasionale kontak, 1907-1914** ..... 90

**Hoofstuk 4: Oorlog, imperiale verhoudinge en institusionele ontwikkeling, 1914-1939** ..... 102

- **Die Raad en die Eerste Wêreldoorlog** ..... 102
- **1919: Inter Services Tournament en die eerste Nieu-Seelandse besoekers** ..... 109
- **Die suidelike halfrond se stryd om selfverteenwoordiging** ..... 114
- **Die uitbreiding van die meganisme van die Raad** ..... 127
- **Die Maori-kwessie** ..... 143

**Hoofstuk 5: Die Raad en die Tweede Wêreldoorlog, 1939-1945** ..... 151

- **Die 'rugby skeuring'** ..... 151
- **Spesiale komitee** ..... 161
- **Hereniging** ..... 166
- **Ontstaan, omvang en oplos van die 'rugby skeuring': bydraende faktore** ..... 170
- **Enkele speelveld hoogtepunte** ..... 176

**Hoofstuk 6: Vernuwing, 1946-1956** ..... 182

**Die rugby-herlewing** ... 183
**Die rol van die Raad?** ... 192
**Selfverteenwoordiging op die IRFB** ... 198
**Inleiding tot die Craven-era** ... 205
**Slotopmerkings** ... 213
**Addendums** ... 218
**Bronnelys** ... 224

## Lys van akronieme

| | |
|---|---|
| AB | Afrikaner-Broederbond |
| ANC | African National Congress |
| ARFU | Australian Rugby Football Union |
| DRFU | Damaraland Rugby Football Union |
| EPRFU | Eastern Province Rugby Football Union |
| FHUTC | Four Home Unions Tour Committee |
| GSWARFU | German South West Africa Rugby Football Union |
| GWRFU | Griqualand West Rugby Football Union |
| IRFB | International Rugby Football Board |
| NP | Nasionale Party |
| NSWRU | New South Wales Rugby Union |
| NZRFU | New Zealand Rugby Football Union |
| OKRB | Oos-Kaaplandse Rugbybond |
| ORCRFU | Orange River Colony Rugby Football Union |
| RDB | Reddingsdaadbond |
| RFU | Rugby Football Union |
| RFUK | Rugby Football Union Kenya |
| SABRB | South African Bantu Rugby Board |
| SACA | South African Cricket Association |
| SACRFB | South African Coloured Rugby Football Board |
| SAFB | South African Football Board |
| SARA | South African Rugby Association |
| SARFF | South African Rugby Football Federation |

| | |
|---|---|
| SARFB | South African Rugby Football Board |
| SARR | Suid-Afrikaanse Rugbyraad |
| SARFU | South African Rugby Football Union |
| SARU | South African Rugby Union |
| SWARFU | South West Africa Rugby Football Union |
| SWD | Suid-Westelike Distrikte |
| TRFU | Transvaal Rugby Football Union |
| WKRB | Wes-Kaaplandse Rugbybond |
| WPCRFU | Western Province Coloured Rugby Football Union |
| WPL | Western Province League |
| WPRFU | Western Province Rugby Football Union |

## Lys van foto's en tabelle

Foto 1: SARR Argief 22

Tabel 1: Toeskouergetalle by internasionale toetswedstryde in Johannesburg en Kaapstad, 1938-1955 185

# Inleiding

## Probleemstelling en fokus

Vroeg in die jaar 2012 het ’n vragmotor met 505 kartonhouers se argiefmateriaal by die Universiteit van Stellenbosch aangekom. Dit was die rekords van die Suid-Afrikaanse Rugbyraad (SARR), die nasionale beheerliggaam wat (wit) rugby in die land van 1889-1992 geadministreer het, wat van die vismotte en verweer van ’n plaasskuur buite De Aar gered is. Oor die volgende twee jaar wat ek die argief georganiseer en gekatalogiseer het, het dit vinnig duidelik geword dat die organisasie sélf ’n ryk geskiedenis van sy eie het.

’n Ondersoek hierna in die literatuur lei na die drie boeke wat die SARR oor die loop van sy 103-jarige bestaan gepubliseer of geborg het, en waarin die liggaam se geskiedenis beskryf is. Ivor Difford se *History of South African Rugby Football* (1933), die Raad se eie *Rugby in Suid-Afrika, 1889-1964* (1964), sowel as Paul Dobson se *Rugby in South Africa: A History, 1861-1988* (1989), skiet almal te kort wat dit ’n historiese analise van die SARR as organisasie betref. Die verwagting dat ’n geskiedenis van die liggaam elders in die literatuur gevind kan word, beskaam. Die historiografie van Suid-Afrikaanse rugby bestaan uit ’n legio populêre en akademiese werke wat die sport uit verskeie hoeke beskryf en twee aspekte daarvan staan uit. In die eerste plek fokus dit tot ’n groot mate op speelveld-gebeure terwyl die administrasie – dít wat ‘agter die skerms’ in die raadsale van die sport gebeur het – nie veel meer as terloopse verwysings ontvang nie. Wat dit hierdie vermeldings van die rugby-administrasie verder betref, troon Danie Craven, SARR-president van 1956-1992, soos ’n reus bo almal en alles anders uit. Tweedens blyk dit dat die periode wat rofweg saam Suid-Afrika se apartheidsjare geval het, naamlik 1948-1994, verreweg die meeste aandag geniet.

Daar bestaan dus ’n opvallende gaping in die geskiedskrywing oor Suid-Afrikaanse rugby. Daar is ’n gebrek aan ’n ondersoek na die rugby-administrasie in die algemeen, en van die SARR se geskiedenis meer spesifiek. Gegewe die sport se gewildheid en skynbare kulturele betekenis in Suid-Afrika, is hierdie leemte verbasend. Met die beskikbaarheid van die Raad se argief en my intieme kennis van die inhoud en gebruik daarvan, het ’n gulde geleentheid ontstaan om die organisasie se geskiedenis te bestudeer en omskryf.

Die geskiedenis van rugby in Suid-Afrika is ’n komplekse verhaal. Dit het ’n verlede wat ryk is aan oomblikke en persoonlikhede, beide op die speelveld en daarvan af. Sedert die spel vanaf die negentiende eeu in die land gespeel is, het dit in ’n gewilde sport ontwikkel met allerlei sosiale, ekonomiese en politieke uitlopers. Omdat rugby hier ook deur verskeie gemeenskappe en in verskillende sosio-politieke kontekste gespeel is oor ’n tydperk van meer as 150 jaar, is daar heelwat perspektiewe of invalshoeke waaruit die sport bestudeer kan word. Ondanks die gewildheid van rugbygeskiedenis in die populêre en akademiese literatuur, is die administrasie van die spel nog nooit in enige diepte blootgelê nie. Hierdie proefskrif hoop om dié leemte in die historiografie aan te spreek deur ’n organisatoriese geskiedenis van die SARR van 1889 tot 1956 te skryf.

Die hoof navoringsvraag lei dus: *Hoe het die Suid-Afrikaanse Rugbyraad (SARR) die spel van 1889 tot 1956 geadministreer?* Om hierdie vraag uiteindelik te beantwoord, gaan drie kernkwessies deurgaans aangespreek word – die funksies en werksaamhede van die SARR en die uitbou daarvan oor tyd, die ontwikkeling van die aard van die Raad as beheerliggaam, en die organisasie se wisselende posisie in die sosio-politieke kontekste van Suid-Afrika én die (rugby)wêreld waarbinne dit gefunksioneer het. Spesifieke brandpunte in die SARR se geskiedenis gaan identifiseer word en chronologies nagevolg word ten einde die dinamika wat in en om die Raad werksaam was, te verduidelik. Hierdie proefskrif is dan meer as ’n blote administratiewe geskiedenis. Dit handel ook oor die wisselende kulturele en politieke kontekste waarbinne (wit) rugby in Suid-Afrika gespeel is. Die hoop is dat hierdie studie ’n bydrae sal maak tot Suid-Afrika se ontluikende sportgekiedenis in die algemeen, en tot ons kennis oor rugbygeskiedenis spesifiek.

Wat die periodisering van die studie betref, is 1889 die logiese vertrekpunt omdat die SARR in daardie jaar in die lewe geroep is. Die agtergrond en oploop tot dit sal natuurlik ook beskryf word om die stigting van die Raad te kontekstualiseer. Vandaar word spesifieke brandpunte in die Raad se geskiedenis geïdentifiseer en chronologies nagevolg. Dit word in die hoofstukindeling hieronder uiteengesit. Daar is besluit om die studie tot 1956 te beperk vir hoofsaaklik twee redes. Die era ná 1956 geniet meer aandag in die literatuur as die tyd daarvoor en in die algemeen is daar betreklik min bekend oor die periode vóór Craven se presidentskap. Om dus reg aan dié belangrike tydperk te laat geskied, val die fokus hierop. In die tweede instansie kan die Craven-era van 1956-1992 ook as ’n afsonderlike fase in die Raad se bestaan as ’n organisasie beskou word. Nie alleen is die funksies van die liggaam onder sy leierskap geprofessionaliseer nie, maar Suid-Afrika se omstrede apartheidsbestel het in hiérdie era ’n

toenemende invloed op die administrasie van die land se wit rugby gehad. Die SARR moes byvoorbeeld funksioneer onder die donker wolk van betoger-toere en toenemende internasionale isolasie. Die aard van die verhaal van Suid-Afrikaanse rugby van 1956-1992, sowel as die oorvloed argivale materiaal oor dié tyd in die SARR se geskiedenis,[1] vereis ’n afsonderlike studie.

’n Kort verduideliking van die organisasie se naam en gebruik daarvan in hierdie proefskrif is gepas. Die nasionale beheerliggaam van wit rugby in Suid-Afrika is in 1889 as die South African Football Board (SAFB) in die lewe geroep. In 1894 is dit na die South African Rugby Football Board (SARFB) verander om dit te onderskei van die nasionale beheerliggaam van wit sokker in die land, naamlik die South African Football Association (SAFA) wat in 1892 gestig is. Die SARFB het só geheet tot 1978 toe dit met die South African Rugby Football Federation (SARFF) en die South African Rugby Association (SARA) saamgesmelt het om die South African Rugby Board (SARB), oftewel die Suid-Afrikaanse Rugbyraad (SARR), te vorm. In 1992 het die SARR met die South African Rugby Union (SARU) geamalgameer, en die gevolglike South African Rugby Football Union (SARFU) het gesien hoe Suid-Afrika in 1992 weer tot die internasionale speelveld toegelaat is.

Die titel en inleidende hoofstuk van hierdie proefskrif gebruik die benaming SARR omdat dít die liggaam se naam was toe dit in 1992, ná 103 jaar se bestaan, ontbind is. Deur die loop van die proefskrif gaan die naam gebruik word soos dit op daardie tydstip die geval was. Van 1889-1894 word daar dus van die SAFB gepraat, en van 1894-1956 van die SARFB. Omdat die organisasie se rekords vanselfsprekend die benaming van daardie era gebruik, is daar besluit om dit só te hou om verwarring te vermy. Deurgaans word daar ook na die liggaam as bloot ‘die Raad’ verwys.

[1] Die SARR se argief bestaan uit 505 kartonhouers en trommels, waarvan sowat 10% materiaal bevat wat uit die tydperk 1889-1956 dateer. Nadat Craven in 1956 die liggaam se president geword het, is daar baie meer noukeurig rekord gehou van die liggaam se werksaamhede. Die uitbreiding van die funksies van die Raad het natuurlik gesorg dat daar baie meer aktiwiteite was om van rekord te hou, wat dan verklaar hoekom rofweg 90% van die inhoud van die argief oor die Craven-era handel.

**Literatuurstudie**

Die literatuur oor Suid-Afrikaanse rugbygeskiedenis is ’n groot korpus werk wat wissel van populêre leesgenot vir die aanhanger tot akademiese werke omtrent verskeie politieke en sosio-ekonomiese aspekte van die sport. Die outeurs uit wie se penne hierdie werke kom, is ewe divers. Onder hulle tel joernaliste, voormalige spelers, rugbygeesdriftiges, en plaaslike en internasionale akademici. Populêre literatuur oor Suid-Afrikaanse rugby het vir die eerste maal in die 1930’s verskyn en dit het ná die Tweede Wêreldoorlog met groot reëlmaat verskyn. Dit is eers vanaf die 1990’s, en spesifiek na afloop van die 1995 Rugby Wêreldbekertoernooi, dat akademiese literatuur oor Suid-Afrika se rugbygeskiedenis ál meer prominent geword het. Hierdie literatuurstudie gaan ’n oorsig bied van die ontwikkeling van literatuur oor Suid-Afrikaanse rugbygeskiedenis. Daarna volg ’n kritiese bespreking van die werke waarin aspekte van die geskiedenis van die SARR ter sprake kom. Die doel hier is om te bepaal waar daar ’n gaping in die historiografie bestaan ten einde hierdie studie se bydrae daartoe te kontekstualiseer.

Ivor Difford se *History of South African Rugby Football* (1933) was ’n seminale werk omdat dit stellig die eerste boek is wat die geskiedenis van Suid-Afrikaanse rugby beskryf het.[2] Dit het die verhaal van (wit) rugby in die land van 1875-1932 vertel deur te fokus op, onderskeidelik, die ontstaansgeskiedenis van provinsiale unies en klubs, die internasionale toere van dié tydperk, en biografiese beskrywings van sommige invloedryke rugby-administrateurs. Kort ná die boek verskyn het, het die Tweede Wêreldoorlog (1939-1945) rugbyseisoene regoor die wêreld onderbreek. Met die hervatting van die spel in die jare daarna is rugby nie slegs met ’n nuwe ywer gespeel en ondersteun nie, maar in Suid-Afrika was daar ’n opbloei in literatuur oor die sport. Soos rugby kennelik ál meer gewild geword het, het dit die verbeelding van die Suid-Afrikaanse publiek toenemend aangegryp en populêre werke oor rugbygeskiedenis het mettertyd algemene items op boekrakke landwyd geword.

Deur die loop van die twintigste eeu het die name van sommige skrywers sinoniem met die Suid-Afrikaanse rugbygeskiedenis geword. Die belangrikste onder hulle was Danie Craven. Buiten dat hy ’n Springbokspeler, -kaptein, -keurder, -afrigter en wêreldberoemde administrateur was, was hy stellig ook die land se mees produktiewe skrywer van boeke oor rugby. Sy passie vir die spel het gestalte gevind in meer as 25 boeke wat verskeie aspekte

[2] I. Difford (ed.): *History of South African Rugby Football*. Cape Town: Specialty Press, 1933.

daarvan bestudeer – die ontstaan, ontwikkeling en aard van rugby, die geskiedenis van Springbokrugby, rugby op Stellenbosch, jaarboeke, handleidings vir rugby-oefening en -afrigting, sowel as enkele biografiese werke.[3] Nog 'n prominente skrywer is die sportjoernalis A.C. Parker. Hy het boeke oor sommige van die Springboktoere en -reekse van die 1950's en 1960's geskryf, sowel as een wat die geskiedenis van die span se vertonings op die internasionale verhoog van 1891 tot 1970 beskryf.[4] Dan was daar ook Chris Greyvenstein wie se reeks *Springbok Saga* boeke in die tagtiger- en negentigerjare veral baie gewild was.[5] Dit is veral die fotoboek-aard van hierdie reeks wat dit gewilde items vir rugbygeesdriftiges se koffietafels gemaak het. Nader aan die einde van die eeu het Paul Dobson, 'n voormalige skeidsregter, afrigter en administrateur, as die volgende groot skrywer van boeke oor Suid-Afrikaanse rugby na vore getree het.[6] Sy werke was uiteenlopend – rugbygeskiedenis,

[3] D.H. Craven: *Die grondbeginsels van* rugby. Kaapstad: Nasionale Pers, 1948; D.H. Craven: *Ek speel vir Suid-Afrika*. Kaapstad: Nasionale Pers, 1949; D.H. Craven: *Danie Craven on rugby*. Cape Town: Beerman, 1952; D.H. Craven: *Ons toetsprestasies*. Johannesburg: Afrikaanse Pers Boekhandel, 1954; D.H. Craven: *Springbok story, 1949-1953*. Cape Town: Beerman, 1954; D.H. Craven & P. Jordaan: *Met die Maties op die rugbyveld, 1880-1955*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1955; D.H. Craven: *Springboks down the years*. Cape Town: Howard Timmins, 1956; D.H. Craven: *Springbok annale: internasionale toere na en van Suid-Afrika, 1891-1958*. Johannesburg: Mimosa, 1958; D.H. Craven: *Oubaas Mark*. Johannesburg: Afrikaanse Pers Boekhandel, 1959; D.H. Craven: *Handleiding van rugby vir skole en klubs*. Johannesburg: Afrikaanse Pers Boekhandel, 1960; D.H. Craven: *Die verhaal van rugby*. Johannesburg: Afrikaanse Pers Boekhandel, 1960; D.H. Craven: *Springbok annale: internasionale toere na en van Suid-Afrika, 1891-1964*. Johannesburg: Mimosa, 1964; D.H. Craven: *Die sewe pilare van rugby*. Kaapstad: Suid-Afrikaanse Rugbyraad, 1965; D.H. Craven: *Die ABC van rugby*. Johannesburg: Janssonius & Heyns, 1966; D.H. Craven: *Rugby handbook*. Cape Town: Tafelberg, 1970; D.H. Craven: *Patroon vir rugby: 'n praktiese handleiding oor grondbeginsels, vaardighede, spelsette en oefenmetodes*. Kaapstad: Tafelberg, 1974; D.H. Craven: *Rugby vir almal*. Kaapstad: Tafelberg, 1976; D.H. Craven: *Die groot rugbygesin van die Maties*. Kaapstad: Galvin & Sales, 1980; D.H. Craven: *Doc Craven's rugby: playing and training*. Cape Town: HAUM, 1985; D.H. Craven: *Ons rugby in die platteland*. Kaapstad: Suid-Afrikaanse Rugbyraad, 1985; D.H. Craven: *Enjoyment in the playing and training of rugby*. Cape Town: South African Rugby Board, *s.a.*; D.H. Craven: *Evaluation guide for the positions on the rugby ground*. Cape Town: South African Rugby Board, *s.a.*; D.H. Craven: *Afrigters: vereistes en swakhede*. Kaapstad: Suid-Afrikaanse Rugbyraad, *s.a.*; D.H. Craven: *Karakterloosheid in rugby*. Kaapstad: Suid-Afrikaanse Rugbyraad, *s.a.*; D.H. Craven: *Rugbyterme: 1827 terme*. Johannesburg: Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge, *s.a.*
[4] A.C. Parker: *Giants of South African rugby with a report on the Lions*. Cape Town: Howard Timmins, 1956; A.C. Parker: *The All Blacks juggernaut in South* Africa. Cape Town: Tafelberg, 1960; A.C. Parker: *Now is the hour*. Cape Town: Howard Timmins, 1965; A.C. Parker: *Ruffled roosters*. Cape Town: Howard Timmins, 1967; A.C. Parker: *The Lion tamers*. Cape Town: Howard Timmins, 1968; A.C. Parker: *The Springboks, 1891-1970*. London: Cassel, 1970; A.C. Parker: *WP Rugby centenary, 1883-1983*. Cape Town: Western Province Rugby Football Union, 1983.
[5] C. Greyvenstein: *Springbok-seges in krieket en rugby*. Kaapstad: Buren, 1968; C. Greyvenstein: *The Bennie Osler story*. Cape Town: Howard Timmins, 1970; C. Greyvenstein: *Springbok-sage: Die verhaal in beeld van 1891 tot vandag*. Kaapstad: Human & Rousseau, 1977; C. Greyvenstein: *A pictorial history from 1891* (2nd edition). Cape Town: Human & Rousseau, 1981; C. Greyvenstein: *20 great Springboks, 1949-1987*. Cape Town: Don Nelson, 1987; C. Greyvenstein: *Springbok Saga: 100 years of Springbok rugby* (3rd edition). Cape Town: Human & Rousseau, 1989; C. Greyvenstein: *Springbok Saga: from 1891 to the new beginning* (4th edition). Cape Town: Human & Rousseau, 1992; C. Greyvenstein: *Springbok rugby: an illustrated history*. Cape Town: Sable Media, 1995.
[6] P. Dobson: *Great moments in South African sport*. Cape Town: Don Nelson, 1988; P. Dobson: *Rugby in South Africa: A History, 1861-1988*. Cape Town: South African Rugby Board, 1989; P. Dobson: *Newlands 100: One hundred years of rugby at Newlands, 1890-1990*. Cape Town: On The Ball Publications, 1990; P. Dobson: *Bishops Rugby: A History*. Cape Town: Don Nelson, 1990; P. Dobson: *Doc: The life of Danie Craven*. Cape

biografieë, staaltjies en stories, sowel as analises van die Springbokke se eerste twee vertonings by die Wêreldbeker-toernooie. Een van die mees vername werke wat uit sy pen gevloei het, is *Rugby in South Africa: A History, 1861-1988* (1989). Dié boek is deur die SARR uitgegee om saam met die organisasie se eeufeesviering in 1989 te val. Buiten dat dit 'n deeglike historiese relaas van die spel in Suid-Afrika gee, is dit stellig ook die eerste werk wat die geskiedenis van rugby onder swart Suid-Afrikaners beskryf het. Hierdie tema is later in die eeu verder omskryf in Aburahman Booley se *Forgotten Heroes: A history of black rugby, 1882-1992* (1998).[7]

Teen die einde van die twintigste eeu was populêre rugbyliteratuur volop. Die genre het bestaan uit boeke wat fokus op onderwerpe soos algemene rugbygeskiedenis, die Springbokke se internasionale toere en reekse, die geskiedenis van provinsiale unies en klubs, biografiese werke en herdenkingsgeskrifte. Laasgenoemde het veral in die 1980's verskyn toe heelwat plaaslike unies en klubs hul 100-jarige bestaan met die publikasie van 'n boek gevier het.[8] In 1989 het die South African Sports Documentation and Information Centre 'n bibliografie van Suid-Afrikaanse rugbyliteratuur uitgegee.[9] Dit beslaan 'n yslike 133 bladsye en bevat die bibliografiese details van alle werke, sover bekend, oor Suid-Afrikaanse rugby, sowel as dié met verwysings daarna. Die blote aantal werke waarna hierdie bibliografie verwys – en dit is met in ag neming van die talle boeke wat ná 1989 verskyn het en dus nie hierby ingesluit is nie – staan as bewys vir die gewildheid van die tema in die land. Die tendense en temas van die

---

Town: Human & Rousseau, 1994; P. Dobson: *30 Super Springboks*. Cape Town: Human & Rousseau, 1995; P. Dobson: *1995 Rugby World Cup review*. Cape Town: Sable Media, 1995; P. Dobson & N. Cain: *The story of the Rugby World Cup South Africa 1995*. Cape Town: Royston Lamond, 1995; P. Dobson: *Tight heads, loose balls: South African rugby's funniest stories*. Cape Town: Sable Media, 1995; P. Dobson: *Rugby's greatest rivalry: South Africa versus New Zealand, 1921-1995*. Cape Town: Human & Rousseau, 1996; P. Dobson: *Nick Mallet: The story so far*. Cape Town: Struik, 1999; P. Dobson: *Champions and Challengers: South Africa at the 1999 Rugby World Cup*. Cape Town: Struik, 1999; P. Dobson & A. Colquhoun: *The Chosen: The 50 greatest Springboks of all time*. Cape Town: Don Nelson, 2003; P. Dobson: *André Watson: The autobiography*. Cape Town: Don Nelson, 2005; P. Dobson *et al*: *The badge: A centenary of the Springbok emblem*. Cape Town: South African Rugby Union, 2006; P. Dobson & A. Botha: *Larger than life: A biography of Jan Bull Pickard*. Cape Town: Picardi Publishers, 2008.

[7] A. Booley: *Forgotten Heroes: A history of black rugby, 1882-1992*. Cape Town: Manie Booley Publications, 1998.

[8] D. Craven: *Die Groot Rugbygesin van die Maties*. Kaapstad: G&S, 1980; Malmesbury Rugbyklub Eeufeeskomitee: *Malmesbury Rugbyklub Eeufees, 1881-1981*. Malmesbury: Malmesbury Rugbyklub Eeufeeskomitee, 1981; A.C. Parker: *WP Rugby Centenary, 1883-1983*. Cape Town: WPRFU, 1983; D.H. Heydenrych: *Tukkie Rugby 75*. Pretoria: Universiteit van Pretoria, 1984; I. Van Heerden *et al*: *100 Jaar Rugby in Potchefstroom*. Potchefstroom: Telerent, 1985; F. Van Rensburg: *Griekwaland-Wes Rugby: Die ontstaan en geskiedenis van Griekwaland-Wes rugby, 1886-1986*. Kimberley: Noordkaap, 1986; W. Muller: *'n Eeu van OP Rugby, 1888-1988*. Port Elizabeth: OPRU, 1988; R. Sweet: *Natal 100: Centenary of Natal Rugby Union*. Durban: Natal Rugby Union, 1990.

[9] South African Sports Documentation and Information Centre: *South African Rugby 1889-1989: A bibliography of monographs*. Pretoria: Human Sciences Research Council, 1989.

twintigste eeuse populêre literatuur oor Suid-Afrikaanse rugby is die onderwerp van ’n onlangse artikel van die kandidaat.[10]

Akademiese publikasies oor Suid-Afrikaanse rugby het eers teen die einde van die eeu begin verskyn. Waar akademici in sommige ander dele van die wêreld vanaf die 1960’s toenemend op sport gefokus het en dit as ’n vername rolspeler binne ’n groter konteks bestudeer het, het dieselfde eers heelwat later in Suid-Afrika gebeur. John Nauright skryf hoe akademiese werke oor Suid-Afrikaanse sport – en dus ook sportgeskiedenis – vanaf die tagtigerjare begin verskyn het.[11] Onder die pionierswerke in hierdie verband tel Richard Lapchick se *The Politics of Race and International Sport: The Case of South Africa*[12] en Robert Archer en Antoine Bouillon se *The South African Game: Sport and Racism*.[13] Weens Suid-Afrika se omstrede apartheidsbestel in die tweede helfte van die eeu het die vroeë akademiese publikasies oor die land se sport hoofsaaklik oor die wisselwerking tussen sport, politiek en ras gehandel. John Nauright se *Sport, Cultures and Identities in South Africa*,[14] sowel as Douglas Booth se *The Race Game: Sport and Politics in South Africa* volg hierdie tendens.[15]

Die eerste akademiese werk wat die onderwerp van Suid-Afrikaanse rugbygeskiedenis spesifiek ondersoek, het in 1995 die lig gesien. Albert Grundlingh, André Odendaal en Burridge Spies se *Beyond the Tryline: Rugby and South African society* beskou die dieper historiese, sosiale en politieke betekenisse van rugby in die land.[16] Grundlingh se drie hoofstukke fokus onderskeidelik op die post-1990 politieke landskap van Suid-Afrikaanse rugby,[17] reaksies op die internasionale sportboikot,[18] sowel as hoe rugby deur die loop van die twintigste eeu deur die Afrikaner establishment toegeëien is en hoe dit mettertyd wit Suid-Afrikaners se ‘nasionale spel’ geword het.[19] Burridge Spies beskou die imperiale nalatenskap

[10] W. de Wet: “Tendense in populêre werke oor Suid-Afrikaanse rugby, 1948-1995: ’n historiografiese studie”, *Historia* 61(1), 2016, pp. 113-131.
[11] J. Nauright: *Sport, cultures and identities in South Africa*. Cape Town: David Philip, 1997, pp. 17-19.
[12] R. Lapchick: *The Politics of Race and International Sport: The Case of South Africa*. Westport: Greenwood Press, 1975.
[13] R. Archer & A. Bouillon: *The South African Game: Sport and Racism*. London: Zed Press, 1982.
[14] J. Nauright: *Sport, Cultures and Identities in South Africa*. Cape Town: David Philip, 1997.
[15] D. Booth: *The Race Game: Sport and Politics in South Africa*. London: Frank Cass, 1998.
[16] A. Grundlingh, A. Odendaal, B. Spies (eds.): *Beyond the Tryline: Rugby and South African society*. Johannesburg: Ravan Press, 1995.
[17] A. Grundlingh: “The new politics of rugby”, in: A. Grundlingh, A. Odendaal, B. Spies (eds.): *Beyond the Tryline: Rugby and South African society*, pp. 1-23.
[18] A. Grundlingh: “Responses to isolation”, in: A. Grundlingh, A. Odendaal, B. Spies (eds.): *Beyond the Tryline: Rugby and South African society*, pp. 90-105.
[19] A. Grundlingh: “Playing for power: Rugby, Afrikaner nationalism and masculinity in South Africa”, in: A. Grundlingh, A. Odendaal, B. Spies (eds.): *Beyond the Tryline: Rugby and South African society*, pp. 106-135.

van wit Engelssprekendes in Suid-Afrikaanse rugby,[20] terwyl André Odendaal se hoofstuk oor die geskiedenis van rugby onder swart Suid-Afrikaners stellig die eerste akademiese studie van die tema is.[21] In sy resensie van *Beyond the Tryline* skryf David Black hoe dié boek die analise van rugby in Suid-Afrika na 'n nuwe en dieper vlak neem, en hoe dit 'n merker vir toekomstige studies in dieselfde veld neerlê.[22]

Die kwarteeu ná 1995 het heelwat akademiese studies van Suid-Afrikaanse rugby opgelewer in die vorm hoofstukke in vakkundige boeke en artikels in vaktydskrifte. Dit is deur beide plaaslike en internasionale akademici geskryf en hulle bestudeer 'n wye reeks aspekte van die onderwerp. Een van die mees vername boeke is *Making Men: Rugby and Masculine Identity* (1996),[23] waarin daar drie hoofstukke aan Suid-Afrikaanse rugby gewy is. Robert Morrell beskou die verband tussen rugby en manlike identiteitsvorming in koloniale Natal gedurende die negentiende eeu,[24] Albert Grundlingh beskryf die verband tussen rugby en Afrikaner nasionalisme,[25] en John Nauright en David Black bespreek die rol van Springbok-All Black rugby in die konstruksie van 'n nasionale, manlike identiteit.[26]

In 1998 het Nauright en Black se boek *Rugby and the South African Nation: Sport, Cultures, Politics, and Power in the Old and New South Africas* die lig gesien.[27] Dit ontleed die komplekse verbintenis wat daar in Suid-Afrika tussen rugby, politiek, ras en kultuur bestaan. Dit kyk krities na die imperiale oorsprong van wit rugby in die negentiende eeu, die geskiedenis van rugby onder swart Suid-Afrikaners en die ideologieë en raspolitiek wat oor tyd daarop ingewerk het, die verbintenis tussen rugby en Afrikanerpolitiek gedurende die apartheidsera, die uitwerking van die sportboikot op Springbok-All Black rugby, die rugbypolitiek van die oorgangsjare in die vroeë 1990's, die belangrikheid van die 1995 Rugby Wêreldbekertoernooi,

---

[20] B. Spies: "The imperial heritage: Rugby and white English speaking South Africa", in: A. Grundlingh, A. Odendaal, B. Spies (eds.): *Beyond the Tryline: Rugby and South African society*, pp. 64-89.

[21] A. Odendaal: "'The thing that is not round': The untold history of black rugby in South Africa", in: A. Grundlingh, A. Odendaal, B. Spies (eds.): *Beyond the Tryline: Rugby and South African society*, pp. 24-63.

[22] D. Black: "Book review: 'Beyond the Tryline: Rugby and South African society'". *Sporting Traditions* 12(2), May 1996, pp. 133-135.

[23] J. Nauright & T.J.L. Chandler (eds): *Making Men: Rugby and Masculine Identity*. London: Routledge, 1996.

[24] R. Morrell: "Forging a ruling race: Rugby and white masculinity in colonial Natal, c. 1870-1910", in: J. Nauright & T.J.L. Chandler (eds): *Making Men: Rugby and Masculine Identity*, pp. 91-120.

[25] A. Grundlingh: "Playing for power? Rugby, Afrikaner nationalism and masculinity in South Africa, c. 1900-c.1970", in: J. Nauright & T.J.L. Chandler (eds.): *Making Men: Rugby and Masculine Identity*, pp. 181-204.

[26] J. Nauright & D. Black: "'Hitting them where it hurts': Springbok-All Black rugby, masculine national identity and counter-hegemonic struggle, 1959-1992", in: J. Nauright & T.J.L. Chandler (eds.): *Making Men: Rugby and Masculine Identity*, pp. 205-226.

[27] D. Black & J. Nauright: *Rugby and the South African Nation: Sport, Cultures, Politics, and Power in the Old and New South Africas*. Manchester: Manchester University Press, 1998.

sowel as die verskillende betekenisse wat daar in die 'nuwe' Suid-Afrika post-1994 aan rugby geheg is.

In 1999 het *Making the Rugby World: Race, Gender, Commerce* onder die redaksie van John Nauright en Timothy Chandler verskyn.[28] Twee hoofstukke hierin handel oor rugby in Suid-Afrika. John Nauright kyk na die geskiedenis van rugby in die bruin gemeenskap van Kaapstad in die twintigste eeu en ondersoek die aandeel van die spel in die gemeenskap se sosiale identiteit.[29] Douglas Booth beskryf weer die politieke en sosiale kragte teenwoordig in rugby in post-apartheid Suid-Afrika, en hy vra wat die moontlike invloed van professionale rugby se besigheidsinslag op historiese nasionalistiese doelwitte van die sport mag wees.[30] Meer onlangs, en in tred met die ontluikende tradisie van geredigeerde vakkundige boeke oor rugby, het John Nauright en Tony Collins se *The Rugby World in the Professional Era* (2017) verskyn.[31] In die drie hoofstukke oor Suid-Afrikaanse rugby kyk Marizanne Grundlingh na die land se omstrede rugby-erfenis soos dit by die Springbok Experience Museum ten toon gestel is,[32] Carla Lever ondersoek die kompleksiteite van Suid-Afrikaanse rugbykultuur en die wisselwerking daarvan met die kunste,[33] en laastens gooi Albert Grundlingh 'n kritiese blik op Nelson Mandela se betrokkenheid by die 1995 Rugby Wêreldbekertoernooi.[34]

Dieselfde outeur het *Potent Pastimes: Sport and leisure practices in modern Afrikaner history* in 2013 gepubliseer.[35] In vier van die boek se sewe hoofstukke fokus Grundlingh op aspekte van die Suid-Afrikaanse rugbygeskiedenis. Hy skryf oor die breër betekenis van rugby in die Afrikaner samelewing van die twintigste eeu,[36] die pad wat Suid-Afrikaanse rugby van

[28] J. Nauright & T.J.L. Chandler (eds.): *Making the Rugby World: Race, Gender, Commerce*. London: Frank Cass, 1999.
[29] J. Nauright: "Rugby, carnival, masculinity and identities in 'coloured' Cape Town", in: J. Nauright & T.J.L. Chandler (eds): *Making the Rugby World: Race, Gender, Commerce*. London: Frank Cass, 1999, pp. 27-42.
[30] D. Booth: "Recapturing the moment? Global rugby, economics and the politics of nation in post-apartheid South Africa", in: J. Nauright & T.J.L. Chandler (eds.): *Making the Rugby World: Race, Gender, Commerce*. London: Frank Cass, 1999, pp. 181-200.
[31] J. Nauright & T. Collins (eds.): *The Rugby World in the Professional Era*. London & New York: Routledge, 2017.
[32] M. Grundlingh: "'When jerseys speak': Contested heritage and South African rugby", in: J. Nauright & T. Collins (eds.): *The Rugby World in the Professional Era*, pp. 147-160.
[33] C. Lever: "Performativity, identities and rugby from field to stage in the new South Africa", in: J. Nauright & T. Collins (eds.): *The Rugby World in the Professional Era*, pp. 161-174.
[34] A. Grundlingh: "Dressed for success: Historicizing Nelson Mandela's involvement in the 1995 Rugby World Cup", in: J. Nauright & T. Collins (eds.): *The Rugby World in the Professional Era*, pp. 175-184.
[35] A. Grundlingh: *Potent Pastimes: Sport and leisure practices in modern Afrikaner history*. Pretoria: Protea Book House, 2013.
[36] A. Grundlingh: "Playing with Purpose: Rugby and its wider significance in Afrikaner society, c.1900-c.1989", in: *Potent Pastimes: Sport and leisure practices in modern Afrikaner history*, pp. 54-92.

internasionale isolasie na hertoelating geloop het,[37] die euforie wat die 1995 Rugby Wêreldbekertoernooi in die land veroorsaak het,[38] asook die professionalisering van rugby, die invloed daarvan op klubs en spelerkultuur, en die gepaardgaande transformasie-politiek in die spel in post-apartheid Suid-Afrika.[39]

Dit is noodsaaklik om hier ook die werk van die rugbyhistorikus Tony Collins te vermeld wat in twee van sy boeke aspekte van die Suid-Afrikaanse rugbygeskiedenis aanspreek. In *A Social History of English Rugby Union* (2009) is daar byvoorbeeld verspreide verwysings na die eerste Springboktoer na Brittanje in 1906-1907, Suid-Afrika se verhouding met die Engelse Rugby Football Union (RFU) in die twintigste eeu, hoe die anti-apartheid stryd in rugby gevoer is, Suid-Afrika se houding jeens professionele rugby, asook die sogenaamde rebelletoere hierheen in die 1980's.[40] In *The Oval World: A Global History of Rugby* (2015),[41] wat die ontwikkeling van rugby regoor die wêreld uiteensit, is daar enkele hoofstukke spesifiek aan Suid-Afrikaanse rugby gewy. Dit kyk, onderskeidelik, na die ontstaan en ontwikkeling van die spel in Suid-Afrika in die negentiende eeu, die Springbokke se stryd met die All Blacks om die nie-amptelike titel van wêreldkampioene, en die politiek van rugby en ras soos dit tussen Suid-Afrika en Nieu-Seeland, met spesifieke verwysing na die sogenaamde Maori-kwessie, uitgespeel het.

Heelwat artikels oor Suid-Afrikaanse rugbygeskiedenis het ook sedert die laat jare negentig in vaktydskrifte verskyn. Onder die mees vername outeurs in hierdie verband tel Albert Grundlingh, Floris van der Merwe, Dean Allen, Hendrik Snyders en Jonty Winch. Benewens die werke van Grundlingh wat reeds genoem is, het hy verder oor die verband tussen rugby, Afrikaner nasionalisme en manlikheid geskryf,[42] sowel as die rol van rugby en die betekenis van die 1995 Rugby Wêreldbekertoernooi in 'n veranderende Suid-Afrika.[43]

Floris van der Merwe se werk bespreek ook belangrike aspekte van die Suid-Afrikaanse rugbygeskiedenis oor die afgelope meer as 100 jaar. Sy werk fokus, onder meer, op die

[37] A. Grundlingh: "From international isolation to inclusion: The quest for rugby respectability, 1969-1994", in: *Potent Pastimes: Sport and leisure practices in modern Afrikaner history*, pp. 93-127.
[38] A. Grundlingh: "Explaining euphoria: The 1995 Springbok Rugby World Cup victory and its impact", in: *Potent Pastimes: Sport and leisure practices in modern Afrikaner history*, pp. 128-154.
[39] A. Grundlingh: "Rugby, rands and religion: Ramifications of the professionalization of the game, 1995-2013", in: *Potent Pastimes: Sport and leisure practices in modern Afrikaner history*, pp. 155-191.
[40] T. Collins: *A Social History of English Rugby Union*. London: Routledge, 2009.
[41] T. Collins: *The Oval World: A Global History of Rugby*. London: Bloomsbury, 2015.
[42] A. Grundlingh: "Playing for Power? Rugby, Afrikaner Nationalism and Masculinity in South Africa, c.1900-70", *The International Journal of the History of Sport* 11(3), 1994, pp. 408-430.
[43] A. Grundlingh: "From redemption to recidivism? Rugby and change in South Africa during the 1995 Rugby World Cup and its aftermath", *Sporting Traditions* 14(2), 1998, pp. 1-19.

oorsprong van die Springbok-embleem,[44] die voorkoms van rugby in die gevangenekampe van die Anglo-Boereoorlog,[45] die skep van sporthelde en ’n nasionale identiteit soos dit met Paul Roos spesifiek die geval was,[46] hoe kwessies rondom ras ’n deurslaggewende rol gespeel het tydens die eerste besoek van ’n Nieu-Seelandse span in Suid-Afrika in 1919,[47] sowel as die verband tussen rugby en Afrikaner nasionalisme gedurende die Tweede Wêreldoorlog.[48]

Dean Allen se werk handel hoofsaaklik oor die ontstaan van rugby as ’n imperiale sport en die ontwikkeling daarvan in die laat negentiende en vroeë twintigste eeu. Hy skryf oor rugby in die tyd rondom die Anglo-Boereoorlog en die rol van die spel in die opkoms van Afrikaner nasionalisme in die jare daarna,[49] oor die betekenis van die eerste vier internasionale rugbytoere tussen Brittanje en Suid-Afrika rondom die draai van die eeu,[50] die politiek van wit sport in Suid-Afrika in dieselfde era,[51] sowel as oor Paul Roos en die simboliek van die eerste Springbokspan wat in 1906-1907 na Brittanje getoer het.[52]

Hendrik Snyders het ook in onlangse jare ’n waardevolle bydrae tot die akademiese literatuur oor Suid-Afrikaanse rugbygeskiedenis gemaak. Sy artikels fokus onder meer op die kortstondige duur van die rugby-liga kode in Suid-Afrika in die laat 1950’s en vroeë 1960’s,[53] die ontwikkeling van rugby onder swart Suid-Afrikaners en sulke spelers se stryd om internasionale erkenning,[54] sowel as die rugby-betrekkinge tussen Suid-Afrika en die Verenigde State van Amerika tydens die apartheidsjare.[55] Verder kyk Snyders ook na hoe

---

[44] F.J.G. van der Merwe: “A History of the Springbok”, *The Sports Historian* 19(2), 1999, pp. 80-83.

[45] F.J.G. van der Merwe: “Rugby in the Prisoner-of-War Camps during the Anglo-Boer War of 1899-1902”. January 1997. Beskikbaar by: https://www.researchgate.net/publication/242159541_Rugby_in_the_Prisoner-of-War_Camps_During_the_Anglo_Boer_War_of_1899-1902 (Besoek op 8 Januarie 2019.)

[46] F.J.G. van der Merwe: “Sports heroes and national identity: The role of Paul Roos in Springbok rugby”, *African Journal for Physical, Health Education, Recreation and Dance* 17(2), 2011, pp. 219-225.

[47] F.J.G. van der Merwe: “Race and South African Rugby: A Review of the 1919 ‘All Black’ Tour”, *South African Journal for Research in Sport, Physical Education and Recreation* 32(2), 2010, pp. 161-169.

[48] F.J.G. van der Merwe: “Rugby en Afrikanernasionalisme gedurende die Tweede Wêreldoorlog”, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 14(2), November 2000, pp. 83-93.

[49] D. Allen: “Beating them at their own game: Rugby, the Anglo-Boer War and Afrikaner nationalism, 1899-1948”, *The International Journal of the History of Sport* 20(3), 2003, pp. 37-57.

[50] D. Allen: “Tours of Reconciliation: Rugby, War and Reconstruction in South Africa, 1891-1907”, *Sport in History* 27(2), 2007, pp. 172-189.

[51] D. Allen: “‘The Race for Supremacy’: The Politics of ‘White’ Sport in South Africa, 1870-1910”, *Sport in Society* 14(6), 2011, pp. 741-753.

[52] D. Allen: “‘Captain Diplomacy’: Paul Roos and the Creation of South Africa’s Rugby ‘Springboks’”, *Sport in History* 33(4), 2013, pp. 568-583.

[53] H. Snyders: “‘Preventing Huddersfield’: The rise and decline of rugby league in South Africa, c.1957-1965”, *The International Journal of the History of Sport* 28(1), 2011, pp. 9-31.

[54] H. Snyders: “Rugby, national pride and the struggle of Black South Africans for international recognition, 1897-1992”, *Sporting Traditions* 32(1), 2015, pp. 95-122.

[55] H. Snyders: “‘An Outrage, Not Athletics’: Apartheid and South African-United States Rugby Relations, 1976-1990”, *The International Journal of the History of Sport* 35(10), 2018, pp. 1029-1059.

rugby gedurende en net ná die Anglo-Boereoorlog gespeel is, met spesifieke verwysing na die rol van Nieu-Seelanders in die herlewing van die spel in die naoorlogse tydperk en die begin van ’n gees van wedywering met Suid-Afrika op die sportveld.[56] In ’n boek wat hy saam Peter Lush geskryf het, word die geskiedenis van Suid-Afrikaanse spelers in rugby-liga elders in die wêreld beskryf,[57] terwyl sy mees onlangse boek die geskiedenis van Suid-Afrikaanse sewes-rugby beskryf.[58]

Nóg ’n historikus wat dit die Suid-Afrikaanse sportgeskiedenis aangaan, is Jonty Winch. Alhoewel die meeste van sy werk op die geskiedenis van krieket in Suid-Afrika en die voormalige Rhodesië fokus, bestudeer enkele artikels ook die rugbygeskiedenis van die streek. Een hiervan beskryf hoe verskillende voetbal-kodes in die negentiende eeu in die Kaap ontwikkel het en hoe rugby mettertyd die verkose vorm van die spel geword het.[59] Winch het ook ’n artikel oor Ebrahim Patel, voormalige president van die eertydse SARU, geskryf. Hierin is Patel se bydrae tot die spel in die tweede helfte van die twintigste eeu onder die soeklig geplaas.[60]

Buiten die werk van die bogenoemde outeurs, is daar enkele verdere artikels oor Suid-Afrikaanse rugby wat melding verdien. Leo Barnard en Cobus Rademeyer het byvoorbeeld oor die berugte 1981 Springboktoer na Nieu-Seeland geskryf.[61] Van Rademeyer se ander werk fokus op die temas van apartheid in Suid-Afrikaanse sport en die internasionale sportboikot.[62] Verder het Douglas Booth die omstredenheid rondom die gebruik van die Springbok-embleem in post-apartheid Suid-Afrika ondersoek,[63] terwyl John Nauright die lens van nostalgie gebruik

---

[56] H. Snyders: “Rugby football and the display of New Zealand identity during and beyond the Anglo-Boer War, 1899-1907”, *South African Journal of Cultural History* 34(2), 2020, pp. 42-64.
[57] P. Lush & H. Snyders: *Tries and Conversions: South African Rugby League Players*. London: London League Publications, 2015.
[58] H. Snyders: *Blitzboks: Rugby Sevens in South Africa – A History, 1904-2019*. Johannesburg: Naledi, 2021.
[59] J. Winch: “Unlocking the Cape Code: Establishing British Football in South Africa”, *Sport in History* 30(4), 2010, pp 501-522.
[60] J. Winch: “Ebrahim Patel: The IRB’s first black South African in more than 100 years”, *Sport in History* 33(4), 2012, pp. 512-531.
[61] L. Barnard & C. Rademeyer: “Die 1981 Springbok rugbytoer na Nieu-Seeland: die katalisator in die stryd teen apartheid in Suid-Afrikaanse rugby”, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 28(3), 2003, pp. 178-197.
[62] C. Rademeyer: “‘No normal sports in an abnormal society’: Sports isolation and the struggle against apartheid in South African sport, 1980-1992”, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 25(1), 2000, pp. 17-41; L. Barnard & C. Rademeyer: “Plaaslike en internasionale verset teen apartheid in Suid-Afrikaanse sport gedurende die tagtigerjare”, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 29(2), 2004, pp. 134-151; C. Rademeyer: “Sports isolation and the struggle against apartheid in South African sport: the sports policy of the National Party during the 1980s”, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 38(2), 2013, pp. 70-90; C. Rademeyer: “Entrenching apartheid in South African sport, 1948 to 1980: the shaping of a sporting society during the Strijdom-, Verwoerd- and Vorster administrations”, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 39(2), 2014, pp. 119-137.
[63] D. Booth: “Mandela and Amabokoboko: The political and linguistic nationalisation of South Africa?”, *The Journal of Modern African Studies* 34(3), 1996, pp. 459-477.

om Suid-Afrikaanse rugbyondersteuners se reaksie tot die Springbokke se hertoelating tot internasionale rugby in 1992 te verduidelik.[64] Labuschagne het die verband tussen rugby en Afrikaners se politieke oorheersing in die land ondersoek,[65] terwyl daar verder, benewens dié wat reeds vermeld is, ook ’n klompie artikels bestaan wat aspekte van die 1995 Rugby Wêreldbekertoernooi bestudeer.[66] Gegewe die unieke aard van die toernooi – die Springbokke se onwaarskynlike oorwinning in die doodsnikke van die finaal teen die hoog-aangeskrewe All Blacks, met die skynbare inspirasie van ’n charismatiese Nelson Mandela, en in die sosio-politieke konteks van die ‘nuwe’ demokratiese Suid-Afrika – is dit te verstane dat dit die aandag van akademici in verskeie dissiplines getrek het. Dit het selfs die verbeelding van Hollywood aangegryp. In 2009 het Clint Eastwood se film *Invictus* verskyn met die akteurs Matt Damon en Morgan Freeman in hoofrolle.[67]

Die gewildheid van rugby(geskiedenis) as tema in die akademiese bestudering van Suid-Afrikaanse sport het sedert 1995 sterk toegeneem. In die epiloog van ’n spesiale uitgawe van die *International Journal of the History of Sport* beskou John Nauright die stand van navorsing hieroor. Hy skryf dat die meerderheid werke handel oor die drie groot spansporte, naamlik rugby, krieket en sokker, en dat ’n gulde geleentheid dus bestaan vir die geskiedenis van ánder sportsoorte om nagevors te word.[68] Ondanks die klaarblyklike gewildheid van studies oor rugbygeskiedenis, bestaan daar egter steeds gapings in die historiografie daaroor. Hierdie literatuurstudie het dit duidelik gemaak dat die tema van rugby-administrasie – die praktiese binnewerkinge van hoe die spel geadministreer is – een só tema is wat verdere studie vereis. Met die meerderheid werke wat stellig ook bemoeid is met kwessies in die tweede helfte van die twintigste eeu, blyk dit dat die tydperk vóór die apartheidsjare nog verder ontgin kan word.

[64] J. Nauright: “‘A besieged tribe?’ Nostalgia, white cultural identity and the role of rugby in a changing South Africa”, *International Review for the Sociology of Sport* 31(1), 1996, pp. 69-86.

[65] P.A.H. Labuschagne: “An analytical perspective of Afrikaner ideological hegemony (1961-1980): The role of politics and rugby”, *Journal for Contemporary History* 40(1), 2015, pp. 125-143.

[66] G.J. Bothma: “Lightning strikes twice: The 2007 Rugby World Cup and memories of a South African rainbow nation”, *Communicato: South African Journal for Communication Theory and Research* 36(1), 2010, pp. 1-19; J.M. Coetzee: “Retrospect: The World Cup of Rugby”, *Southern African Review of Books* 38, July/August 1995; J. Maingard: “Imag(in)ing the South African nation: representations of identity in the Rugby World Cup 1995”, *Theatre Journal* 49(1), 1997, pp. 15-28; L. Steenveld & L. Strelitz: “The 1995 Rugby World Cup and the politics of nation-building in South Africa”, *Media, Culture and Society* 20(4), 1998, pp. 609-629.

[67] Vir ’n bespreking van die film, sien: A. Grundlingh, S. Robolin, A. Hinsman, L. Saint, S. Pearl, S. Pinto: “Roundtable on Invictus”, *Safundi: The Journal of South African and American Studies* 13(1-2), 2012, pp. 115-150.

[68] J. Nauright: “Epilogue: Making new histories of sport in South Africa”, *The International Journal of the History of Sport* 28(1), 2011, pp. 181-185.

Hierdie proefskrif gaan dié twee leemtes in die literatuur oor Suid-Afrikaanse rugbygeskiedenis aanspreek.

Daar bestaan nie literatuur wat uitsluitlik op die SARR en die organisasie se administrasie van wit rugby in Suid-Afrika fokus nie. Daar is slegs gedeeltelike blikke en terloopse verwysings daarna wat verspreid in die populêre en akademiese literatuur voorkom. Vervolgens dan ’n kritiese bespreking van die werke waarin die SARR en sy binnewerkinge ter sprake kom ten einde hierdie proefskrif se bydrae tot die historiografie te kontekstualiseer.

Die mees logiese plek om te soek na verwysings na die SARR is in die organisasie se eie publikasies. Ivor Difford se *History of South African Rugby Football* is die eerste stuk literatuur wat die geskiedenis van rugby in Suid-Afrika beskryf het. Die boek is wel nie deur die SARR self uitgegee nie, maar die Difford het die Raad se seën – en ’n geldelike bydrae – gehad. Daar word oorsigtelik vertel hoe rugby in die middeljare van die negentiende eeu in die Kaap posgevat het en vandaar landwyd versprei het. Difford beskryf vlugtig die geskiedenis van elk van die unies wat in 1933 aan die SARR geaffilieer was, en hy wy ’n enkele kort hoofstuk aan die geskiedenis van die SARR. Dié hoofstuk laat egter veel te wense. Daar word opsommenderwys na die stigting van die Raad verwys, waarna kort opsommings van belangrike raadsvergaderings tussen 1889 en 1933 volg. Hy skryf dan verder, maar in geen groot besonderhede nie, oor die Raad se finansies tot en met die vroeë 1930’s, waarna daar ten slotte ʼn lys van name en biografiese inligting oor Suid-Afrika se rugby-administrateurs en unies volg. Wat dit ’n gekontekstualiseerde en analitiese relaas van die geskiedenis van die SARR betref, is Difford se boek gebrekkig. Desondanks is dit steeds ʼn waardevolle bron vir hierdie studie omdat dit verwys na die aspekte van die Raad se geskiedenis en basiese inligting bevat oor die vroeë jare van wit rugby in die land.

Toe die SARR in 1964 sy 75’ste bestaansjaar vier, het *Rugby in Suid-Afrika, 1889-1964* verskyn.[69] Die enkele hoofstuk wat die geskiedenis van die organisasie beskryf, lyk baie soos dié van Difford in 1933. Daar word vlugtig na die SARR se ontstaan in 1889 verwys, gevolg deur opsommings van enkele belangrike vergaderings en die Raad se finansies. Plek-plek lyk dit asof Difford se werk nét so in Afrikaans vertaal is. Hierdie boek bied niks meer nie as ’n oorsigtelike blik op die geskiedenis van die SARR en hou dus nie veel waarde vir hierdie studie in nie.

[69] Suid-Afrikaanse Rugbyraad: *Rugby in Suid-Afrika, 1889-1964*. Kaapstad: Johnston & Neville, ten behoewe van die Suid-Afrikaanse Rugbyraad, 1964.

Met die SARR se eeufeesviering in 1989 het *Rugby in South Africa: A History, 1861-1988* onder die redaksie van Paul Dobson die lig gesien. Waar die bogenoemde twee publikasies daarin gefaal het om 'n gekontekstualiseerde en gedetailleerde beskrywing van die SARR se geskiedenis te gee, het Dobson se boek 'n tree in die regte rigting gegee. Alhoewel dit steeds oorwegend op speelveld-hoogtepunte konsentreer, is daar besprekings van die Raad en sy werksaamhede deur die boek versprei. Daar word in meer besonderhede na belangrike tydperke in die geskiedenis van die SARR gekyk, soos byvoorbeeld die stigting van die Raad en die historiese konteks waarbinne dit geskied het, die eerste paar besoeke van die Britse span rondom die draai van die eeu, die sogenaamde 'rugby skeuring' van die Tweede Wêreldoorlog en hoe die Raad interne konflik hanteer het; Danie Craven se verkiesing tot president van die Raad in 1956 en die invloed wat hy op die Raad se funksies en werksaamhede gehad het in die jare daarna; die samesmelting van die Raad met die South African Rugby Football Federation (SARFF) en die South African Rugby Association (SARA) in 1978, asook die sportboikot en die isolasie van die Springbokke in die jare sewentig en tagtig. *Rugby in South Africa* is ook die eerste stuk populêre literatuur wat die geskiedenis van rugby onder swart Suid-Afrikaners beskryf het, ofskoon net gedeeltelik. Dit moet egter uitgelig word dat Dobson se boek nie op die navorsing van primêre bronne berus nie. Die bibliografie getuig dat dit baie sterk op die studie van sekondêre bronne – meestal ander boeke – steun.[70] Desondanks is dit van groot waarde vir hierdie studie, hoofsaaklik omdat dit 'n chronologie van Suid-Afrikaanse rugby in die algemeen daarstel.

Benewens die SARR se eie publikasies, bied die biografiese werke oor Danie Craven ook waardevolle insae in die geskiedenis van die organisasie. Craven se outobiografie, *Ek speel vir Suid-Afrika* (1949), is vir logiese redes die uitsondering omdat dit vóór sy verkiesing tot president van die Raad in 1956 verskyn het. Dié boek is 'n anekdotiese stuk werk waarin Craven staaltjies uit sy dae as Springbokspeler deel.[71] Die vier biografieë oor Danie Craven beskryf sy termyn as president van die SARR taamlik breedvoerig en bied dus 'n waardevolle blik op die werkinge van die Raad vanaf 1956. Bun Booyens se *Danie Craven* (1975) vertel hoe Craven die administrasie van die SARR tydens sy eerste twee dekades in die amp geprofessionaliseer het.[72] Hy skryf byvoorbeeld oor hoe Craven vir die Raad sy eie kantore bekom het, hoe hy die organisasie se finansiële posisie verbeter het, sowel as hoe die werksaamhede van die uitvoerende komitee onder hom uitgebrei het. Hennie Gerber se *Craven*

[70] P. Dobson: *Rugby in South Africa: A History, 1861-1988*, pp. 256-258.
[71] D. Craven: *Ek speel vir Suid-Afrika*. Kaapstad: Nasionale Pers, 1949.
[72] B. Booyens: *Danie Craven*. Kaapstad: Suid-Afrikaanse Rugbyraad, 1975.

(1982) bespreek ook sy tyd as president van die SARR en dit kyk veral ook na sy professionalisering van die Raad se werksaamhede.[73] Daar word uitgewei oor Craven se hantering van kwessies soos reël-eksperimenterings en die skynbare bedreiging wat professionele rugby vir die amateurkode vir ’n paar jaar in die laat 1950’s en vroeë 1960’s ingehou het.

In 1991 het Ted Partridge se boek *A Life in Rugby* verskyn.[74] Dié biografie van Danie Craven fokus byna uitsluitlik op sy tyd as SARR-president met sy persoonlike lewe buite die spel wat minimaal aandag geniet. Waar die werke van Booyens en Gerber hoofsaaklik op Craven se doen en late binne die SARR fokus, bespreek Partridge eerder Craven en die Raad se werksaamhede na buite. Daar word byvoorbeeld uitgewei oor Craven se houding jeens die Afrikaner-Broederbond (AB), sy interaksies met Eerste Minister B.J. Vorster, Craven se rugby-klinieke in die tagtigerjare, en die gesprekke wat hy en die Raad in die laat 1980’s met die African National Congress (ANC) gehad het. Dié biografie bespreek nie slegs byna Craven se hele termyn as president van die Raad nie (1956-1992), maar dit werp ook lig op die organisasie se posisie binne die breër sosio-politieke konteks van Suid-Afrika gedurende hierdie tyd.

Paul Dobson se *Doc: The life of Danie Craven* het in 1994 verskyn.[75] Met die voordeel van nakennis – Craven is in 1993 oorlede – het Dobson stellig die mees volledige biografie van hom geskryf. ’n Lywige deel van die boek word aan Craven se jare as president van die SARR gewy. Daar word analities geskryf oor belangrike kwessies wat die rugby-administrasie betref, soos byvoorbeeld die stryd teen professionele rugby, Craven se verhouding met die International Rugby Football Board (IRFB), die Raad se eksperimentering met rugbyreëls, die komplekse verhouding tussen die SARR en die Suid-Afrikaanse apartheidsregering, die kwessie van gemengde rugby vanaf die 1970’s, die gesprekke met die ANC in die laat 1980’s, sowel as die SARR se samesmelting met SARU in 1992 om die South African Rugby Football Union (SARFU) te vorm. Dobson se biografie van Danie Craven bied ’n deeglike analise van Craven se tyd as Suid-Afrikaanse rugbybaas.

Buiten hierdie voorbeelde is verwysings na aspekte van die geskiedenis en/of funksies van die SARR elders in die populêre rugbygeskiedskrywing yl gesaai. In *The Springboks, 1891-1970* skets A.C. Parker vlugtig die agtergrond tot die stigting van die SARR in 1889, terwyl hy in sy beskrywings van die vroeë wedstryde tussen Suid-Afrika en die Brittanje plek-plek melding

---

[73] H. Gerber: *Craven*. Kaapstad: Tafelberg, 1982.
[74] T. Partridge: *A Life in Rugby*. Pretoria: Southern Book Publishers, 1991.
[75] P. Dobson: *Doc: The life of Danie Craven*. Cape Town: Human & Rousseau, 1994.

maak van die Raad se aktiwiteite.[76] Wim van der Berg se *150 Years of South African Rugby* fokus hoofsaaklik op groot oomblikke in die geskiedenis van Springbokrugby, maar dit bevat wel 'n hoofstuk waarin die SARR se presidente en hul bydraes tot die sport bespreek word.[77] Dié boek is op ander populêre rugbygeskiedskrywing gebaseer en bied dus geen nuwe inligting of perspektiewe aan die navorser nie.

In die akademiese literatuur is besprekings van die SARR se geskiedenis en werksaamhede ewe skaars. Enkele werke wat wél daarna verwys, word hier genoem om te illustreer waar die leemte(s) in die geskiedskrywing steeds bestaan. Dean Allen se artikels oor rugby in Suid-Afrika rondom die draai van die negentiende en twintigste eeue vermeld enkele van die SARR se besluite en uitsprake in hierdie era.[78] Dit bied 'n gedeeltelike blik op die Raad se internasionale betrekkinge in dié tyd. Enkele van Floris van der Merwe se artikels raak ook aan die SARR se werksaamhede, in besonder rondom die oorsprong van die Springbok-embleem,[79] die eerste Springboktoer na Brittanje in 1906-1907,[80] die besoek van die Nieu-Seelandse weermagspan na Suid-Afrika in 1919,[81] en die sogenaamde 'rugby skeuring' tydens die Tweede Wêreldoorlog.[82] Die SARR kom ook ter sprake in 'n hoofstuk van Grundlingh waar hy skryf oor, onder andere, die verafrikanerisering van die rugby-administrasie in die tydperk rondom die Tweede Wêreldoorlog.[83] Dan eindig Jonty Winch se artikel oor die ontstaan van die verskillende voetbal-kodes in die Kaap in die negentiende eeu met 'n vermelding van die stigting van die Raad in 1889.[84] Sy werk oor Ebrahim Patel beskryf ook sy verhouding met Danie Craven en die SARR. Verder kyk dit ook na SARU en die SARR se 1978-ontmoeting met Piet Koornhof, Minister van Sport en Rekreasie, in 'n poging om gemengde rugby in Suid-

---

[76] A.C. Parker: *The Springboks, 1891-1970*. London: Cassel, 1970.
[77] W. van der Berg: *150 Years of South African rugby*. Johannesburg: Bookstorm, 2011.
[78] D. Allen: "Beating them at their own game: Rugby, the Anglo-Boer War and Afrikaner nationalism, 1899-1948", *The International Journal of the History of Sport* 20(3), 2003, pp. 37-57; D. Allen: "Tours of Reconciliation: Rugby, War and Reconstruction in South Africa, 1891-1907", *Sport in History* 27(2), 2007, pp. 172-189; D. Allen: "'The Race for Supremacy': The Politics of 'White' Sport in South Africa, 1870-1910", *Sport in Society* 14(6), 2011, pp. 741-753; D. Allen: "'Captain Diplomacy': Paul Roos and the Creation of South Africa's Rugby 'Springboks'", *Sport in History* 33(4), 2013, pp. 568-583.
[79] F.J.G. van der Merwe: "A History of the Springbok", *The Sports Historian* 19(2), 1999, pp. 80-83.
[80] F.J.G. van der Merwe: "Sports heroes and national identity: The role of Paul Roos in Springbok rugby", *African Journal for Physical, Health Education, Recreation and Dance* 17(2), 2011, pp. 219-225.
[81] F.J.G. van der Merwe: "Race and South African Rugby: A Review of the 1919 'All Black' Tour", *South African Journal for Research in Sport, Physical Education and Recreation* 32(2), 2010, pp. 161-169.
[82] F.J.G. van der Merwe: "Rugby en Afrikanernasionalisme gedurende die Tweede Wêreldoorlog", *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 14(2), November 2000, pp. 83-93.
[83] A. Grundlingh: "Playing for power? Rugby, Afrikaner nationalism and masculinity in South Africa, c. 1900-c.1970", in: J. Nauright & T.J.L. Chandler (eds.): *Making Men: Rugby and Masculine Identity*, pp. 181-204.
[84] J. Winch: "Unlocking the Cape Code: Establishing British Football in South Africa", *Sport in History* 30(4), 2010, pp 501-522.

Afrika te vestig. Die gesprekke wat dié twee beheerliggame met die ANC in die laat 1980's gevoer het, geniet ook aandag.[85]

Daar moet dan gevra word tot watter mate die bestaande historiografie die geskiedenis en werksaamhede van die SARR beskryf. Die antwoord hierop is dat dit maar minimaal is. Wanneer die Raad in die literatuur, hetsy populêr of akademies, ter sprake kom, is die tendens dat dit 'n terloopse verwysing of slegs 'n kort bespreking van 'n paragraaf of twee is. Interessant genoeg is daar stellig meer verwysing na die SARR en sy werksaamhede in die populêre literatuur te vinde vergeleke met akademiese werke. Verder blyk dit dat die tydperk van die Craven-era, naamlik 1956-1992, ook die meeste aandag geniet. Daar bestaan geen werk wat die SARR se ontstaansgeskiedenis, funksies en werksaamhede, ontwikkeling oor tyd óf posisie in die breër sosio-politieke konteks in diepte bestudeer nie. Hierdie proefskrif gaan gevolglik poog om dié spesifieke leemte in die historiografie oor Suid-Afrikaanse rugbygeskiedenis te vul deur 'n organisatoriese studie van die SARR van 1889-1956 te maak.

Ten slotte 'n vraag na hoe die geskiedenis van ander nasionale rugby-beheerliggame geskryf is. Dit wil voorkom asof geen van hierdie organisasies van elders in die wêreld al vanuit 'n organisatoriese perspektief nagevors is nie. Terwyl die geskiedenis van rugby in lande soos Engeland of Nieu-Seeland breedvoerig opgeteken is, ontbreek daar 'n spesifieke fokus op die onderskeie nasionale beheerliggame van die sport. Daar is enkele boeke – populêre literatuur – wat aanspraak hierop maak, maar dié werke vertel veel meer die verhaal van die sport as dié van die organisasie wat dit administreer.[86] Die benadering van sulke werke is rofweg eenders. Die tendens is dat die ontwikkeling van rugby in die betrokke land beskryf word deur na die eerste klubs en rugbywedstryde te verwys, waarna daar grotendeels op die vertonings van die nasionale span deur die jare gefokus word. Daar word hoofsaaklik gekyk na internasionale toere, groot wedstryde, invloedryke persoonlikhede en interessante gebeure op die speelveld. Hierdie boeke is ook geneig om lang lyste met statistiese en biografiese inligting oor internasionale spelers en -toere te bevat. Alhoewel die stigting van die beheerliggaam ook

[85] J. Winch: "Ebrahim Patel: The IRB's first black South African in more than 100 years", *Sport in History* 33(4), 2012, pp. 512-531.

[86] Sien byvoorbeeld: O.L. Owen: *The History of the Rugby Football Union*. London: Playfair Books, 1955; U.A. Titley & A.R. Mcwirther: *Centenary History of the Rugby Football Union*. Twickenham: Rugby Football Union, 1970; J. Woolgar: *The Official RFU History*. London: Virgin Books, 1999; A.C. Swan: *The New Zealand Rugby Football Union, 1892-1967*. Wellington: A.H. & A.W. Reed, 1967; J. Pollard: *Australian Rugby Union: The Game and the Players*. Melbourne: Angus & Robertson, 1984; J.B.G. Thomas: *The Men in Scarlet: The Story of Welsh Rugby Football*. London: Pelham Books, 1972; A.M.C. Thorburn: *The Scottish Rugby Union Official History*. Edinburgh & London: HarperCollins Distribution Services, 1985; E.W. Moses: *A History of the Proceedings of the International Rugby Football Board, 1886-1959*. Twickenham: Walker & Co., 1961.

aandag geniet – somtyds in ’n enkele paragraaf en ander maal selfs in ’n aparte hoofstuk – word die werksaamhede van die organisasie, sy ontwikkeling oor tyd, en sy posisie in die breër sosio-politieke konteks nie in detail bestudeer nie. Die uitsondering hier is moontlik Nieu-Seeland. Rugbygeskiedenis is daar ook baie gewild en sommige onlangse werke raak aan aspekte van die administrasie van die rugby in die land.[87] Desondanks bestaan daar wêreldwyd ’n vername gaping in die historiografie wat dit die organisatoriese geskiedenis van nasionale rugby-beheerliggame betref. Hierdie studie beloof dus om ’n vernuwende bydrae in hierdie opsig te maak.

**Metodologie en bronne**

Sportgeskiedenis het sedert die 1960’s in ’n erkende sub-dissipline van die hoofstroom geskiedskrywing ontwikkel. Vandag is daar verskeie vaktydskrifte wat spesifiek daaraan gewy is, terwyl werke oor die geskiedenis van sport selfs in hoofstroom geskiedenispublikasies gevind kan word.[88] In Suid-Afrika is die situasie ietwat anders met sportgeskiedenis hier, relatief tot die res van die wêreld, stellig steeds in ’n ontwikkelingsfase. In sy 2011-artikel oor die stand van die Suid-Afrikaanse sportgeskiedenis benadruk John Nauright dat daar, ondanks die groeiende historiografie daarvan, steeds baie werk te doen is wat die daarstel van die land se sportgeskiedenis betref.[89]

Hierdie studie gee gehoor aan Nauright se pleidooi. Alhoewel hy in dieseflde artikel noem hoe rugby, vergeleke met ander sportsoorte, meer aandag in die Suid-Afrikaanse sportgeskiedenis geniet, is daar in werklikheid steeds ’n bykans algehele gebrek aan studies oor rugby-administrasie. Hierdie leemte in die historiografie het aanleiding gegee tot dié studie, waarvan die hoof navorsingsvraag as volg geformuleer is:

[87] G.T. Vincent: “Practical imperialism: the Anglo-Welsh rugby tour of New Zealand, 1908”, *The International Journal of the History of Sport* 15(1), 1998, pp. 123-140; G. Ryan: “Rural myth and urban actuality: the anatomy of All Black and New Zealand rugby 1884-1938”, *New Zealand Journal of History* 35(1), 2001, pp. 45-69; R. Palenski: *Century in Black: 100 years of All Black Test Rugby*. Auckland: Hodder, Moa, Beckett, 2003; G. Ryan (ed.): *Tackling Rugby Myths: Rugby and New Zealand Society, 1854-2004*. Dunedin: University of Otago Press, 2005; G. Ryan: “A Tale of Two Dinners: New Zealand Rugby and the Embrace of Empire, 1919-32”, *The International Journal of the History of Sport* 28(10), 2011, pp. 1409-1425; R. Palenski: *Rugby: A New Zealand History*. Auckland: Auckland University Press, 2015; G. Ryan & G. Watson (eds.): *Sport and the New Zealanders: A History*. Auckland: Auckland University Press, 2018.
[88] R. Holt: “Historians and the history of sport”, *Sport in History* 34(1), 2014, pp. 1-33.
[89] J. Nauright: “Epilogue: Making new histories of sport in South Africa”, *The International Journal of the History of Sport* 28(1), 2011, pp. 181-185.

> *Hoe het die Suid-Afrikaanse Rugbyraad (SARR) die spel van 1889 tot 1956 geadministreer?*

Om die vraag so sorgvuldig as moontlik te beantwoord, berus hierdie studie op die empiries-analitiese metode. Die hoeksteen van hierdie metode of model van geskiedskrywing is die empiriese bronne wat gebruik word om die verhaal mee te skep.

> This evidence-based model is constructed around the belief that the past is knowable through the sources and the more the evidence, which is often partial, fragmented and even misleading, is critically analysed by impartial, objective and disinterested historians, the closer we get to the truth.[90]

Die empiries-analitiese metode plaas ’n sterk premie op die gebruik van primêre bronne bo sekondêre bronne. Dit bepleit ook die gebruik van ’n verskeidenheid soorte primêre bronne, en verder gee dit ook voorkeur aan geskrewe bo ongeskrewe bronne.[91] Die kandidaat is egter bewus van die kritiek teen hierdie metode, wat aanleiding daartoe gegee het dat daar deurgaans ook sekondêre bronne gebruik is om só ’n mate van konteks en balans in die studie te behou. Dit moet ook genoem word dat die geskiedskrywer, ondanks die sentrale posisie van bronne in die studie, sélf ook ’n rol in die skep van die verhaal speel. Dít het veral met die seleksie van bronne te make. Sommige bronne is integraal, party op die periferie, terwyl ander uitgesluit kan word. Omdat nie alle bronne ewe belangrik vir die suksesvolle beantwoording van die navorsingsvraag is nie, beteken dit dat die geskiedskrywer noodgedwonge ’n aktiewe agent in die siftingsproses daarvan word. Orsmond en Phillips vat dit goed saam wanneer hulle skryf dat “[in] essence, history exists because a narrative or story has been created, not discovered, by the historian.”[92]

Wat die metodologie verder betref, is hierdie ’n kwalitatiewe studie. Dit is só weens die aard van die spesifieke navorsingsvraag en die tipes primêre bronne en argivale materiaal wat gebruik is. Dan is daar ook deurgaans ’n induktiewe benadering gevolg, wat toegelaat het vir die ontstaan van temas uit die beskikbare data. Op hiérdie manier het die brandpunte in die geskiedenis van die SARR na vore gekom soos daar deur die organisasie se argiefmateriaal en die beskikbare literatuur gewerk is.

---

[90] G. Osmond & M. Phillips: “Sources”, in: S.W. Pope & J. Nauright (eds.): *Routledge Companion to Sports History*, p. 36.
[91] *Ibid*.
[92] *Ibid*., p. 41.

Hierdie studie maak gebruik van ’n verskeidenheid primêre en sekondêre bronne. Die SARR se argief (voortaan SARRA) is stellig die hoofbron. Dié argiefplek word by die Universiteit van Stellenbosch gehuisves, en die kandidaat het in 2012 en 2013 self die organisering en katalogisering daarvan behartig. Omdat ek geen formele opleiding in die argivale wetenskappe het nie en die spasie waar die materiaal gehou word, baie beperk is, was die oogmerk deurgaans om so logies en prakties moontlik te werk te gaan. Oor die loop van hierdie twee jaar het meer as 500 losstaande kartonhouers, waarvan die inhoud onbekend was, uiteindelik in ’n georganiseerde argiefplek met ’n gedetailleerde indeks verander. Die dokumente in die argief is so ver moontlik beide tematies en chronologies georganiseer om die versameling so verbruikersvriendelik moontlik te maak.

Die SARRA bied die unieke geleentheid om die organisasie se geskiedenis aan die hand van die sy eie dokumentasie na te vors en te skryf. Dit staan gevolglik sentraal in hierdie studie. Die materiaal in die argief strek oor die grootste deel van die Raad se 103-jaar bestaan en dit sluit ’n wye verskeidenheid dokumentasie in – notules van vergaderings (meestal verbatim), allerlei verslae en memorandums, ’n magdom korrespondensie, finansiële state, statistieke, foto’s, koerantknipsels, memorabilia, nota’s en aantekeninge, sowel as persoonlike versamelings van persone soos Danie Craven en die jare-lange sekretaris Alex Kellerman. In die geval van die Craven-versameling is daar byvoorbeeld alles van sy navorsing oor rugby tot handgeskrewe rugby-oefenprogramme tot silwervarings wat hy in 1956 in Nieu-Seeland gepluk het en in koerantpapier gedroog het. Die oorgrootte meerderheid van die argivale material dateer uit die tydperk ná 1956 toe die werksaamhede van die liggaam uitgebou en geprofessionaliseer is. Dit beteken egter nie dat die materiaal uit die era 1889-1956 nie ryk aan inligting is nie. Die 36 houers wat vir hierdie studie deurgewerk is, bestaan hoofsaaklik uit notules van vergaderings, allerlei verslae, korrespondensie en koerantknipsels. Hierdie dokumente gee ’n deeglike blik op die Raad se binnewerkinge. Enige navorser wat tyd in die SARR se argief deurbring, is dank verskuldig aan die administrateurs wat hul werk baie noukeurig uitgevoer het.

Dit moet ook gemeld word dat geen ander argiewe besoek is nie. Die eenvoudige rede hiervoor is dat daar nêrens anders as die SARRA enige materiaal oor die onderwerp bestaan nie. Dit is vir dieselfde rede dat privaat versamelings soos die Choet Visser rugbymuseum in Bloemfontein en The Waterhole Rugby Museum in Hanover ook nie besoek is nie. Sulke versamelings bestaan uit rugby memorabilia soos truie, foto’s en dergelike aandenkings.

**Foto 1**: SARR Argief.[93]



Die SARRA maak geen aanspraak daarop om volledig te wees nie. Argiewe is vir 'n reeks redes bykans per definisie onvolledig en partydig.[94] Die oudste dokument in die SARRA, byvoorbeeld, dateer terug tot 10 September 1892. Die rede hiervoor is omdat die Raad se dokumentasie van sy eerste drie bestaansjare vermis geraak het toe Percy Ross Frames, die Raad se eerste president en persoon in wie se kantoor die rekords gehou is, van kantore in Kimberley gewissel het. Daar bestaan ook bitter min rekord van korrespondensie vir die Raad se eerste byna 40 jaar. Gegewe hoeveel van die Raad se vroeë werksaamhede deur korrespondensie geskied het, is dit 'n vername tekortkoming van die argief. Dit is eers nadat Sport Pienaar in 1927 die president geword het dat hy begin het om rekord te hou van (sommige van) sy korrespondensie oor rugbysake. Terwyl daar enersyds belangrike leemtes in die SARRA bestaan, is daar andersyds ook weer dokumentasie wat uiters behulpsaam vir die navorser is. Die notules van die Raad, en veral dié wat sedert die eerste jare van die twintigste eeu met 'n tikmasjien geskryf is, is in die meeste gevalle verbatim opgeteken. Só kon die navorser byvoorbeeld in sy geestesoog die verloop van 'n vergadering baie beter begryp en kon daar 'n meer akkurate oordeel van die betrokke persoonlikhede en die verhoudings tussen hulle gemaak word.

Martin Johnes skryf dat die waarde van (sport)argiewe nie soseer lê in enige spesifieke dokumente daarin nie, maar eerder in die totaliteit van die versameling.[95] Met die SARRA is dít ook die geval. Terwyl daar terselfdertyd leemtes in die materiaal én belangrike dokumente in hierdie argief is, is dit 'n waardevolle bron omdat die breë omvang daarvan aanduidend is

---

[93] Persoonlike versameling.
[94] Vir 'n ontleding van die aard, gebruike, uitdagings, tekortkominge en toekoms van argiewe vir historici, en spesifiek dié wat sportgeskiedenis skryf, sien byvoorbeeld: D. Booth: "Sites of Truth of Metaphors of Power? Refiguring the Archive", *Sport in History* 26(1), 2006, pp. 91-109; M. Johnes: "Archives and Historians of Sport", *The International Journal of the History of Sport* 32(15), 2015, pp. 1784-1798.
[95] M. Johnes: "Archives and Historians of Sport", p. 1793.

van die komplekse aard en werksaamhede van die Raad. As die tuiste van duisende stukke primêre empiriese bronne, is die SARRA dus integraal in hierdie studie.

Ander primêre bronne wat in hierdie studie gebruik is, is koerante. Wat plaaslike publikasies betref, is daar heelwat koerantknipsels wat verspreid in die SARRA se versamelings voorkom. Hierdie knipsels kom hoofsaaklik uit die drie groot Kaapse koerante van die twintigste eeu, naamlik *The Cape Argus*, *Cape Times* en *Die Burger*. In die meeste gevalle is hierdie knipsels reeds volgens tema georganiseer, wat die proses natuurlik vir die navorser vergemaklik het. Dan is koerante van elders in die wêreld ook gebruik, spesifiek van Nieu-Seeland en Australië. Die koerante van hierdie twee lande is deesdae op digitale platforms beskikbaar en sommige van dié rekords dateer terug tot die eerste helfte van die negentiende eeu.[96] Dit gee dus enige navorser gratis toegang tot 'n ryk en breë stel historiese data. Die Nieu-Seelandse en Australiese koerantrekords was veral van nut in die bestudering van die suidelike halfrond lande se stryd om selfverteenwoordiging op die IRFB in die eerste helfte van die twintigste eeu, asook die sogenaamde Maori-kwessie.

'n Woord ter verklaring van die gebrek aan bladsynommers van koerantbronne in die voetnota's van hierdie proefskrif. Die oorgrootte meerderheid van koerantknipsels in die SARRA wat in hierdie studie gebruik is, verskyn sonder hul bladsynommers. Die bladsynommers van Nieu-Seelandse en Australiese koerante wat aanlyn besoek is, is ook slegs in enkele gevalle aangedui. Daar is dus, vir die onthalwe van eenvormigheid en sodat daar nie "bladsynommer onbekend" langs die meeste koerantbronne in die voetnota's staan nie, besluit om bladsynommers uit te laat. Steeds word die opskrif van elke artikel, die koerant waarin dit verskyn het en die datum waarop dit gepubliseer is, in die voetnota's gegee.

Hierdie studie het ook deurgaans van sekondêre bronne gebruik gemaak. Hieronder tel die wye reeks populêre en akademiese literatuur oor rugby(geskiedenis) soos dit in die literatuurstudie hierbo omskryf is. Dit is natuurlik nie slégs rugbyliteratuur wat gebruik is nie, maar ook enkele ander werke wat veral die konteks beskryf waarbinne die SARR gefunksioneer het. Voorbeelde wat in dié verband uitstaan, is sommige van Hermann Giliomee se boeke oor moderne Afrikanergeskiedenis.[97] Dit is slegs deur 'n kombinasie van primêre bronne (die Raad se eie argivale dokumente en koerantrekords) en sekondêre bronne (die wye reeks literatuur oor

[96] Nieu-Seeland se koerantrekords is beskikbaar by https://paperspast.natlib.govt.nz/ en Australië s'n by https://trove.nla.gov.au/

[97] Sien byvoorbeeld: H. Giliomee: *Die Afrikaners*. Kaapstad: Tafelberg, 2004; H. Giliomee: *The Rise & Demise of the Afrikaners*. Cape Town: Tafelberg, 2019; H. Giliomee: *Maverick Africans: The Shaping of the Afrikaners*. Cape Town: Tafelberg, 2020.

rugbygeskiedenis en ander verwante aspekte) dat die navors en skryf van 'n geskiedenis van die SARR moontlik is.

**Hoofstukindeling**

Die geskiedenis van die SARR van 1889-1956 gaan beskryf word deur spesifieke brandpunte in die organisasie se verlede te bestudeer. Die verhaal begin in hoofstuk 1 met 'n blik op die ontstaan en verspreiding van rugby in Suid-Afrika in die negentiende eeu. Die toenemende kontak tussen die verskillende rugby-spelende streke het aanleiding gegee tot die South African Football Conference in Desember 1888, wat op sý beurt uitgeloop het op die stigting van die Raad in die daaropvolgende jaar. Die ontstaansgeskiedenis en basiese samestelling van die organisasie kom dan onder die loep.

Hoofstuk 2 beskryf die SARR se vroeë funksies en werksaamhede op 'n plaaslike vlak. Daar word gefokus op hoe die Raad die eerste paar inter-provinsiale toernooie in die laat negentiende en vroeg twintigste eeu georganiseer het. Die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) het die bedrywighede van die Raad tydelik stopgesit, maar dit het eweneens ook beteken dat die spel veral in krygsgevangenekampe onder Afrikaners versprei het. Op die lange duur het dít 'n belangrike invloed op die ontwikkelingspeil van (wit) rugby in Suid-Afrika gehad. Die Raad se binnewerkinge word verder verduidelik deur te kyk na hoe daar spanning tussen sommige unies opgebou het wat meer mag in die nasionale beheerliggaam wou bekom. Dan beskryf hierdie hoofstuk ook hoe finansiële oorwegings bepalend was in baie van die SARR se besluite.

In hoofstuk 3 val die SARR se internasionale kontak in die tydperk 1889-1914 onder die soeklig. Die sogenaamde 'opvoedkundige toere' van die eerste Britse spanne hierheen, onderskeidelik in 1891 en 1896, word beskryf, waarna daar gevra word of die derde Britse toer hierheen in 1903 met enige spesifieke politieke oogmerke georganiseer is gegewe die sosio-politieke konteks in die land op daardie tydstip. Die eerste Springboktoer na Brittanje in 1906-1907 – 'n belangrike oomblik in die geskiedenis van (wit) Suid-Afrikaanse rugby – word voorts ontleed ten einde te illustreer hoe daar 'n bepaald Suid-Afrikaanse identiteit in die rugbywêreld geskep is. Laastens word die Raad se internasionale bedrywighede in die sewe jaar van 1907-1914 beskryf. In hiérdie tyd is daar vir die eerste maal formele kontak met die rugby-owerhede in Nieu-Seeland en Australië gemaak, terwyl die dinamika van die SARR se verhouding met die RFU in Londen 'n belangrike verwikkeling beleef het.

Die kwarteeu van 1914-1939 was ’n belangrike tydvak in die geskiedenis van die SARR. Hoofstuk 4 belig hierdie era deur eerstens te kyk na hoe die Raad, in vergelyking met sy eweknieë elders in die wêreld, homself teenoor die Eerste Wêreldoorlog opgestel het. Rugby het nie in isolasie van die internasionale politieke konteks ontwikkel nie. Tweedens word daar gekyk na die post-oorlog Inter Services toernooi in Engeland, sowel as die Nieu-Seelandse weermagspan se besoek aan Suid-Afrika in 1919. Dan word die imperiale verhoudinge in die rugbywêreld gedurende hierdie kwarteeu bestudeer deur bestek te neem van die pogings van die suidelike halfrond nasies – Suid-Afrika, Nieu-Seeland en Australië – om selfverteenwoordiging op die IRFB te verkry. Namate die spel in hierdie tyd in Suid-Afrika gegroei het, het die SARR as nasionale beheerliggaam ook belangrike ontwikkelings gesien. Die uitbreiding van die meganisme van die Raad word dus ondersoek. Laastens word die sogenaamde Maori-kwessie, ’n belangrike aspek van die verhouding tussen Suid-Afrika en Nieu-Seeland wat dit rugby aangaan, bespreek. Só word die oorsprong verduidelik van ’n saak wat vir dekades lank ’n twispunt in die rugbywêreld sou wees.

Die Tweede Wêreldoorlog het wit Suid-Afrikaanse rugby in ’n krisis gedompel. In hoofstuk 5 word die oorsprong van die ‘rugby skeuring’ en die manier waarop dit binne die SARR uitgespeel het, in detail uiteengesit. Ten einde hierdie kritieke tydperk in die geskiedenis van die administrasie van die spel te verstaan, is daar ’n analise van die mees vername faktore wat tot die ontstaan, omvang en oplos van die krisis bygedra het. Ondanks die oorlogstoestande het Suid-Afrikaners steeds rugby gespeel, beide hier ter plaatse en elders in die wêreld. ’n Oorsig van enkele speelveld-hoogtepunte in hierdie tyd belig hoe die spel lewend gehou is.

In hoofstuk 6 word die dekade van 1946-1956 in die SARR se geskiedenis bestudeer. In Suid-Afrika het rugby in die algemeen ’n vername herlewing ervaar en die nasionale beheerliggaam moes tred hou met die ontwikkelings in en om die spel. Hierdie hoofstuk beskryf die rugby-herlewing en ondersoek die rol wat die Raad daarin gespeel het al dan nie. Dit is ook in hierdie era dat die IRFB selfverteenwoordiging aan Suid-Afrika, Nieu-Seeland en Australië toegestaan het. Daar word gevolglik gevra na wat dít teweeg gebring het, en hoe hierdie drie lande se sienings van hul verhewe status verskil en oor tyd ontwikkel het. Ten slotte is daar ’n bondige inleiding tot die Craven-era, met ’n vraag oor die moontlike betekenis van sy verkiesing tot president van die organisasie in 1956, sowel as ’n opsomming van enkele van die mees belangrike ingrypings in sy eerste jaar of twee in die amp. ’n Studie van al hiérdie brandpunte in die Raad se eerste 67 jaar sal ’n organisatoriese geskiedenis van die SARR daarstel en nuwe insigte omtrent die administrasie van wit Suid-Afrikaanse rugby opdiep.

# Hoofstuk 1: Agtergrond en stigting

Rugby in Suid-Afrika het sy ontstaan aan Britse imperialisme te danke. Dit is ná Brittanje se tweede verowering van die Kaap in 1814 dat verskillende vorme van voetbal saam die toenemende stroom Britse setlaars hierheen gekom het. Die gewildheid van die spel het in hierdie bepaald Britse gees gegroei en deur die loop van die negentiende eeu landwyd versprei, waarna dit uitgeloop het op die stigting van die South African Football Board (SAFB) in 1889. Hierdie hoofstuk werp lig op die groei van die spel in die negentiende eeu en hoe dit na die verskillende rugbyspelende streke versprei het. Daarna gaan die South African Football Conference, die voorloper tot die stigting van die Raad, bespreek word. Laastens kom die stigting en basiese samestelling van die SAFB onder die loep.

## Ontwikkeling van rugby in Suid-Afrika

Die eerste voetbalwedstryd in Suid-Afrika waarvan daar ’n rekord bestaan, het op 23 Augustus 1862 op Groenpunt in die Kaap plaasgevind. Dit is nie bekend presies watter weergawe van die spel op daardie dag gespeel is nie. Die *Cape Argus* het berig oor dié wedstryd tussen spanne wat bestaan het uit militêre offisiere en lede van die staatsdiens, onderskeidelik. Daar is geskryf hoedat dit die eerste keer in herinnering is dat daar só baie mans vir ’n voetbalwedstryd in die Kaap saamgetrek het, en die bewoording van die artikel impliseer dat dit nie die eerste maal was dat voetbal daar gespeel is nie. Die Diocesan College het in 1861 hul eie weergawe van die spel gespeel en dit is amper vanselfsprekend dat lede van die Britse leër en staatsdiens vóór Augustus 1862 al ’n voetbal in die Kaap geskop het.[98]

Rugby as ’n spesifieke weergawe van voetbal, soos dit by die Rugby School in Engeland ontwikkel het, is nie van meet af die mees prominente kode van die spel in die Kaap gewees nie. Deur die loop van die negentiende eeu het verskillende weergawes van voetbal saam die Britse setlaars hierheen gekom, en rugby sou eers in die laat 1870’s die verkose vorm van die spel word. Daarvoor het enkele individue noemenswaardige bydraes tot die ontwikkeling van voetbal in die breë gelewer.

[98] J. Winch: “Unlocking the Cape Code: Establishing British Football in South Africa”, pp. 502-503.

Een van hierdie persone was George Ogilvie. Hy het in Engeland by Winchester skoolgegaan waarna hy by Bradford as leermeester gewerk het. Albei hierdie skole het hul eie weergawe van voetbal gehad. Ogilvie het in 1861 na Suid-Afrika gekom as skoolhoof van die Diocesan College, wat in die volksmond as Bishops bekend staan. Hier het hy ’n weergawe van voetbal, wat ’n kombinasie van die Winchester en Bradford reëls was, gevestig. Hierdie spel sou as ‘Gog’s Game’ bekend staan. ‘Gog’ was glo die enigste leesbare deel van Ogilvie se handtekening.[99] Alhoewel Ogilvie nie rugby as sulks in die Kaap gevestig het nie, het die ontstaan van georganiseerde voetbal by Bishops en die entoesiasme daarvoor wat hy by studente gekweek het, die teelaarde vir die ontwikkeling van die spel geskep.

In die 1860’s en 1870’s is daar met reëlmaat voetbalwedstryde in die Kaap gespeel. Nie slegs het Bishops teen die South African College gespeel nie, maar wedstryde is ook gespeel tussen spanne wat betreklik arbitrêr ingedeel is – ‘Colonial Born vs Home Born’, ‘Town vs Suburbs’, ‘Civilians vs Military’, en selfs ‘Married vs Single’ of ‘Handsome vs Ugly’.[100] Die reëls waarvolgens hierdie wedstryde gespeel is, het gewissel tussen dié van ‘Gog’s Game’ en ander vorme van die spel. In baie gevalle het spanne net voor die afskop van die wedstryd besluit op die reëls waarvolgens hulle sou speel, en dit het grootliks afgehang van waar die betrokke spelers skoolgegaan het of die spesifieke kode van die spel waarmee hulle vertroud was.[101] Hierdie los reëling het natuurlik gereeld verwarring en selfs konflik onder spelers veroorsaak. Daar het dus ’n behoefte ontstaan aan die daarstel van ’n uniforme stel reëls waarvolgens voetbal in die Kaap gespeel moes word.

John James Graham, ’n gerespekteerde jong staatsamptenaar, het in 1873 die inisiatief geneem om uniforme voetbalreëls in die Kaap te vestig. Hy het ’n komitee saamgestel wat bestaan het uit verteenwoordigers van die verskillende groepe wat voetbal gespeel het, naamlik die Diocesan College, South African College, Civilians en Civil Service. Die reëls waarop hierdie komitee besluit het, was ’n samestelling van verskeie vorme van die spel, en dit het ook baie by ‘Gog’s game’ geleen. Die reëls van die sogenaamde ‘Cape game’ is vervolgens in die *Standard and Mail* van 7 Junie 1873 gepubliseer en is in die volgende seisoen in gebruik geneem.[102] Die eerste amptelike voetbalklubs is in die daaropvolgende jare gestig – Hamilton

[99] P. Dobson: *Rugby in South Africa: A History, 1861-1988*, p. 16.
[100] *Ibid*., p. 19.
[101] J. Winch: “Sir William Milton: a leading figure in Public School Games, Colonial Politics and Imperial Expansion, 1877-1914”, p. 39.
[102] *Ibid*., p. 40.

Football Club in 1875 en Villager Football Club in 1876,[103] en alle wedstryde is volgens die reëls van die 'Cape game' gespeel. Alhoewel Villagers en die Western Province Club op 15 Julie 1876 mekaar in rugby die stryd aangesê het, het dié wedstryd nie juis beïndruk nie. Die *Cape Times* het berig hoe die Kaap sy eie unieke weergawe van die spel ontwikkel het, en, tensy daar 'n duidelike voordeel in die nuwe vorm van die spel uitgewys kan word, dit 'n fout sal wees om rugby eerder as die 'Cape game' te speel.[104]

Die ontwikkeling van voetbal in Suid-Afrika het seker die belangrikste wending nóg geneem toe William Milton in 1877 in die Kaap aangekom het. Milton het by Marlborough College skoolgegaan in 'n tyd toe dié skool talle rugbyspelers vir die Engelse nasionale span opgelewer het. Hy het self ook vir Engeland in wedstryde teen Skotland en Ierland in 1874 en 1875 uitgedraf. Milton was 'n bedrewe jong imperialis en sou in later jare die Goewerneur van Rhodesië word. Enkele maande na sy aankoms in Suid-Afrika het Milton by die Villager Football Club aangesluit, en sy pleidooi om na die rugby kode oor te skakel, het hier nie trekkrag gekry nie. Ironies genoeg het Villagers se tradisionele aartsvyande, Hamiltons, wél bereidwilligheid getoon om rugby eerder as die 'Cape game' te speel. Milton en William (Billy) Simkins, die 21-jarige administrateur van Hamiltons en kollega van Milton in die staatsdiens, het aan die werk gespring. Hulle het 'n eenmalige rugbywedstryd tussen dié twee klubs in Julie 1878 gereël, en kort hierna het Hamiltons amptelik besluit om die Kaapse spelreëls vir dié van rugby te verruil. Die momentum het in die guns van rugby begin swaai.[105]

Die groei van rugby het weer veroorsaak dat daar onenigheid oor die spel se reëls is. Hierdie kwessie het ingryping vereis, en John Graham het weer tot die saak toegetree. As Prokureur-Generaal van die Kaap was hy 'n invloedryke indiwidu en net die man wie Milton aan sy kant moes hê om rugby die verkose voetbal kode te maak. Ondanks die feit dat Graham enkele jare tevore 'n belangrike rol in die kodifisering van die 'Cape game' gespeel het, kon Milton daarin slaag om hom te oortuig dat rugby 'n beter vorm van die spel was.[106] Saam het hulle twee die Villagers-lede wat ten gunste van rugby was, gemobiliseer en dié klub het gevolglik by sy algemene jaarvergadering in Mei 1879 die reëls van rugby aanvaar. Daar is in die *Cape Times*, wat nou 'n merkwaardige ommeswaai in sy opinie oor rugby gemaak het, berig dat die uiteinde

[103] A.C. Parker: *The Springboks, 1891-1970*, p. 3.
[104] J. Winch: "Sir William Milton: a leading figure in Public School Games, Colonial Politics and Imperial Expansion, 1877-1914", pp. 41-42.
[105] J. Winch: "Unlocking the Cape Code: Establishing British Football in South Africa", pp. 509-511.
[106] T. Collins: *The Oval World: A Global History of Rugby*, p. 131.

van hierdie vergadering die werklike begin van rugby in die Kaap was.[107] Die Kaap se twee grootste en mees invloedryke voetbalklubs het nou rugby gespeel, en ander het vinnig in hul voetspore gevolg. Bishops was alleen in hul teenstand van rugby, maar weens ’n gebrek aan opponente het George Ogilvie mettertyd – ofskoon teësinnig – ingegee en sy studente toegelaat om voetbal volgens rugbyreëls te speel.[108]

Milton se poging om rugby in die Kaap te vestig, het gespruit uit sy imperiale standpunt dat die kolonies en dominiums van die Britse Ryk op alle vlakke moontlik by die Moederland moes inskakel. In dieselfde era is daar is byvoorbeeld gepoog om Nieu-Seeland ’n ‘Britain of the South’ te maak – ’n mikrokosmos van Brittanje as’t ware.[109] Só ook wou Milton die Kaapkolonie, wat voetbal betref, ’n weerspieëling van Brittanje maak. Hier het rugby deur die loop van die 1860’s die mees gewilde voetbal kode geword en is in 1871 verder geïnstitusionaliseer met die stigting van die Rugby Football Union (RFU). Milton wou hê dat voetbal aan die suidpunt van Afrika die vorm van voetbal in Brittanje moes aanneem.[110] Vir hierdie strewe het hy ’n ywerige vennoot gekry in die vorm van Frederick York St Leger, die redakteur van die *Cape Times* wat in 1875 op die been gebring is om as ’n mondstuk vir Britse imperialisme te dien. St Leger het opgemerk dat die koloniale bevolking ’n sterk belangstelling in Britse sportsoorte, veral krieket en voetbal, gehad het. Bowendien was hy ook van die opinie dat die bevordering van hierdie sporte in die Kaap ’n manier was om ’n bepaald Engelse kultuur en kulturele waardesisteem hier te vestig. Sy koerant het gevolglik baie dekking aan sportgebeure in beide Brittanje en die Kaap gegee.[111]

Milton en St Leger se bevordering van rugby bó die bepaald inheemse ‘Cape game’ het dus vanuit ’n spesifieke politieke motivering geskied. Alhoewel die onmiddellike doel die ontwikkeling van ’n sportsoort was, was die groter beweegrede daaragter egter polities van aard – sosiale assimilasie tussen Brittanje en haar imperiale onderdane. Teen die laat 1870’s was Britse imperialisme op ’n politieke vlak reeds goed gevestig in Suid-Afrika, en met die bevordering van Britse sportsoorte, waaronder rugby en krieket, kon die imperiale projek tot op sosiale vlak deursyfer.[112] Die komplekse verhouding tussen rugby en politiek in Suid-Afrika strek dus so ver terug as die geboorte van die spel hier in die 1870’s.

---

[107] J. Winch: “Unlocking the Cape Code: Establishing British Football in South Africa”, pp. 509-511.
[108] P. Dobson: *Rugby in South Africa: A History, 1861-1988*, p. 20.
[109] T. Collins: *The Oval World: A Global History of Rugby*, p. 111.
[110] J. Winch: “Unlocking the Cape Code: Establishing British Football in South Africa”, p. 510.
[111] *Ibid*., pp. 508-509.
[112] D. Allen: “‘A Far Greater Game’: Sport and the Anglo-Boer War”, p. 21.

Rondom die draai van die dekade was rugby 'n gewilde sport in beide die Kaap en die onmiddellike platteland. Talle rugbyklubs dateer terug na hierdie tydperk, waaronder Gardens (1879), Stellenbosch (1880), Malmesbury (1881) en Paarl (1883). Die snelle tempo waarteen rugby ontwikkel het, het gelei tot die stigting van die eerste provinsiale unie – die Western Province Rugby Football Union (WPRFU) in 1883. Die WPRFU se eerste president was die 28-jarige advokaat Shepstone Giddy, met Milton, nou 29 jaar oud, die vise-president. Die unie is op die been gebring om, onder andere, te verseker dat rugbyvoetbal in die area volgens uniforme spelreëls gespeel word.[113] In hierdie verband het die WPRFU die RFU, die Engelse beheerliggaam van die spel, se gesag as die hoogste instansie in die sport aanvaar, en hulself by die RFU se amptelike rugbyreëls geskaar. Dít het aan die WPRFU 'n bepaald Engelse karakter gegee.[114]

Weens die verspreiding van Britse staatsamptenare, militêre personeel, onderwysers en ander setlaars oor groot dele van wat vandag Suid-Afrika is, is rugby in hierdie tyd ook in gemeenskappe elders as in die Kaap met groot entoesiasme gespeel. In die binneland van die Kaapkolonie is klubs gestig in Cradock (1882), Worcester, Swellendam en Oudtshoorn (1883), Caledon (1884), Beaufort-Wes (1885), en Tulbagh (1886), om enkeles te noem. Verder oos is die Alberts Club in 1878 in King William's Town gestig, waarvandaan die spel gou na Oos-Londen versprei het, en teen 1883 is daar ook rugby in Grahamstad en Port Elizabeth gespeel. In laasgenoemde is Olympics in 1881 gestig, Crusaders in 1887, en die Eastern Province Rugby Union (EPRU) is vervolgens in 1888 op die been gebring.[115] Die spel was teen die einde van 1880's dus in die platteland en langs die hele kusgordel van die Kaapkolonie gevestig.

In dieselfde periode het rugby ook sy pad noord gevind. Die ontdekking van diamante en die groei van Kimberley wat dit teweeg gebring het, het aanleiding gegee tot die bestaan van die Griqualand West Rugby Union (GWRU) in 1886. Dié unie het bestaan uit ses klubs, naamlik Newton, Dutoitspan (Beaconsfield), De Beers, West End, Pirates en Kimberley.[116] Die ontdekking van goud in die Witwatersrand en die gevolglike goudstormloop het gelei tot die ontstaan van twee rugbyklubs, naamlik Pirates en Wanderers, wat beide in 1888 in Johannesburg gestig is. Drie jaar tevore, in 1885, is 'n rugbyklub reeds in Potchefstroom gestig. Pretoria Rugby Club, wat in 1938 deel sou vorm van die Noord-Transvaal Rugbyunie, is ook

[113] A.C. Parker: *WP Rugby Centenary, 1883-1983*, pp. 10-13.
[114] J. Winch: "Unlocking the Cape Code: Establishing British Football in South Africa", p. 512.
[115] P. Dobson: *Rugby in South Africa: A History, 1861-1988*, pp. 244-247.
[116] *Ibid*., pp. 27, 243-244.

in 1888 in die lewe geroep. Die Transvaal Rugby Football Union (TRFU) het in 1889 tot stand gekom.[117]

Daar waar Britse imperialisme en invloed gegaan het, het georganiseerde sport, en spesifiek ook rugby, gevolg. Só het dit dan gebeur dat rugby in die laat negentiende eeu ook oor die kleurgrens heen ’n toenemend gewilde sportsoort was. Parallel met die ontwikkeling van rugby in Suid-Afrika se wit samelewings, het die sport ook in die swart gemeenskappe gegroei. Die Kaap se eerste swart rugbyklub was Roslyns wat in 1886 in die eertydse Distrik Ses gestig is. In dieselfde jaar is die Western Province Coloured Rugby Football Union (WPCRFU) op die been gebring, wat slegs drie jaar jonger as sy wit eweknie was.[118] Hierdie unie het bestaan uit klubs soos Roslyns, Violets van Claremont, en Good Hopes en Arabian College van die Bo-Kaap, wat almal rondom dieselfde tyd gestig is. Enkele jare later het die klub Hamediahs, wat ook in die Bo-Kaap ontstaan het, by die WPCRFU aangesluit.[119] Die gebrek aan navorsing oor die geskiedenis van swart rugby in Suid-Afrika is die rede vir die onvolledigheid in die verhale van hierdie klubs. Desnieteenstaande is dit duidelik dat veral die Moslem-gemeenskap in die Kaap rugby met groot ywer in die laat negentiende eeu gespeel het.[120]

Buite die grense van die Kaap word die hedendaagse Oos-Kaap as die vernaamste sentrum van ontwikkeling van swart rugby beskou. Soos die Kaapkolonie in die negentiende eeu vergroot het, is groot getalle Xhosa’s aan Britse bewind onderwerp. Hul toenemende kontak met Britse setlaars en die aanneming van Britse kulturele waardes het meegebring dat rugby ook hier posgevat het. Die eerste swart klub wat in die Oos-Kaap gestig is, was Union Rugby Football in Port Elizabeth in 1887, en is deur Orientals, Morning Star, Rovers en Frontier in die 1890’s gevolg. Verder, soos dit die geval in die Kaap met wit rugby en die *Cape Times* was, het Suid-Afrika se eerste swart koerant, *Imvo Zabantsundu*, ook ’n rol in die ontwikkeling van die sport gespeel. Dié koerant is in 1884 begin en het só gereeld verslag oor sportgebeure gedoen dat dit in 1887 reeds ’n sportredakteur gehad het.[121]

Rondom hierdie tyd het ’n belangrike gebeurtenis op internasionale vlak plaasgevind waarvan daar kennis geneem moet word. In 1884 het Engeland en Skotland teen mekaar gespeel in ’n ‘vervelige wedstryd wat vinnig vergeet sou word indien dit nie vir die omstrede aard daarvan

[117] P. Dobson: *Rugby in South Africa: A History, 1861-1988*, pp. 244-247.
[118] *Ibid.*, pp. 167-168.
[119] A. Odendaal: "‘The thing that is not round’: The untold history of black rugby in South Africa", in: A. Grundlingh, A. Odendaal & B. Spies, B. (eds.): *Beyond the Tryline: Rugby and South African society*, pp. 26-30.
[120] *Ibid.*, p. 28.
[121] *Ibid.*, pp. 32-35.

was nie.' Engeland het 'n omstrede wen-drie gedruk wat Skotland tydens die wedstryd, sowel as vir die duur van 1885, betwis het. Met nasionale trots op die spel, het Skotland daarop aangedring dat 'n neutrale party die situasie besleg. Hulle het die ondersteuning van Wallis en Ierland in die saak gehad, en saam het hierdie trio voorgestel dat 'n International Rugby Football Board (IRFB) gestig moes word. Die Engelse wou egter glad nie aan die idee byt nie. Die RFU het aangevoer dat Engeland meer as drie keer soveel rugbyklubs as Skotland, Wallis en Ierland tesame gehad het, en dat hulle gevolglik ses verteenwoordigers op die IRFB moes hê, en nie net twee soos die ander drie tuisunies nie. Die IRFB is in 1886 amptelik in die lewe geroep met die doel om die spelreëls vir internasionale wedstryde tussen die vier Britse gebiede daar te stel, asook om enige geskille wat daaroor mag ontstaan, op te los. Engeland het eers in 1890 deel van die liggaam geword nadat die RFU sy sin gekry het – arbiters wat aangestel is om die spanning tussen die tuisunies op te los, het ingestem dat Engeland ses verteenwoordigers versus die ander lidlande se twee moes hê.[122] Omdat elke besluit 'n 75% meerderheidstem moes kry om deurgevoer te word, het die RFU effektief ook die IRFB regeer.

**Kontak en 'n konferensie**

Die ontwikkeling van rugby in die verskillende streke van Suid-Afrika het kontak tussen hulle onafwendbaar gemaak. Dit is hierdie toenemende kontak wat uiteindelik tot die stigting van die nasionale beheerliggaam sou lei.

In 1881 het 'n span van Kimberley na Bloemfontein gereis. Aangesien krieket hier die gewilder van die twee sportsoorte was, het die rugbywedstryd, wat op Bloemfontein se krieketveld gespeel is, nie veel aftrek gekry nie. Die eerste noemenswaardige rugbytoeriste was weer die span van Kimberley toe hulle in 1884 na Kaapstad gereis het. Hier het hulle sewe wedstryde teen verskillende spanne verbonde aan die WPRFU gespeel, en met die hulp van omvangryke dekking in plaaslike koerante soos die *Cape Times*, het talryke skares van so veel as 3000 mense vir wedstryde opgedaag. Dit is ook op hierdie toer dat die idee van 'n South African Cup glo vir die eerste maal geopper is.[123] Rugby was teen 1884 egter nog nie geïnstitusionaliseerd genoeg vir spanne om suksesvol om 'n nasionale trofee mee te ding nie – die WPRFU was die enigste georganiseerde (wit) provinsiale rugbyunie en was boonop slegs

[122] T. Collins: *The Oval World: A Global History of Rugby*, pp. 59-60.
[123] P. Dobson: *Rugby in South Africa: A History, 1861-1988*, pp. 26-27.

een jaar oud. In 1885 het hierdie interprovinsiale kontak verdiep toe ’n inter-dorp toernooi op Grahamstad gehou is. Die dorpe buiten die tuisspan wat verteenwoordig is, was Kaapstad, Kimberley en Port Elizabeth. Hierdie dorpspanne is opgemaak uit spelers van die onderskeie dorpe se verskillende klubs. In die daaropvolgende jaar het Kimberley weer na die Kaap getoer,[124] en in 1888 het inter-dorp wedstryde tussen Johannesburg en Pretoria plaasgevind. 1888 het ook ’n derde Kaapse toer van die span van Kimberley gesien.[125] Dit is op hierdie toer dat die eerste konkrete treë na die uiteindelike stigting van die SAFB gegee is.

Ongeag die sukses van Kimberley se 1888-toer na Kaapstad, het daar egter onenigheid ontstaan en enkele probleme het aan die lig gekom. Alhoewel beide die WPRFU en die GWRU rugby volgens die Engelse RFU se reëls gespeel het, is sommige van die reëls verskillend in die twee unies geïnterpreteer. Verder was die hoë kostes wat ’n toerspan moes aangaan ook belemmerend, en indien dit nie vir die vrygewige bydraes van ondersteuners van die spel was nie, sou rugbytoere waarskynlik nie plaasgevind het nie.[126] Hierdie twee kwessies het ingryping genoop en die grondslag geskep vir Suid-Afrika se eerste nasionale rugbyadministrateurs om na vore te tree. Percy Ross Frames, ’n 24-jarige prokureur en flukse rugbyspeler en skeidsregter van Kimberley, het die inisiatief geneem om ’n gesprek te begin oor die kwessies wat Suid-Afrikaanse rugby in die gesig staar. Terwyl Kimberley in die Kaap op toer was, het Frames met William Molteno (Bill) Bisset, ’n WP speler, hieroor gesels. Bisset, ’n 21-jarige prokureur, het aan Frames gesê dat hulle ‘die gemors moet uitsorteer’, en daar is informeel besluit dat ’n nasionale rugbybeheerliggaam gestig moes word. [127]

Die voorloper hiervan was die South African Football Conference wat op 31 Desember 1888 in Kimberley plaasgevind het. Dit was ’n samekoms van die drie provinsiale rugbyunies wat op daardie tydstip bestaan het, sowel as die Transvaal. Die WPRFU is deur C.W.P. Douglas de Fenzi verteenwoordig, Transvaal deur William Valencie (Billy) Simkins, terwyl Percy Ross Frames die GWRU se afgevaardigde was, en Loftus Versfeld die EPRU s’n. Tydens die konferensie is daar enkele belangrike besluite omtrent die toekoms van rugby in Suid-Afrika geneem. Daar moes ’n inter-provinsiale toernooi georganiseer word tussen spanne van die WPRFU, GWRU, EPRU, sowel as Natal, Transvaal, Oranje-Vrystaat en Betsjoeanaland, almal streke waar rugby reeds gevestig was ondanks die gebrek aan ’n provinsiale unie. Die doel van hierdie toernooi sou wees om ’n Suid-Afrikaanse verteenwoordigende span te kies wat in die

[124] W. van der Berg: *150 Years of South African Rugby*, p. 33.
[125] I. Difford (ed.): *History of South African Rugby Football*, p. 14.
[126] *Ibid*., p. 27.
[127] P. Dobson: *Rugby in South Africa: A History, 1861-1988*, p. 31.

komende Britse rugbyseisoen daarheen sou toer. Verder het die konferensie ook voorgeneem om 'n trofee ter waarde van £100 aan te koop wat as die South African Challenge Trophy sou dien. Die mees noemenswaardige besluit van die konferensie was dat 'n South African Football Board (SAFB) gestig moes word, en dat dié nasionale beheerliggaam homself by die RFU se reëls en gesag sou berus.[128]

Die plek waar die bogenoemde toernooi in 1889 sou plaasvind, het vir 'n "noemenswaardige debat" gesorg.[129] Dit is waarskynlik dat die Westelike Provinsie en Griekwaland-Wes die mees realistiese opsies as gashere was, met die Transvaal steeds sonder 'n provinsiale unie en die EPRU, wat maar uit drie klubs bestaan het, te klein om die toernooi aan te bied. Die Westelike Provinsie het moontlik aangevoer dat die toernooi in Kaapstad gehou moes word, nie net omdat dié unie die grootste is nie, maar ook omdat die sport híér meer gevestig en gewild is as in enige ander plek in die land. Só sou die toernooi dan moontlik die grootste kans op groot finansiële opbrengste gehad het. Aan die ander kant het Frames van Griekwaland-Wes moontlik hefvermoë in die argument gehad. Hy kon argumenteer dat die toernooi in Kimberley, self ook 'n ryk gemeenskap in hierdie tyd, gehou moes word omdat hulle al drie maal in die verlede – 1884, 1886 en 1888 – toerspanne na die Kaap gestuur het. Dit sou dan bloot regverdig wees vir ander spanne om hierdie keer weg van die huis af te toer met 'n toernooi in Kimberley, en so is dit dan ook deur die konferensie besluit.

Die debat oor waar hierdie eerste inter-provinsiale toernooi in 1889 moes plaasvind, was in wese 'n magstryd om die leierskap van die SAFB. Difford skryf hoedat Bisset en Frames tydens Kimberley se 1888 besoek aan Kaapstad informeel besluit het dat die president van die beoogde SAFB genomineer sou word deur die unie wat die gasheer van die volgende toernooi sou wees.[130] Percy Ross Frames, die GWRU se voorste administrateur wat ook die Kimberley konferensie geïnisieer en georganiseer het, het dus geweet dat die komende inter-provinsiale toernooi hom die eerste president van die SAFB sou maak.

Wat is die belangrikste faktor wat tot die stigting van die SAFB gelei het? Tot en met 1889 het die spel organies oor die land versprei, en die toenemende kontak tussen die verskillende rugbyspelende streke het op 'n relatief ongeorganiseerde basis plaasgevind. In hierdie opsig was daar 'n gebrek aan orde in die spel in Suid-Afrika. Daar het dus die gevoel ontstaan dat

[128] P. Dobson: *Rugby in South Africa: A History, 1861-1988*, p. 30.
[129] "South African Football Conference: The report of the delegates." Suid-Afrikaanse Rugbyraad Argief (SARRA), Afdeling: IV, Houer nommer: C 1.3. (Eie vertaling)
[130] I. Difford (ed.): *History of South African Rugby Football*, p. 28.

daar ’n sentrale beheerliggaam moes wees wat die groei van die spel landwyd op ’n gekoördineerde wyse moes bestuur. Die stigting van die SAFB was dus ’n poging om rugby in Suid-Afrika as’t ware te dissiplineer en ‘beskaafd’ te maak. Hiermee word daar nie na die rowwe aard van die spel verwys nie, maar eerder na die bewerkstelliging van orde en struktuur in die wyse waarop die spel ontwikkel en beoefen is. Rugby in Suid-Afrika, soos in Engeland, moes volgens die voorskrifte en onder die beheer van ’n oorkoepelende nasionale liggaam gespeel word. Op dié wyse het die stigting van die SAFB deel gevorm van die groter kolonialiseringsprojek in Suider-Afrika – om orde en ‘beskawing’ te bring daar waar dit nie voorheen bestaan het nie.

**Stigting en samestelling**

Daar bestaan ’n mate van onsekerheid oor die amptelike stigting en eerste vergadering van die SAFB. Dit is bekend dat die organisasie in 1889 in Kimberley in die lewe geroep is en dat dit rondom die tyd van die toernooi gebeur het. Die toernooi het tussen 28 Augustus en 7 September plaasgevind. Op watter datum presies die SAFB gestig is, blyk moeilik te wees om te bepaal. In die eerste plek het alle amptelike dokumente vir die eerste drie jaar van die organisasie se bestaan, verlore geraak. Die eerste vergadering waarvan daar ’n rekord is, het op 10 September 1892 plaasgevind. Tydens hierdie vergadering het Frames, toe die president, aan die vergadering verduidelik hoe die boeke van die SAFB verlore geraak het. Dit het gebeur tydens die samesmelting van Barney Bernato se Central Mining Company, waar die dokumente gehuisves was, en Cecil John Rhodes se De Beers Mining Company. Hy vermoed dat die rekords nie net weg is nie, maar heel moontlik vernietig is.[131]

Verder bied die historiografie ook minstens twee weergawes van die SAFB se stigting. Ivor Difford skryf in 1933 dat die SAFB in 1889 gestig is en dat daar in dieselfde jaar ’n toernooi in Kimberley gehou is waartydens die Raad ’n trofee aan die wenspan oorhandig het.[132] Die wyse waarop hy dit verwoord, impliseer dat die stigting van die SAFB en die toernooi op twee verskillende geleenthede plaasgevind het, maar dit is egter onwaarskynlik. Paul Dobson skryf, na aanleiding van ’n onderhoud met Bill Bisset se seun Eldred, dat die SAFB týdens die 1989

[131] SAFB minutes, 10 September 1892. SARRA, IV, C 1.3.
[132] I. Difford (ed.): *History of South African Rugby Football*, p. 28.

Kimberley toernooi gestig is.[133] Alhoewel hierdie verduideliking nader aan die waarheid is, is dit ook nie duidelik genoeg nie en noop dit verdere ondersoek.

Die vergadering van 10 September 1892, soos met talle in die daaropvolgende jare, is in die plaaslike koerant oor verslag gedoen. In hierdie geval was dit Kimberley se *Diamond Fields Advertiser*. In 'n poging om die presiese datum van die SAFB se stigting vas te stel, is daar na elke uitgawe van hierdie koerant vir die maande Augustus en September 1889 – die tyd rondom die toernooi – gekyk. Die hoop was dat die koerant ook 'n berig oor die SAFB se stigtingsvergadering in 1889 sou plaas. Dit het klaarblyklik nie gebeur nie. Die enigste verwysing na die SAFB in die *Diamond Fields Advertiser* van Augustus en September 1889 is 'n brief van Percy Ross Frames wat op 12 September 1889 verskyn het. Hierin lewer Frames repliek op 'n ander lesersbrief, geskryf deur 'n ene "Oval", en verduidelik hy hoe die wenner van die pas afgelope toernooi bepaal is. In hierdie brief is daar egter 'n leidraad oor die SAFB se stigtingsdatum te lees:

> The visitors stated on their arrival here, before a match was played, that they could not stay in Kimberley beyond the 6th inst., and consequently it was necessary for the Board to make some arrangement... Accordingly the following resolution was unanimously carried: 'That in the event of two teams having an equal number of wins, the one that already beaten the other should be declared the winners of the Tournament...[134]

Die bogenoemde suggereer dus dat die SAFB ná die aankoms van spanne in Kimberley en vóór die begin van die toernooi gestig is. Só kon die nuutgestigde Raad op die reëls waarvolgens die toernooi gespeel sou word, ooreenkom. Die eerste wedstryd het op Woensdag 28 Augustus 1889 plaasgevind, en dit is onwaarskynlik dat spanne meer as 'n week tevore al in Kimberley sou aankom. Dit was 'n streng amateur era en die hoeveelheid tyd wat spelers aan 'n rugbytoernooi kon afstaan, het van hul verlof afgehang. Die tydperk tussen spanne se aankoms in Kimberley en die begin van die toernooi kan dus op enkele dae geskat word. Verder is dit ook onwaarskynlik dat 'n stigtingsvergadering op 'n Sondag, wat die 25ste Augustus sou wees, sou plaasvind, asook op die dag waarop die toernooi begin het. Die South African Football Board is vermoedelik dus op Maandag 26 of Dinsdag 27 Augustus 1889 amptelik in die lewe geroep.

---

[133] P. Dobson: *Rugby in South Africa: A History, 1861-1988*, p. 33.
[134] "The Football Tournament", *Diamond Fields Advertiser*, 12 September 1889.

Ondanks die onsekerheid oor die stigtingsdatum, is dit bekend dat SAFB in die Craven Hotel in Kimberley se hoofstraat gestig is. Toe dié hotel sy deure vir die eerste maal in 1872 oopgemaak het, was dit die Craven Club, Kimberley se stylvolste gentleman's klub. Toe die meer ekslusiewe Kimberley Club in 1881 oopgemaak het, het die Craven Club se invloed as 'n gentleman's klub getaan en dit is in 'n hotel omskep.[135] Nietemin het dit steeds een van Kimberley se meer gesogte instansies gebly, en die mynmagnate Cecil John Rhodes en Alfred Beit het gereeld hier saam drankies geniet.[136]

Die SAFB se eerste president was goed bekend met beide Rhodes én die Craven Hotel. Percy Ross Frames was 'n 25-jarige prokureur toe hy die president van Suid-Afrika se nasionale rugby beheerliggaam geword het. Hy is op 18 Desember 1863 in Port Elizabeth gebore, waarna hy by die Lovedale Institute en St. Cyprians skoolgegaan het. Ná hy sy matriek deur die University of the Cape of Good Hope in 1883 geslaag het, het hy in die regte studeer en in 1887 as prokureur gekwalifiseer. Hy het in Kimberley gepraktiseer en rondom dieselfde tyd ook as 'n direkteur van De Beers Consolidated Mines, Rhodes se maatskappy, gewerk. In 1897 is hy na Rhodesië waar hy in die Rhodes-administrasie betrokke was. Daar word oor hom geskryf dat hy rondom die draai van die eeu 'n 'politieke agent' van Rhodes en die De Beers maatskappy was.[137] Frames was gedurende sy tyd in Kimberley 'n rugbyman deur en deur. Hy was 'n kranige speler en skeidsregter in die diamantstad, en was ook een van die stigterslede van die GWRU in 1886. Hy was vir 11 jaar lank dié unie se sekretaris.[138]

Frames het saam met Bill Bisset van die WPRFU die voortou geneem in die aanloop tot die stigting van die SAFB. Die samesprekings tussen die twee in 1888, toe Kimberley na die Kaap getoer het, het aanleiding gegee tot die South African Football Conference later in dieselfde jaar. Omdat dié konferensie in Kimberley gehou is, het Frames dit heel waarskynlik gereël. Verder kon hy ook die konferensie oortuig dat die 1889 inter-provinsiale toernooi in die diamantstad gespeel moes word. Só het Frames homself as die voorste kandidaat vir die presidentskap van die SAFB geposisioneer, 'n posisie waartoe hy dan ook verkies is.

Met die stigting van die SAFB was al vier provinsiale rugbyunies verteenwoordig, naamlik die WPRFU, GWRU, EPRU en die TRFU. Laasgenoemde is vroeër in 1889 in Johannesburg gestig. Die verlies van die SAFB se amptelike dokumentasie van sy eerste drie bestaansjare

[135] P. Dobson: *Rugby in South Africa: A History, 1861-1988*, p. 33.
[136] B. Roberts: *Cecil Rhodes: Flawed Colossus*, p. 64.
[137] "Frames, Percival Ross". Beskikbaar by: http://www.s2a3.org.za/bio/Biograph_final.php?serial=3456 (Besoek op 25 Oktober 2018.)
[138] P. Dobson: *Rugby in South Africa: A History, 1861-1988*, pp. 27-32.

beteken dat daar ook nie absolute sekerheid oor sy eerste grondwet bestaan nie. Deur egter na die verslag van die South African Football Conference van 1888 te kyk, kan die basiese beginsels waarvolgens die SAFB gestig is, afgelei word.

> It was unanimously resolved that a South African Football Board be established upon the general basis as set out below, upon which basis the detailed regulations for its conduct and constitution shall be framed and agreed to by the delegates to such Board at its first meeting to be held in Kimberley at the time of the forthcoming 1889 Tournament. The Board is to be constituted of a President and two delegates from each Province and State, the Secretary to be selected from amongst the number of delegates. It is to meet annualy, so far as may be, at the centre at which a Tournament or some other representative football gathering is to take place, under such rules as it may hereafter appoint. It will have control over all matters affecting representative football meetings; shall be the medium through which all challenges for the South African trophy shall be made; shall decide upon and carry out Tournaments in this country; shall be the institution in which the trophy and all general funds derived from its Tournaments shall be vested; shall see to the adoption of a uniform code of laws of the game as adopted by the English Union...; shall frame a series of regulations for the guidance of umpires and referees to be acted upon by all Unions, Provinces and States affiliated to it, the affiliation fee being proposed at £3 3s. per annum; and shall carry out all proposals for sending South African teams to England or elsewhere, and for receiving foreign teams in South Africa. The powers of the Board shall be in respect to all representative football matters in South Africa; but it is to be clearly understood that that it is to have no power or authority to interfere with local Unions or bodies in their local competitions (save that such local bodies are to adopt the uniform code of laws and regulations as referred to), nor shall there be any appeals to the Board from the decisions of the local bodies in such local competitions.[139]

Uit die bostaande word dit duidelik dat daar twee belangrike kwessies was wat sentraal gestaan het in die SAFB se stigting en eerste grondwet. Dit is die organiseer van 'n jaarlikse toernooi om die South African Challenge Trophy, sowel as die landwye aanvaarding van 'n uniforme stel spelreëls. Oor laasgenoemde het die South African Football Conference sterk gevoel.

> It was unanimously resolved to recommend to the several Unions, Provinces, and States, the absolute necessity for the uniform adoption throughout South Africa of the laws of the game as prevailing in England up to the time of the March meeting in each year of the English Rugby

[139] "South African Football Conference: The report of the delegates." SARRA, IV, C 1.3.

> Union, and also for the observance of one general code of regulations to be framed for the guidance of umpires and referees.[140]

Die eerste SAFB grondwet waarvan daar ’n rekord bestaan, dateer uit 1894. Die oorspronklike grondwet het saam met die ander dokumente van die eerste bestaansjare vermis geraak. Hierdie 1894 grondwet is deur ’n subkomitee saamgestel en tydens ’n spesiale vergadering van die SAFB op 4 Oktober 1893 voorgelê, waarna dit met die algemene jaarvergadering op 28 Mei 1894 goedgekeur is. In alle waarskynlik is dit ’n goeie aanduiding van hoe die SAFB se stigtingsgrondwet gelyk het.[141] Dié grondwet bestaan uit 22 punte of reëls. Die eerste 13 het met die struktuur en basiese werkinge van die Raad te make. Dit stel byvoorbeeld dat die Raad die RFU se spelreëls sal aanneem, gee ’n uiteensetting van die verskillende posisies in die Raad (President, Vise-President, Eresekretaris, ouditeure en afgevaardigdes), en verduidelik hoe die liggaam te werk gaan met vergaderings. Punte 14 tot 21 is op die Raad se toernooie van toepassing. Dit stel dat die trofeë (Board’s Trophy en Curriebeker) aan die Raad behoort, asook enige winste wat moontlik uit toernooie gemaak is. Daar word verder verduidelik hoe unies te werk moet gaan om uitdagings om die trofeë aan die Raad te rig, terwyl dit ook belangrike punte oor die finansiële aspekte en die afhandeling van toernooi rekeninge stipuleer. Punt nommer 22 stel eenvoudig dat alle unies wat aan die Raad geaffilieer is, met ’n kopie van reëls en regulasies van die Raad, sowel as die spelreëls, voorsien moet word.

Die Raad was aanvanklik ’n klein organisasie met ’n relatief eenvoudige samestelling. Die organisasie is bestuur deur sy algemene liggaam, bestaande uit die President en Vise-President, Eresekretaris en twee verteenwoordigers van elke geaffilieerde unie of provinsie. Twee ouditeurs is jaarliks aangewys om die Raad se finansiële sake te behartig. Die organisasie was sedert stigting kennelik bemoeid met slegs twee sake – die aanneem van die reëls van rugby soos uitgestippel deur die Engelse RFU, en die organiseer van inter-provinsiale toernooie in Suid-Afrika. Kwessies soos internasionale toere of die groei en ontwikkeling van die spel in die land was klaarblyklik nie van groot belang nie. Weens hierdie relatief beperkte doel was daar geen staande komitees van enige aard nie. Enige komitees, soos byvoorbeeld die een wat die 1894 grondwet uit die oorspronklike een opgestel het, het onmiddellik na voltooiing van hul taak ontbind. Besluitneming en mag was dus gesentraliseerd in die algemene liggaam van

[140] “South African Football Conference: The report of the delegates.” SARRA, IV, C 1.3.
[141] Sien Addendum 1: “SARFB Grondwet, 28 Mei 1894”.

die Raad, wat in 1894 uit 'n maksimum van 16 persone bestaan het. Verder kon die Raad ook nie inmeng by die interne rugbysake van sy unies nie.

Die 1894 grondwet kan wesenlik nie veel van die oorspronklike 1889 grondwet verskil nie, maar daar is egter sommige reëls waarin daar definitiewe ontwikkeling sedert stigting te bespeur is. Die organisasie is in 1889 as die South African Football Board (SAFB) gestig, maar dit is eers met die aanvaarding van hierdie grondwet op 28 Mei 1894 dat die woord 'Rugby' tot die naam gevoeg is. In 1889 was rugby 'n baie gewilder vorm van voetbal as die 'Association game', oftewel sokker, in Suid-Afrika. Die SAFB het waarskynlik gevoel dat dit dus nie nodig is om te spesifiseer watter vorm van voetbal die organisasie administreer nie. Die geskiedskrywing stel foutiewelik dat die organisasie uit die staanspoor in 1889 as die South African Rugby Football Board (SARFB) bekend gestaan het. Percy Ross Frames het byvoorbeeld sy brief na afloop van die 1889-toernooi met sy naam en die woorde "President S.A.F. Board" onderteken,[142] en in die handgeskrewe notules van die vergadering op 10 September 1892, die oudste rekords wat daar van die Raad bestaan, staan dit ook as die South African Football Board aangeteken.[143]

Toe die Raad in 1889 in die lewe geroep is, het dit uit slegs vier provinsiale unies bestaan. In 1894 was daar ses unies aan die Raad geaffilieerd. Die twee wat intussen bygekom het, was Natal en Grens wat onderskeidelik in 1890 en 1891 gestig is.[144] Altwee hierdie unies was vermoedelik teen Julie 1891, toe die eerste Britse span na Suid-Afrika getoer het, reeds by die SAFB geaffilieer. Dít kan afgelei word uit die feit dat die Britse toerspan wedstryde in die Grens area en Natal gespeel het,[145] sowel as dat albei hierdie unies sekerlik so gou as moontlik ná hul stigting by die SAFB aansoek om affiliasie sou gedoen het. Die 1894 grondwet stel ook dat die Oranje Vrystaat as 'n rugbyspelende distrik erken word ondanks sy gebrek aan 'n unie. Die Orange Free State Rugby Football Union (OFSRFU) is eers amptelik in 1895 gestig, maar die streek is al by die algemene jaarvergadering op 28 Mei 1894 verteenwoordig.[146] Die grootte van die Raad se algemene vergadering het dus binne sy eerste vyf jaar byna in grootte verdubbel.

Met stigting in 1889 het die Raad nie 'n permanente tuiste gehad nie. Die reël was slegs dat daar jaarliks vergader sou word op die plek waar die inter-provinsiale toernooi plaasgevind het.

---

142 "The Football Tournament", *Diamond Fields Advertiser*, 12 September 1889.
143 SAFB minutes, 10 September 1892. SARRA, IV, C 1.3.
144 P. Dobson: *Rugby in South Africa: A History, 1861-1988*, pp. 244-245.
145 *Ibid*., p. 39.
146 SARFB minutes, 28 May 1894. SARRA, IV, C 1.3.

Alhoewel die Raad nie tot en met die 1950's sy eie gebou sou besit nie, het die 1894-grondwet die SARFB effektief in die Kaap gevestig deur die vereiste te stel dat dít die Eresekretaris se tuisdorp moes wees. Nie slegs was dit die geboorteplek van rugby in Suid-Afrika nie, maar die meerderheid van die persone wie die onderskeie provinsiale unies op die Raad in sy eerste sowat twee dekades verteenwoordig het, was in Kaapstad woonagtig.

In oënskou was die Raad met sy stigting in 1889 'n betreklik nie-komplekse organisasie. Dit het 'n eenvoudige struktuur gehad en was byna uitsluitlik gerat vir die organisering en administrasie van inter-provinsiale toernooie. Rugby is in hierdie tyd as 'n streng amateursport beoefen en die administrasie daarvan het gevolglik ook op 'n nie-professionele basis geskied. Dit was 'n sogenaamde *players' game* – die jong mans wat die spel gespeel het, was ook die administrateurs.[147] Buiten die feit dat hulle dus relatief onervare in die taak was, was die konsep van sport administrasie ook nog in sy kinderskoene. Desnieteenstaande het die Raad sy pligte met groot ywer en noukeurigheid uitgeoefen.

Dit is ook belangrik om in gedagte te hou dat die Raad in 'n bepaald Engelse konteks en kultuur ontstaan het. Die SAFB het homself uit die staanspoor onderhewig gestel aan die gesag van die Engelse RFU, en nie die IRFB nie. Die SAFB is verder in Kimberley in die lewe geroep, 'n dorp wat in 1889 kon aanspraak maak op die status van ekonomiese neksus van imperiale Suider-Afrika. Die Craven Hotel, waar die stigtingsvergadering plaasgevind het, was bowendien ook een van dié dorp se mees gesiene instansies. Die jong administrateurs wat in die eerste jare op die Raad gedien het, het hierdie Engelse karakter van die Raad verder onderskraag. Met vanne soos Bisset, Richards, Snedden, Herold, Heatlie en Lawton was hulle meestal afstammelinge van Engelse families. Verder was die president Percy Ross Frames deur sy werk nou verbind met Cecil John Rhodes, terwyl Billy Simkims, wat in 1893 die tweede president van die Raad geword het, in 1857 in Londen gebore en tydens die Anglo-Boereoorlog aktiewe diens in die Duke of Edinburgh's Own Volunteer Rifles regiment gedoen het.[148] In hul hoofstuk oor die vroeë geskiedenis van wit rugby in Suid-Afrika, skryf Black en Nauright hoe die sport in die laat negentiende eeu ten nouste met die konsepte van Britse beskawing, kultuur en imperiale mag verbind was.[149]

---

147 P. Dobson: *Rugby in South Africa: A History, 1861-1988*, p. 31.

148 "William Vallancey Simkins". Beskikbaar by: https://www.geni.com/people/William-SIMKINS-Captain-Duke-of-Edinburgh-s-Own-Volunteer-Rifles/6000000039161303422 (Besoek op 27 Oktober 2018.)

149 D.R. Black & J. Nauright: *Rugby and the South African Nation: Sport, Cultures, Politics, and Power in the Old and New South Africas*, p. 30.

Die groei in gewildheid van rugby en die stigting van die SAFB waarop dit uitgeloop het, was deel van die Britse beleid van sosiale imperialisme.[150] Rugby was met die geboorte van die nasionale beheerliggaam in 1889 hoegenaamd nie die nasionale spel van Afrikaners soos dit toenemend deur die loop van die twintigste eeu geword het nie. Die SAFB se bepaald Engelse karakter sou neerslag vind in sy plaaslike werksaamhede en internasionale verhoudinge in sy eerste paar dekades.

[150] D. Allen: "'The race for supremacy': the politics of 'white' sport in South Africa, 1870-1910", p. 745.

## Hoofstuk 2: Vroeë funksies

Hierdie hoofstuk verduidelik hoe die Raad in sy eerste jare gefunksioneer het. Dit sal onmoontlik wees om volledige verslag van ál die organisasie se werksaamhede te doen, so slegs geselekteerde funksies word na gekyk. Aangesien die Raad gestig is met die byna uitsluitlike doel om inter-provinsiale rugbytoernooie te organiseer, gaan die soeklig eerstens hierop val. Hoe het die Raad sy toernooie in sy eerste jare geadministreer? In 1899 het die Anglo-Boereoorlog uitgebreek en is die werksaamhede van die SARFB tot stilstand gebring. Rugby is egter steeds plek-plek gespeel, veral in gevangenekampe, waar talle Afrikaners aan die sport blootgestel is. Dít word vlugtig beskryf om die verhouding tussen die Raad en sy sosio-politieke konteks te belig. Vervolgens word daar gekyk na die spanning binne die Raad wat in die post-oorlog jare opgebou het weens die Transvaal se pogings om meer mag in die organisasie te bekom.

### Administrasie van die eerste toernooie

Die eerste item op die agenda van die SAFB ná sy stigting was die administrasie van die 1889 inter-provinsiale toernooi. Hierdie toernooi het van 28 Augustus tot 7 September in Kimberley plaasgevind en al vier die bestaande rugbyunies – die Westelike Provinsie, Griekwaland-Wes, Oostelike Provinsie en Transvaal – het deelgeneem. Weens die verlies aan die Raad se dokumente van hierdie tyd bestaan daar nie sekerheid oor hoe presies die organisasie te werk gegaan het om die toernooi te administreer nie. Omdat dit die eerste maal was dat die Raad byeengekom het, en soos daar afgelei kan word vanuit hul werksaamhede in die jare direk ná 1889, was die administratiewe funksies van die Raad waarskynlik beperk tot eenvoudige logistieke kwessies – die bevestiging van die reëls en formaat waarvolgens die toernooi gespeel sou word, die opstel van wedstrydbepalings, die bepaling van toegangsgelde vir toeskouers, en die afhandeling van die toernooi se finansiële rekening.

Ironies genoeg is hierdie eerste toernooi van die SAFB, ’n organisasie wat deels gestig is met die doel om geskille oor reëls te voorkom, gekenmerk deur juis ’n dispuut oor reëls. In die laaste wedstryd van die toernooi het Transvaal die Westelike Provinsie geklop met ’n omstrede drie wat die skeidsregter toegelaat het. Die kwessie is na die SAFB verwys en daar is besluit om die beslissing van die skeidsregter, wat toevallig die Raad se president Percy Ross Frames

was, te aanvaar.[151] Daar kan slegs gespekuleer word oor die mag wat 'n indiwidu in 'n besluit soos dié gehad het. Buitendien was die eer van die nuutgestigde SAFB op die spel, en 'n besluit téén sy president in sy heel eerste toernooi sou die organisasie van enige aansien beroof.

Vanuit 'n finansiële oogpunt was die SAFB se eerste toernooi 'n sukses. Toe die Raad weer op 10 September 1892 vergader het, op die vooraand van die 1892-toernooi, het Frames aangekondig dat die Raad 'n saldo van £24.19s in sy rekening by Standard Bank gehad het.[152] Aangesien die 1891 Britse toer na Suid-Afrika onder die beskerming van die WPRFU plaasgevind het, is dié banksaldo aan die 1889 Board's Tournament te danke, sowel as unies se jaarlikse affiliasiefooie van £3 elk.[153]

Die doel van die 1889-toernooi, luidens die verslag van die South African Football Conference van 1888, was om 'n verteenwoordigende Suid-Afrikaanse span te kies wat later in 1889 na Brittanje sou toer. Hierdie toer het egter nie gerealiseer nie, en weens die verlies aan die Raad se dokumentasie van hierdie tyd kan daar slegs gespekuleer word oor die redes daarvoor. Die mees waarskynlike rede is dat die SAFB nie die groot bedrag geld kon genereer wat dit sou kos om 'n rugbyspan vir etlike maande lank na Brittanje te stuur nie. Nie net het die Raad nie sélf die finansiële reserwes gehad nie, maar hulle kon dit waarskynlik ook nie deur middel van waarborge van die vier rugbyunies van Suid-Afrika bekom nie. Verder is dit moontlik dat die RFU nie ten gunste van die SAFB se voorstel van 'n toer was nie, en daar kon dalk ook 'n gevoel bestaan het dat Suid-Afrikaanse rugby nog nie kompeterend genoeg was om 'n oorsese toer te regverdig nie. Wat die redes ookal mog wees, 'n Britse span het kort daarna in 1891, op uitnodiging van die WPRFU, na Suid-Afrika getoer en 'n noemenswaardige aandeel in die verbetering van die spel hier gehad.[154] Die volgende hoofstuk dokumenteer die Raad se internasionale kontak vir die tydperk 1889-1914.

Die SAFB se volgende toernooi het in 1892 plaasgevind. Nie alle unies het outomaties aan die Raad se toernooie deelgeneem nie. Hulle moes 'n skriftelike uitdaging aan die ere-sekretaris rig nie minder nie as drie maande voor die beplande toernooi. In die geval dat drie of meer spanne wou speel, sou 'n spesiale vergadering belê word waartydens die datum en plek van die toernooi vasgestel sou word. Spanne het vanaf 1892 om twee trofeë meeding, naamlik die Board's Trophy en die Curriebeker. Laasgenoemde trofee is deur Sir Donald Currie, eienaar

[151] P. Dobson: *Rugby in South Africa: A History, 1861-1988*, p. 34.
[152] SAFB minutes, 10 September 1892. SARRA, IV, C 1.3.
[153] SARFB Proposed new constitution, 4 October 1893. SARRA, IV, C 1.3.
[154] D. Allen: "Tours of Reconciliation: Rugby, War and Reconstruction in South Africa, 1891-1907", p. 173.

van die Castle Shipping Company, saam die Britse span in 1891 na Suid-Afrika gestuur met die opdrag dat dit oorhandig word aan die plaaslike span wat die Britte die beste teenstand bied. Daarna moes dit ’n wisseltrofee vir die jaarlikse inter-provinsiale kompetisie word.[155]

Die 1892-toernooi is weer in Kimberley gespeel, en dit is nie toevallig nie dat dit op dieselfde tyd as die South African & International Exhibition plaasgevind het. Sulke tentoonstellings, wat ook in 1877 en 1936 in Suid-Afrika plaasgevind het, is georganiseer met die doel om besighede en industrieë te bevorder.[156] Op ’n meer simboliese vlak was die doel egter om die vooruitstrewendheid van die land as deel van die groter Britse Ryk te demonstreer. Die 1892 uitstalling, waarvan Cecil John Rhodes die promotor was, was dus in ’n atmosfeer van ‘Empire’ gehul en ’n rugbytoernooi het ’n toepaslike toevoeging daartoe gemaak. Rugby was een van die Britse Ryk se voorste kulturele uitvoerprodukte, en die SAFB kon terselfdertyd munt slaan uit die geleentheid om besoekers wat die uitstalling bywoon ook na rugbywedstryde te lok. Die aanbied van die 1892-toernooi as deel van die South African & International Exhibition het die Engelse karakter van die SAFB onderskraag.

Die Raad het drie maal gedurende die toernooi vergader. Soos met die eerste toernooi in 1889, was die funksies van die SAFB hoofsaaklik beperk tot logistieke reëlings. Die enigste amptelike sake wat gedoen is, was die verkiesing van die bestuur vir die komende jaar. Percy Ross Frames is as president herverkies, terwyl HC Boyes die sekretaris geword het.[157] Die ander besluite het almal met praktiese reëlings rakende die toernooi te make gehad. Die toernooi sou volgens die Engelse RFU se reëls gespeel word, toegangsgelde vir toeskouers is vasgestel, en daar is besluit om wedstryde tot twee helftes van 35 minute elk te beperk. Wat die formaat van die toernooi behels, is daar besluit dat indien twee spanne gelyk bo-aan die punteleer eindig, ’n uitspeelwedstryd sou plaasvind om die wenner te bepaal. Verder het die SAFB die wedstrydbepalings gedoen en die een skeidsregter en twee lynregters vir elk van die wedstryde aangewys. Daar is ook besluit om die geld wat deur die toernooi geïn word, proporsioneel tot die unies se uitgawes aan hulle terug te betaal.[158] Só het dit gebeur dat, na afloop van die toernooi, £79.15s aan die Westelike Provinsie, wat ook die toernooi gewen het, betaal is, £77 aan Natal, £63.5s aan Transvaal, en £49.10 aan Grens. Desondanks het al die

[155] P. Dobson: *Rugby in South Africa: A History, 1861-1988*, p. 37.
[156] “From the Great Exhibition to the Festival of Britain, 1851-1951”. Beskikbaar by: https://www.sheffield.gov.uk/content/dam/sheffield/docs/libraries-and-archives/archives-and-local-studies/research/Exhibitions%20Study%20Guide%20v1-0%20PDF.pdf (Besoek op 3 Desember 2018.)
[157] SAFB minutes, 10 September 1892. SARRA, IV, C 1.3.
[158] SAFB minutes, 10 September 1892, 13 September 1892, 19 September 1892. SARRA, IV, C 1.3.

unies steeds ’n verlies gely deur aan die toernooi deel te neem.[159] Die Griekwaland-Wes het geen betaling van die SAFB ontvang nie omdat hulle die toernooi aangebied het en vanselfsprekend geen reis- of verblyfuitgawes soos die ander spanne gehad het nie.

Nog voordat die toernooi se rekening finaal afgesluit is en die SAFB se finansiële posisie daarna bevestig kon word, het die ere-sekretaris van die Raad, H.C. Boyes, in ’n fratsongeluk tydens die Kimberley uitstalling gesterf. Die SAFB se dokumentasie, wat ten tyde sy sterfte in sy besit was, is as deel van sy boedel gehou en kon eers later deur Percy Ross Frames bekom word. Frames kon geen gewillige persoon in Kimberley vind om die finansies van die Raad uit te sorteer nie, en het die taak eindelik aan H.G. Cadwallader, die assistent sekretaris van die WPRFU, gegee. Tydens ’n Raadsvergadering op 14 Julie 1893 in Kaapstad het Cadwallader gerapporteer dat die Raad se bankbalans op £10.12s.11d staan. Weens die gebrek aan ’n permanente sekretaris het Cadwallader by hierdie vergadering in dié posisie waargeneem, en toe die item van verkiesing van beamptes op die agenda opkom, is hy tot ere-sekretaris van die SAFB verkies. Verder het die Raad ook besluit om aan Cadwallader ’n honorarium van £5 te gee vir sy diens aan die SAFB.[160] Dat die Raad bykans die helfte van sy balans as ’n honorarium weggegee het, dui daarop dat die organisasie in hierdie vroeë stadium van sy bestaan nie noodwendig uit was op die najaag van ’n sterk finansiële posisie nie, maar dat sy blote voortbestaan belangriker was.

Cadwallader sou hierna vir slegs nog een vergadering, op 4 Oktober 1893, diens doen as ere-sekretaris. Daarna het hy sonder ’n verdere woord of ’n bedanking uit die boeke van die Raad verdwyn. Dit was ’n krieket verwante kwessie wat sy tyd op die Raad kortgeknip het. Harry Cadwallader was in hierdie tyd ook die sekretaris van die South African Cricket Association (SACA) en hy sou die bestuurder van die Suid-Afrikaanse krieketspan wees wat in 1894 na Engeland getoer het. Hy het egter in onguns verval omdat hy ten gunste was van die insluiting van Armien ‘Krom’ Hendricks, ’n Kaapse Maleier, in die span. Die krieket establishment, in besonder die SACA-president William Milton en die Kaapkolonie se Eerste Minister Cecil John Rhodes, wou die Suid-Afrikaanse span met alle mag uitsluitlik wit hou. Cadwallader se standpunt oor Hendricks het nie met die waardes van die krieket establishment gestrook nie, en hy is vervolgens as SACA-sekretaris vervang.[161] Die administrateurs van Suid-Afrikaanse krieket in hierdie tyd, waaronder Bill Bisset, Billy Simkins, Louis B. Smuts en Herbert H.

[159] P. Dobson: *Rugby in South Africa: A History, 1861-1988*, p. 42.
[160] SAFB minutes, 14 July 1893. SARRA, IV, C 1.3.
[161] J. Winch: “Sir William Milton: a leading figure in Public School Games, Colonial Politics and Imperial Expansion, 1877-1914”, pp. 123-137.

Castens, was terseldertyd ook invloedryke rugby-administrateurs. Cadwallader is gevolglik ook onbeleefd uit die SAFB gewerk.[162]

Op 14 Julie 1893 is William Valencie Simkins van die Westelike Provinsie as die nuwe president van die SAFB verkies.[163] Frames het weens werksverpligtinge afstand van die posisie gedoen. Billy Simkins, soos hy meer algemeen bekend gestaan het, is in 1857 in Londen gebore en het in 1876 op 19-jarige ouderdom na Kaapstad gekom en hier as staatsamptenaar gewerk. In die Kaap het hy 'n vername sportman geword. Hy was 'n kranige roeier, rugby- en krieketspeler, maar dit is vir sy bydrae tot sport van die veld af waarvoor hy beter onthou word. In die laat 1870's was Simkins instrumenteel om die South African College School (SACS) van die Winchester-reëls na rugbyreëls te laat verander. Hy was 'n stigterslid van die WPRFU in 1883 en het in 1889 ook die president van dié unie geword.[164] Wat krieket betref, was hy die bestuurder van die Suid-Afrikaanse krieketspan op hul toer na Engeland in 1894, asook president van die Western Province Cricket Union (WPCU) van 1902-1905, en weer van 1908-1911.[165]

Simkins se eerste taak as president was die administrasie van 'n inter-provinsiale toernooi in 1893. Waar die Griekwaland-Wes, Transvaal en Natal ten gunste van 'n toernooi was, was die Westelike Provinsie daarteen gekant. Simkins het genoem dat die Grens, die unie wat hy op die Raad verteenwoordig het, graag óók 'n toernooi in 1893 wou sien, maar dat hy as president van die WPRFU graag dié unie se kant wou stel. Die WPRFU was in die proses om die gronde by Nuweland vir £2500 te koop en hulle het nou eers die £200 verlies weens hul deelname aan die 1892-toernooi, opgemaak. Die Westelike Provinsie sou dit dus nie kon bybring om in 1893 aan 'n toernooi deel te neem nie, hetsy dit in die Kaap of elders sou plaasvind. Verder was die unie se kompetisies klaar gereël en was hulle nie bereid om die bestaande skedule vir nóg 'n Suid-Afrikaanse toernooi te ontwrig nie. Simkins het selfs sover gegaan as om te sê dat die inter-provinsiale toernooie nou "'n bietjie oordrewe geword het."[166] Dit is 'n vreemde stelling in ag genome dat daar nog net twee inter-provinsiale kompetisies in daardie stadium

[162] A. Odendaal: "Cricket's history of foul play in SA". Beskikbaar by: https://www.iol.co.za/capetimes/opinion/crickets-history-of-foul-play-in-sa-2096419 (Besoek op 6 Desember 2018.)
[163] SAFB minutes, 14 July 1893. SARRA, IV, C 1.3.
[164] A.C. Parker: *WP Rugby Centenary, 1883-1983*, p. 15.
[165] A. Odendaal, K. Reddy, A. Samson: *The Blue Book: A History of Western Province Cricket, 1890-2011*, p. 29.
[166] SAFB minutes, 14 July 1893. SARRA, IV, C 1.3. (Eie vertaling)

plaasgevind het. Weens die druk wat die Kapenaars uitgeoefen het, het die Raad eindelik téén ’n Curriebeker-toernooi in 1893 besluit.

Hierdie vergadering opper twee kwessies wat die SAFB in sy eerste jare gekenmerk het. Eerstens dui dit op die gevolge van die sisteem van indirekte verteenwoordiging. Die Raad het in hierdie tydperk deurlopend in die Kaap vergader, behalwe vir wanneer daar toernooie elders in die land plaasgevind het wanneer die organisasie dan dáár vergader het. Op Kaapse vergaderings het die verskillende unies persone wat in die Kaap gewoon het, afgevaardig om hulle te verteenwoordig. Dit sou unies te veel geld kos om direkte verteenwoordigers na die Kaap te stuur. Wanneer die Raad tydens ’n toernooi elders in die land vergader het, is unies deur direkte afgevaardigdes, wat dikwels sélf in die toernooi gespeel het, verteenwoordig. Hierdie sisteem van indirekte verteenwoordiging het byvoorbeeld beteken dat Billy Simkins, Barry Heatlie en Harry Cadwallader, almal Kapenaars, onderskeidelik die Grens, Vrystaat en Natal by tye vertweenwoordig het. Een persoon kon ook vir meer as een unie optree. Thomas Barry Herold, wat diep spore in die WPRFU getrap het, het deur die loop van die 1890’s as verteenwoordiger vir die Westelike Provinsie, Transvaal én die Oranje-Vrystaat opgetree. Indirekte verteenwoordiging op die Raad was problematies in dié sin dat provinsiale belange somtyds daardeur gedryf is. Billy Simkins se bogenoemde uitspraak beide vír en téén die 1893-toernooi is tekenend hiervan. Met indirekte verteenwoordigers wat almal Kapenaars was, en in sommige gevalle ook lede van die WPRFU, het die Westelike Provinsie dus ’n groot sê op die vergaderings van die SAFB gehad. Alhoewel daar verwag is dat verteenwoordigers onafhanklik moes bly, bewys Simkins se bogenoemde stelling dat dit nie in die praktyk altyd so gewerk het nie.

Die WPRFU se weiering van die 1893-toernooi dui op die tweede kwessie, naamlik dat die groot unies – dié met finansiële mag – sake op die Raad tot ’n redelike mate kon dikteer. Die WPRFU het die eerste twee toernooie gewen en was sonder twyfel die beste provinsiale span in die land. Sonder hul teenwoordigheid sou ’n toernooi nie noodwendig dieselfde aftrek kry nie, en kon ander unies wat wel sou deelneem, heel moontlik ’n groot finansiële verlies ly. Terwyl die WPRFU dit nog kon bekostig om ’n verlies te lei, kon kleiner unies soos Grens of die Oostelike Provinsie nie dieselfde risiko loop nie. Selfs in ’n era waar rugby ’n streng amateursport was, het die unies met die geld die meeste invloed gehad. Die WPRFU was in hierdie vroeë tye dus, weens sy finansiële krag en groot getal indirekte verteenwoordigers op die Raad, die spreekwoordelike stert wat die hond geswaai het.

Die Oostelike Provinsie wou die 1893-toernooi graag in Port Elizabeth aanbied. Toe die Raad teen ’n toernooi in dié jaar besluit het, is daar aan die EPRFU gesê dat hulle gunstig oorweeg sou word as gasheer in 1894, selfs al kon die Raad niks op daardie stadium belowe nie.[167] Só het Simkins, ondanks die feit dat hy die Grens verteenwoordig het, saam die WPRFU die agterdeur vir hulself oopgehou om die volgende toernooi in 1894 in Kaapstad aan te bied. Dit is dan ook híér waar die toernooi tussen 25 Augustus en 4 September plaasgevind het. Die unies wat deelgeneem het, was die Westelike Provinsie, wat die trofeë vir die derde agtereenvolgende jaar sou inpalm, Griekwaland-Wes, Transvaal, Grens en die Oranje-Vrystaat. Laasgenoemde was in 1893 al as ’n rugbyspelende streek by die Raad geaffilieerd ten spyte daarvan dat hul unie eers amptelik in 1895 gestig is. Die Oostelike Provinsie en Natal, wat beide ten gunste van ’n toernooi in Port Elizabeth was, het nie hul spanne na die Kaap gestuur nie. Dit was heel waarskynlik in ’n poging om te wys dat hulle nie saamstem met die manier waarop die WPRFU vir die Raad kon voorskryf nie.

Die SARFB[168] het vier maal rondom die tyd van die 1894-toernooi vergader. Omdat Billy Simkins in dié tyd saam die Suid-Afrikaanse krieketspan in Engeland getoer het, het die Raad onder die voorsitterskap van Jack Heyneman vergader. Heyneman sou later, met Simkins se uittrede in 1912, tot die posisie van SARFB president verkies word. Hierdie 1894 vergaderings is gehou om oor kwessies aangaande die administrasie van die komende toernooi te besluit. In besonder is die SARFB se huur van Nuweland by die WPRFU uitgepluis (die gasheer unie sou 15% van die totale hekgelde ontvang), reëlings rondom reisende spanne se treinritte en akkommodasie is gekommunikeer, die wedstrydprogram is opgestel en toegangspryse vasgestel, en daar is besluit dat die opponerende kapteine van spanne die skeidsregter vir hul wedstryde sou kies. Verder het Louis Smuts, wat ná Cadwallader se vertrek uit die Raad as ere-sekretaris waargeneem het, ook sý bedanking uit die posisie ingedien. Die toernooi-rekening is laastens op 6 September gefinaliseer, en daar is bevestig dat daar ’n totaal van £816.3s geïn is.[169] Dié bedrag is aangewend om so veel moontlik van die uitgawes van reisende spanne te dek, maar was nie genoeg vir die SARFB om ’n wins te maak nie. Die Raad se saldo van

---

[167] SAFB minutes, 14 July 1893. SARRA, IV, C 1.3.

[168] Op die spesiale vergadering van 4 Oktober 1893 is die Raad se konsepgrondwet voorgelê, waarna dit tydens die algemene jaarvergadering op 28 Mei 1894 goedgekeur is. Die nuwe grondwet het die liggaam se naam amptelik na die South African Rugby Football Board (SARFB) verander om dit te onderskei van die nasionale beheerliggaam van (wit) sokker, naamlik die South African Football Association (SAFA) wat in 1892 gestig is.

[169] SARFB minutes, 13 August 1894, 24 August 1894, 3 September 1894, 6 September 1894. SARRA, IV, C 1.3.

£23.9s.7d, wat op die algemene raadsvergadering op 11 Maart 1895 bekend gemaak is,[170] is te danke aan die onderskeie unies se affiliasiefooie.

Terwyl Simkins in Engeland was, het hy met die RFU kontak gemaak oor die moontlikheid van ’n Britse rugbytoer na Suid-Afrika in 1895. Hul sekretaris, George Rowland Hill, het aangedui dat die RFU ook ten gunste van so ’n toer was. Met dít in gedagte, het H.M. Hepper, die Grens-verteenwoordiger, voorgestel dat ’n Suid-Afrikaanse erevyftiental na afloop van die 1894 Curriebeker-toernooi gekies word. Hierdie mosie het geen ondersteuning gekry nie. Hy het vervolgens voorgestel dat ’n Mother Country vs. Colonial Born wedstryd op 5 September gespeel word, en die Raad het onmiddellik daartoe ingestem.[171] Die feit dat die Raad nie ’n Suid-Afrikaanse span wou kies nie, maar eerder ’n wedstryd wou sien waar daar arbitrêre onderskeid tussen Brits-gebore en koloniaal-gebore spelers getref word, is nóg ’n aanduiding van die SARFB se Engelse karakter. Die Raad het in hierdie vroeë stadium van sy bestaan klaarblyklik nie veel daarin belang gestel om ’n eie, Suid-Afrikaanse identiteit te ontwikkel nie, maar hy het homself eerder as vertakking van die groter Britse Ryk gesien.

Met die algemene jaarvergadering op 11 Maart 1895 is daar voorgestel dat die volgende Curriebeker-toernooi in Johannesburg plaasvind. Omdat die Raad vantevore aan die EPRFU gesê het dat hulle gunstig oorweeg sou word om die volgende toernooi in Port Elizabeth aan te bied, het ’n hewige debat ontstaan. Daar is geargumenteer dat ’n toernooi in Johannesburg die SARFB die beste kanse op finansiële sukses sou gee.

> Mr. J. Versfeld said they could not risk a financial failure, and he need not say that the gate-takings at Johannesburg would be greatly in excess of any possible receipts at Port Elizabeth. Mr. Herold said that they could not help considering the financial aspect, and there was no doubt that the gates would be tremendous at Johannesburg. ... Mr. Wood said that they should go to Johannesburg while the ‘boom’ was on. They could go to Port Elizabeth in 1896.[172]

Omdat geen toernooi tot op datum ’n wins aan die SARFB besorg het nie, het finansiële oorwegings vanselfsprekend die swaarste geweeg. Die 1895 Curriebeker-toernooi sou dus in Johannesburg gespeel word. Wéér is daar aan die Oostelike Provinsie gesê dat hulle in die daaropvolgende jaar gunstig oorweeg sou word.[173] Die unies met die finansiële mag het inderdaad die septer in die SARFB geswaai.

---

[170] SARFB minutes, 11 March 1895. SARRA, IV, C 1.3.
[171] SARFB minutes, 3 September 1894. SARRA, IV, C 1.3.
[172] SARFB minutes, 1 May 1895. SARRA, IV, C 1.3.
[173] *Ibid.*

Die 1895-toernooi om die Curriebeker en Board's Trophy was die eerste wat nie ten volle deur die SARFB sélf geadministreer is nie. Die Raad het drie vergaderings belê waartydens toernooi administrasie gedoen is. Daar is egter gou bevind dat die afstand tussen die Kaap, waar die Raad vergader het, en Johannesburg, waar die toernooi sou plaasvind, administrasie bemoeilik het. Alhoewel enkele administratiewe sake wél deur die Raad afgehandel is, is die grootste gros praktiese reëlings egter met verdrag aan die Transvaalse unie oorgedra. Op 18 Julie was dit byvoorbeeld die opstel van die wedstrydprogram.

> A lengthy discussion ensued as to the advisability of the Board arranging the matches, Mr. Versfeld mentioning that the local circumstances were unkown here [in Cape Town]. It was eventually decided that the Johannesburg Union should draw up a programme and submit the same to the Board, to be considered at the adjourned meeting to be held on the 29th July.[174]

Toe die Raad weer op 6 Augustus vergader het, is die organisering van die aanstaande Curriebeker-toernooi byna vierkantig voor die deur van die TRFU gelê.

> Mr. Heyneman suggested that the Board should appoint an honorary secretary for the purposes of the tournament. Mr. Smuts thought it would be better to ask the Transvaal Union to appoint a tournament secretary *pro tem*, with power to call meetings of the Board and to act generally until a meeting of the Board is held in Johannesburg on the 20th inst., and he moved accordingly. This was agreed to. ... Mr. Heyneman said that he had been in correspondence with the Transvaal Union regarding the price of admission to be charged, and he thought that the matter had better be left to the Transvaal Union. (Hear, hear.) It was decided to leave ground charges and other preliminary arrangements to the Transvaal Union.[175]

Dit blyk dat die persone wat dié aand die Raad gekonstitueer het – al elf van hulle was op daardie tydstip Kapenaars – net te bly was om die praktiese reëlings van die toernooi aan die Transvalers oor te dra.[176] Robert Henley Blakeley, die Transvaalse ere-sekretaris,[177] is vervolgens op 12 Augustus tot toernooi-sekretaris verkies. Een van die belangrikste administratiewe besluite wat met die 1895 Curriebeker-toernooi gemaak is, is dat neutrale

[174] SARFB minutes, 18 July 1895. SARRA, IV, C 1.3.
[175] SARFB minutes, 6 August 1895. SARRA, IV, C 1.3.
[176] Die volgende persone het die SARFB vergadering op 6 Augustus 1895 opgemaak: T.B. Herold (voorsitter in die afwesigheid van die president W.V. Simkins), L.B. Smuts (Westelike Provinsie), A. Beswick en G. Devenish (Griekwaland-Wes), J. Versfeld en M. Versfeld (Transvaal), M. Louw met volmag van W. Ashley (Grens), C.H. Tredgold (Oostelike Provinsie), E.H. Bisset en B.H. Heatlie (Oranje-Vrystaat), J. Heyneman (ere-sekretaris).
[177] Veteran: "The Transvaal Rugby Football Union and the Game in that Province", in: I. Difford (ed.): *History of South African Rugby Football*, pp. 127-129.

skeidsregters en lynregters vir wedstryde aangewys is.[178] Die toernooi is deur die Westelike Provinsie gewen, hul vierde agtereenvolgende oorwinning in die Raad se toernooi, en was vanuit ’n finansiële oogpunt ook relatief suksesvol.

> Notwithstanding the large number of teams competing, and the fact that the cost of holding a tournament in Johannesburg appears to be heavier than at any other centre, it is satisfactory to find that the gate-takings were sufficient to pay in full the hotel expenses of all the visiting teams and a fair percentage of the travelling expenses.[179]

Omdat reiskostes nie volledig gedek kon word nie, het unies dus steeds ’n klein verlies gely deur aan die 1895-toernooi deel te neem. Toe alle toernooi verwante rekeninge afgehandel is, het die Raad met sy algemene vergadering op 22 April 1896 ’n saldo van £24.17s.5d aangedui,[180] skaars ’n Pond meer as ’n jaar tevore. Die Curriebeker-toernooi was in die eerste paar jare dus alles behalwe winsgewend. Die Raad se finansies sou egter in 1896 ’n groot hupstoot kry uit die Britse toer hierheen – ’n surplus van £600.12s.2d. Hieroor word daar in die volgende hoofstuk verder uitgewy.

Weens dié toer het die volgende Curriebeker-toernooi in 1897 plaasgevind. Uiteindelik is daar gehoor gegee aan die Oostelike Provinsie se wens om die toernooi in Port Elizabeth aan te bied. Finansiële oorwegings het so byna weer beteken dat die toernooi elders sou plaasvind, maar ferm leierskap deur Simkins het enige moontlikheid daarvan stopgesit. Toe die Raad op 7 Mei 1897 vergader het, het R.L. Cousens, die Transvaalse afgevaardigde, voorgestel dat die toernooi in Port Elizabeth plaasvind. Onmiddellik het die WPRFU se Louis Smuts gevra of daar hoegenaamd ’n kans is dat die hekgelde die unies se uitgawes kon dek. Indien nie, het hy aangevoer, was daar ’n groot moontlikheid dat die goeie spanne sou wegbly. Simkins het onwrikbaar op Smuts se verskuilde dreigement gereageer. “The Chairman said that the real question was the good of football in South Africa, and even if there was a probability of a loss financially, they ought to go to Port Elizabeth.”[181]

Die SARFB het agt keer rondom die tyd van die 1897-toernooi vergader om administratiewe reëlings te tref. Die persone wat die Raad op hierdie vergaderings gekonstitueer het, was hoofsaaklik lede van die EPRFU. Dít het beteken dat, alhoewel die SARFB teoreties die Curriebeker-toernooi geadministreer het, dit in praktyk die unie van die Oostelike Provinsie

---

178 SARFB minutes, 12 August 1895. SARRA, IV, C 1.3.
179 SARFB minutes, 22 April 1896. SARRA, IV, C 1.3.
180 *Ibid*.
181 SARFB minutes, 7 May 1897. SARRA, IV, C 1.3.

was, onder leiding van prominente Baaise rugbyfigure soos H.K. Pagden en P. Myburgh.[182] Wat betref kwessies anders as die Curriebeker-toernooi op hande, was hierdie groep afgevaardigdes bewus van hul beperkte besluitnemingsmag.

> Mr. Myburgh moved, "that no player be allowed to compete in Challenge Cup matches for more than one centre in the same season," which was seconded by Mr. Badnall. Some debate ensued as to the competency of the meeting to deal with this subject, as no notice of motion had been given. On a search being made, Mr. Carden announced that there was no provision whatever in the rules as to giving notice. He contended that alterations of this kind can only be considered at the annual general meeting in the month of April. ... On the motion of Mr. Carden the Secretary was instructed to call the attention of the *permanent Board* to this ommission of a rule as to notices of motion at Board meetings.[183]

Die SARFB wat tydens Curriebeker-toernooie vergader het, was dus in werklikheid slegs 'n toernooi-komitee. Dit was 'n liggaam anders as die 'permanente Raad' wat deur die loop van die jaar in Kaapstad ontmoet het, en een wat uitsluitlik met die organisering van die toernooi bemoeid was.

Die 1897 Curriebeker-toernooi is deur die Westelike Provinsie gewen, hul vyfde agtereenvolgende oorwinning in die Raad se toernooie. Wat dié oorwinning besonders maak, is die feit dat geen span in vier wedstryde 'n enkele punt teen die WP kon aanteken nie. In teenstelling met wat gevrees is, was die toernooi vanuit 'n finansiële oogpunt relatief suksesvol. Die besoekende spanne se reiskostes kon ten volle gedek word, en 'n wesenlike bedrag was beskikbaar om die akkommodasie rekening te vereffen.[184] Die hekgelde in Port Elizabeth het 'n totaal van slegs £597.7s.11d beloop,[185] minder as die helfte van die bedrag (£1370) wat twee jaar tevore in Johannesburg by die hekke gemaak is. Dít het die Raad gemotiveer om met die aanwys van die gasheer unie van die volgende Curriebeker-toernooi finansiële oorwegings bo enige iets anders te stel. 'The good of football in South Africa', soos Simkins dit vroeër verwoord het, was vir eers vergete. Die Raad sou probeer om 'n wins uit die Curriebeker-toernooi te maak, of minstens net gelyk te breek. Met die 1898-toernooi in Kaapstad waar groot toeskouer getalle byna verseker was, het hulle die beste kans hierop gehad.

---

[182] P. Dobson: *Rugby in South Africa: A History, 1861-1988*, p. 52.
[183] SARFB minutes, 21 July 1897. SARRA, IV, C 1.3. (Eie kursief)
[184] SARFB minutes, 4 May 1898. SARRA, IV, C 1.3.
[185] SARFB minutes, 9 September 1897. SARRA, IV, C 1.3.

Die jaar 1897 het nie slegs die Oos-Kaap se eerste eerste Curriebeker-toernooi gesien nie. In Augustus van dié jaar is die South African Coloured Rugby Football Board (SACRFB) in Kimberley gestig. Toenemende kontak tussen die verskillende streke van Suid-Afrika het 'n noodsaak aan die nasionale administrasie van die sport geskep, en die dryfkrag het hoofsaaklik vanuit die Griekwaland-Wes gekom. Die man daaragter was die 25-jarige Isaiah Bud Mbelle, sekretaris van die Griqualand West Coloured Rugby Football Union (GWCRFU) en deel van die geleerde swart elite van die tyd. Hy het die swart rugby unies van die Griekwaland-Wes, Westelike Provinsie, Oos-Kaap en Transvaal in die SACRFB saamgesnoer, en weens sy bedrewenheid tot die eerste sekretaris van dié liggaam verkies. Mbelle het vir Cecil John Rhodes genader oor 'n trofee vir "all the Coloured Sporting People of South Africa... for competition amongst ourselves on the same lines as the Currie Cup."[186] Die SACRFB het in Augustus 1898 sy eerste toernooi om die Rhodes Cup in Kimberley aangebied.

Daar is heelwat parallelle te trek tussen die ontstaan en eerste jare van die SARFB en SACRFB. Beide is in Kimberley gebore as 'n resultaat van die verspreiding van die spel en die toename in kontak tussen die verskillende rugbyspelende streke van die land. Altwee die organisasies het uit jong, professionele mans bestaan, en verder was daar noue bande met die mynbedryf, en met Cecil John Rhodes spesifiek.[187] Gegewe die sosio-politieke konteks van die laat negentiende eeu het Suid-Afrika se wit en swart rugbybeheerliggame egter nooit kontak gehad nie.

Die SARFB se administrasie van die 1898 Curriebeker-toernooi was ietwat verskillend. Omdat dit in Kaapstad gehou is, kon die 'permanente' Raad alle administrasie sélf hanteer en was dit nie nodig om die taak aan die plaaslike unie te gee soos dit die geval met die Transvaal in 1895 en die Oostelike Provinsie in 1897 was nie. Die SARFB het op Vrydagaand 22 Julie 1898 vergader "when complete arrangements were made for the forthcoming Currie Cup Tournament."[188] Die wedstrydprogram is opgestel, kwessies rondom kaartjies is uitgepluis, toegangsgelde is vasgestel, en die persentasie daarvan wat aan die WPRFU betaalbaar was, is bevestig. Daar is ook voorgeneem dat skeidsregters en lynregters deur die kapteine van opponerende spanne aangewys sou word en dat die Raad nie onafhanklike wedstrydbeamptes sou benoem nie – 'n ommekeer in die besluit wat die SARFB in 1895 in Johannesburg geneem

---

186 A. Odendaal: "'The thing that is not round': The untold story of black rugby in South Africa", in: A. Grundlingh, A. Odendaal, B. Spies (eds.): *Beyond the Tryline: Rugby and South African society*, p. 38.
187 In die volgende hoofstuk word daar verwys die deurslaggewende rol van die mynmagnate in Suid-Afrikaanse rugby in hierdie tydperk.
188 SARFB minutes, 22 July 1898. SARRA, IV, C 1.3.

het. Verder is dit opvallend om te sien hoe die Raad ook die Kaapse politici by die toernooi betrek het. "It was resolved...that His Excellency the Governor, the General, the Admiral and the Mayor be requested to accord their patronage to the Tournament."[189] Die Raad het waarskynlik gevoel dat, indien die politieke elite van die Kaapkolonie hul ondersteuning aan die toernooi verleen, dit die Curriebeker 'n groter mate van aansien sal gee, wat hopelik tot meer toeskouers en 'n groter kans op 'n wins sou lei.

Alhoewel alle administratiewe sake afgehandel was voor die eerste bal geskop is, het die Raad twee maal tydens die loop van die toernooi wéér vergader. Onvoorsiene omstandighede het dit teweeggebring. Eerstens het die Midlands Rugby Union, wat tydens die 1897 seisoen by die SARFB geaffilieer het, 'n week voor die toernooi begin het, onttrek, en moes die Raad die wedstrydprogram dienooreenkomstig aanpas. Tweedens het Davey Cope, 'n Transvaalse speler, onderweg na Kaapstad op 16 Augustus in 'n treinongeluk by Mostertshoek naby Worcester omgekom.[190] Dít het die Raad genoop om die program vir 'n tweede keer aan te pas.

Ses spanne het aan die 1898 Curriebeker-toernooi deelgeneem, naamlik die Westelike Provinsie, Transvaal, Oostelike Provinsie, Vrystaat, Griekwaland-Wes en Rhodesië, wat in 1897 by die Raad geaffilieer het. Natal en die Grens het nie hul spanne na Kaapstad gestuur nie. Interessant genoeg was dat die 1898 Curriebeker-toernooi die eerste waar nie alle wedstryde by een sentrum plaasgevind het nie. Rhodesië het, onderweg na Kaapstad, in Kimberley teen die Griekwaland-Wes gespeel. Die Raad se rekords maak nie duidelik hoekom hierdie reëling getref is nie, maar dit is waarskynlik omdat Rhodesië dit goed gedink het om hul lang treinreis na die Kaap te onderbreek. £50 van die hekgelde in Kimberley is tot die toernooi se rekening bygedra.[191] Die toernooi was een van gemengde welslae vir die Westelike Provinsie. Alhoewel hulle vir die sesde maal in 'n ry die Raad se trofeë gelig het, was die finansiële uitslag van die toernooi nie na wense nie. Slegs £536.13s.4d was beskikbaar was om spanne se uitgawes te betaal. Al vyf reisende spanne se vervoerkostes is ten volle gedek, waarna hulle almal verder maar 'n skamele £1 gegee is. Met die algemene jaarvergadering op 26 April 1899 het die Raad die finansiële mislukking verduidelik.

> The interest somehow in the tournament was not so well maintained as heretofore, as, with but few exceptions, most of the matches were rather run-a-way games. ... Considering the number of visiting teams (five) competing, and the consequent heavy charges for travelling, it is

[189] SARFB minutes, 22 July 1898. SARRA, IV, C 1.3.
[190] P. Dobson: *Rugby in South Africa: A History, 1861-1988*, p. 45.
[191] SARFB minutes, 9 September 1898. SARRA, IV, C 1.3.

> satisfactory to note that your Board were able to meet the travelling expenses in full out of the tournament funds. Beyond the reasons given above, the success of the tournament was to a great extent marred by the unfortunate railway accident through which Messrs. Cope and Tait lost their lives. This sad occurrence naturally had a most depressing effect...[192]

Op 25 Augustus, twee dae voor die laaste wedstryd van die 1898 Curriebeker, is daar besluit dat die toernooi in 1899 in Kimberley sou plaasvind. Mnr. Strugnell (GWRFU) het voorgestel dat die volgende toernooi in Kimberley plaasvind, en Robert Blakeley van die Transvaal het gesekondeer. Mnr. Hutchinson (Rhodesië) het egter voorgestel dat die toernooi in Johannesburg gespeel moet word omdat finansiële sukses daar bykans verseker is. Dié mosie is afgekeur, en die mosie om dit in Kimberley te hou, het ses stemme daarvoor en ses stemme daarteen gekry. Simkins moes dus die beslissende stem gee, en hy het in die guns van Kimberley besluit bloot omdat ’n Transvaalse afgevaardigde die mosie aanvanklik gesekondeer het. Sy geneigdheid om in die beste belange van die spel te besluit, het die Raad se groeiende pogings tot winsbejag getroef.

Op die vooraand van die 1899-toernooi, tydens ’n vergadering waar die voorlopige program vasgestel is, het die WPRFU ’n veelseggende mosie ter tafel gelê.

> That in future Board tournaments be held not more frequently than once in every two years. Mr. Smuts, in moving the resolution, said they were having too much of these tournaments. They were becoming a very great strain on the resources of the different centres. As regards the Western Province, they have strained every nerve, and were going to put themselves to very serious financial obligations to compete in this year’s tournament, and he felt other centres were doing the same. Something should be done to curtail these tournaments. There was a time where these tournaments were necessary to consolidate the game in the country, but they had served their purpose, and were not so necessary as before, for Rugby football had progressed beyond the need of these stimulating contests. In fact, it was a question whether they were not doing more harm than good...[193]

Die mosie is aanvaar, met slegs die GWRFU se afgevaardigdes wat daarteen gestem het. Wat die mosie inderwaarheid sê, is dat provinsiale unies nie jaar na jaar in toernooie kon speel wat hul finansiële posisie bedreig het nie. Alhoewel dit dalk vreemd mag klink dat unies slegs elke twee jaar om die Raad se trofeë wou speel, moet daar in gedagte gehou word dat daar reeds relatief baie rugby gespeel is. Al die unies het teen dié tyd gevestigde klubkompetisies gehad

[192] SARFB minutes, 26 April 1899. SARRA, IV, C 1.3.
[193] SARFB minutes, 5 July 1899. SARRA, IV, C 1.3.

wat baie gedoen het om die spel te bevorder. Die finansiële suksesse hiervan is deur die Curriebeker-toernooie, waar unies nog elke keer verliese gely het, ondermyn.

Op 21 Julie 1899 het die SARFB in die Craven Hotel in Kimberley vergader om die eerskomende Curriebeker-toernooi se wedstrydprogram op te stel. Die WPRFU het voorgestel dat die toernooi afgelas word weens die dreigende onrus in die land op die vooraand van die Anglo-Boereoorlog. Die Transvaal en Midlands het ook te kenne gegee dat hulle om dieselfde redes nie aan die toernooi kon deelneem nie. Daar is uiteindelik gestem dat die toernooi wél voortgaan, maar sonder die drie bogenoemde unies. Die Vrystaat en Natal was nie op die vergadering verteenwoordig nie, en sou dus ook nie deelneem nie.[194] Die oorlogswolke wat oor Suid-Afrika saamgepak het, het 'n nadelige effek op provinsiale rugby in die land gehad. Die stryd om die Curriebeker in 1899 was afgewater. Slegs vier spanne het deelgeneem, naamlik Griekwaland-Wes, Grens, Rhodesië en die Oostelike Provinsie, terwyl die beste spanne – die Westelike Provinsie en Transvaal – by die huis gebly het. Die Griekwaland-Wes, wat die tweede minste hoeveelheid punte aangeteken het, het die toernooi gewen. Boonop kon die drie besoekende spanne se reiskostes slegs gedeeltelik betaal word, so daar het nóg 'n Curriebeker-toernooi verloop wat unies geld gekos het om aan deel te neem. Daar is verder, ondanks die dreigende oorlog, voorgeneem om die volgende toernooi in Oos-Londen te speel.

Die SARFB was met sy administrasie van toernooie in die negentiende eeu nog 'n liggaam in wording. Soos elke toernooi nuwe uitdagings gebied het, was daar nog geen vaste patroon waarvolgens dit geadministreer is nie. Sommige toernooi is deur die 'permanente Raad' georganiseer, terwyl ander gedeeltelik deur die plaaslike unie geadministreer is. Sommige reëls is gemaak, soos byvoorbeeld die aanwys van neutrale skeidsregters in 1895, net om daarna weer ongedaan gemaak te word. Selfs die Raad se ingesteldheid jeens sy finansiële posisie was nie konsekwent nie. Sy president Billy Simkins het gevoel dat Curriebeker-toernooie op plekke elders as in Kaapstad of Johannesburg gespeel moes word om só die beste belange van die spel te dien. Hierteenoor was daar sommiges op die Raad wat besorgd was oor die stand van hul unies se finansies. Opvallend genoeg was niemand so eksplisiet bekommerd oor die SARFB se finansiële posisie nie. Rugby was, per slot van sake, 'n sport wat volgens streng amateurbeginsels gespeel en geadministreer is. Die Raad wou hê dat sy toernooie die unies se uitgawes moes dek, en enige oorblywende geld is as 'n bonus beskou. Verder is dit ook duidelik uit die Raad se vroeë werksaamhede dat die WPRFU die mees invloedryke unie was. Indirekte

[194] SARFB minutes, 21 July 1899. SARRA, IV, C 1.3.

verteenwoordiging en hul finansiële status het gemaak dat hulle sake op die Raad tot 'n redelike mate kon dikteer.

**Rugby en die Anglo-Boereoorlog**

Die Anglo-Boereoorlog het op 11 Oktober 1899, kort ná die afloop van die Curriebeker-toernooi, uitgebreek. Alhoewel dit die werksaamhede van die SARFB tot 'n stilstand gedwing het, kon die oorlog nie keer dat rugby steeds plek-plek gespeel word nie. Amptelike klub- en provinsiale rugbywedstryde is vir die duur van die oorlog afgelas, maar die spel is steeds met groot ywer op vriendskaplike basis tussen allerlei saamgestelde spanne gespeel.[195] Belangrik om van kennis te neem is die feit dat rugby ook in gevangenekampe gespeel is. Die verspreiding van die spel onder Afrikaners híér het 'n belangrike invloed op die toekomstige ontwikkeling van die spel in Suid-Afrika gehad.

Voor die oorlog was daar 'n duidelike kulturele kloof tussen Afrikaners en Engelssprekendes in Suid-Afrika. Wat sport betref, was die grotendeels plattelandse Afrikaners se aktiwiteite hoofsaaklik tot perdry en skiet beperk, terwyl die stedelike Engelssprekendes hulself in klubs georganiseer het. Hier het hulle tradisioneel Engelse sporte soos rugby, krieket en tennis gespeel.[196] Sommige Afrikaners het wél rugby gespeel, maar dit was nog geensins 'n gewilde sportsoort onder die breër Afrikaner bevolking nie. Toe groot getalle Afrikanermans tydens die oorlog na gevangenekampe in die uithoeke van die Britse Ryk gestuur is, is hulle aan rugby blootgestel.

In die kampe in Groenpunt en Simonstad in die Kaap het Boerekrygsgevangenes verskeie sporte beoefen, waaronder rugby. Dit is egter opmerklik hoe gewild rugby in die oorsese krygsgevangenekampe geword het. Op die eiland St. Helena was daar twee kampe, naamlik Deadwood en Broadbottom. Boere het in elk van dié kampe voetbalklubs georganiseer wat beide rugby en sokker gespeel het, maar eersgenoemde was die meer gewilde sportsoort. Namate St. Helena nie die groeiende aantal Boeregevangenes kon huisves nie, is daar kampe in Ceylon (vandag Sri Lanka) gestig. In die kamp Diyatalawa, wat sowat 4000 gevangenes gehuisves het, het Boere hulself in twee groepe verdeel, naamlik Transvaal en Vrystaat.

[195] Sien byvoorbeeld: H. Snyders: "Rugby football and the display of New Zealand identity during and beyond the Anglo-Boer War, 1899-1907", pp. 42-64.
[196] D. Allen: "Tours of Reconciliation: Rugby, War and Reconstruction in South Africa, 1891-1907", pp. 174-175.

Sportspanne is vervolgens op dieselfde grondslag saamgestel. In November 1900 het Vrystaat die Transvaal met tien punte geklop, waarna die Transvaal die wenners met drie punte in Julie 1901 was. Laasgenoemde wedstryd is voor ’n skare van sowat 1500 mense gespeel. Die kamp se koerant het verder berig dat rugby tot soveel as ses maal per week gespeel word. In die krygsgevangekampe van die Anglo-Boereoorlog, waar Boere nie veel gehad het om hulself mee te verwyl nie, het hulle klaarblyklik vinnig ’n passie vir rugby ontwikkel.

Dit was egter nie die geval in alle kampe nie. In Indië was die weersomstandighede nie bevorderlik vir die spel nie. Dit was verskriklik warm en sandstorms was ’n gereelde verskynsel. Op die eilande van Bermuda was spasie beperk en die rotsagtige oppervlak het beteken dat ’n sport soos rugby nie eintlik gespeel kon word nie. Tussen die sowat 1000 Boeregevangenes wat na Portugal gestuur is, is daar wél voetbal gespeel, maar dit is nie duidelik watter vorm van die spel, rugby of sokker, dit was nie.[197]

Dit was ook so byna of daar het ’n rugbywedstryd op die slagvelde van die oorlog plaasgevind. Dobson beskryf hoe daar ’n ooreenkoms tussen Boerekrygers onder leiding van Generaal S.G. Maritz en die Britse mag van majoor Edwards getref is vir ’n skietstilstand sodat daar ’n rugbywedstryd tussen hulle kon plaasvind. Die skietstilstand is gereël vir 28 April 1902 vanaf 12:00 tot sonsondergang naby O’Kiep. Voor Boer en Brit mekaar egter die stryd kon aansê, het daar ’n klein skermutseling uitgebreek en die wedstryd is afgelas.[198]

Van der Merwe argumenteer dat die groeiende gewildheid van rugby in die krygsgevangenekampe ’n groot aandeel in die popularisering van die sport in Suid-Afrika gehad het. ’n Groot proporsie van die meer as 24 000 Boeregevangenes, wat hoofsaaklik van die Transvaalse en Vrystaatse platteland afkomstig was, is voor die oorlog nog nooit aan rugby blootgestel nie. Die sport is toe hoofsaaklik deur Engelssprekendes in stede en dorpe beoefen. Dit was gewild in plekke soos Kaapstad, Kimberley en Port Elizabeth, en nie noodwendig die platteland van die twee Boererepublieke nie.[199] Saam met die legio gevolge wat die Anglo-Boereoorlog op die Suid-Afrikaanse samelewing gehad het, was daar dan ook die verspreiding van rugby onder die Afrikaner bevolking. Dit sal foutief wees om te argumenteer dat die oorlog rugby oornag die Afrikaners se nuwe gunsteling sport gemaak het. Hul blootstelling daaraan

[197] F.J.G. van der Merwe: “Rugby in the Prisoner-of-War Camps during the Anglo-Boer War of 1899-1902”, pp. 76-83.
[198] P. Dobson: *Rugby in South Africa: A History, 1861-1988*, pp. 56-57.
[199] F.J.G. van der Merwe: “Rugby in the Prisoner-of-War Camps during the Anglo-Boer War of 1899-1902”, p. 80.

in die krygsgevangenekampe het egter'n noemenswaardige aandeel in hul aanneem van die sport gehad.

Dit is verder ook belangrik om ag te slaan op hoe die SARFB homself teenoor die Anglo-Boereoorlog geposisioneer het. Alhoewel die Raad nie voor óf na die oorlog 'n eksplisiete uitspraak daaroor gemaak het nie, is dit duidelik dat die liggaam, deur middel van sommige van sy lede en dié waarmee hy homself geassossieer het, homself by die Britse oorlogspoging geskaar het. Die Raad se president, William Simkins, was 'n kaptein in Duke of Edinburgh's Own Volunteer Rifles en het aktief aan die oorlog deelgeneem.[200] Llewellyn Anderson, Simkins se goeie vriend sedert die 1890's,[201] wat ook gereeld die Transvaalse afgevaardigde op Raadsvergaderings was, was 'n lid van The Uitlander Committee. Dié organisasie het tydens die oorlog finansiële hulp en ander bystand aan Uitlander vlugtelinge in die Transvaal gegee.[202] Daar word verder ook geskryf hoe die Castle Shipping Company van Sir Donald Currie, wat enkele jare gelede die Curriebeker aan die Raad geskenk het, hul pryse vir Uitlanders in nood verlaag het sodat dié mense die oorlogsarena kon verlaat en na Brittanje kon terugkeer.[203] Die wyse waarop die SARFB homself teenoor die Anglo-Boereoorlog opgestel het, het die organisasie se Engelse karakter bevestig.

Rugby sou nog in die eerste jare van die twintigste eeu 'n hoofsaaklik Engelse sport bly. Daar sal later gesien word hoedat rugby, met die opbloei van Afrikaner nasionalisme, toenemend deur Afrikaners beoefen en vir hulself toegeëien is. Hierdie Afrikanerisering van die sport sou ook deurvloei tot in die administrasie daarvan. Voor dít egter gebeur het, het die Anglo-Boereoorlog op 31 Mei 1902 in 'n nederlaag vir die Boere geëindig. Die voorheen onafhanklike republieke van die Transvaal en Oranje-Vrystaat het oornag Britse kolonies geword. Nog voor die vredesverdrag by Vereeniging onderteken is, het die SARFB reeds vergader met die oog op die hervatting van rugby in Suid-Afrika.

---

[200] "Duke of Edinburgh's Own Volunteer Rifles". Beskikbaar by: https://www.angloboerwar.com/unit-information/south-african-units/323-duke-of-edinburghs-own-volunteer-rifles (Besoek op 8 Januarie 2019.)
[201] P. Dobson: *Rugby in South Africa: A History, 1861-1988*, p. 33.
[202] D.R. Cammack: *The Rand at War, 1899-1902: The Witwatersrand and the Anglo-Boer War*, pp. 121-122.
[203] *Ibid*., pp. 122-123.

**Spanning laai op**

Na afloop van die Anglo-Boereoorlog is rugby in Suid-Afrika met ’n hernieude belangstelling hervat. In die raadsaal het die TRFU ook die nasionale administrasie van die sport met ’n nuwe energie en veggees getakel. Waar die Westelike Provinsie tot dusver ’n sterk invloed op die werksaamhede van die Raad gehad het, wou die Transvaalse unie skynbaar die besluitnemingsmag van Kaapstad na Johannesburg verskuif. Dié veldtog het tot ’n spits gekom in 1908 toe die Transvaal ’n omstrede brief aan die RFU gerig het in sake professionalisme. Die hewige reaksie in die Raad hierop is deur die WPRFU gedryf en het byna tot die skorsing van die Transvaal uit die SARFB gelei.

Die Raad het op 9 Mei 1902 vir die eerste maal na die oorlog vergader om die moontlikheid van ’n Curriebeker-toernooi in dieselfde jaar te bespreek. Daar was egter groot onenigheid tussen die afgevaardigdes oor die wenslikheid van ’n toernooi. Ironies genoeg was die Transvaal en die Orange River Colony Rugby Football Union (ORCRFU), soos die Vrystaatse unie ná die oorlog geheet het, beide ten gunste van ’n toernooi in 1902. Billy Simkins en Jack Heyneman het hulself egter sterk daarteen uitgespreek.

> The President maintained that it would be an absurdity to hold a tournament at the present time. He thought the whole thing ought to be shelved for this season. The country was still in a condition of war, and he thought that under such cicumstances they should not talk about holding a tournament.[204]

Simkins was ’n sterk leier en dit blyk dat sy opinies gerespekteer is. Nie een van die agt unies het hierna ’n uitdaging om die trofeë aan die SARFB gestuur nie. Geen Curriebeker-toernooi sou dus in 1902 plaasvind nie. Toe daar vroeg in die daaropvolgende jaar ’n brief van George Rowland Hill, RFU-sekretaris, voorgelees is waarin hy aanbied dat ’n Engelse span na Suid-Afrika toer, het die Raad onmiddellik ingestem en aandag aan reëlings begin skenk. Die Curriebeker-toernooi is gevolglik, amper met minagting, vir nóg ’n jaar uitgestel.

In 1904 het Oos-Londen uiteindelik sy beurt gekry om die Curriebeker-toernooi aan te bied. Dit is in hierdie tyd dat die Transvaalse unie kennelik begin het met pogings om die magsdinamiek in die Raad te verander. Voor die toernooi afgeskop het, het die Transvaal voorgestel dat die eerskomende toernooi ’n ander formaat aanneem. In die vorige seisoen is die North Eastern Rugby Football Union (NERFU) by die SARFB geaffillieer, wat die totale

[204] SARFB minutes, 9 May 1902. SARRA, IV, C 1.3.

getal unies op die Raad na nege opgestoot het. Die TRFU het voorgestel dat alle deelnemende spanne behalwe hulself, die Westelike Provinsie en Griekwaland-Wes in liga-format teen mekaar speel, waarna die span wat bo-aan daardie punteleër eindig, deurdring tot die finale rondte. Hier speel die wenspan van die eerste ronde teen die drie bogenoemde spanne om só die wenner van die toernooi te bepaal. Hul argument was dat die groot getal spanne die toernooie te lank en te duur maak. ’n Hewige debat het gevolg, waarna daar besluit is om by die bestaande formaat te hou waar alle spanne een maal teen mekaar speel in ’n tradisionele liga-formaat.[205]

Die TRFU en WPRFU het ook in ’n stryd betrokke geraak oor die aanvangsdatum van die toernooi. Eers is daar op 6 Junie 1904 gehoor aan die Tansvaal se voorstel gegee, waarna die Westelike Provinsie gedreig het om te onttrek indien die datum nie aangepas word om húlle te pas nie. Die Raad het gevolglik in die guns van die Westelike Provinsie besluit. Hierna het die Transvaal ’n telegram gestuur waarin hulle aangevoer het dat dié vergadering buite orde was en nie oor enige besluitnemingsmag beskik het nie.[206] S.J. Bayly, die WP-afgevaardigde, het gesê dat die Transvaal die Raad probeer dikteer, maar hy kon nie nóg ’n stemming afweer nie. Hierdie keer is daar in die guns van die Transvalers gestem, waarna die WP dan amptelik van die 1904 Curriebeker-toernooi onttrek het.[207] Maar, helaas, die WPRFU het enkele dae later ’n brief aan die Raad gerig waarin hy stel dat hulle besluit het om wél aan die eerskomende toernooi deel te neem.[208] Die taktiese stryd om mag in die SARFB het begin en die Transvaal het die eerste hou ingekry.

Met die volgende Curriebeker-toernooi het die Transvaal en die Westelike Provinsie wéér in die raadsaal slaags geraak. Die 1906-toernooi is in Johannesburg gespeel, wat beteken het dat ’n toernooi-komitee bestaande uit Transvaalse administrateurs die wedstrydprogram opgestel het. Toe die program vir die eerste maal bekend gemaak is, het die Kaapse media, sowel as die WPRFU, hul ongelukkigheid uitgespreek. Die gevoel was dat die Westelike Provinsie benadeel word omdat hulle in twee agtereenvolgende weke drie wedstryde in slegs vier dae moes speel, sowel as dat hulle twee maal na Pretoria moes reis vir wedstryde daar. Dít terwyl die Transvaal hulself bevoordeel het deur al hul wedstryde in Johannesburg te speel met ’n redelike tyd tussen kragmetings.

---

205 SARFB minutes, 27 June 1904. SARRA, IV, C 1.3.
206 SARFB minutes, 6 June 1904, 27 June 1904, 30 June 1904. SARRA, IV, C 1.3.
207 SARFB minutes, 8 July 1904. SARRA, IV, C 1.3.
208 SARFB minutes, 18 July 1904. SARRA, IV, C 1.3.

Robert Blakeley, die TRFU-president en voorsitter van die SARFB se vergaderings in Johannesburg, het ’n vergadering gereël om die kwessie te bespreek. Hy het uitgevaar teen die berigte in die Kaapse koerant *Owl* wat met die Westelike Provinsie se onttrekking gedreig het indien die wedstrydprogram nie verander sou word nie. Toe E.J.L. Platnauer, self ’n Transvaler en die WPRFU se afgevaardige, opstaan om te sê dat daar vergader is om sy unie se besware te bespreek en nié koerantberigte nie, het Blakeley outokraties gereageer. “[He] said that Mr. Platnauer could speak afterwards. He was not going to be interrupted, and if Mr. Platnauer spoke again he would dissolve the meeting.”[209] Gemoedere het só hoog geloop dat C.H. Bairstow, die Oostelike Provinsie se verteenwoordiger, gesê het dat dit hom spyt om te sien dat daar soveel wrywing tussen dié twee groot unies is en dat hulle, met die oog op die eerskomende toernooi, versoening moes nastreef. Die vergadering het gedreig om in chaos te ontaard en daar moes gestem word of die vergadering buite orde was of nie. Daar is nouliks, met agt stemme teenoor ses, besluit om met die sitting voort te gaan. Na nóg ’n hewige debat is daar besluit om die aanvanklike wedstrydprogram met slegs enkele kleinere veranderinge te aanvaar.[210] Die spanning tussen die WP en die Transvaal was nou tasbaar, en die situasie is sekerlik nie verbeter deur die Kapenaars se verowering van nóg ’n Curriebeker nie – en dit boonop in Johannesburg.

Die TRFU het ook probeer munt slaan uit die groot getal Transvaalse afgevaardigdes op vergaderings van die Raad tydens die toernooi in Johannesburg. Op 11 Julie 1906 het C. Sharpe, ’n Transvaler wat die ORCRFU verteenwoordig het, ’n mosie voorgestel dat die SARFB se hoofkwartier na Johannesburg moes verskuif. Daar is met ’n vroeër geleentheid kennis van die mosie gegee, en afgevaardigdes is vermoedelik streng opdrag gegee om daartéén te stem – daar is slegs twee stemme vír die mosie getel. Ondanks die mosie se mislukking is dit duidelik dat daar ’n poging vanuit Transvaalse geledere was om die mag in die SARFB van die Westelike Provinsie weg te rokkel. Sharp se voorstel bewys weereens dat die sisteem van indirekte verteenwoordiging op die Raad die ruimte gebied het vir provinsiale belange om gedryf te word.

Dit was ver van die Transvaal se laaste poging om meer mag in die Raad te bekom. Op 25 Junie 1908 het die TRFU ’n mosie ter tafel gelê wat die vergaderings van die Raad tydens

[209] SARFB minutes, 3 July 1906. SARRA, I, 1.
[210] *Ibid*.

toernooie, wanneer unies direk verteenwoordig is, dieselfde magte wou bied as die Raadsvergaderings in die Kaap onder indirekte verteenwoordiging.

> Mr. Orpen (Transvaal) ... said that the object of the Transvaal RFU was to the effect that it had felt that direct representatives, as at tournaments, should have wider powers. His union was of opinion that tournament time was more suitable to discuss matters having for their object the welfare of the game... Mr. Cox (Griqualand West) seconded, pointing out that his centre did so because it was felt that when direct representatives were together, as at the tournament, they should have the same power as at headquarters.[211]

Die reaksie hierop was hoofsaaklik een van sterk afkeur. Louis Smuts van die WPRFU het die idee as "wholly impracticable" beskou. "[There] would be a danger of the work of the Board being hung up until the Tournament took place, and that such a lot of business would acumulate that that it would be impossible to get through it."[212] Afgevaardigdes van Natal, Rhodesië en die Noord Oostelike Distrikte het almal ook hul teëkanting uitgespreek. A. Lawton, 'n Kapenaar wat die ORCRFU verteenwoordig het, het die kwessie rondom verteenwoordiging op die Raad raakgevat.

> Mr. Lawton said that his centre had instructed him to support the motion. He would do so, although he felt he would be voting against his own convictions. He had been one of the committee which had drafted the constitution and the laws, and they had since found that it was a constitution which worked splendidly. Every center had the right of speech and voting, and business was never hurried nor were delegates asked to come to hasty decisions.[213]

Toe Billy Simkins ook sý afkeur as president uitgespreek het, het dit die einde van die mosie beteken. Dit was duidelik dat die Transvaal nie saamgestem het met die magsverhoudings in die Raad nie, maar hul pogings om die dinamika te verander, het grootliks misluk. Die spanning wat daar aan die opbou was, het later in 1908 tot 'n spits gekom. Aangesien die SARFB amper fanaties was oor die behoud van Suid-Afrikaanse rugby se amateurstatus, is dit geen verrassing nie dat dit juis 'n kwessie rakende professionalisme was wat die gemoedere laat hoog loop het. Alvorens daar hierna gekyk kan word, is 'n verduideliking van die agtergrond noodsaaklik.

In die tyd rondom die draai van die negentiende en twintigste eeue was daar 'n instroming van sogenaamde Northern Union rugbyspelers na Suid-Afrika. Dit was Britse mans wat voorheen rugby vir finansiële gewin in Engeland se noordelike unies gespeel het. Hierdie unies,

---

[211] SARFB minutes, 25 June 1908. SARRA, I, 1.
[212] *Ibid*.
[213] *Ibid*.

waaronder Bradford, Leeds en Wigan, het in 1895 die Northern Rugby Football League (NRFL) gestig nadat die Engelse werkersklas toenemend deur die negentiende eeu begin het om rugby te speel. Weens hul sosio-ekonomiese status kon hierdie spelers, waarvan baie myn- en fabriekswerkers was, dit nie bekostig om rugby volgens die amateurbeginsels van die Britse elite te speel nie.[214] ’n Speler wat vir geld in die noordelike unies gespeel het, is volgens RFU riglyne verbied om ooit weer amateurrugby te speel. Sulke spelers se aansluiting by rugbyklubs in Suid-Afrika, veral in die Transvaal, het beteken dat hul professionele agtergrond met die amateurbeginsels van die SARFB gebots het. Dit het aanleiding daartoe gegee dat die Raad op 7 Mei 1897 voorgeneem het om aansoek te doen om affiliasie by die RFU, ’n stap wat vanaf 4 Mei 1898 amptelik in werking gestel is. Wat het die Raad se affiliasie by die RFU beteken?

> [A] delegation of powers to deal with and adjudicate on all questions which may arise out here in regards to the rules and regulations of [the Rugby Football] Union, and more especially as to professionalism. ... [As] a Board, we would uphold in the strictest sense the principles laid down by the English Rugby Union...[215]

Die SARFB het dus magte bekom om die reëls en regulasies van die RFU op plaaslike vlak te handhaaf, met spesifieke verwysing na die reëls oor professionalisme. Met die toename van Northern Union spelers vroeg in die twintigste eeu het die Raad gevoel dat dit nodig is om verdere spesiale magte van die RFU te verkry wat hom sou toelaat om sélf te kon besluit of hy sulke spelers weer tot amateurrugby sou toelaat. Louis Smuts is afgevaardig en het tydens ’n besoek aan Engeland met die RFU hieroor vergader, waarna die SARFB hierdie spesiale besluitnemingsmag toegestaan is. Dit is op 30 Maart 1908 aan die Raadsvergadering gekommunikeer.[216] Hiermee saam het die Raad ook ’n amptelike definisie van ’n amateur opgestel, geldig vanaf 1 Junie 1908.

> An amateur in Rugby Football under the jurisdiction of this Board is one who has never competed for a money prize, staked bet or declared wager, and who has not competed with or against a professional for any money prize.[217]

Daar is verder ook ’n sub-komitee saamgestel wat ’n vraelys saamgestel het wat Northern Union spelers moes voltooi om hertoelating tot amateurrugby.[218] Die SARFB was dus ernstig

---

[214] T. Collins: *The Oval World: A Global History of Rugby*, pp. 34-48.
[215] SARFB minutes, 4 May 1898. SARRA, IV, C 1.3.
[216] SARFB minutes, 30 March 1908. SARRA, I, 1.
[217] SARFB minutes, 27 May 1908. SARRA, I, 1.
[218] Sien Addendum 2: “Aansoekvorm vir voormalige Northern Union spelers om hertoelating tot amateurrugby in Suid-Afrika”.

oor die beskerming van Suid-Afrikaanse rugby se amateurstatus, maar het dit terselfdertyd ook moontlik – en relatief maklik – vir voormalige professionele spelers gemaak om weer amateurrugby te speel. Dít het die Transvaalse unie ernstig gegrief. In reaksie hierop het hulle via die SARFB ’n brief aan die RFU gestuur waarin hulle hul misnoeë uitspreek, maar nie sonder om ’n steek na die kant van die Raad én die Westelike Provinsie te gee nie.

Die kern van die Transvaal se brief was dit hulle gekant was teen die RFU se toewys van spesiale magte aan die SARFB. Die TRFU het gevoel dat Louis Smuts se vergadering met die RFU slegs ’n bespreking van die saak moes wees, en dat die besluitnemingsmag wat vervolgens aan die SARFB gegee is, teruggetrek moes word, veral omdat die Transvaal – die provinsie wat die ergste deur die hertoelating van Northern Union spelers geraak word – nié in die saak geken is nie.[219] Die Transvaal het verder gegaan as om slegs te beweer dat die Raad verkeerd opgetree het. Hulle het die SARFB en die WPRFU openlik gekritiseer. Die TRFU geskryf dat

> a matter of vital importance to this Union has been disposed of, without any reference whatsoever to us, in a manner most arbitrary and detrimental, by a body of men in Cape Town whose knowledge of the inner workings of Transvaal football is necessarily limited, and whose particular centre (i.e. the centre in which they live) is probably least of all affected by Northern Unionism.[220]

Die manier hoe die Transvaal hul brief afsluit, gee te kenne dat hulle die Westelike Provinsie se invloed op die Raad frustrerend vind.

> But for years we have sternly repressed Northern Unionism and have prided ourselves upon our immunity from this evil. All of this is now taken from us by a stroke from the pen at the instance of a well intentioned but not too well informed body of gentlemen, a thousand miles away, and who probably judge the matter from conditions in the centre where they live, which, as before stated is not in the least affected.[221]

Billy Simkins was woedend oor die wyse waarop die Transvaal die SARFB in ’n swak lig probeer stel het. In sy ingeslote brief aan die RFU het Simkins geskryf dat “the Transvaal union’s letter...was calculated to do an immense amount of harm and weaken the prestige of the Board in the eyes of the English Rugby Union.”[222] Hy het dus geweier om die Transvaal se brief amptelik aan die RFU te stuur. In die spesiale vergadering wat vervolgens gereël is om

[219] SARFB Annexures to minutes, 27 & 29 May 1908. SARRA, I, 1.
[220] *Ibid*.
[221] *Ibid*.
[222] *Ibid*.

die kwessie te bespreek, het die spanning wat daar in die Raad geheers het tot uitbarsting gekom. Die TRFU het gestel dat dit hulle spyt indien hul skrywe enige lede van die Raad aanstoot gegee het, maar hulle het steeds voortgegaan met hul mosie.

> That the resolution deciding to accept the English Rugby Union's delegation of powers to reinstate Northern Union players in South Africa under certain conditions be rescinded, and that all steps since taken to carry the said resolution into effect be forthwith suspended.[223]

Louis Smuts van die WPRFU het die hewige reaksie teen die Transvaal se brief gelei. Hy het vervolgens 'n ander brief van die Transvaal, waar dié unie reageer op Simkins se weiering om hul skrywe aan die RFU te stuur, voorgelees.

> [The] president had not the moral courage to forward our letter, and to combat it with the Board's views, but adopted the exceedingly dubious course of withholding a letter... [The] Transvaal feel positive that the Board would not confirm the president's weak action. As you are aware, the Board upheld the president's action, which course, we presume, they followed more in a sense of personal loyalty to him, than for any sensible reason for doing so.[224]

Smuts en die meeste ander lede het daarop aangedring dat die Transvaal sy brief aan die RFU moes terugtrek. Die TRFU was hardkoppig en het gesê dat hulle dit slegs sal doen indien die Raad hul bogenoemde mosie terselfdertyd goedkeur. Ondanks verskeie pleidooie, insluitend Simkims wat bereid was om die kritiek teen hom as gedane sake te beskou, het die saak 'n dooiepunt bereik. Smuts wou egter nie gaan lê nie, en het gevolglik kennis van die volgende mosie gegee:

> In the event of the Transvaal not withdrawing their letter to the English Union within 14 days from the date of this meeting, then the Secretary is authorised to call a meeting at which the Western Province Union will move that the Transvaal Union shall not be permitted to take any further part in the proceedings of this Board until such letter is withdrawn.[225]

Ondanks die feit dat die Transvaal se toekoms op die SARFB nou in gedrang was, het die unie steeds nié sy brief teruggetrek nie. Toe die Raad weer op 17 Februarie 1909 vergader het, het die Transvaal in sy posisie volstaan. Die unie sou sy brief terugtrek mits die Raad terselfdertyd sy spesiale magte om professionele spelers weer tot amateurrugby toe te laat, sou opsê. Die situasie het behoorlike leierskep geverg en Simkins het 'n sterk pleidooi gelewer.

---

[223] SARFB minutes, 23 December 1908. SARRA, I, 1.
[224] *Ibid*.
[225] *Ibid*.

> The letter was couched in ungentlemanly language. Statements were made which were not correct and [I] refused to forward it, and all agreed that [I] was quite justified in not sending it on... We don't want now on the eve of the birth of a United South Africa to have the first stumbling block in sport. We have had a little compromise in the Convention, let us have a little compromise here. They in the letter did not express themselves well, and probably in my letter to them I did not express myself well, and so it has gone on for all these months. They are trying to ride the high horse and say 'we will not withdraw', and then we say so and so. I think everyone in this room must agree that they are asking too much. However this is not the time to break, and I would say to the delegates of the Transvaal again if your letter is withdrawn your resolution is carried, that is what I propose tonight. You have seen what has happened in the Old Country. They have come together again and surely we can do the same. I would like to pass a vote of censure on the Transvaal if it were possible, but we cannot do that and I say withdraw the letter and let us heal the breach.[226]

Na verdere bespreking het die Transvaal uiteindelik afstand van sy posisie gedoen. W.B. Thompson (TRFU) het aangekondig dat die Transvaal sy brief terugtrek onder die voorneme dat die Raad die spesiale magte wat hy van die RFU ontvang het, sal opsê. Die Raad het hierna hul kant van die ooreenkoms nagekom. Die Transvaal se pogings om Northern Union spelers uit amateurrugby te hou was suksesvol, maar nie sonder om verhoudings in die Raad te versuur en hul eie toekoms in die organisasie te bedreig nie. Dit wil voorkom asof sterk leierskap deur Billy Simkims die situasie beredder het. Hul groter poging om meer mag in die SARFB te bekom, was egter onsuksesvol.

Wat was die Transvaal se motivering om meer mag in die organisasie te bekom? Hiervoor is daar moontlik twee verklarings. Eerstens het die Transvaal gevoel dat die Westelike Provinsie te veel mag in die Raad gehad het, en dat hulle, as die ander groot unie in Suid-Afrika, oor dieselfde soort invloed moes beskik. In die tweede instansie het die TRFU waarskynlik gereken dat Suid-Afrikaanse rugby vanuit die Transvaal geadministreer moes word omdat dié streek die setel van politieke en ekonomiese mag in post-oorlog Suid-Afrika geword het.

Onder die vaandel van sy 'imperial project' het Alfred Milner, Britse Hoë Kommissaris in Suid-Afrika, homself toegespits op die oprig van 'n doeltreffende en gesofistikeerde staatsdiens in Suid-Afrika in die jare direk na afloop van die oorlog. Een van die hoekstene van dié projek was die omskep van die Transvaal in 'n "powerful an English colony as possible" – hy het die

[226] SARFB minutes, 17 February 1909. SARRA, I, 1.

opinie gehuldig dat “a thoroughly British Transvaal will draw all South Africa after it.”[227] Milner het deurgaans die voorrang van die Transvaal in sy projek beklemtoon, met dié streek “the crux of the South African situation”.[228] Milner het dan ook in 1900 van die Kaap na die Transvaal getrek,[229] wat die vloei van politieke mag tussen die twee streke in hierdie tyd simboliseer. Die Transvaal was nie slegs die tuiste van politieke mag in post-oorlog Suid-Afrika nie, maar ook die land se ekonomiese voedingsaar. Toe die *Argus* groep in 1903 vir Basil Worsfold as nuwe redakteur van die *Star* aangestel het, is die belangrikheid van die Transvaalse mynbedryf aan hom uitgestippel. “As you are aware, in the present condition of South Africa the Mining Industry is of paramount importance, the prosperity of the country being practically dependent upon its expansion and success.”[230]

Die Transvaal het ’n duidelik verhewe status in die post-oorlog Suid-Afrikaanse konteks beklee. Aangesien rugby-administrateurs in dié tyd hoofsaaklik uit die Engelse elite bestaan het, en gevolglik op verskeie maniere na aan die koloniale administrasie was, het die Transvaal se post-oorlog status ook rugbypolitiek beïnvloed. Milner se imperiale projek het die pendulum van die Kaap na die Transvaal laat swaai en dit is tot in die administrasie van Suid-Afrikaanse rugby gevoel. Die TRFU het met ’n hernieude selfvertroue en vol eiewaan hul taak ná die oorlog opgeneem – die nastreef van mag in die SARFB. Die wyse waarop hulle te werk gegaan het om hul invloed in die Raad te bevorder, en spesifiek die omstrede brief aan die RFU, het egter niks goeds vir hul kanse hierop beteken nie.

Wat die vroeë funksies van die SARFB betref, is dit duidelik dat die Raad byna uitsluitlik gerat was vir die administrasie van inter-provinsiale toernooie, ’n taak wat met groot noukeurigheid uitgevoer is. Met die Raad se hervatting van sy werksaamhede ná die Anglo-Boereoorlog het daar groot spanning opgebou toe die Transvaal probeer het om meer mag in die organisasie te verkry. Die Raad was egter onwrikbaar en het getrou gebly aan sy karakter wat hy in sy eerste jare opgebou het. Dit was ’n relatief klein en eenvoudige organisasie met sy oorsprong in ’n waarneembare Engelse agtergrond en konteks. Die Westelike Provinsie het sake op die Raad in sy eerste jare grootliks beheer en daar was ’n sterk leiersfiguur in Billy Simkins wat telke male die deurslag in belangrike besluite gegee het. Nóg ’n belangrike deel van die SARFB se vroeë funksies was sy kontak met die res van die rugbywêreld.

---

[227] D. Denoon: *A Grand Illusion: The failure of imperial policy in the Transvaal Colony during the period of reconstruction 1900-1905*, pp. 33-34.
[228] *Ibid*., p. 43.
[229] *Ibid.*
[230] S. Marks & S. Trapido: “Lord Milner and the South African State”, p. 68.

## Hoofstuk 3: Internasionale kontak, 1889-1914

Hierdie hoofstuk ondersoek die SARFB se internasionale kontak in sy eerste sowat drie dekades. Daar word eerstens ondersoek ingestel na die besoeke van Britse spanne na Suid-Afrika in 1891 en 1896 wat as opvoedkundige toere bestempel is.[231] Die fokus val daarna op die Britse toer hierheen in 1903, en daar word gekyk of dié toer, wat in die literatuur as 'n sogenaamde rekonsiliasietoer bestempel word, inderdaad met enige politieke oogmerke georganiseer is. Vervolgens word daar na die Springboktoer van 1906-1907 gekyk en die gevolglike ontstaan van 'n Suid-Afrikaanse identiteit in die rugbywêreld. Laastens kom die Raad se internasionale kontak in die tydperk 1907-1914 onder die soeklig. Hierdie tydperk het die begin van kontak tussen die Raad met sy eweknieë in Australië en Nieu-Seeland behels, sowel as nóg twee internasionale reekse tussen Suid-Afrika en Brittanje – in Suid-Afrika in 1910, en in Brittanje in 1912-1913. Dit is ook in hierdie tyd dat daar wrywing tussen die Raad en die RFU oor enkele kwessies ontstaan het, maar voor enige groot veranderinge in die dinamiek tussen dié twee beheerliggame kon plaasvind, het die Eerste Wêreldoorlog die internasionale rugbykalender tot stilstand gedwing.

### Die 1891- en 1896-toere na Suid-Afrika

Selfs nog vóór die stigting van die SAFB in 1889 is die liggaam se internasionale ambisies reeds uitgestippel. Tydens die South African Football Conference van 1888 is daar gestel dat die eerskomende inter-provinsiale toernooi van 1889 "shall be instituted and conducted on the distinct understanding and basis that it is to be the medium for selecting a representative South African football team to proceed to England during the succeeding English football season."[232] Hierdie toer het egter nie plaasgevind nie, en weens die verlies van die Raad se vroeë rekords van hierdie periode is die presiese rede(s) daarvoor onbekend.

---

[231] 'n Woord ter verklaring van die onderskeid tussen die terme 'Brittanje' en 'Engeland' in hierdie verband. Die SARFB het in hierdie era hoofsaaklik met Engeland se beheerliggaam, die Rugby Football Union (RFU), geskakel. Die spanne wat die RFU na Suid-Afrika gestuur het, was egter nie uitsluitlik Engels nie. Dit het spelers ingesluit wat in al vier Britse gebiede gebore is, hetsy Engeland, Skotland, Ierland of Wallis. Daar word dus na 'Britse spanne' of 'Britse toere na Suid-Afrika' verwys. Wat toere in die teenoorgestelde rigting betref, word dit deurgaans as 'toere na Brittanje' beskryf. Al het sulke toere ook onder die vaandel van die Engelse RFU plaasgevind, is al vier die streke of lande wat Brittanje uitmaak, besoek. Die SARFB se rekords praat meestal van *English teams* en *English visits*, maar dit is inderwaarheid eerder *British teams* en *British visits*.

[232] "South African Football Conference: The report of the delegates." SARRA, IV, C 1.3.

Die mees waarskynlike rede dat 'n Suid-Afrikaanse span nié in 1889-90 na Engeland getoer het nie, is omdat die Raad nie oor die betreklik hoë finansiële hekkie kon kom nie. Soos daar met latere internasionale toere gesien sal word, moes die Raad 'n minimum van 'n viersyfer bedrag as waarborg uit sy geaffilieerde unies genereer om 'n toer moontlik te maak. Na afloop van die 1889-toernooi het die Raad maar 'n skamele £24.19s in sy bankrekening gehad, en sy vier geaffillieerde unies was hoegenaamd nie in die posisie om die rofweg £2000 wat nodig sou wees, te kon voorskiet nie. Buiten die finansiële oorwegings is dit ook moontlik dat die 1889-90 Britse rugbyseisoen reeds vol was en nie plek kon vind vir 'n reeks bykomende wedstryde teen 'n Suid-Afrikaanse toerspan nie. Die beoogde toer het ook misluk omdat die gevoel bestaan het dat Suid-Afrikaanse rugby in 1889 nog nie goed genoeg was om 'n internasionale toer te regverdig nie. In 1897 het Bill Bisset, een van die Raad se stigterslede, gesê dat

> if they had sent a team Home in 1888, or even some years after, the tour would have been a fiasco, for they would have got an awful beating, and the public would not have come to see them play.[233]

In 1891 het Suid-Afrika sy eerste internasionale rugby ervaar toe 'n Britse span hierheen getoer het. Hierdie toer het egter onder die beskerming van die WPRFU plaasgevind en is nie deur die nasionale beheerliggaam van die sport geadministreer nie. Die Westelike Provinsie se bedrewe T.B. Herold was die dryfveer agter die Britse toer. Hy het Joe Richards, wie se broer Alf 'n Suid-Afrikaanse rugby- en krieketkaptein geword het, afgevaardig om met die RFU te vergader oor die moontlikheid van 'n toer na Suid-Afrika. Op 10 September 1890 het die RFU die toer goedgekeur. Alhoewel Suid-Afrikaanse unies finansiële waarborge moes gee in ruil vir wedstryde, het die Kaapkolonie se Eerste Minister Cecil John Rhodes ingestem om die toer te onderskryf. "Let them come. I shall stand firm for any shortfall."[234] Sonder sy waarborg is dit moeilik om te sien hoe die RFU tot die 1891-toer sou instem. Dit was nie die laaste maal dat geld van 'n mynmagnaat internasionale rugby in Suid-Afrika moontlik gemaak het nie. Dit is 'n tema wat homself in 1896 sou herhaal.

Die 1891-toer was 'n ekspedisietoer as't ware – 'n geleentheid om koloniale verhoudinge deur sport te bou en om die waardes van die spel in Suid-Afrika te bevorder.[235] Van die belangrikste waardes van rugby in hierdie tyd en konteks was die nastreef van goeie Christelike beginsels

---

[233] SARFB minutes, 7 May 1897. SARRA, IV, C 1.3.
[234] P. Dobson: *Rugby in South Africa: A History, 1861-1988*, p. 36.
[235] D. Allen: "Tours of reconciliation: Rugby, war and reconstruction in South Africa, 1891-1907", p. 173.

en morele waardes, gentlemanskap, respek vir gesag, manlikheid en gesonde fisiekheid, asook spanwerk en samehorigheid bo indiwidualisme. Tony Collins, wat breedvoerig oor die geskiedenis en sosiale aspekte van rugby skryf, vat dié waardes onder die term "Muscular Christianity" saam.[236]

Op die speelveld het die Britse toerspan sake gedomineer. Hulle het al negentien hul wedstryde gewen, waaronder drie wedstryde teen 'n Suid-Afrikaanse span, en deur die loop van die toer kon slegs 'n enkele punt teen hulle aangeteken word. Vanuit 'n administratiewe oogpunt was daar egter moeilikhede. Die toerprogram is eers opgestel nadat die Britte aan die Kaap geland het, so reisreëlings het nie altyd met die wedstrydprogram saamgeval nie. Boonop het die Britse span ook 'n baie vol sosiale program gehad – "[they] indulged in so many festivities, which often lasted far into the night"[237] – wat reëlings verder gekompliseer het. Desondanks is die 1891-toer wyd as 'n groot sukses beskou, veral ook omdat dit 'n noemenswaardige bydrae tot die verbetering van die spel in Suid-Afrika gemaak het.[238] B.H. Heatlie, wat in twee van die drie toetse gespeel het, skryf hoedat die Suid-Afrikaners baie waardevolle lesse uit die Britte se spel geleer het.[239] Die Skot Paul Clauss, wat die toerspan verteenwoordig het, het in sy oorsig van die toer retories gevra:

> Had we showed them in South Africa how to play the game in true sporting spirit? Had we taught them that self must be subordinate to side, that science and combination are better than brute strength? To us it seemed that towards the end of the trip there was a decided improvement in our opponents' play...[240]

In 1894 het die SARFB se nuutverkose president Billy Simkins die Suid-Afrikaanse krieketspan na Engeland as bestuurder vergesel. Hy het met George Rowland Hill van die RFU vergader en laat weet dat "a team could readily be got together and would no doubt come out [to South Africa]."[241] Finansiële oorwegings het egter 'n vinnige einde aan enige planne gebring. Die Raad het die posisie ingeneem dat die toerspan op eie onkoste na Suid-Afrika sou moes kom, maar dat hy bereid sou wees om die span al die hekgelde te gee om hul uitgawes só

---

[236] T. Collins: *The Oval World: A Global History of Rugby*, p. 17; T. Collins: *A Social History of English Rugby Union*, pp. 5-21.
[237] P. Dobson: *Rugby in South Africa: A History, 1861-1988*, p. 41.
[238] D. Allen: "Tours of reconciliation: Rugby, war and reconstruction in South Africa, 1891-1907", pp. 173-174.
[239] B.H. Heatlie: "The First British Team in South Africa (1891)", in I. Difford (ed.): *History of South African Rugby Football*, p. 263.
[240] P.R. Clauss: "Recollections of the 1891 British Tour in South Africa", in I. Difford (ed.): *History of South African Rugby Football*, p. 258.
[241] SARFB minutes, 13 August 1894. SARRA, IV, C 1.3.

te dek.[242] Die RFU was klaarblyklik nie hiervoor te vinde nie en die toer het nie plaasgevind nie. Toe die Raad in 1895 sy uitnodiging aan die RFU wou hernu, is planne nóg 'n maal in die kiem gesmoor. Die WPRFU se Louis Smuts het gemeen dat 'n rugbytoer met die eerskomende 1895-1896 Engelse kriekettoer na Suid-Afrika sou bots.[243]

Op 1 Mei 1895 is die Britse toer vir 'n derde maal ter tafel gelê. Hierdie keer wou die Griekwaland-Wes unie 'n besluit daaroor uitstel, maar 'n indringende versoek van Simkins het dit gekeer.

> He reminded delegates of the progress being made by the socker [sic] game, and that it would not do for Ruggers to sit still... He again urged the Board to send an invitation at once to the English Rugby Union.[244]

Wanneer Simkins gepraat het, het die Raad geluister. Die uitnodiging aan die RFU is amptelik hernu en agter die skerms is reëlings vir die toer op tou gesit. Op 18 Julie 1895 het die ere-sekretaris Jack Heyneman aan die Raad terug rapporteer. Hy het die voorlopige toerprogram bekendgemaak en die finansiële aspekte daarvan uitgestippel – 'n bedrag van rofweg £3300 was nodig om die toer te realiseer. 'n Sub-komitee is saamgestel met die doel om die waarborge van die unies te bepaal. Die Transvaal moes die grootste bydrae maak met £1000, daarna die Westelike Provinsie met £900, Griekwaland-Wes en die Oostelike Provinsie elk met £550, die Grens £250, Natal £100 en die Vrystaat £75. 'n Totale bedrag van £3425 sou die SARFB dan van sy eerste internasionale onderneming verseker. Enkele veranderings aan die toerprogram is bygewerk, en die Raad het 1895 afgesluit met die vooruitsig van 'n Britse toer na Suid-Afrika.

Politieke verwikkelinge het egter gedreig om planne vir die toer in die wiele te ry. Oor die nuwejaarsnaweek van 1895-96 het troepe onder leiding van Leander Starr Jameson die Transvaal binnegeval met die hoop dat dit "politieke onstuimigheid aan die Witwatersrand sou veroorsaak."[245] Alhoewel die inval misluk het en nie 'n volslae Uitlander-opstand veroorsaak het nie, is die Transvaalse politiek steeds in 'n krisis gedompel. Toe die SARFB op 16 Februarie 1896 ontmoet het om die eerskomende Britse toer te bespreek, het J. Versfeld gesê dat die TRFU was "not prepared to guarantee any amount in the present state of affairs in the

[242] SARFB minutes, 24 August 1894. SARRA, IV, C 1.3.
[243] SARFB minutes, 11 March 1895. SARRA, IV, C 1.3.
[244] SARFB minutes, 1 May 1895. SARRA, IV, C 1.3.
[245] H. Giliomee: *Die Afrikaners*, p. 200.

Transvaal."[246] Verder het die Oostelike Provinsie, Grens, Vrystaat én Natal laat weet dat hulle moontlik nie hul volle waarborge sal kan betaal nie. Die 1896-toer was nou in ernstige gedrang en "[the] President considered things in a very unsatisfactory condition."[247] Ironies genoeg het Cecil John Rhodes, wie se waarborg die 1891-toer moontlik gemaak het, met sy aandadigheid aan die Jameson-inval gedreig om die 1896-toer te ontspoor. Politiek en rugby in Suid-Afrika is sedert die vroegste tye nou verweef.

Dit blyk egter dat sake wat die 1896-toer betref vinnig verbeter het. Die Transvaal het binne dae laat weet dat hulle wél hul waarborg sal kan betaal met die hulp van die 'Randlords' Abe Bailey, Barney Bernato en Hermann Eckstein.[248] Vir die tweede maal in vyf jaar het Suid-Afrika se mynmagnate internasionale rugbytoere hierheen moontlik gemaak, want sonder die Transvaal se groot waarborg sou die toer onmoontlik gewees het. Simkins was gelukkig met die toedrag van sake en die uitnodiging wat reeds aan die RFU gestuur is, is bevestig. Die finansiële struikelblokke – verreweg die Raad se belangrikste oorweging – is uit die weg geruim, en reëlings vir die Britse besoekers was weer op koers.

Op 22 April 1896 het die SARFB sy algemene jaarvergadering gehou. Terwyl verwagtinge hoog was vir die besoekers wat eersdaags sou arriveer, is die idee van 'n Suid-Afrikaanse toer na Engeland ook geopper. Die Raad se rekords getuig dat hy maar louwarm oor die proposisie was.

> The Board have also had under consideration the question of sending a team to England after the visit of the English team to South Africa, but, while expressing the desirability of keeping the matter in view, were not disposed to pass any further resolution on the subject.[249]

Die SARFB het slegs een vergadering vir die praktiese reëlings van die 1896-toer belê. Die oorgrootte meerderheid van die administrasie, so blyk dit, is deur Jack Heyneman persoonlik gedoen. Tydens die vergadering op 3 Julie 1896 het Heyneman van die belangrikste punte aan die Raad gekommunikeer. Die toer- en wedstrydprogram is gefinaliseer; die Raad het onderneem om die kostes van spelers wat vir die Suid-Afrikaanse span gekies word, te dek; die Suid-Afrikaanse span sou deur die unie waar die wedstryd plaasvind, gekies word; unies moes hul waarborge vóór die amptelike begin van die toer aan die SARFB oorbetaal; en 'n Suid-Afrikaanse bestuurder is aangewys om die besoekers te vergesel. Bill Bisset is later tot hierdie

---

246 SARFB minutes, 16 February 1896. SARRA, IV, C 1.3.
247 *Ibid.*
248 SARFB minutes, 11 March 1896. SARRA, IV, C 1.3.
249 SARFB minutes, 22 April 1896. SARRA, IV, C 1.3.

rol verkies, en alhoewel hy die titel van spanbestuurder gehad het, was hy in wese ’n finansiële beampte.

> [The] manager shall demand and receive all moneys on behalf of the Board from the several unions or centres according to the amounts guaranteed, and that such manager shall keep and render a true and proper account, duly supported by vouchers, of all sums received and paid by him for account of the Board.[250]

Die finansiële aspekte van die toer was van primêre belang vir die Raad. Dit is ironies dat rugby in hierdie era volgens die strengste amateurreëls gespeel moes word, maar dat die administrasie daarvan deurentyd op finansiële oorwegings berus het.

Die 1896-toerspan het vroeg in Julie aan die Kaap geland en het slegs uit Engelse en Ierse spelers bestaan. Oor die volgende 57 dae het hulle 21 wedstryde gespeel waarvan hulle 19 gewen het, een gelykop gespeel het en een verloor het. Die wedstryd wat hulle verloor het, was ’n geskiedkundige een vir Suid-Afrikaanse rugby. Dit het gekom in die vierde toetswedstryd wat op Nuweland in die Kaap gespeel is. In hierdie era het die Suid-Afrikaanse span nog nie vaste kleure gehad nie, so daar is in die kleure van die unie of die spesifieke klub waar die wedstryd plaasgevind het, gespeel. Vir die wedstryd in die Kaap is Barry ‘Fairy’ Heatlie as kaptein aangewys, en die Suid-Afrikaanse span het in die groen truie van sy klub, Old Diocesans, gespeel. Hulle het die Britte 5-0 geklop, wat nie slegs Suid-Afrika se eerste oorwinning in toetsrugby was nie, maar ook die eerste maal dat die span die groen trui gedra het.[251]

Na afloop van die 1896-toer het die SARFB eers weer in Mei 1897 vergader. Die feit dat daar geen Raadsvergaderings tydens die toer plaasgevind het nie, suggereer dat die administrasie daarvan vlot verloop het. Dit is ’n merkwaardige prestasie gegewe die konteks – minder as drie maande voor die span se aankoms was die toer nog in die weegskaal, en daar was slegs een vergadering voor die toer waar reëlings getref is. Alles dui dan op uitsekende administratiewe werk deur Heyneman en Bisset. Met die algemene jaarvergadering van Mei 1897 is daar terugskouend na die toer gekyk.

> The important event of the season was of course the English Rugby Union team, which proved from every point of view a grand success, and which will undoubtedly do much to give a still further fillip to the improvement and popularity of the game. This was the first occasion that

[250] SARFB minutes, 3 June 1896. SARRA, IV, C 1.3.
[251] P. Dobson: *Rugby in South Africa: A History, 1861-1988*, pp. 51-52.

> the Board had invited a team to visit South Africa under its auspices, and it is a matter of congratulation that we shall ever be able to look back with pleasure and satisfaction at... the phenomenal success which crowned our first venture.[252]

Dit blyk verder dat die Raad se doel met die 1896-toer die verbetering van die spel in Suid-Afrika was. "It should... be borne in mind that the main object in bringing out a team to this country is for the very distinct purpose of improving the game, or in other words, to teach us a bit..."[253] Deur hierdie posisie in te neem, het die SARFB sy posisie van ondergeskiktheid aan die RFU onderskraag. Hierdie houding is dekades later nog steeds deur sommiges gehuldig. In 1933 het Percy Twentyman-Jones, wat in 1896 vir Suid-Afrika teen die Britse toerspan gespeel het, as volg oor dié toer geskryf:

> The debt due to our visitors of the United Kingdom is incalculable. They came as missionaries to teach, and so well did they achieve their object that now they have to battle hard to avoid defeats at the hands of their erstwhile pupils... We feel that their enterprise in sending missionary teams six thousand miles to travel up and down the wide expanse of the Union of South Africa has incalculated in our public and our players so great a love for Rugby that it has come to be known as our national game.[254]

Waar die doel van die 1896-toer die bevordering van rugby in Suid-Afrika was, was die finansiële implikasies wat dit vir die Raad ingehou het, 'n welkome byproduk. "Our financial position...is also highly satisfactory, the balance to credit in the bank amounting to £632.8s.6d. This state of affairs is of course due to the surplus on the visit of the English team, which figures at £600.12s.2d."[255] Rugby in Suid-Afrika, sowel as die Raad se bankrekening, het in 1896 'n hupstoot gekry – 'n wen-wen situasie vir die SARFB.

Op dieselfde vergadering het R.L. Cousens van die TRFU ook voorgestel dat 'n Suid-Afrikaanse span in die daaropvolgende seisoen na Brittanje toer. Stemme daarteen het vinnig opgegaan, veral uit die geledere van die Westelike Provinsie. 'n Groot bron van kommer was dat Suid-Afrikaanse rugby steeds nie "up to the standard of good English football" was nie, maar die belangrikste oorweging was natuurlik finansieel van aard.[256] "The President...was afraid of the financial part of the tour. He would not like the small balance in their hands to be

[252] SARFB minutes, 7 May 1897. SARRA, IV, C 1.3.
[253] *Ibid*.
[254] P.S.T. Jones: "The British Teams' Visit in 1896", in I. Difford (ed.): *History of South African Rugby Football*, p. 277.
[255] SARFB minutes, 7 May 1897. SARRA, IV, C 1.3.
[256] *Ibid.*

wiped off."[257] Daar is gevolglik téén die Transvaalse voorstel besluit, so weereens het finansiële oorwegings en 'n laaste woord van Billy Simkins die deurslag gee. Die Transvaal was egter vasberade om 'n Suid-Afrikaanse span in Brittanje te sien en hulle het die Raad om toestemming gevra om sélf 'n span te stuur, waartoe daar ook ingestem is. "It would, however, be unfair to object to the Transvaal sending the team, if they choose to do so."[258] Dit is opvallend dat die TRFU 'n jaar vantevore byna nie hul waarborg vir die 1896-toer kon betaal nie, maar nou kans gesien het om op eie houtjie 'n Suid-Afrikaanse span na Brittanje te stuur.

Die Transvaal se voorstel is egter vinnig in Londen afgeskiet. Die RFU-sekretaris George Rowland Hill het in Junie 'n skrywe aan Robert Blakeley van die TRFU gerig.

> Mr. Boyes and Mr. Hammond have shown me a letter from you with reference to the proposal to bring a team to England next season. My Full Committee have not had an opportunity to consider the matter, but as I have felt that time was pressing I have consulted my Emergency Committee. They felt that they would be unwilling to encourage such an undertaking unless they were directly approached by the South African Board. They are of the opinion that it would now be impossible to arrange suitable matches, as all the leading bodies in England, Ireland, Scotland, and Wales have made their arrangements for next season. They very much regret that they do not think it wise to recommend your body to make the tour.[259]

Groter politieke oorwegings het die RFU moontlik ook gemotiveer om die Transvaal se voorstel af te keur. In die onmiddellike jare voor die Anglo-Boereoorlog het politieke spanning tussen Brittanje en die Zuid-Afrikaansche Republiek (Transvaal) vir verskeie redes opgelaai. In besonder was daar die nadraai van die gefaalde Jameson-inval en die kwessie van stemreg vir Uitlanders in die Transvaal.[260] Die RFU het waarskynlik gevoel dat hy nie in die konteks van die tyd met die unie van die Transvaal kon besigheid doen nie. Ten spyte daarvan dat die rugby-administrateurs van die streek hoofsaaklik Engelssprekendes was, was die Transvaal toenemend 'n vyandige staat.

Die verdeeldheid in die SARFB oor 'n toer na Brittanje was duidelik te siene. Tydens die Curriebeker-toernooi van Augustus 1897 in Port Elizabeth het die Transvaal nóg 'n geleentheid gesien om die Raad tot so 'n toer te probeer bind. Die SARFB wat tydens die toernooi gesit het, was nie die 'permanente Raad' wat deurgaans in Kaapstad ontmoet het nie. Dit het uit

[257] SARFB minutes, 7 May 1897. SARRA, IV, C 1.3.
[258] *Ibid.*
[259] SARFB minutes, 20 August 1897. SARRA, IV, C 1.3.
[260] H. Giliomee: *Die Afrikaners*, pp. 202-206.

direkte verteenwoordigers en verskeie Oostelike Provinsie manne bestaan. Die Transvaalse afgevaardigdes het gevolglik die mosie gelig om ’n Suid-Afrikaanse span in 1898-1899 na Brittanje te stuur. In die afwesigheid van die stemme van Billy Simkins, Jack Heyneman, Louis Smuts en Bill Bisset – wat nog altyd téén ’n oorsese toer was – het die mosie geslaag “provided sufficient money can be guaranteed by the various unions.” Daar is verder onderneem om ’n subkomitee saam te stel wat die spesifieke waarborge wat van unies nodig sou wees, moes bepaal.[261]

Kort na afloop van die toernooi het die SARFB in Kaapstad ontmoet. “The object of the meeting was to discuss the advisability or otherwise of sending a team to England in the season 1898-99.”[262] Dit was ’n samekoms van die ‘permanente Raad’ en die vergadering was effektief een waartydens die ‘toernooi Raad’ se besluite hersien is. Dit is opvallend dat die TRFU se ere-sekretaris, Robert Blakeley, sélf sy unie op hierdie geleentheid verteenwoordig het, en die werk nie aan afgevaardigdes oorgelaat het nie. Aangesien sy unie die bewegers agter die toer was, is Blakeley aan die woord gestel om sy posisie te verduidelik.

> Mr. Blakeley supported the resolution which had been arrived at by the Board, as he believed the tour would be a financial success. He did not think much money would be made – perhaps a few hundreds – and they would have to raise a big guarantee. His own centre was prepared to go fairly high. But they did not want the matter to be confined to one or two centres. They wanted all centres to be represented – even Rhodesia – and all to guarantee something, however small. He wished the Afrikander element to be strongly represented in the team going Home, for a purely South African born team would draw better than a team of Englishmen or Scotchmen or Welshmen... He did not want any team to go Home unless it could be a thoroughly representative one.”[263]

Die reaksie van die onderskeie unies was nie dít waarop Blakeley gehoop het nie. Geen afgevaardigde kon sy unie tot ’n noemenswaardige finansiële waarborg bind nie, en daar is besluit dat “owing to the difficulty of obtaining guarantees this Board is of the opinion that it is inadvisable to send a team Home during the season 1898-9...”[264]

Enkele belangrike punte staan uit in Blakeley se vertoë. Eerstens dui dit op die sentrale posisie van finansiële oorwegings in die Raad se internasionale kontak – “it was a question of £ s. d.

---

[261] SARFB minutes, 20 August 1897, 23 August 1897. SARRA, IV, C 1.3.
[262] SARFB minutes, 15 October 1897. SARRA, IV, C 1.3.
[263] *Ibid.*
[264] *Ibid.*

altogether."[265] Internasionale toere in dié tyd het slegs gebeur indien die boeke sou klop. Tweedens is daar die bewoording van die toer as 'going Home'. Dit bewys die Raad se vroeë Engelse karakter én sy ondergeskiktheid aan die RFU. Derdens is daar die verteenwoordigende aard van die span wat gekies sou word indien die toer sou plaasvind. Blakeley se verwysing, wat die teenwoordigheid van die 'Afrikander element' in die Suid-Afrikaanse span bepleit het, moet seker die eerste verwysing na ras-gebaseerde kwotas in 'n verteenwoordigende span in Suid-Afrika wees. Die term 'Afrikander' verwys in dié konteks na 'n Suid-Afrikaans gebore wit man, en nie noodwendig Afrikners of Afrikaanssprekendes nie. Al het Blakeley se visie van 'n plaaslik-gebore span nie gerealiseer nie, is dit belangrik om ag daarop te slaan dat die konsep van 'kwotas' reeds in die laat negentiende eeu in die raadsale van Suid-Afrikaanse rugby bespreek is.

Kort daarna is die Transvaal se ambisies om 'n Suid-Afrikaanse span op toer in Brittanje te sien, 'n finale nekslag toegedien. Heyneman het gesê dat

> a good deal of correspondence passed between the hon. secretary of the English Rugby Union and myself in regard to the proposed visit. As is known to you all, the difficulty experienced in raising the required guarantee, owing in no small measure to the perturbed state of the country at the time and to other causes, the scheme had to be abandoned.[266]

Die Transvaal was nogtans vasbeslote om internasionale rugby te sien plaasvind. Die positiewe finansiële implikasies wat dit vir hul unie ingehou het, was sekerlik hul motivering. Indien die SARFB nie 'n span na Brittanje wou stuur nie, moes hulle weer die RFU nooi om 'n span hierheen te stuur. Op 25 Augustus 1898 het Blakeley dan voorgestel dat 'n uitnodiging aan die RFU gerig word om in 1899 hierheen te toer. Die Raad het eenparig daartoe ingestem.[267] Die Engelse owerhede het laat weet dat hulle reeds planne beraam het om 'n span in 1899 na Australië te stuur, maar dat hulle ten gunste van 'n toer in die daaropvolgende jaar was.[268] George Rowland Hill het in Julie 1899 aan die Raad geskryf: "My colleagues whom I have consulted are confident that the committee will accept of the kindly invitation of your Board to send a team to South Africa next season."[269] Vanuit 'n administratiewe oogpunt was die spreekwoordelike bal aan die rol vir 'n Britse rugbytoer na Suid-Afrika in 1900. Voor dit egter 'n realiteit kon word, het die oorlogswolke wat oor die land saamgepak het, op konflik

---

[265] SARFB minutes, 15 October 1897. SARRA, IV, C 1.3.
[266] SARFB minutes, 4 May 1898. SARRA, IV, C 1.3.
[267] SARFB minutes, 25 August 1898. SARRA, IV, C 1.3.
[268] SARFB minutes, 26 April 1899. SARRA, IV, C 1.3.
[269] SARFB minutes, 5 July 1899. SARRA, IV, C 1.3.

uitgeloop. Die Britse mans wat in 1900 na Suid-Afrika aangeskip is, het nie soseer gekom om rugby te speel nie.

### 1903: Rugby vir rekonsiliasie?

Die SARFB het sy werksaamhede na afloop van die Anglo-Boereoorlog sonder groot fanfare op 9 Mei 1902 hervat. Wat die Raad se internasionale kontak betref, is daar gesê dat "[it] was intended to have had an English team out here in 1900, but for reasons well known to you all, the project had to be abandoned."[270] Die uitvoerende bestuur sou voorts besluit of dit wenslik is om 'n Britse span te nooi om in 1903 hierheen te toer. Die besluit is egter vír hulle gemaak. In Maart 1903 is 'n brief van die RFU se George Rowland Hill aan die Raad voorgelees waarin hy bevestig het dat daar geen Britse toer na Australië in dié jaar meer sou wees nie. Die SARFB het sy kans gesien. So gou as wat die Raad sy aktiwiteite na die oorlog hervat het, só gou is daar op sy internasionale bedrywighede voortgebou.

Hill het laat blyk dat hy seker is dat die RFU 'n span na Suid-Afrika sou stuur weens die aflas van hul toer na Australië. Op dieselfde vergadering waar dié nuus bekend gemaak is – en sonder enige formele bevestiging – het die Raad aan die werk gespring. Die onderskeie unies se finansiële waarborge is vasgestel, moontlike datums en wedstryde is bespreek, en daar was ook 'n interessante gesprek oor die Suid-Afrikaanse span se kleure.

> Mr. Orpen (Transvaal) read a letter and telegram from his union, suggesting uniform colours for the South African teams, to consist of olive green jerseys, with gold collar, and on the left breast embroidered in natural colour, a springbok; navy blue knickers, dark blue stockings, with green and gold band on the tops. It was decided that the colours be uniform, but the decision as to particulars was deferred until a further meeting...[271]

Hierdie voorstel is op 6 Mei goedgekeur met 'n enkele wysiging – alle goud is na wit verander.[272] Waar het die Springbokembleem en groen en goue kleure vandaan gekom? Van der Merwe skryf hoedat die Springbok reeds in die negentiende eeu in verskillende sportsoorte gebruik is. Twee vername voorbeelde in sport staan veral uit. Eerstens is daar die Suid-Afrikaanse fietsryer Louis Meintjes wat heel waarskynlik groen gedra het toe hy in 1893

[270] SARFB minutes, 9 May 1902. SARRA, IV, C 1.3.
[271] SARFB minutes, 24 March 1903. SARRA, IV, C 1.3.
[272] SARFB minutes, 6 May 1903. SARRA, IV, C 1.3.

wêreldkampioen geword het, en tweedens is daar die geval van die Blignaut-broers. Toe Piet en Phillip Blignaut in 1895 die South African Amateur Athletic Association by die Engelse kampioenskap in Londen verteenwoordig het, het hulle groen-en-goue uitrustings met ’n springbokembleem op die bors gedra. Die broers was glo kranige jagters en het die idee van ’n Springbok as embleem op een van hul jagtogte uitgedink. Ná hul terugkeer uit Londen het hulle aan Paul Roos, wat in 1903 vir Suid-Afrika op die rugbyveld uitgedraf het, meegedeel dat dit die gebruik vir sportmanne is om ’n embleem op hul bors te hê.[273] Omdat die Suid-Afrikaanse sportkringe rondom die draai van die eeu betreklik klein was, het die rugby-administrasie waarskynlik die groen-en-goue kleure en die springbokembleem by die bogenoemde sportmanne oorgeneem. Die feit dat die Suid-Afrikaanse rugbyspan sy eerste toetsoorwinning in 1896 behaal het toe hulle in die Old Diocesan’s se groen truie gespeel het, was sekerlik ’n verdere motivering om dit die span se amptelike kleure te maak. Praktiese oorwegings het egter beteken dat die Suid-Afrikaanse span die drie toetswedstryde in 1903 nié in hierdie kleure gespeel het nie. Die eerste toets is in wit truie gespeel, die tweede in blou, en die derde in groen,[274] en op geen van hierdie truie het die Springbokembleem verskyn nie. Nietemin is dit egter belangrik om kennis te neem dat die Springbok reeds in 1903 die amptelike embleem van (wit) Suid-Afrikaanse rugby geword het.

Die Raad se administrasie van die Britse toer in 1903 het sonder haakplekke verloop. Slegs enkele vergaderings is vóór die koms van die toerspan gehou om reëlings te finaliseer, en gedurende die toer het die Raad glad nie ontmoet nie. Dit blyk dus, vanuit ’n administratiewe oogpunt, dat die 1896-toer ’n goeie leerskool vir die Raad was. Alhoewel dit ’n relatief klein en nie-komplekse organisasie was, was hy doeltreffend in die uitvoer van sy take.

Die 1903-toer was ook ’n groot sukses vir Suid-Afrikaanse rugby óp die veld. Van die 22 wedstryde wat die Britse toerspan gespeel het, kon hulle slegs 11 wen. Die eerste twee toetswedstryde, wat onderskeidelik in Johannesburg en Kimberley gespeel is, het gelykop geëindig, terwyl Suid-Afrika die derde een in Kaapstad gewen het en daarmee saam dan ook die reeks. Daar was oorgenoeg rede vir ’n positiewe oorsig van die toer.

> The important event of the season was of course the visit of the English Rugby Union team, under the auspices of the Board, which proved such a success, from both a football and financial point of view, and which will undoubtedly do much to give a still further fillip to the improvement and popularity of the game. Taking into consideration the results of the tour and

[273] F.J.G. van der Merwe: “A History of the Springbok”, pp. 80-82.
[274] *Ibid.*, p. 81.

> the fact that since its return to the United Kingdom, no less than ten members of the team have taken part in International matches, your executive are of opinion that football in South Africa at last bears favourable comparison with the best football in the Old Country. Our visitors played 22 matches, won 11, lost eight and drew three.[275]

Die wyse waarop die Raad die 1903-toer in oënskou geneem het, lig twee noemenswaardige kwessies uit. Die verslag was kennelik meer gemoeid met die Britse toerspan as met die sukses van die Suid-Afrikaanse spanne. Daar is byvoorbeeld geen melding van die feit dat dit Suid-Afrika se eerste internasionale reeksoorwinning was nie. Daar is ook die stelling dat Suid-Afrikaanse rugby nou uiteindelik op dieselfde vlak as dié in die "Old Country" was. Dit alles onderskraag die SARFB se selfopgelegde houding van onderdanigheid – amper minderwaardigheid – teenoor die RFU.

Die tweede punt is die SARFB se doel met die toer. Daar word geskryf, amper woord-vir-woord dieselfde as ná die 1896-toer, dat die 1903-toer die kwaliteit van Suid-Afrikaanse rugby sou verbeter en die spel verder sou populariseer. Die Raad het dié toer as 'n voortsetting van sy negentiende eeuse kontak met die RFU gesien – Britse toere na Suid-Afrika is gereël om 'n stimulus vir rugby hier te wees. Dobson beskryf egter die 1903-toer as 'n rekonsiliasietoer,[276] en Black en Nauright skryf hoe dit deel was van 'n "reconciliation process as British officials hoped to unite white South Africa as a nation under the imperial standard."[277] In sý werk oor die toer voer Dean Allen óók aan dat dit moontlik 'n versoenende rol tussen Boer en Brit in post-oorlog Suid-Afrika kon speel – "[whether] the tour was conceived in terms of reconciliation is open to question."[278] Daar moet dan gevra word of die SARFB die 1903-toer met enige politieke doelwitte georganiseer het.

Wat die Raad se eie rekords betref, is daar geen bewyse hiervan nie. Daar bestaan slegs notules van vergaderings van die Raad rondom hierdie tyd, en daarin is geen eksplisiete melding van enige politieke motiverings of doelstellings nie. Al die Raad se genotuleerde gesprekke oor die toer het uitsluitlik op die praktiese administrasie daarvan gefokus. Verder moet die dinamika van die spel in Suid-Afrika in hierdie tyd in gedagte gehou word. Rugby was teen 1903 nog hoofsaaklik die behoud van die verstedelikte Engelssprekende samelewing, en bowendien het 'n betekenisvolle getal Brits-gebore spelers in 1903 vir Suid-Afrikaanse spanne opgedraf.

[275] SARFB minutes, 27 April 1904. SARRA, IV, C 1.3.
[276] P. Dobson: *Bishops Rugby: A History*, p. 44.
[277] D.R. Black & J. Nauright: *Rugby and the South African Nation: Sport, Cultures, Politics, and Power in the Old and New South Africas*, p. 32.
[278] D. Allen: "Tours of Reconciliation: Rugby, War and Reconstruction in South Africa, 1891-1907", p. 179.

Buiten die Britte in provinsiale spanne, was daar ook die Skotte Alex Frew, Suid-Afrika se kaptein in die eerste toets, en W.M.C. McEwan, wat in al drie toetse vir Suid-Afrika gespeel het.[279] 20 van die 90 spelers wat Suid-Afrika sedert 1891 op die rugbyveld verteenwoordig het, is in die buiteland gebore,[280] en al mag dit dalk net omstandigheidsgetuienis wees, het slegs 15 van die 45 spelers wat in 1903 vir Suid-Afrika uitgedraf het, Afrikaanse vanne gehad.[281]

In dié tyd was die rugbyveld steeds ’n Engelse sosiale spasie. Ondanks die teenwoordigheid van Afrikaanssprekendes in Suid-Afrikaanse spanne, het Afrikaners nog nie die sport *en masse* beoefen nie – dit is eers vanaf die twintigerjare dat hulle rugby op ’n groot skaal begin speel en vir hulself toegeëien het.[282] Allen som dit self akkuraat op wanneer hy skryf dat vroeë Suid-Afrikaanse rugby “was organized, financed and played among the pro-British, colonial section of South African society.”[283] Die RFU se eerste drie toere na Suid-Afrika was eerder wedstryde *onder* mekaar as wat dit wedstryde *teen* mekaar was. Die antwoord op Allen se vraag blyk dan ‘nee’ te wees. Die SARFB het dit met die 1903-toer nie noodwendig ten doel gehad om Boer en Brit met mekaar te versoen nie – vir die Raad was dit eerder sake soos gewoonlik. Enige rekonsiliasie wat daar moontlik in 1903 op of langs die rugbyveld plaasgevind het, het so op Engelse terme en in ’n Engelse spasie gebeur. Daar moet dus gewaak word daarteen om té veel betekenis of waarde aan die rekonsiliasie van 1903-toer te heg.

Dit is in die nasleep van hierdie toer dat die SARFB vir die eerste maal voelers na Nieu-Seeland uitgesteek het. ’n Nieu-Seelandse span sou in 1905-1906 na Brittanje toer, en Louis Smuts van die WPRFU het dit as ’n geleentheid gesien om die Nieu-Seelanders te nooi om ’n reeks wedstryde in Suid-Afrika op hul uitreis te speel.[284] Daar is vervolgens aan die New Zealand Rugby Football Union (NZRFU) geskryf, maar eers in Junie 1905 is hulle reaksie verneem. Die Nieu-Seelandse unie het laat weet dat hul reëlings hulle nie sou toelaat om in Suid-Afrika te stop nie. Die eerste All Black span het na Brittanje geseil via Kaap Hoorn aan die suidpunt van Suid-Amerika, en nie verby Kaapstad nie.[285] Nogtans is kontak tussen dié twee lande geïnisieer. Daar word later in hierdie hoofstuk meer oor die vroeë kontak tussen Suid-Afrika,

---

[279] D. Allen: “Tours of Reconciliation: Rugby, War and Reconstruction in South Africa, 1891-1907”, pp. 177-178.
[280] J. Jenkins: “Trend or Tradition? Part 2”. Beskikbaar by: https://worldrugbymuseum.blog/2019/06/07/trend-or-tradition-part-2/ (Besoek op 21 Junie 2019.)
[281] SARFB minutes, 27 April 1904. SARRA, IV, C 1.3.
[282] A. Grundlingh: “Playing for Power? Rugby, Afrikaner Nationalism and Masculinity in South Africa, c.1900-70”, pp. 408-430; D. Allen: “Beating them at their own game: Rugby, the Anglo-Boer War and Afrikaner nationalism, 1899-1948”, p. 51.
[283] D. Allen: “Tours of Reconciliation: Rugby, War and Reconstruction in South Africa, 1891-1907”, p. 179.
[284] SARFB minutes, 14 October 1904. SARRA, I, 1.
[285] P. Dobson: *Rugby’s Greatest Rivalry: South Africa vs New Zealand*, p. 12.

Nieu-Seeland en Australië geskryf. Die SARFB se volgende internasionale onderneming, die 1906-1907 toer na Brittanje, het stellig die begin van 'n nuwe fase vir Suid-Afrikaanse rugby aangekondig – daar is begin bou aan 'n eie, Suid-Afrikaanse identiteit.

**Die eerste Springbokke, 1906-1907**

Die literatuur oor Suid-Afrikaanse rugby beskou die 1906-1907 Springboktoer na Brittanje in 'n byna romantiese lig. In sy reeks populêre rugbyboeke *Springbok Saga* skryf Chris Greyvenstein byvoorbeeld hoedat die kaptein Paul Roos die spirituele vader was van almal wat Suid-Afrika op die rugbyveld verteenwoordig het.[286] Tony Collins gaan so ver om te sê dat dié toer die plek van rugby "at the heart of the new Union of South Africa" bevestig het.[287] Die heldeverering is te wyte daaraan dat die 1906-1907 toer 'n belangrike plek in Suid-Afrika se rugbygeskiedenis beklee – dit was die simboliese geboorte van die Springbokke en die begin van 'n era van groot internasionale sukses vir die span. Om hierdie toer te belig, gaan twee kernvrae gestel word: watter hoogtepunte in die Raad se administrasie van die toer staan uit, en hoe het die toer 'n Suid-Afrikaanse identiteit in wêreldrugby help skep?

Met sy terugkeer na Engeland het die kaptein van die 1903-span, Mark Morrison, aan die RFU gekommunikeer dat "a thoroughly representative South African team would be fully capable of testing any international side in the British Isles."[288] Suid-Afrikaanse rugby is ná drie Britse besoeke hierheen as 'goed genoeg' beskou, maar steeds moes die SARFB die RFU versoek om 'n span na Brittanje te stuur. Die 1906-1907 Springbokke is nie deur die Engelse beheerliggaam genooi nie. Die verhouding tussen die SARFB en die RFU was nie een van eweknieë nie, maar eerder een van relatiewe ongelykheid – die RFU was die moederliggaam waarvan die SARFB maar slegs 'n geaffilieerde lid was. In Mei 1905 het die SARFB sy versoek aan die RFU om 'n span in 1906-1907 na Brittanje te stuur, hernu,[289] en in September is dit goedgekeur.[290] Die Raad se jaarverslag van die 1905-seisoen verklap hoe daar na die eerskomende toer uitgesien is.

286 Aangehaal uit F.J.G. van der Merwe: "Sports heroes and national identity: The role of Paul Roos in Springbok rugby", p. 222.
287 T. Collins: *The Oval World: A Global History of Rugby*, p. 141.
288 P. Dobson: *Rugby in South Africa: A History, 1861-1988*, p. 59.
289 SARFB minutes, 3 May 1904. SARRA, IV, C 1.3.
290 D. Allen: "'Captain Diplomacy': Paul Roos and the Creation of South Africa's Rugby 'Springboks'", pp. 573-574.

> The consumation of the desire of all South African Footballers has at last been reached, for as you are aware negotiations are now proceeding with the English Union for a representative South African team to tour Great Britain, and unless anything quite unforeseen happens our men will leave Cape Town about the end of August next.[291]

Die Raad het hul administratiewe take rondom die toer met groot noukeurigheid uitgeoefen. Om te verseker dat die sterkste moontlike span Suid-Afrika sou verteenwoordig, is daar besluit om die 1906 Curriebeker-toernooi as proewe te gebruik waar ’n keurkomitee die toergroep gekies het. Wat die finansies betref, is die toer aanvanklik deur middel van waarborge van die Raad en sy onderskeie unies gefinansier. Die Transvaal en Westelike Provinsie het die grootste bydraes met £720 elk gemaak, die Raad het sélf £600 voorgeskiet (effektief die hele opbrengs van die 1903-toer) en ’n verdere £200 is geïn deur middel van twee fondswedstryde wat vir die spesifieke doeleinde gereël is. In totaal het die Raad £3000 in waarborge ingesamel.[292] Na afloop van die toer sou alle waarborge, sowel as ’n gedeelte van enige winste, aan die unies terugbetaal word. Verder het die Raad die toerspan en hul bestuurder, Cecil Carden, teen enige ongelukke by ’n Engelse firma verseker. Daar was ook ’n belangrike toevoeging tot die Raad se grondwet.

> The Board’s colours, to be known as the “All South African Colours” shall be: a green jersey having Springbuck badge on left breast and white collar, black knickers, dark blue stockings with two white stripes at the top. Green cap with gold trimmings having Springbuck head as badge.[293]

Alhoewel hierdie kleure drie jaar gelede reeds aanvaar is, is dit eers op die vooraand van die 1906-1907 toer geformaliseer. Ironies genoeg is die eerste stel van hierdie All South African Colours in Engeland gemaak – “the orders for jerseys etc. for the SA Team had already been placed with reliable firms in England...”[294] Op die laaste vergadering voor die Springbokke se vertrek, het die Raad ook ’n stel reëls vir die toergroep en spanbestuurder opgestel.[295] Wat hierin veral uitstaan, is dat die bestuurder se primêre rol dié van ’n finansiële beampte was. Die SARFB het Suid-Afrikaanse rugby geadministreer deur die finansies daaragter noukeurig te bestuur.

---

[291] SARFB minutes, 27 April 1906. SARRA, I, 1.
[292] SARFB minutes, 12 June 1906. SARRA, I, 1.
[293] “Articles of Association and Regulations and Bye-Laws of the South African Rugby Football Board”, Annexure to SARFB minutes, 27 April 1906. SARRA, I, 1.
[294] SARFB minutes, 12 June 1906. SARRA, I, 1.
[295] Sien Addendum 3: “SARFB Rules for Observance by Team for England, 1906.”

Die Suid-Afrikaanse span het op 19 September 1906 in Engeland aangekom. Oor die volgende bykans vier maande het die span 26 van hul 29 toerwedstryde in Brittanje gewen, wat veral belangrike oorwinnings oor Wallis en Ierland, en ’n gelykop-uitslag teen Engeland ingesluit het. Aan die einde van die toer is daar ook ’n nie-amptelike toetswedstryd teen Frankryk gespeel wat Suid-Afrika gemaklik met 55-6 gewen het. Toe die span weer in Januarie 1907 in die Kaapse hawe aankom, het ’n heldeontvangs op hulle gewag.

> [We] were welcomed *en route* to the City Hall, Cape Town, by probably the largest and most enthusiastic crowd that, up to then, had ever lined the streets of the Mother City. We appreciated that welcome, for we felt that it was due to the fact that we had done our duty by our country and those who had confidence in us. Above all we knew that, quite apart from establishing the prestige of South African Rugby, we had won *a name for South Africans* as clean sportsmen, on and off the field, and established *a reputation* of which she could well feel proud.[296]

Dié stelling deur Paddy Carolin, die span se onderkaptein, sinspeel op ’n belangrike aspek van die toer se breër invloed. Die gevolge van die eerste drie Britse rugbytoere na Suid-Afrika was tasbaar in die sin daarvan dat dit die spel hier verbeter en gepopulariseer het. Die 1906-1907 toer het egter ’n meer simboliese resultaat gehad – daar het ’n eie, bepaald Suid-Afrikaanse identiteit in wêreldrugby tot stand gekom. Hoe is hierdie identiteit geskep?

Die eerste belangrike faktor was die aanneem van die All South African Colours en die Springbok as embleem van die span. Waar die Suid-Afrikaanse spanne van 1891, 1896 en 1903 in verskeie klub- en provinsiale truie gespeel het, het die 1906-1907 span hul eie kleure en kenmerkende wapen op die bors gehad. Met hul aankoms in Brittanje is daar verder gegaan en ’n bynaam vir die span ontwikkel. Die spanbestuurder, Cecil Carden, onthou dit as volg:

> Now as to the adoption of the name... no uniforms or blazers had been provided, and we were a motley turnout at practice at Richmond. That evening, I spoke to Roos and Carolin... and pointed out that the witty London press would invent some funny name for us if we did not invent one ourselves. We thereupon agreed to call ourselves Springboks, and to tell Pressmen that we desired to be so named. I remember this distinctly, for Paul reminded us that Springbokken was the correct plural. However, the “Daily Mail” after our first practice called us the Springboks, and the name stuck.[297]

---

[296] H.W. Carolin & J.G. Hirsch: “The Tour in Great Britain, 1906-7”, in: I. Difford (ed.): *History of South African Rugby Football*, p. 365. (Eie kursief)
[297] P. Dobson: *Rugby in South Africa: A History, 1861-1988*, p. 60.

Die Suid-Afrikaanse span het nou sy eie mondering gehad wat hom van die res van die rugbyspelende wêreld onderskei het. Tweedens het die Springboktoer in 'n bepaalde konteks geskied. In 1905-1906 het die eerste Nieu-Seelandse All Blacks na Brittanje getoer en 32 van hul 33 wedstryde gewen, en die span se sukses het 'n groot indruk op die Britse publiek gemaak.[298] Binne maande ná die Nieu-Seelandse toer het die Suid-Afrikaanse besoek gevolg. Toe hulle óók groot welslae behaal het, is vergelykings tussen die twee spanne getref en "the Springboks had shown they had truly arrived as a power in international rugby."[299] Die gebiede in die uithoeke van die Britse Ryk is gevolglik minder as leerlinge van die spel beskou en meer as opponente in eie reg. Australië se eerste toer na Brittanje in 1908-1909 het vir dié land ook sukses op die veld (25 uit 31 wedstryde gewen), 'n kenmerkende naam (Wallabies) en groot aansien beteken. Rugbytoere na Brittanje in die eerste jare van die twintigste eeu was in wese dus die verhoog waarop die kolonies en dominiums se spanne hulself aangekondig het.

In die derde plek het die Springbokspan se unieke samestelling ook 'n rol gespeel in die skep van 'n eie identiteit vir Suid-Afrikaanse rugby. Die toer het slegs vier jaar ná die Anglo-Boereoorlog plaasgevind, en in hierdie konteks is dit opmerklik dat die groep spelers uit bykans ewe veel Engelssprekendes as Afrikaners bestaan het. Met die uitsondering van slegs een, is alle spelers ook binne die grense van die Kaapkolonie gebore. Boonop het sommige Springbokke hulself aan opponerende kante tydens die oorlog bevind. Billy Millar en W.C. Martheze het byvoorbeeld aan die Britse kant geveg, terwyl W.S. Morkel as krygsgevangene op St. Helena aangehou is. Vir die eerste maal was die Suid-Afrikaanse rugbyspan verteenwoordigend van die hele (wit) Suid-Afrika.[300] Die 'gemengde' aard van die Springbokke is versinnebeeld deur die verkiesing van Paul Roos as kaptein – 'n Afrikaner was die leier van 'n span wat 'n uitermate Britse sport gespeel het. Die eenvormigheid van die truie waarin die eerste Springbokke gespeel het, het heel moontlik hierdie gemeenskaplike identiteit van die span help bevorder. Die span was self ook bewus van hul unieke samestelling só kort na afloop van konflik tussen die twee wit rasse. Roos het gesê dat

> [the] tour had united us... from Cape Agulhas to the Zambesi, South Africa was one, and all differences had been forgotten. Here, we are one; may it always be the same. We now understand each other better, and if that is going to be one of the results of the tour, we shall be more than satisfied.[301]

[298] R. Holt: *Sport and the British: A Modern History*, p. 226.
[299] D. Allen: "'Captain Diplomacy': Paul Roos and the Creation of South Africa's Rugby 'Springboks'", p. 576.
[300] D. Allen: "Tours of Reconciliation: Rugby, War and Reconstruction in South Africa, 1891-1907", p. 181.
[301] D. Allen: "'Captain Diplomacy': Paul Roos and the Creation of South Africa's Rugby 'Springboks'", p. 576.

Die Britse pers het met groot lof oor die Springbokke geskryf,[302] en die span het 'n baie goeie indruk op die Britse publiek gemaak.[303] Selfs die Suid-Afrikaanse politici het opgemerk dat die toer 'n simboliese waarde dra. In Desember 1906 het Lord Selborne, Britse Hoë Kommissaris in Suid-Afrika, 'n brief aan die SARFB gerig.

> Not only has the South African Team carried itself with laurels from the point of view of football, but they have everywhere acted in the remembrance of the fact that they carried the good name of South Africa in their hands. They have, in short, won universal respect and admiration, and they deserve it.[304]

Die samevoeging van Boer en Brit, en die sukses wat hulle op die rugbyvelde van Brittanje behaal het, het aan Suid-Afrikaanse rugby sy eie, kenmerkende identiteit gegee. Eienskappe wat in 1906 aan hierdie identiteit gekoppel is en onder die kenteken van die Springbok saamgevat is, was dié van vereniging en versoening, skoon sportmangees en sukses, en, ironies, 'n trots op sy lojaliteit aan die Engelse RFU. Collins skryf dat

> Until the 1950s, the South African Rugby [Football] Board was the RFU's most loyal ally. Unlike the New Zealanders and Australians, it rarely sought even to question English decisions and was viewed by the RFU as the overseas body nearest to its own values.[305]

Hierdie Suid-Afrikaanse identiteit is veel meer op die speelveld as vanuit die raadsaal geskep. Die 1906-1907 toer het die karakter van die Raad uitgebou, maar nie totaal omskep nie. Alhoewel daar 'n nuwe element in die institusionele identiteit gebore is, het die organisasie se werkswyse dieselfde gebly. Die hoë premie wat die Raad byvoorbeeld op die finansiële aspekte van rugby-administrasie geplaas het, het in die nadraai van die 1906-1907 toer weer uitgestaan. Toe daar op 1 Februarie 1907 vir die eerste maal ná die toer vergader is, was finansies feitlik eerste op die agenda.

> In submitting the financial statement, Mr. Carden was at his best, and his most interesting resume showed what an excellent official he has proved himself to be. In fact it was a capital little history of the whole tour. As Mr. Carden pointed out, the Board had placed £1500 to his credit in England, and they had never felt in danger of financial loss after the first week.[306]

---

[302] Sien plakboek getiteld "Record of Springboks Tour 1906-7" met koerantknipsels uit die Britse gedrukte media. SARRA, XII, 53.
[303] Sien byvoorbeeld: D. Allen: "'Captain Diplomacy': Paul Roos and the Creation of South Africa's Rugby 'Springboks'", pp. 576-577; A.C. Parker: *The Springboks, 1891-1970*, p. 44; T. Collins: *The Oval World: A Global History of Rugby*, p. 144.
[304] SARFB minutes, 21 December 1906. SARRA, I, 1.
[305] T. Collins: *A Social History of English Rugby Union*, p. 168.
[306] SARFB minutes, 1 February 1907. SARRA, I, 1.

Interessant genoeg was die spelers, van wie daar verwag was om absolute amateurs te bly, ook deurgaans bewus van die finansiële aspekte van die toer. Die span se onderkaptein, Paddy Carolin, skryf dat hulle geweet het "how important it was, particularly from the financial point of view, that we should not lose a match before the first International..."[307] Dit was dan ook hoe dit gebeur het, en met die afsluit van die toer se rekening het die grootste wins nóg op die Raad gewag.

Meer as £12 000 is deur middel van hekgelde in Brittanje gemaak, en saam met die waarborge en die opbrengs van die fondswedstryde, is 'n totaal van £15 571.7s.9d geïn. Die aftrekkings was veelvoudig en divers, en einde ten laaste het die toer se rekening 'n surplus van £6361.10s.7d getoon. Buiten enkele klein laat aftrekkings, is dié bedrag eerstens gebruik om 'n geskenk vir die spanbestuurder Cecil Carden te koop en 'n honorarium aan die Raad se ere-sekretaris Alec Solomon te gee. Die grootste gros van die surplus is egter aan unies en die Raad se rekening oorbetaal. 'n Totaal van £5100 is proporsioneel onder die nege unies verdeel, £1000 is tot die Raad se permanente belegging gevoeg, terwyl die oorblywende £64.13s.9d na die Raad se 'Ordinary Account' oorbetaal is.[308] Die SARFB het nou 'n totaal van £2000 as 'n vaste belegging gehad, tesame met 'n lopende rekening van meer as £1200. Die 1906-1907 toer na Brittanje was verreweg die mees winsgewende onderneming in die SARFB se jong geskiedenis.

Die Raad se internasionale kontak tussen 1896 en 1907, vergeleke met sy plaaslike funksies, het stellig die grootste invloed op die ontwikkeling van die organisasie gehad. Waar die Curriebeker-toernooie die belangstelling in rugby in die land uitgebou het, het die Raad se internasionale ondernemings dit omskep in 'n organisasie met 'n gevestigde band met die RFU, 'n eie identiteit, saamgevat deur die Springbok, sowel as 'n betreklik sterk finansiële posisie. Oor die volgende sowat sewe jaar, voor die Eerste Wêreldoorlog in 1914 rugbyseisoene wêreldwyd beïnvloed het, het die Raad se internasionale kontak 'n stelselmatige verandering ondergaan. Nuwe geleenthede het uit Nieu-Seeland en Australië verskyn, en daar het krake in sy verhouding met die RFU begin wys.

---

307 H.W. Carolin & J.G. Hirsch: "The Tour in Great Britain, 1906-7", in: I. Difford (ed.): *History of South African Rugby Football*, p. 366

308 "Financial Statement in connection with the visit of the S.A. Rugby Team to the United Kingdom 1906-07", Annexure to SARFB minutes, 12 June 1907. SARRA, I, 1.

**Internasionale kontak, 1907-1914**

Die eerste Springbokke het skaars in Tafelbaai aangekom voor uitnodigings om na Nieu-Seeland en Australië te toer hier aangekom het. Op 27 Maart 1907 is die Nieu-Seelandse uitnodiging aan die Raad voorgelees, maar dit is met dank van die hand te wys. Dít was ook die lot van 'n uitnodiging van die New South Wales Rugby Union (NSWRU), die *de facto* beheerliggaam van rugby in Australië, wat rondom dieselfde tyd gestuur is.[309] Die verwagting was waarskynlik dat 'n toer na dié twee lande nie naastenby so winsgewend soos die pas afgelope Britse toer sou wees nie, en die Raad wou sekerlik nie die finansiële risiko loop nie. Die Raad se lojaliteit het skynbaar volledig by die RFU – sy moederliggaam – gelê, want enkele maande later is daar besluit om 'n Britse span te nooi om in 1909 na Suid-Afrika te toer.[310]

Op sy algemene jaarvergadering in Maart 1908 het die Raad 'n belangrike skrywe van die NSWRU onder die loep geneem. Die Australiërs het voorgestel dat 'n "Imperial Council or Board should be appointed to control the game of Rugby Football."[311] Só 'n liggaam sou uit verteenwoordigers van die vier tuisunies (Engeland, Skotland, Ierland en Wallis) bestaan, sowel as dié van kolonies en dominiums van die Ryk, naamlik Nieu-Seeland, New South Wales, Queensland, Suid-Afrika en British Vancouver. Daar wou dus weggedoen word met die International Rugby Football Board (IRFB) waarop slegs die vier tuisunies verteenwoordig is, en plek gemaak word vir meer op 'n platform waarop alle rugbyspelende lande gelyke verteenwoordiging sou hê. Die voorgestelde liggaam sou die "final legislative authority and Court of Appeal for the Empire" wees. Die SARFB was nie hiervoor te vinde nie. Hy was kennelik tevrede met sy status as RFU-geaffilieerde en die heersende magsdinamiek in internasionale rugby. Die Raad se repliek op die Australiese voorstel was dat die idee van 'n Imperiale beheerliggaam voortydig was, en dat die koloniale rugbyunies, wat reeds aan die RFU geaffilieerd was, eers stappe moes neem om volle verteenwoordiging op die RFU Committee te kry.[312]

Ondanks die Suid-Afrikaners se verwerping van hul idee, het die NSWRU sy uitnodiging aan die Raad om in 1908 na Australië te toer, hernu. Toe die uitnodiging in Mei 1908 onder

[309] SARFB minutes, 27 April 1907. SARRA, I, 1. Die NSWRU is in 1874 as die Southern Rugby Union gestig en is in 1893 hernoem. As die oudste en mees invloedryke unie was dit tot in die laat 1940's die *de facto* beheerliggaam van rugby in Australië. Die twee ander provinsiale unies was die Northern Rugby Union (1883, hernoem na Queensland Rugby Union in 1893) en die Western Australia Rugby Union (1893).
[310] SARFB minutes, 2 August 1907. SARRA, I, 1.
[311] SARFB minutes, 30 March 1908. SARRA, I, 1.
[312] *Ibid.*

bespreking kom, het die Raad gevoel dat dit te laat was om die toer te oorweeg. Die Raad was verder ook verbind aan die moontlike ontvangs van ’n Britse toerspan in 1909.[313] Dit moet ook in gedagte gehou word dat die spanning tussen die Westelike Provinsie en Transvaal oor die hertoelating van voormalige professionele spelers in 1908 op ’n spits gedryf het. ’n Organisasie met sulke interne struweling kon beswaarlik probeer om ’n internasionale toer te organiseer.

Die Raad se hoop op ’n Britse toer na Suid-Afrika het egter spoedig verdwyn. Die RFU het laat blyk dat hulle nie in 1909 hierheen sou kon toer nie, waarop die Raad onderneem het om te volhard met onderhandelinge vir ’n besoek in die daaropvolgende jaar.[314] Toe die RFU laat weet het dat ’n toer in 1910 óók nie moontlik is nie, was die Raad diep teleurgesteld. Die daaropvolgende skrywe aan die Engelse liggaam toon ’n amperse desperaatheid.

> The Board learns with regret the decision of the English Union that they are unable to send a team to South Africa in 1910. The Board hopes that the English Union realise that this inability is the cause of considerable disappointment to the supporters of Rugby football in South Africa and is particularly unfortunate in view of the fact that teams representing other branches of sport are constantly visiting South Africa. The South African Rugby Board will find it difficult to maintain the keen public interest hitherto shown in Rugby football in South Africa if they are unable to rely on the stimulating influences caused by the periodical visits of teams from the Mother Country.[315]

Die hoop was dat dié boodskap die RFU sou oortuig om ’n span na Suid-Afrika te stuur. Die tweede Nieu-Seelandse uitnodiging wat op hierdie tydstip voor die Raad gelê het, is sonder veel bespreking van die hand gewys. Die Raad was vasbeslote om ’n span van Brittanje in Suid-Afrika te sien. Daar is vervolgens onderneem om, in die geval dat ’n verteenwoordigende Britse span nié in 1910 kan toer nie, ’n Britse universiteite-span hierheen te nooi. “It is quite clear that it is the wish of all centres of the Board to get out a Varsity team, as representative as possible, in preference to sending a team to New Zealand.”[316] Die SARFB het kennelik nie daarin belang gestel om verhoudinge met sy koloniale eweknieë te kweek nie. Die fokus was deurgaans op die behoud en versterking van bande met Brittanje.

Die Raad se pleidooi aan die RFU blyk suksesvol te gewees het, want ’n noodvergadering is op 2 Maart 1910 belê om te begin werk aan administratiewe reëlings vir die eerskomende Britse

---

313 SARFB minutes, 29 May 1908. SARRA, I, 1.
314 SARFB Annual Report, 27 February 1909. SARRA, I, 1.
315 SARFB minutes, 11 August 1909. SARRA, I, 1.
316 SARFB minutes, 25 August 1909. SARRA, I, 1.

toer. "[Before] proceeding, he [the Chairman] wished to congratulate the Board on its success in persuading a thoroughly representative team to visit South Africa."[317] Daar is onmiddellik voortgegaan met die vasstel van die waarborge wat unies moes betaal om die toer te finansier, waarna 'n spesiale subkomitee aangestel is om verdere praktiese reëlings te tref. Dit moet gemeld word dat dit, vanuit Brittanje, die eerste maal was dat 'n sogenaamde "colonial tour" deur 'n spesiale komitee bestaande uit al vier Britse tuisunies georganiseer is.[318] Die Raad het sy wens van 'n Britse toer hierheen gekry, en was nou gedruk vir tyd om dit suksesvol te organiseer.

Dieselfde soort vraag wat daar van die 1903-toer gevra is, moet hier ook van die 1910-toer gevra word. Brittanje se vier kolonies aan die suidpunt van Afrika is in 1910 in die Unie van Suid-Afrika saamgevoeg. Het die SARFB die Britse rugbytoer van dié jaar dan met enige spesifieke politieke motiverings georganiseer? Op voetsoolvlak is die toer waarskynlik as 'n vriendskaplike wedywering tussen 'n dominium en Moederland beskou, maar vanuit die Raad se perspektief het die toer nie 'n politieke funksie vervul nie. Dit was bloot die uiteinde van sy voortgesette onderhandelings met die RFU, en indien die Raad sy sin gekry het, het die toer al in 1909 plaasgevind, 'n jaar vóór Uniewording. Die Raad het nie met die organisasie van die toer, tydens die verloop daarvan, of in sy oorsig ná die tyd enige breër simboliek daaraan geheg nie. Soos dit die geval in 1903 was, was die 1910-toer vir die SARFB ook net nóg 'n toer.

Die toerspan het wél die Unie se Eerste Minister Louis Botha op een van hul ekskursies ontmoet,[319] maar hierin moet daar nie te veel gelees word nie. Dít was ook die geval in 1896 toe die Britse toerspan Paul Kruger se Transvaalse Volksraad besoek het,[320] en sulke tipe besoeke was deel van 'n omvattende toerprogram wat ingesluit het, onder andere, die myne van die Witwatersrand en slagvelde van die Anglo-Boereoorlog. Dat die SARFB in hierdie tyd bewus was van sy ondergeskikte posisie teenoor die RFU, en dus ook dié van die Unie van Suid-Afrika binne konteks van die groter Britse Ryk, is nie te betwyfel nie. Dit beteken egter nie dat die 1910-toer met 'n spesifieke politieke oogmerk georganiseer is nie, en die gebrek aan sulke tipe verwysings in die Raad se rekords staan as bewys daarvan.

Die toerspan het vroeg in Junie 1910 in die Kaap aangeland. Oor die volgende bykans drie maande het hulle 24 wedstryde gespeel, waaronder drie toetse. Suid-Afrika het twee uit die

---

[317] SARFB minutes, 2 March 1910. SARRA, I, 1.
[318] SARFB Annual Report, 28 February 1911. SARRA, I, 1.
[319] A.R. Foster: "British Team in South Africa, 1910", in: I. Difford (ed.): *History of South African Rugby Football*, p. 295.
[320] P. Dobson: *Rugby in South Africa: A History, 1861-1988*, p. 50.

drie toetse gewen, "[and] with the series won, the expanding Springbok reputation, established in 1903 and enhanced in Britain three years later, had now entrenched its position among the hierarchy of the game."[321]

Met verloop van die 1910-toer het daar wrywing tussen die SARFB en die Britse besoekers ontstaan. Die Britse spanbestuurder, William Cail, het laat weet dat sy span weier om meer as twee wedstryde per week te speel, en dat hy die reg voorbehou om enige wedstryd wat in die week voor 'n toetswedstryd plaasvind, te kanselleer. Ondanks die bykans daaglikse korrespondensie oor die saak waar die Raad hom gemaan het om by die program te hou, het Cail twee wedstryde gekanselleer, onderskeidelik teen die Witwatersrand in Johannesburg en Oostelike Provinsie Midlands in Port Elizabeth. Dit het natuurlik ernstige finansiële implikasies gehad, want geen hekgelde is hier geïn nie en die Raad moes gedeeltes van die betrokke unies se waarborge terugbetaal. Die Raad was nie ingenome met die stand van sake nie, en met sowat 'n maand oor was die toer in gedrang. Daar is aan Cail geskryf dat "[the] Board have unanimously decided that original or amended fixture list must be adhered to failing which Board are prepared to cancel all further fixtures..."[322] Selfs ná hierdie sterk boodskap het die Raad steeds die datums van die laaste twee wedstryde aangepas om die Britse span tegemoet te kom.

Die 1910-toer was 'n teleurstelling vir die SARFB. Die Springbokke het wel die reeks gewen, maar die sukses is nie noodwendig in die raadsaal herhaal nie. Eerstens was daar Cail se veranderinge van die wedstrydprogram en die implikasies daarvan vir toeskouers, unies én die Raad. Tweedens is 'n verlies van £765 gely.[323] Dít was te wyte daaraan dat drie ekstra Britse spelers teen 'n bykomende koste van sowat £475 getoer het,[324] die verlies aan hekgelde weens gekanselleerde wedstryde, sowel as die feit dat die Raad sommige unies se waarborge gedeeltelik moes terugbetaal. Om sake te vererger, het daar derdens ook die gevoel ontstaan dat die Britse span by tye vuil gespeel het.

> The Board... views with alarm the possibility of their introduction [rough play tactics] into the South Africa playing fields, and regards these methods, as dangerous to the player, disgusting to the spectator, and detrimental to the game.[325]

---

[321] P. Dobson: *Rugby in South Africa: A History, 1861-1988*, p. 62.
[322] SARFB minutes, 12 August 1910. SARRA, I, 1.
[323] SARFB Annual Report, 28 February 1911. SARRA, I, 1.
[324] SARFB minutes, 8 December 1910. SARRA, I, 1.
[325] SARFB minutes, 29 March 1911. SARRA, I, 1.

Die 1910-toer het dan sekerlik ’n negatiewe invloed op die SARFB se verhouding met die RFU, en tot ’n mindere mate die IRFB, gehad. Desondanks het die Raad se lojaliteit steeds in Brittanje gelê, iets wat duidelik te sien is in die manier hoe internasionale aangeleenthede in die volgende paar jaar hanteer is.

In Oktober en November 1911 het nóg uitnodigings uit Australië en Nieu-Seeland gekom. Nieu-Seeland, wie se derde uitnodiging dit aan die Raad was, het genoem dat “[the] time is very opportune for such a visit”[326], terwyl die Australiërs ’n omvattende pleidooi gelewer het. Dit is in hierdie eerste jare van die twintgste eeu dat professionele rugby groot opgang in Australië gemaak het,[327] en die NSWRU was van mening dat ’n Springboktoer daarheen sou help om die groeiende gewildheid van rugby-liga teë te werk.

> If your Board can see its way to arrange such a tour it would immeasurably benefit the amateur code and will come at a time most opportune. ... [Your] Board’s assistance at this juncture will be most keenly appreciated and will without doubt lead to excellent results.[328]

Nie alleen het die SARFB meer as twee maande gewag om die uitnodigings te oorweeg nie, maar die heel eerste reaksie ná die lees daarvan was: “Has anything been heard in regard to the visit of a South African Team to England?”[329] Die Raad was nie te vinde vir besoeke aan Australië en Nieu-Seeland in 1912, of stellig enige tyd in die onmiddellike toekoms nie. Behalwe dat die uitnodigings op kort kennisgewings gekom het en die rugbyseisoene van die drie suidelike halfrond lande gebots het, was die finansiële aspekte van só ’n toer ’n bron van kommer – “it was undesirable that Teams should be sent on a speculative venture.”[330] Daar is vervolgens besluit om ’n “courteous letter” aan die twee unies te rig waarin daar die SARFB sy posisie verduidelik en die uitnodigings van die hand wys.

Skaars ’n maand het verloop voor die SARFB ’n uitnodiging uit Brittanje ontvang het. “If your Union will send team 1912-13 as Home Unions guest [we] shall issue invitation [per] cable.”[331] Daar is ’n noodvergadering belê om die saak te bespreek, en ten spyte daarvan dat sommige afgevaardigdes die toer met ’n jaar wou uitstel “as it would then be a simpler matter and less expensive to select a team”, is daar besluit om tóg die uitnodiging te aanvaar. Die argument

---

[326] SARFB minutes, 31 January 1912. SARRA, I, 1.
[327] P. Horton: “Rugby Union Football in the Land of the Wallabies, 1874-1949: same game, different ethos”, pp. 1611-1629.
[328] SARFB minutes, 31 January 1912. SARRA, I, 1.
[329] *Ibid.*
[330] *Ibid.*
[331] SARFB minutes, 21 February 1912. SARRA, I, 1.

was dat “the compliment to South Africa was so marked that they did not think it would be becoming to refuse the invitation.”[332] Vir die Raad was dit ’n groter kompliment om as die gas van die vier Britse tuisunies daarheen te toer, as wat dit was om genader te word om die toekoms van amateurrugby in Australië te help red.

William Cail was die voorsitter van die International Committee wat die toer vanaf die Britse kant sou administreer, en in sy kommunikasie met die Raad kon hy dit nie help om ’n klein steek in te kry nie. Met verwysing na die petalje rondom die wedstrydprogram van die 1910-toer, waar hy as spanbestuurder wedstryde gekanselleer en geskuif het, het hy geskryf:

> When answering this please be as specific as possible upon the number of matches you would like to play; how long you could stay; and whether you would require a rest before each International match. Of course our grounds are usually soft, and distances short, quite different from your country.[333]

Doof vir die verskuilde kritiek het die Raad spreekwoordelik byna oor sy voete geval om die Britse uitnodiging te aanvaar en reëlings vir die toer op loop te sit. Daar is hoofsaaklik twee faktore wat meegebring het dat daar so verskillend op die uitnodigings van Australië en Nieu-Seeland aan die een kant, en Brittanje aan die ander, gereageer is. Enersyds was ’n toer na Brittanje nie naastenby so ’n groot finansiële risiko soos ’n besoek aan die Antipodes nie, waar dit onmoontlik was om te voorspel hoeveel aftrek, oftewel hekgelde, gekry sou word. Andersyds was die Raad se bande met Brittanje, vergeleke met sy verhouding met Australië en Nieu-Seeland, van só aard dat sy eerste verantwoordelikheid altyd by sy moederliggaam gelê het.

Twee sake in die administrasie van die 1912-1913 toer staan uit. Eerstens het die IRFB sy voorwaardes gestuur waarin daar vernaam genoem word hoe dié party verantwoordelik sou wees vir die meerderheid van die Suid-Afrikaanse span se uitgawes. Dít het beteken dat die SARFB nie die toer aanvanklik hoef te gefinansier het nie, wat natuurlik ’n aantreklike aanbod was, want die Raad hoef nie weer sterk op die waarborge van sy unies te gesteun het nie. Die implikasie was egter dat die Raad nie sou deel in enige winste nie, en hy sou slegs die koste van kleiner alledaagse uitgawes van die span dra. Die 1912-1913 toer se finansiële vooruitsigte het dus handomkeer van die 1906-1907 toer s’n verskil. Tweedens was daar die kwessie van hoe die Springbokspan gekies sou word. Na ’n uitgebreide en by tye vurige debat oor of ’n

[332] SARFB minutes, 21 February 1912. SARRA, I, 1.
[333] SARFB minutes, 20 March 1912. SARRA, I, 1.

Curriebeker-toernooi of proewe die beste manier was om ’n sterk Springbokspan te kies, is daar uiteindelik op proefwedstryde in Kaapstad besluit.[334]

Kort voor die Springbokke se vertrek na Brittanje het die NSWRU wéér aan die SARFB geskryf. Hulle wou weet of die botsende seisoene van Suid-Afrika en Australië oorkomlik was met die oog op moontlike toekomstige toere. Sport Pienaar, verteenwoordiger van die Oostelike Provinsie en ook ’n toekomstige SARFB president, het voorgestel dat “they should reply that they did not see their way clear to consider a visit for three years. They had this tour on hand and after that they would have a tournament...”[335] R.P. Fitzgerald van Natal het hierop gesê dat die tydperk van drie jaar nie genoem moet word nie, “because it would give the NSW Board something to look forward to.”[336] Die Raad se amptelike repliek was dat die botsende seisoene oorkom kon word, maar dat die NSWRU sy finansiële terme van enige toekomstige toere moet aanstuur. Die SARFB was bereid om ’n oor aan die Australiërs te verleen, maar het nie ’n toer daarheen as ’n realistiese moontlikheid gesien nie. Die aandag was volkome by die eerskomende besoek aan Brittanje.

Vanuit ’n rugbyperspektief was die 1912-1913 toer Suid-Afrika se mees suksesvolle toer tot op datum. Die Springbokke het 27 wedstryde gespeel, 24 gewen en slegs drie verloor. Al vyf die internasionale wedstryde is gewen en só is die groeiende reputasie van Suid-Afrikaanse rugby verder uitgebou. Die toer het die SARFB ook net £159 gekos, “an amount which... could hardly be reduced.”[337] Die Raad se verhouding met die beheerliggame van die sport in Brittanje – die IRFB en RFU spesifiek – het egter in die nadraai van die toer ietwat versuur. Die IRFB se International Committee was ongelukkig oor die ekstra hotelkoste van die Suid-Afrikaanse toergroep in Kaapstad vóór hul vertrek na Brittanje. Heelwat korrespondensie het tussen William Cail, voorsitter van die International Committee, en die Raad se sekretaris Alec Solomon, hieroor gevolg. Die Raad het Cail se briewe as “ill-judged and discourteous” beskou, maar tog besluit om die saak nie verder te neem nie.[338] Die Raad is verder ook ontnugter oor die aard van sy affiliasie aan die RFU en die rol van sy verteenwoordiger op dié liggaam, naamlik ’n ene Mnr. Donaldson. Ná ’n gesprek met hom het Max Honnet, die Suid-Afrikaanse spanbestuurder, Donaldson se posisie as ’n klug beskryf.

[334] SARFB minutes, 1 May 1912. SARRA, I, 1.
[335] SARFB minutes, 28 June 1912. SARRA, I, 2.
[336] *Ibid.*
[337] SARFB Annual Report, 31 December 1912. SARRA, I, 2.
[338] SARFB minutes, 14 February 1913. SARRA, I, 2.

> [Donaldson] knew absolutely nothing about the tour, and on being asked what he represented [he] had replied that he represented nothing at all! It appeared that he was occasionally invited to attend meetings of the English Rugby Union when South African matters were being discussed, and that was all... As things now stood [his] position is positively ridiculous and none felt this more than Mr. Donaldson himself.[339]

Benewens dat Suid-Afrika in praktyk dan nié op die RFU verteenwoordig is nie, het Honnet verder vertel dat "several leading football men in Britain [are] averse to giving the Colonies direct representation on the English Union."[340] Die Raad was kennelik onbewus van die voorwaardes van sy affilliasie aan sy Engelse moederliggaam, en die aanhoor van die realiteite van die saak het hom geskok. Daar is onderneem om aan beide die RFU en Donaldson oor die saak te skryf, en alhoewel die Raad gevoel het dat hy nie noodwendig op 'n stem in die RFU geregtig was nie, "the time had arrived when the scheme for the formation of some higher body than the English Union should be considered."[341] Indien die Raad vroeër geweet het hoe sake éintlik staan, sou hy waarskynlik die Australiese voorstel van 'n Imperial Rugby Council enkele jare vantevore met groter erns oorweeg het.

Op die algemene jaarvergadering in Maart 1913 het Billy Simkins as SARFB president bedank. Sy termyn van 20 jaar het bykans die hele vroeë ontwikkeling van die spel in Suid-Afrika gesien. Belangriker nóg is die feit dat die administrasie van Suid-Afrikaanse rugby in hierdie tyd groot spronge gemaak het. Waar die Raad in 1893, met die aanvang van sy termyn, 'n betreklik klein organisasie met 'n hoofsaaklik plaaslike fokus was, het Simkins in 1913 'n meer ontwikkelde beheerliggaam met 'n gevestigde identiteit en internasionale omvang agtergelaat. Sy opvolger was William Philip Schreiner. Hy is in 1857 in die hedendaagse Oos-Kaap gebore, en sy loopbaan in rugby het begin tydens sy studies aan Cambridge. Met sy terugkeer na Suid-Afrika het hy op die WPRFU gedien en by geleentheid die provinsie op die SARFB verteenwoordig. William Schreiner was 'n vername politikus in hierdie era. As 'n advokaat van beroep het hy in 1893 'n lid van die Kaapkolonie se parlement geword, waarna hy as die prokureur-generaal aangestel is tydens die bewind van Cecil John Rhodes. Hy het in 1898 Eerste Minister van die Kaapkolonie geword, maar het twee jaar later uit die amp bedank weens verskille met Alfred Milner.[342] Schreiner was 'n relatief gematigde politikus en het in die aanloop tot die Anglo-Boereoorlog onderhandelinge voorgestaan, terwyl Milner konflik tussen

---

[339] SARFB minutes, 14 February 1913. SARRA, I, 2.
[340] *Ibid.*
[341] *Ibid.*
[342] P. Dobson: *Rugby in South Africa: A History, 1861-1988*, pp. 54-55.

Brittanje en die twee Boererepublieke aangehits het. Ná die oorlog het Schreiner sy loopbaan in die politiek en sy rol in rugby-administrasie met ywer voortgesit, en het hy op 19 Maart 1913 die SARFB se derde president geword. Hy sou egter net vir een jaar in die amp staan omdat hy in 1914 die Unie van Suid-Afrika se Hoë Kommissaris in Londen geword het. Schreiner se kort presidentskap van die Raad het egter 'n verdere ontnugtering met die RFU ervaar.

Met Billy Simkins se uittrede in 1913 het die Raad onderneem om hom 'n 'financial testimonial' as blyk van waardering vir sy jarelange diens te gee. Die Simkins Fund is gestig en lyste is regoor die land gestuur om só fondse in te samel. Dit wil voorkom asof Simkins finansiële probleme gehad het, wat waarskynlik ook die rede vir sy bedanking was. In 'n brief aan die Raad skryf ene E.L. Darter, wat £25 geskenk het, "that this was a subscription amongst old footballers for the purpose of handing to Mr. Simkins a sum of money in order to assist him in his present financial difficulties."[343] Daar is ongelukkig min biografiese inligting oor Billy Simkins beskikbaar, en die rekords van die SARFB vermeld ook geen besonderhede oor sy persoonlike lewe nie.

Die vraag het ontstaan of die finansiële huldeblyk wat die Raad aan Simkins wou gee nie moontlik 'n oortreding van rugby se streng amateurreëls was nie. Schreiner was van mening dat dit nié was nie, maar het nietemin aan die RFU geskryf en hul interpretasie van die reël gevra. Die antwoord was nie dít waarop die Suid-Afrikaners gehoop het nie. Die RFU se telegram in repliek het slegs gesê "Monetary testimonial impossible see section E page 76."[344] 'n Noodvergadering is belê en 'n uitgebreide debat het gevolg, waarna die Raad die Engelse uitspraak teësinnig aanvaar het.

> [Schreiner] did not for a moment pretend to be convinced of the correctness of the ruling given by the central body, but he was an old enough lawyer to know that when a judge had given judgement it was no use kicking against the pricks. The central body ruled them.[345]

Die kwessie op hande was nie belangrik genoeg vir die Raad om van sy "constitutional subordination" van die RFU afstand te doen nie.[346] Dit wil nogtans voorkom asof die krake in sy verhouding met die RFU, wat in 1910 begin deurskemer het, met dié aangeleentheid vergroot het.

---

[343] Letter from E.L. Darter to SARFB, 31 March 1914. Annexure to SARFB minutes, 22 May 1914. SARRA, I, 2.
[344] SARFB minutes, 14 November 1913. SARRA, I, 2.
[345] *Ibid.*
[346] SARFB minutes, 14 November 1913. SARRA, I, 2.

Schreiner se termyn het ’n verdere drie sake van internasionale belang opgelewer. Nieu-Seeland het hul vierde uitnodiging aan die SARFB gerig, maar soos met die voriges is hierdie een óók van die hand gewys. Die Curriebeker-toernooi van 1914 in Natal en die botsende seisoene was die rede hiervoor, terwyl daar ook genoem is dat internasionale toere nie oordoen moes word nie en hoe “better results would be obtained by getting out a British team.”[347] Tweedens het daar ook ’n uitnodiging uit Kalifornië gekom vir ’n Suid-Afrikaanse span om tydens die San Francisco Exposition van 1915 daarheen te toer. Die Raad het sy spyt uitgespreek dat hy ook dié uitnodiging nie in oorweging kon neem nie.[348] In die derde plek is ’n subkomitee saamgestel om die Raad se finansiële posisie te hersien, sowel as om die voorwaardes te bepaal waarvolgens die finansies van alle toekomstige internasionale toere hanteer sou word. Elkeen van die internasionale toere tot en met 1913 is volgens verskillende geldelike beginsels geadministreer. Die daarstel van ’n meer permanente finansiële beleid het egter aan die Raad se internasionale betrekkinge ’n mate van struktuur gegee. Sake wat uitgeklaar is, sluit byvoorbeeld in die betaling van die Springbokspan se oorsese uitgawes, die Raad se toewys van wedstryde aan unies op grond van hul waarborge, asook die verdeling van enige winste na afloop van ’n toer.[349]

Dit is duidelik dat finansies deurgaans ’n sterk tema in die SARFB se werksaamhede van sy eerste 25 jaar was, en veral wat sy internasionale betrekkinge betref. Dít moet binne die ekonomiese konteks van die tyd gelees word. Die Suid-Afrikaanse ekonomie het in die tydperk 1889-1914 grootskaalse veranderinge ondergaan. Die ontdekking van diamante en goud in die tweede helfte van die negentiende eeu het ’n nywerheidsrewolusie in die streek ontketen. Dit het onder meer beteken dat die Vrystaat en Transvaal, met hul hoofsaaklik landelike ekonomieë, binne ’n kort tydperk ál meer eienskappe van moderne kapitalistiese state aangeneem het. Die gevolg, onder andere, was dat die onderskeidslyne tussen die verskillende sosiale klasse skerper geword het en dat die sogenaamde Randlords, wat aan die stuur van die mynmaatskappye was, amper ondenkbare rykdom bekom het.[350] Die Anglo-Boereoorlog het natuurlik ook ’n groot invloed op die Suid-Afrikaanse ekonomie gehad. Die konflik het die land ekonomiese aktiwiteite soos landbou en mynbou nadelig beïnvloed, en dit was waarskynlik ook Brittanje se duurste koloniale oorlog. Dit het in besonder ook aanleiding gegee

[347] SARFB minutes, 3 October 1913. SARRA, I, 2.
[348] SARFB minutes, 22 May 1914. SARRA, I, 2.
[349] “Report of sub-committee of South African Rugby Football Board appointed to investigate the finances of the Board”; “Supplementary report of finance committee of S.A.R. Board”; SARFB minutes, 5 September 1913, 27 March 1914, 3 April 1914. SARRA, I, 2.
[350] S. Marks & S. Trapido: “Lord Milner and the South African State”, p. 52.

tot ’n tydperk van politieke, sosiale en ekonomiese rekonstruksie onder Hoë Kommissaris Alfred Milner. Sy taak was om in die jare direk na afloop van die oorlog ’n koloniale staat met ’n effektiewe staatsdiens, lojale onderdane en ’n moderne kapitalistiese ekonomie tot stand te bring. Dit is ook rofweg in hierdie tydperk dat die internasionale monetêre stelsel na die goudstandaard geskuif het.[351] Die gevolg was dat Suid-Afrikaanse myne, wat in 1897 reeds die wêreld se grootste goudprodusente was, ’n kernrol gehad het om te speel in hierdie era.

In die lig van die belangrikheid van die Suid-Afrikaanse mynbedryf in die ekonomie, is dit noemenswaardig dat die SARFB sedert stigting noue bande met dié sektor gehad het. Die Raad sou waarskynlik nie in Kimberley gestig gewees het indien daar geen ekonomiese aktiwiteite of ’n beduidende Engelse gemeenskap was nie. Percy Ross-Frames, die eerste president, het vir Cecil John Rhodes se De Beers Company gewerk. Verder het Rhodes se waarborg die eerste Britse toer na Suid-Afrika in 1891 moontlik gemaak, terwyl die bydraes van die Randlords Abe Bailey, Barney Bernato en Hermann Eckstein in 1896 die tweede toer verwesenlik het. As organisasie het die Raad homself dus van meet af in die boonste sosio-ekonomiese stande bevind. Die mans wat op die Raad gesit het, het in hierdie opsig ook oor enkele belangrike eienskappe beskik. Weens hul professionele beroepe was daar ’n besef van die belangrikheid van goeie finansiële bestuur en boekhouding. Daarmee saam het hulle beide die kennis en praktiese ervaring gehad om dit suksesvol te doen. Verder het hulle ook, deur middel van hul professionele netwerke, toegang tot kapitaal gehad. ’n Sterk fokus op finansies en die bestuur daarvan was dan noodwendig ’n groot deel van die SARFB se vroeë aktiwiteite.

Kort voor die einde van 1914 het William Schreiner sy amp as Hoë Kommissaris in Londen betrek. Jack Heyneman is vervolgens op 19 Maart 1915 tot die presidentskap van die SARFB verkies.[352] Heyneman, soos sy twee onmiddellike voorgangers, het ook uit die WPRFU gekom, en het dié unie sedert die vorige eeu gereeld op die SARFB verteenwoordig. In die 1890’s was hy ook die SARFB se Eresekretaris, wat hom teen 1915 dus ’n ervare rugby-administrateur gemaak het. Voor sy termyn egter in alle erns ’n aanvang kon neem, het die Eerste Wêreldoorlog rugby wêreldwyd tot stilstand gebring.

Die tydperk 1889-1914 was een van groot ontwikkeling vir die SARFB. Dit het ontstaan as ’n relatief klein organisasie met ’n sterk Engelse karakter. Die jong, professionele mans wat op die Raad gedien het, het hulself hoofsaaklik op die bevordering van rugby in Suid-Afrika

---

[351] S. Marks & S. Trapido: “Lord Milner and the South African State”, pp. 56-57.
[352] SARFB minutes, 19 March 1915. SARRA, I, 2.

toegespits deur middel van die jaarlikse Curriebeker-toernooi. Soos die spel in die 1890's in gewildheid toegeneem het, het die aard van die Raad daarmee saam ontwikkel. Die band wat daar met die RFU bestaan het, het oor tyd tot gereelde internasionale toere tussen Suid-Afrika en Brittanje gelei. Dit is in hierdie proses, en veral weens die 1906-1907 toer na Brittanje, dat die Raad 'n eie, Suid-Afrikaanse identiteit begin aanneem het – 'n identiteit wat steeds op 'n Engelse karakter berus het. In die naloop van hierdie toer is uitnodigings om na Australië en Nieu-Seeland te toer bykans jaarliks ontvang, maar die Raad se imperiale lojaliteit het deurgaans by sy Engelse moederliggaam gelê. Enkele aspekte rondom die 1910 en 1912-1913 toere, sowel as Billy Simkins se finansiële huldeblyk, het wrywing tussen die twee organisasies veroorsaak. Desondanks het die Raad homself by die gesag van die RFU berus, en was dié liggaam die spil waarom wêreldrugby in die vroeë twintigste eeu gedraai het.

Teen 1914 was die SARFB 'n beheerliggaam met 'n meer gevestigde kultuur en breër werksaamhede op beide plaaslike en internasionale vlak. Alhoewel die Eerste Wêreldoorlog die internasionale rugbyprogram tussen 1914 en 1918 tot stilstand gedwing het, het die Raad steeds elke jaar ontmoet. Die volgende hoofstuk fokus op die SARFB se geskiedenis van die tydperk 1914-1939. Dit belig die kwessies wat wit Suid-Afrikaanse rugby en die administrasie daarvan te staan gekom het.

# Hoofstuk 4: Oorlog, imperiale verhoudinge en institusionele ontwikkeling, 1914-1939

In die kwarteeu van 1914 tot 1939 het belangrike verwikkelinge in rugby wêreldwyd plaasgevind. Die Eerste Wêreldoorlog (1914-1918) het meegebring dat baie min rugby op internasionale of plaaslike vlakke gespeel is, maar nogtans het rugbybeheerliggame, die SARFB inkluis, in ’n mindere of meerdere mate met bedrywighede voortgegaan. In 1919, na afloop van die oorlog, het spanne van regoor die Britse Ryk in ’n Inter Services toernooi in Engeland teen mekaar te staan gekom. Dié toernooi het Engeland se posisie as die spil waarom wêreldrugby draai, benadruk. In dieselfde jaar het die Nieu-Seelandse weermagspan ook na Suid-Afrika getoer en in die proses het ’n belangrike verhouding tussen dié twee lande ontstaan. In die 1920’s en 1930’s het die RFU se status as beskermheer van internasionale rugby telkens onder skoot gekom soos daar verskeie pogings deur die drie suidelike halfrond unies gemaak is om vir hulself ’n sinvolle aandeel in die bestuur van internasionale rugby te bekom. Op ’n plaaslike vlak het dié tydperk ook ’n uitbreiding van die meganisme van die Raad gesien.

Hierdie hoofstuk stel ondersoek in na die SARFB se administrasie van rugby tydens die Eerste Wêreldoorlog en hoe die organisasie homself teenoor die oorlog geposisioneer het. Die Inter-Services toernooi en die toer van die Nieu-Seelandse weermagspan in 1919 kom onder die loep. Daarna word imperiale verhoudinge in die rugbywêreld, en spesifiek die Raad se pogings om verteenwoordiging vir Suid-Afrika in die bestuur van wêreldrugby te bekom, bespreek. Vervolgens word daar lig gewerp op die groei van die meganisme van die Raad in die jare tot voor die Tweede Wêreldoorlog, en laastens word ’n belangrike aspek van die verhouding tussen Suid-Afrika en Nieu-Seeland – die sogenaamde Maori-kwessie – bespreek.

## Die Raad en die Eerste Wêreldoorlog

Toe die Eerste Wêreldoorlog in Junie 1914 uitbreek, is daar in ’n Britse koerant geskryf hoedat die wedstryd waarvoor rugbyspelers hulself vir soveel jare voorberei het, nou begin het.[353] Rugby se noodsaak aan dissipline, klem op sterk manlikheid en die uiteraard fisiese aard daarvan het beteken dat daar sedert die vroegste tye vergelykings tussen die spel en oorlog getref is. Boonop, en veral in Brittanje, is rugby ook beskou as ’n draer van die imperiale

[353] T. Collins: *The Oval World: A Global History of Rugby*, p. 215.

veldtog en ideale wat met die oorlog van 1914-1918 onder skoot gekom het.[354] Dit is dus vanselfsprekend dat talle rugbyspelers en -beheerliggame van regoor die Britse Ryk op die wapenkreet geantwoord het. Die vraag ontstaan hoe die SARFB homself teenoor die Eerste Wêreldoorlog geposisioneer het.

Om die SARFB se reaksie op die Eerste Wêreldoorlog te begryp, is dit nodig om te kyk na hoe gelyksoortige liggame elders in die wêreld opgetree het. In besonder was daar die Engelse RFU wat geglo het dat rugby ’n hoër morele doel het as ’n blote spel vir ontspanning. Dié organisasie het die mening gehuldig dat rugby jong mans moes voorberei om leiers van die Britse Ryk te word en om die meerderwaardigheid van die Anglo-Saksiese ras in oorlog en vrede te demonstreer.[355] Toe oorlog in die noordelike halfrond se somer van 1914 uitbreek, het hiérdie roeping vir die RFU ’n realiteit geword. Alhoewel daar aanvanklik aan klubs en unies gesê is om so ver moontlik met die seisoen te volhard, het die erns en omvang van die broeiende konflik dit gou tuisgebring dat rugby in Engeland nie soos normaal kon voortgaan nie.

Op 4 September 1914 het die RFU alle klub-, graafskap- en internasionale wedstryde amptelik afgelas en daar is ’n beroep op alle Engelse rugbyspelers tussen die ouderdomme van 19 en 35 gedoen om by die Britse gewapende magte aan te sluit. Die RFU het selfs die vorming van ’n eksklusiewe rugbyspelers-bataljon voorgestel, maar die Britse Ministerie van Oorlog het dit afgekeur. Sommige individue in die RFU, soos die sekretaris C.J.B. Marriot, het ’n aktiewe werwingsrol gespeel deur te vra dat vrywilliges hul besonderhede na hom persoonlik moes aanstuur. Ander soos Edgar Mobbs het deur voorbeeld gelei. Mobbs het sélf by die gewapende magte aangesluit en binne drie dae meer as 250 mans gewerf om die Seventh Batallion of the Northamptonshire Regiment te vorm.[356]

Die rugby beheerliggame van die drie ander tuisunies het bykans eenders gereageer. Frank Browning, president van die Irish Rugby Football Union (IRFU), het daarin geslaag om ’n sogenaamde ‘Pal’s Battallion’, bestaande uit slegs rugbyspelers, op die been te bring. In Skotland het meer as 600 rugbyspelers in die eerste twee maande van die oorlog by die gewapende magte aangesluit, en die oorblywendes is gemaan “to promptly offer their services to some branch of His Majesty’s Forces.”[357] Die Welsh Rugby Union (WRU) het ’n emosionele beroep op sy spelers gedoen.

---

[354] T. Collins: *A Social History of English Rugby Union*, pp. 49-51.
[355] *Ibid*., p. 49.
[356] *Ibid*., pp. 51-54.
[357] T. Collins: *The Oval World: A Global History of Rugby*, p. 216.

> Welshmen have the reputation for not being wanting either in pluck or patriotism. We therefore appeal with confidence to all Welsh rugby football players, untrammelled by imperative domestic ties, not to allow any selfish reason to prevent them from answering the urgent call of their King and Country.[358]

In Australië het dieselfde tendens herhaal. In April 1915 het die NSWRU alle klubrugby opgeskort en sy gewig agter die werwingsproses gegooi. Sy president, H.Y. Braddon, was terselfdertyd ook die voorsitter van die Sportsman's Recruiting Committee, wat sekerlik bygedra het tot die feit dat rofweg die helfte van diegene wat by die Sportsman's Battallion aangesluit het, rugbyspelers was. Verder het die NSWRU selfs sy eie drilafdeling en skietvereniging op die been gebring om aan lede militêre opleiding te gee voordat hulle by die gewapende magte sou aansluit.[359]

Die wyse waarop rugby owerhede in Brittanje op die dood van hul spelers gereageer het, is ook belangrik. Tydens, maar veral ook na afloop van die oorlog, is gestorwe spelers met 'n vurige trots vereer. Die RFU se president Arthur Hartley het gesê dat "we are proud of the race that give us Rugby football at its best, and we would hold to the fine traditions now handed down to us by the fallen".[360] Bob Oakes, 'n toekomstige RFU-president, het dieselfde sentiment verwoord: "We now know how splendidly the Rugby footballer, in common with every British soldier, fought – aye, and how macnificently he died!"[361] Tony Collins skryf hoe die RFU 'n retoriek ingespan het wat die dood verheerlik en daar só bygedra is tot 'n sogenaamde *cult of the fallen soldier*:

> the continuous recital of rugby union players who had been killed in combat became a source of pride and it became an accepted truth within the game that it had lost a higher proportion of its players than any other sport.[362]

Dit blyk dus dat die nasionale rugbybeheerliggame in die Britse Ryk se reaksie op die Eerste Wêreldoorlog min of meer dieselfde was. Binne enkele maande ná die uitbreek van die konflik is seisoene amptelik opgeskort, waarop verskeie werwingspogings gevolg het en allerlei beroepe op rugbyspelers gedoen is om by die gewapende magte aan te sluit. Die rugbyspelers wat tydens die oorlog die hoogste prys betaal het, is ook wyd met trots vereer. Die RFU het die

---

358 T. Collins: *The Oval World: A Global History of Rugby*, p. 216.
359 *Ibid*., p. 217.
360 T. Collins: *A Social History of English Rugby Union*, p. 62.
361 *Ibid*.
362 *Ibid*., pp. 61-62.

voortou geneem in die skep van ’n militaristies-patriotiese ideologie,[363] en die beheerliggame van rugby in Ierland, Skotland, Wallis en Australië het elk op hul eie manier, en in hul spesifieke konteks, gevolg. Het hierdie tendens in Suid-Afrika herhaal?

In vergelyking met sy eweknieë het die SARFB ’n beduidende gebrek aan reaksie op die Eerste Wêreldoorlog gehad. Die Raad se sterk Engelse karakter en sy onderdanigheid aan die RFU skep die verwagting dat die voorbeeld van sy moederliggaam gevolg sou word, maar dit was nie die geval nie. ’n Ontleding van die Raad se reaksie spreek van ’n organisasie binne ’n baie spesifieke sosio-politieke konteks.

Die SARFB het nie die Suid-Afrikaanse rugbyseisoen weens die oorlog amptelik gekanselleer nie. Die besluit om seisoene te staak is eerder op provinsiale vlak deur die onderskeie unies geneem. In sy boek oor die geskiedenis van die WPRFU skryf A.C. Parker dat dié unie hul seisoene van 1915 tot 1918 gekanselleer het. Die unie het deur die loop van die oorlog steeds vergader, maar die enigste rugby wat in hierdie tyd in die Westelike Provinsie gespeel is, was die wedstryde in militêre kampe in en om die Kaap.[364] Die unie van die Oostelike Provinsie het meer drasties opgetree. Op 28 Maart 1916 het die EPRFU sy grondwet opgeskort, wat impliseer dat geen rugby op klubvlak in dié streek na hierdie datum gespeel is nie. Die unie het vir die eerste maal ná die oorlog eers op 6 April 1919 vergader.[365] Suid-Afrikaanse rugbyseisoene tydens die Eerste Wêreldoorlog het organies op provinsiale vlak tot stilstand gekom eerder as wat dit ’n nasionale direktief was.

Dit blyk ook dat die Raad aanvanklik skugter was om hoegenaamd na die oorlog te verwys. Die eerste paar maal dat die rekords van die konflik praat, is dit terloopse verwysings – hoe die 1914 Curriebeker-toernooi as ’n finansiële sukses gereken kan word ondanks die oorlogsverklaring;[366] hoe daar geen haas was om ’n nuwe verteenwoordiger op die RFU aan te wys nie “owing to the European War”;[367] en hoe “[in] the ordinary course of events the Board’s tournament would have taken place this year [1916], but under the existing cicumstances it will naturally be abandoned.”[368] Dit is dan vanselfsprekend dat die Raad wat só gereageer het ook geen pogings aangewend het om Suid-Afrikaanse rugbyspelers vir die oorlogspoging te werf nie.

[363] T. Collins: *A Social History of English Rugby Union*, p. 50.
[364] A.C. Parker: *WP Rugby Centenary, 1883-1983*, pp. 31-32.
[365] W. Muller: *’n Eeu van OP Rugby, 1888-1988*, p. 16.
[366] SARFB Annual Report 1914. SARRA, I, 2.
[367] SARFB minutes, 18 June 1915. SARRA, I, 2.
[368] SARFB Annual Report 1915. SARRA, I, 2.

Die SARFB se Engelse karakter en imperiale verbintenis het egter plek-plek deurgeskemer. Dít was in die manier waarop die Raad verwys het na Suid-Afrikaanse rugbyspelers op aktiewe diens en dié wat gesterf het. In die Raad se jaarverslag van 1915 staan geskryf:

> It is with much satisfaction that your Executive records the fact that every union affiliated to this Board has contributed a large number of recruits to the regiments which have been raised in South Africa for service overseas and in various parts of Africa while a very considerable number of Rugby players have also proceeded to England and enlisted there.[369]

Die bostaande uittreksel, alhoewel dit die Raad se "satisfaction" uitspreek, is hoegenaamd nie so aandoenlik soos byvoorbeeld die RFU se uitsprake oor húl rugbyspeler-soldate nie. Die naaste wat die SARFB daaraan gekom het om die RFU se sentimente oor die oorlog te eggo, was Jack Heyneman se openingstoespraak van die 1917 algemene jaarvergadering.

> The Chairman said that of course they were well aware that very little had been done in so far as the activities of the Unions were concerned throughout the country during the past year, for the very potent reason that owing to the war conditions matches were practically confined to schools... There was really very little to discuss except that they all felt that Rugby Football, played as it is under the Rugby Union, had proved a great recruiting field in these times of stress, and when one realised that right from the very beginning of the present great struggle sportsmen had come forward in large numbers to do their duty to their country, one had reason to be proud of the part taken by footballers. He mentioned the names of some of the players on active service, and concluded by expressing the hope that the various unions would make it their business to impress upon their members, the youth of the country, their duty in the present struggle and the necessity of doing their duty to the country.[370]

Dit is veelseggend hoe die Raad hier die werwingstaak van soldate aan sy unies oordra en nie soos soortgelyke liggame elders in die Britse Ryk gedoen het, sélf die taak opneem nie. Ofskoon daar na rugbyspelers se "duty to the country" verwys word, is dié uitspraak nie naastenby so eksplisiet militaristies-patrioties soos RFU se retoriek nie.

Die SARFB het homself, vergeleke met sy eweknieë, op 'n unieke wyse teenoor die Eerste Wêreldoorlog geposisioneer. Daar was 'n aanvanklik gebrek aan 'n reaksie met terloopse verwysings na die oorlog, en die kansellasie van rugbyseisoene is aan die provinsiale unies oorgelaat. Die Raad het ook geen pogings aangewend om spelers vir die gewapende magte te help werf nie, maar eerder die taak aan sy unies opgelê. Verder was die Raad se verwysings na

---

[369] SARFB Annual Report 1915. SARRA, I, 2.
[370] SARFB minutes, 30 March 1917. SARRA, I, 2.

spelers op aktiewe diens, en die herinnering aan hul patriotiese plig, betreklik beteuel. Die vraag moet dan gevra word hoekom die SARFB hierdie spesifieke houding teenoor die oorlog ingeneem het en homself nie so lewendig soos byvoorbeeld die RFU of NSWRU daarmee bemoei het nie.

Die antwoord hierop is tweeledig en dit lê opgesluit in Suid-Afrika se unieke sosio-politieke konteks van die tyd. Die Eerste Wêreldoorlog was aanvanklik 'n Europese konflik, wat beteken het dat Brittanje dit as 'n groter en meer indringende bedreiging ervaar het as wat die geval in Suid-Afrika was. Die Engelse RFU het homself dus 'n groter en meer aktiewe rol in die oorlogspoging opgelê as wat van die SARFB nodig was. Die RFU het homself ook as die beskermheer en leier van die sport beskou, en was daarom genoop om 'n leidende rol te speel. Hierteenoor is rugby in Suid-Afrika en die belangrikheid van die nasionale beheerligaam in 'n minder ernstige lig beskou. In Brittanje is daar allerhande hoër imperiale waardes en funksies aan die spel toegeskryf, maar nie noodwendig in Suid-Afrika nie. Waar dit vir die RFU noodsaaklik was om 'n militaristies-patriotiese benadering tot die oorlog te volg, is dieselfde nie van die SARFB verwag nie.

Die tweede rede vir die Raad se relatief gedempte reaksie op die oorlog was waarskynlik meer bepalend. In Augustus 1914 het Brittanje die Suid-Afrikaanse regering gevra om die Duitse kolonie Duits-Suidwes-Afrika aan te val. Eerste Minister Louis Botha en Generaal Jan Smuts het hierop ingestem. Die besluit om die Unie Verdedigingsmagte in te span téén Duitsland, wat tydens die Anglo-Boereoorlog simpatiek teenoor die Boere se saak gestaan het, het 'n rebellie onder Afrikaners ontketen. Die rebellie was hoofsaaklik beperk tot dele van die Vrystaat, Transvaal en Noord-Kaap, en die grootste gros van die sowat 12 000 Afrikaners wat wapens teen hul eie regering opgeneem het, was bywoners en ander sogenaamde armblankes wat grootliks deur hul ekonomiese toestande daartoe gedryf is.[371] Teen Februarie 1915, na verskeie skermutselings tussen rebelle en regeringstroepe, is die opstand finaal die nekslag toegedien. Ondanks die rebellie se kortstondigheid het dit groot verdeeldheid tussen Engelssprekendes en Afrikaners gesaai, asook onder Afrikaners self. Die rebellie het daarin gefaal om die voormalige Boererepublieke se onafhanklikheid te herstel, maar dit het nietemin die Suid-Afrikaanse samelewing in 'n polities-plofbare situasie geplaas. Vir Suid-Afrika het die res van die Eerste Wêreldoorlog, sowel as die parlementêre verkiesing van 1915 waarin die

[371] S. Swart: "'Desperate Men': The 1914 Rebellion and the Politics of Poverty", pp. 161-175.

nuutgestigde Nasionale Party die regerende koalisie ’n groot knou gegee het, in die skadu van die 1914-1915 Rebellie plaasgevind.[372]

Die SARFB se posisionering teenoor die Eerste Wêreldoorlog moet dan ook teen die agtergrond van die Rebellie gelees word. Weens die aard van die organisasie en profiel van die indiwidue wat daarop gesit het, was die Raad deeglik bewus van die delikate politieke konteks in die land teen die einde van 1914. Daar is waarskynlik gereken dat uitsprake oor die oorlog, en veral die aktiewe werwing van rugbyspelers vir die Suid-Afrikaanse oorlogspoging aan die kant van Brittanje, net tot verdere verdeeldheid in die land sou lei. Verder het die Raad dit ook vermag om sedert 1906 Afrikaners en Engelssprekendes suksesvol onder die Springbok te herenig, ofskoon dit slegs ’n simboliese samesmelting was. Met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog en daaropvolgende rebellie wou die Raad sekerlik nie sy werk van die verlede ongedaan maak deur homself met die Britse oorlogspoging te vereenselwig nie. Die SARFB het kennelik besluit om homself nie aktief in die prekêre politiek van die dag te begewe nie.

Dit is opmerklik dat die Raad eers teen die einde van 1916 – die jaar waarin die laaste Afrikaner-rebelle uit die tronk vrygelaat is – weer sy Engelse karakter ontbloot het. Met die aanteken van die afsterwe van Jacky Morkel en Gerald Thompson, twee voormalige Springbokke wat in die oorlog dood is, is daar genoem hoedat “[it] is, however, a great solace to know that both died in the service of their King and Country.”[373] Dit was eers op hierdie tydstip vir die Raad weer veilig om só stelling te waag.

Vir die duur van die oorlog het die Raad vanselfsprekend nie so gereeld soos tevore vergader nie. Ontmoetings was beperk tot algemene jaarvergaderings en enkele spesiale vergaderings waar daar aan plaaslike administratiewe kwessies aandag geskenk is. Die belangrikste hiervan was die verkiesing van Jack Heyneman as SARFB president in Maart 1915, die begin van ’n gesprek oor moontlike veranderinge aan die formaat van die Curriebeker-toernooi, en die stigting van die South African Rugby Referees’ Society.

Die idee van ’n skeidsregtersvereniging is vir die eerste maal in Mei 1914 geopper, en nadat die SARFB die kwessie herhaaldelik uitgestel het, is die South African Rugby Referees’ Society eindelik op 18 Junie 1915 in die lewe geroep.[374] Dié liggaam se doel was om eenvormigheid in die interpretasie en toepassing van rugbyreëls in die land te bewerkstellig,

---

[372] H. Giliomee: *Die Afrikaners*, pp. 330-335.
[373] SARFB Annual Report 1916. SARRA, I, 2.
[374] SARFB minutes, 18 June 1915. SARRA, I, 2.

om kennis oor die spelreëls onder skeidsregters te verbeter en te versprei, sowel as om wedersydse erkenning van skeidsregters van die verskillende sodanige verenigings in die land te verseker. Weens die gebrek aan rugby in Suid-Afrika vanaf 1915 was die skeidsregtersvereniging onaktief, en met die hervat van rugby ná die oorlog was die vereniging tydelik vergete. In 1923 is daar ’n reëlskomitee binne die SARFB gestig, maar dit kon steeds nie teenstrydige interpretasies van die reëls voorkom nie. Met die besoek van die 1924 Britse span op hande is daar besluit om ’n rugbyskeidsregterskonferensie in Mei 1924 in Bloemfontein te hou. Dié konferensie het eenparig besluit om die skeidsregtersvereniging te laat herleef, maar die SARFB het sy voete gesleep om die grondwet goed te keur. Nadat die Britse toer die gebreke onder Suid-Afrikaanse skeidsregters en hul interpretasies van die reëls blootgelê het, het die Raad uiteindelik op 11 Desember 1924 die South African Rugby Referees’ Society laat herleef. Só het dit die skeidsregtersvereniging rofweg tien jaar sedert stigting geneem om ’n aktiewe organisasie te word.[375]

Die Eerste Wêreldoorlog was ’n belangrike tydperk in die geskiedenis van die SARFB. Enersyds moes die organisasie versigtig wees om homself nie op welke wyse ookal té eksplisiet by die Britse oorlogspoging te skaar nie. Indien die Raad dit wél gedoen het, kon hy homself groot skade berokken gegewe die prekêre Suid-Afrikaanse politieke konteks van die tyd. Andersyds wil dit blyk dat die oorlog ’n einde gebring het aan die spanning wat daar in die jare voor 1914 tussen die SARFB en die RFU aan die oplaai was. Die gedeelde opofferings en oorwinning in die oorlog het die imperiale bande tussen die twee unies weer styf getrek.

### 1919: Inter Services Tournament en die eerste Nieu-Seelandse besoekers

Toe die Eerste Wêreldoorlog in 1918 ten einde loop, was daar honderde duisende troepe van regoor die Britse Ryk in Brittanje gestasioneer wat op ontslag gewag het. Baie van hulle was rugbyspelers, en sommiges selfs volle internastionale spelers. Die Britse Ministerie van Oorlog het ’n geleentheid gesien om nie net die oorwinning in die oorlog te vier nie, maar ook om te kapitaliseer op die gewildheid van oorlogtydse rugby in Engeland.[376] Die Army Rugby Union

[375] J.A.M. Hoefnagels: “A History of the South African Rugby Referees’ Society, 1914-1981”, pp. 11-24.

[376] Ondanks die formele kansellasie van rugby deur die RFU in 1914, het die sport vroeg in 1915 herverskyn in die vorm van gereelde wedstryde tussen weermagspanne in die suide van Engeland. Hierdie wedstryde was baie gewild onder die publiek en skares van so groot as 8000 mense het na stadions opgeruk. Namate al hoe meer rugbyspelers van die sogenaamde ‘wit dominiums’ – Australië, Nieu-Seeland, Suid-Afrika en Kanada – as soldate na Brittanje gekom het, het die kwaliteit van die spel ook verbeter. Gevolglik het rugby in Engeland

het gevolglik op 13 Januarie 1918 besluit dat 'n sogenaamde Inter Services Tournament gespeel moes word tussen spanne van Australië, Nieu-Seeland, Suid-Afrika, Kanada, die Royal Air Force (RAF) en die Britse gewapende magte wat as Mother Country sou bekendstaan.[377] Alhoewel die SARFB geensins by die toernooi betrokke sou wees nie, is 'n blik daarop nogtans noodsaaklik omdat die simboliese resultate van die toernooi die Raad se internasionale betrekkinge oor die volgende twee dekades sou bepaal.

Die 1919 Inter Services Tournament het 'n eksplisiete politieke doelwit gehad om imperiale sentimente te bevorder en versterk. 'n Kommentator het dit in die Britse koerant *The Times* saamgevat:

> It is a most practical means of continuing and strengthening the bonds of interest between us and our relations scattered over the world. War has brought all parts of the Empire closer... and the strongest of ties is the common interest in British games.[378]

Dit is ook veelseggend dat Frankryk nie vir die toernooi genooi is nie. Alhoewel dié land in 1910 deel geword het van die Vyf Nasies Kampioenskap saam die vier Britse unies, skryf Collins hoe die Franse nie welkom was by hierdie "private imperial party" nie – dié toernooi was uitsluitlik daarop gemik om inter-imperiale verhoudinge te versterk.[379]

Ter voorbereiding het Suid-Afrikaanse spelers enkele proefwedstryde gespeel, waarna verteenwoordigers van die Army Rugby Union die finale span gekies het.[380] Dié groep het enkele vername spelers ingesluit, waaronder Boy Morkel en Frank Mellish, maar die span is deur die media beskryf as nie veel beter as 'n gemiddelde klubspan nie. Die toernooi het op 1 Maart 1919 afgeskop en al ses spanne het oor die volgende ses weke op velde regoor Engeland teen mekaar gespeel. Nieu-Seeland en Mother Country het gelyk bo-aan die punteleer geëindig, en in die uitspeelstryd tussen die twee het die Nieu-Seelanders met 9 punte teenoor 3 geseëvier op 'n stampvol Twickenham wat hul Eerste Minister William Massey ingesluit het.[381]

---

tydens die Eerste Wêreldoorlog as't ware 'n goue era beleef. Sien byvoorbeeld: T. Collins: *A Social History of English Rugby Union*, pp. 51-58; T. Collins: *The Oval World: A Global History of Rugby*, pp. 218-222; T. Collins: "The 1919 King's Cup: Rugby Union's First 'World Cup'?". Beskikbaar by: http://www.tony-collins.org/rugbyreloaded/2015/6/2/the-1919-kings-cup-rugby-unions-first-world-cup (Besoek op 1 April 2020.)

377 World Rugby Museum: "Up for the Cup, 1919". Beskikbaar by: https://worldrugbymuseum.blog/2019/01/21/up-for-the-cup-1919/ (Besoek op 1 April 2020.)

378 T. Collins: *The Oval World: A Global History of Rugby*, p. 230.

379 T. Collins: "The 1919 King's Cup: Rugby Union's First 'World Cup'?". Beskikbaar by: http://www.tony-collins.org/rugbyreloaded/2015/6/2/the-1919-kings-cup-rugby-unions-first-world-cup (Besoek op 1 April 2020.)

380 World Rugby Museum: "Up for the Cup, 1919". Beskikbaar by: https://worldrugbymuseum.blog/2019/01/21/up-for-the-cup-1919/ (Besoek op 1 April 2020.)

381 T. Collins: "The 1919 King's Cup: Rugby Union's First 'World Cup'?". Beskikbaar by: http://www.tony-collins.org/rugbyreloaded/2015/6/2/the-1919-kings-cup-rugby-unions-first-world-cup (Besoek op 1 April 2020.)

Frankryk was egter vasberade om deel van die toernooi te wees, en drie dae ná die finaal het ’n Franse weermagspan ’n uitdaag-wedstryd teen die toernooi-wenners Nieu-Seeland gespeel. Voor die afskop het Koning George V die King’s Cup aan die Nieu-Seelandse weermagspan oorhandig, waarna hulle die Franse gemaklik 20-3 geklop het. Omdat die Britse Koning en sy vier seuns, die hoof van die Imperial General Staff Sir Henry Wilson, asook die Nieu-Seelandse Hoë Kommissaris Sir Thomas Mackenzie almal op die pawiljoene gesit het, is dié wedstryd as ’n groter imperiale feesviering as die toernooi se finaal beskou.[382]

Die 1919 Inter Services Tournament het twee belangrike simboliese resultate opgelewer. Enersyds het dit rugby se reputasie as die voorste wintersport in die Britse Ryk beklemtoon. Geen ander van die Britse sportsoorte kon dit vermag om die ondersteuning van koninklikes, politici en die opperbevel van die gewapende magte op só ’n praktiese vlak te wen nie. Dít het tweedens beteken dat die RFU se status as die leier van die sport – die spil waarom internasionale rugby draai – bevestig en benadruk is. Die Engelse beheerliggaam het homself op noue wyse by die groter Britse oorlogspoging geskaar. Veral sy pogings om rugbyspelers vir die gewapende magte te help werf en die groot getal Engelse internasionale spelers wat tydens die oorlog omgekom het, het aan die organisasie ’n groot mate van selfvertroue gegee. Die RFU het gevolglik, ofskoon in sy eie opinie, die morele hoëgrond beklee. Gegewe die feit dat hy effektief ook die IRFB regeer het, was die RFU teen 1919 onteenseglik die hoogste gesag in wêreldrugby.[383]

Hierdie status sou oor die volgende dekade of so telkens onder skoot kom soos die beheerliggame van rugby in Nieu-Seeland, Australië en Suid-Afrika pogings aangewend het om selfverteenwoordiging op die IRFB of ’n imperiale liggaam van ’n aard te verkry. Die grondslag van hierdie samewerking in die suidelike halfrond is deels gelê met die besoek van die Nieu-Seelandse weermagspan na Suid-Afrika in 1919. Hierdie toer het ’n belangrike verhouding en ’n vername wedywering tussen dié twee lande tot stand gebring.

Toe die SARFB op 28 Maart 1919 vir sy algemene jaarvergadering ontmoet, het twee briewe voor die Raad gelê. Die eerste was van die NSWRU wat aangevoer het dat die tyd nou geleë is om onderhandelings oor ’n Suid-Afrikaanse toer na Australië te begin. Die Australiërs was na meer as ’n dekade se versoeke byna desperaat om die Springbokke te ontvang, en die Raad se jongste repliek het sekerlik verdere teleurstelling veroorsaak. Die Raad het drie redes

---

[382] T. Collins: “The 1919 King’s Cup: Rugby Union’s First ‘World Cup’?”. Beskikbaar by: http://www.tony-collins.org/rugbyreloaded/2015/6/2/the-1919-kings-cup-rugby-unions-first-world-cup (Besoek op 1 April 2020.)
[383] *Ibid.*

aangevoer vir sy afkeur van die voorstel, naamlik dat ’n Australiese toer na Suid-Afrika verkieslik is, dat hier eers ’n Curriebeker-toernooi gespeel moes word voor aandag aan ’n internasionale besoek gegee kon word, en dat die Raad voorkeur aan Nieu-Seeland sou gee indien ’n oorsese toer sou realiseer.[384] Met sulke uiteenlopende redes wil dit amper voorkom asof die Raad die Australiërs afgejak het.

Die ander brief het van die Transvaalse unie gekom. Die TRFU het voorgestel dat weermagspanne van Australië en Nieu-Seeland op hul terugreis in Suid-Afrika vir ’n reeks wedstryde aandoen. Anders as wat die bestaande historiografie dit stel, was die Transvalers se motivering nie slegs om rugby in Suid-Afrika ná die oorlog te hervat nie.

> It is unecessary to tell you what a tremendous impetus such a visit would give in the revival of the game in this country and how necessary it is for unions such as ours to arrange for some great attraction to place our business side of our work on a good footing.[385]

Finansies was weereens ’n dryfveer agter ’n internasionale onderneming. Die Raad het met ’n groot meerderheid vír die Transvaalse voorstel gestem en, soos dit ’n tendens in die Raad oor die komende jare sou word, is ’n sub-komitee van vyf aangestel wat die administrasie van die toer sou hanteer. Daar is vervolgens kontak gemaak met die Raad se voormalige president William Schreiner, wat nou Suid-Afrika se Hoë Kommissaris in Londen was, om onderhandelings aan daardie te kant te begin. Op 19 Mei het Schreiner gereageer met die goeie nuus dat ’n Nieu-Seelandse weermagspan van 29 spelers tot ’n ses week lange rugbytoer van Suid-Afrika ingestem het.[386] Vroeg in Junie het die Raad weer vergader om verdere kommunikasie van Schreiner te bespreek en praktiese reëlings vir die toer te finaliseer, en dit is op hierdie vergadering dat ’n vername besluit ten opsigte van ras gemaak is. Die SARFB se hantering van die sogenaamde Maori-kwessie word later in hierdie hoofstuk in meer detail bespreek.

Toe die Nieu-Seelandse weermagspan op 17 Julie 1919 in die Kaap arriveer, was dit sonder hul twee Maori-sterspelers Ranji Wilson en Parekura Tureia. Oor die volgende ses weke het die span 15 wedstryde gespeel waarvan hulle 11 gewen het, drie verloor en in een gelykop gespeel het. Die Nieu-Seelanders het nie teen ’n verteenwoordigende Springbokspan gespeel nie, maar die toer was nogtans ’n groot sukses. Op die speelveld het Suid-Afrikaanse spanne

---

[384] SARFB minutes, 28 March 1919. SARRA, I, 2.
[385] *Ibid.*
[386] SARFB minutes, 2 June 1919. SARRA, I, 2.

baie by die spel van die Nieu-Seelanders geleer,[387] en in die raadsale is skaflike winste aangeteken. Die SARFB het net meer as £580 gemaak,[388] en Percy Day wat die Nieu-Seelandse spanbestuurder was, het later geskryf hoe die unies wat wedstryde aangebied het ook finansieel by die toer gebaat het, "some to a considerable extent."[389] Groot skares het dus na wedstryde gaan kyk – die wedstryd teen die Westelike Provinsie  het sowat 22 000 mense na Nuweland gelok – en in die proses is 'n groot aptyt vir internasionale kragmetings tussen die Springbokke en All Blacks gekweek.[390] Die burgemeester van Kaapstad het dié sentiment verwoord toe hy gesê het dat "when South Africa and New Zealand meet in an international game, it will be the greatest day in the history of rugby football."[391]

Dit was duidelik dat 'n spesiale wedywering tussen die twee lande ontstaan het. Belangriker egter is die ontstaan van 'n verhouding tussen die SARFB en Nieu-Seelandse rugby. Tot vóór die besoek van Nieu-Seelandse weermagspan in 1919 was die SARFB se enigste vername internasionale verhouding dié met die RFU. Dit was 'n streng paternalistiese verhouding waarin die Suid-Afrikaanse Raad deurgaans lojaal en onderdanig teenoor sy moederliggaam in Londen gestaan het, ten spyte daarvan dat die Springbokspan sake teen Britse spanne op die speelveld gedomineer het. Toe daar uiteindelik in 1919 teen Nieu-Seelanders gespeel is, is daar stellig 'n verhouding tussen twee betreklike gelykes gebore. Collins voer aan dat die verhouding en wedywering wat tussen die twee lande op die rugbyveld ontstaan het, ook aan breër faktore toegeskryf kan word. Beide was relatiewe jong nasies in die Britse Ryk wat hul eie waarde deels aan hul verhouding met die Moederland gemeet het, en as gevolg van die sukses wat die 1905 All Blacks en 1906-1907 Springbokke in Brittanje behaal het, was rugby ook deel van beide lande se kulturele weefsel.[392] Hierdie ontluikende verhouding sou in die komende jare lei tot samewerking tussen die SARFB en NZRFU in pogings om selfverteenwoordiging op die IRFB of 'n imperiale rugbybeheerliggaam te verkry. Beide wou op gelyke voet sáám die Britse tuisunies die spel oor die wêreld heen bestuur.

---

[387] F.J.G. van der Merwe: "Race and South African Rugby: A Review of the 1919 'All Black' Tour", pp. 164-166; T. Collins: *The Oval World: A Global History of Rugby*, pp. 232-233.
[388] SARFB Annual Report 1919. SARRA, I, 2.
[389] P.W. Day: "New Zealand Imperial Services Team in South Africa, 1919", in I. Difford (ed.): *History of South African Rugby Football*, p. 325.
[390] P. Dobson: *Rugby in South Africa: A History, 1861-1988*, p. 67.
[391] T. Collins: *The Oval World: A Global History of Rugby*, p. 231.
[392] T. Collins: "Springboks versus All Blacks – Rivalry, Racism and Ranji Wilson". Beskikbaar by: https://soundcloud.com/user-523674328/71-springboks-versus-all-blacks-rivalry-racism-and-ranji-wilson (Besoek op 3 April 2020.)

**Die suidelike halfrond se stryd om selfverteenwoordiging**

In die jare tussen die twee Wêreldoorloë het die Britse regering ses sogenaamde Imperial Conferences gehou. Dit was daarop gemik om imperiale eenheid binne die Britse Ryk te bevorder, maar dit het mettertyd 'n platform vir die dominiums geword waar daar vir groter onafhanklik bearbei is, wat weldra aan hulle toegestaan is. Hierdie verwikkelinge in die breër imperiale politiek het ook deels na die rugbypolitiek uitgekring. Die nasionale beheerliggame van die sport in Suid-Afrika, Nieu-Seeland en Australië het in die 1920's en 1930's verskeie pogings aangewend om groter gelykheid te bekom in die vorm van selfverteenwoordiging op die IRFB of 'n imperiale liggaam van so 'n aard.[393] Die doel was nie slegs om 'n sê te hê in die administrasie van wêreldrugby nie, maar uiteraard ook om die erkenning te kry waartoe hulle as rugbymoondhede gevoel het hulle op geregtig is.

Met die hervatting van rugby wêreldwyd ná die oorlog het die SARFB, NZRFU en NSWRU steeds geen aanspraak in die beheer van die spel gehad nie. Al drie liggame was aan die RFU geaffilieer en hul status was gelyk aan dié van enige Engelse klub wat ook aan die RFU geaffilieer was. Met verloop van tyd het die gevoel in dié lande ontstaan dat hul nasionale rugby beheerliggame ook 'n aandeel in die bestuur van die spel moes hê. Waar het hierdie behoefte aan meer beheer vandaan gekom?

Eerstens het professionele rugby-liga in die eerste twee dekades van die twintigste eeu groot opgang in Australië en Nieu-Seeland gemaak. Rugby-liga was in die algemeen 'n oop en vinnige spel, dus aantreklik vir toeskouers, en dit het gevolglik die toekoms van amateurrugby in dié lande bedreig. Die NZRFU en NSWRU het gevoel dat 'n groter aandeel in die internasionale bestuur van die spel hulle die geleentheid sou bied om spelreëls te kon verander om só die gewildheid van rugby-liga teë te werk. Rugby-liga is nie tot die vyftigerjare in Suid-Afrika gespeel nie, so amateurrugby hier het nie dieselfde bedreiging gehad nie. Waar die SARFB met verloop van tyd dit wél met die Nieu-Seelanders en Australiërs eens was, was in die kwessie van die gehalte van rugby in die suidelike halfrond. In die jare ná die Eerste Wêreldoorlog was rugby in dié drie lande van só 'n hoë gehalte dat die SARFB, NZRFU en NSWRU op selfverteenwoordiging op die IRFB geregtig gevoel het. Die sukses wat die All

393 Vir 'n bespreking van die verhouding wat die Nieu-Seelandse en Australiese rugbybeheerliggame onderskeidelik met die RFU in die tussenoorlogse tydperk gehad het, sien: G. Ryan: "A Tale of Two Dinners: New Zealand Rugby and the Embrace of Empire, 1919-32", *International Journal of the History of Sport* 28(10), 2011, pp. 1409-1425; T. Collins: "The Tyranny of Deference: Anglo-Australian Relations and Rugby Union before World War II", *Sport in History* 29(3), 2009, pp. 437-456.

Blacks in 1905-1906, die Springbokke in 1906-1907 en die Wallabies in 1908-1909 in Brittanje behaal het, het dié sentiment onderskraag. Hul argument ten gunste van ’n groter aandeel in beheer van die spel is derdens ook aangevuur deur die gesamentlike pogings en opofferings van die dominiums tydens die oorlog.[394] Jack Heyneman het dit skerp saamgevat toe hy in 1919 gesê het dat “if a man was good enough to fight with, he was good enough to play with.”[395] Anders as die Britse regering, was die RFU egter nog nie gereed om sy beheer prys te gee nie.

In Maart 1920 het die eerste poging gekom om die status van suidelike halfrond nasies te verhef. Die NZRFU en NSWRU het ’n gesamentlike voorstel aan die IRFB gemaak om 13 spelreëls te verander en om die streng amateurwette van rugby ietwat te verslap. Hulle het ook die RFU, wat effektief die IRFB beheer het, gedruk om aan hulle selfverteenwoordiging op die internasionale raad te gee. Die saak is na die IRFB verwys en daar is al die voorstelle vir reëlveranderinge, behalwe een, van die hand gewys. Die enigste toegewing wat gemaak is, was om die Nieu-Seelanders en Australiërs toe te laat om ’n verbod te plaas op die direkte uitskop van ’n bal van buite die skopper se eie kwartgebied. Op selfverteenwoordiging op die internasionale raad was daar hoegenaamd geen kans nie.[396]

Die NZRFU het met sy voorstelle volgehou. Na verdere druk het die IRFB in 1923 besluit om sy eie Imperial Conference in 1924 te hou. Die SARFB het aanvanklik voorgestel dat die konferensie in Suid-Afrika plaasvind omdat ’n Britse span in daardie jaar hierheen sou toer en die verteenwoordigers van Nieu-Seeland en Australië dan ook nie so ver hoef te reis nie.[397] Die RFU het egter laat weet dat die “International Board had agreed to the suggestion of the Unions in the Dominiums that a Rugby Conference be held, provided that it be held in London.”[398] Met die wysheid van nakennis moes die besluit oor die gasheerstad reeds vir die drie suidelike halfrond beheerliggame ’n aanduiding gewees het van hoeveel toegewings hulle te wagte kon wees.

Op 13 November 1924, sowat ’n maand vóór die konferensie in Londen, het die SARFB vergader om die aangeleentheid te bespreek. Die notules van dié vergadering maak dit duidelik dat die Raad, ondanks enkele teenstrydige opinies, steeds lojaal teenoor die RFU gestaan het en gevolglik ook geen behoefte gehad het om aan die spelreëls te torring óf om die

[394] T. Collins: *A Social History of English Rugby Union*, pp. 169-172.
[395] SARFB minutes, 28 March 1919. SARRA, I, 2.
[396] T. Collins: *A Social History of English Rugby Union*, p. 170.
[397] SARFB minutes, 22 January 1924. SARRA, I, 3.
[398] *Ibid.*

internasionale magsdinamiek van rugby te verander nie. Jack Heyneman het dié sentimente saamgevat toe hy gesê het dat "[he] felt that the game was a British game; if others adopted it and wished to alter it, let them do so in their own homes, but do not let them dictate to the parent body."[399] Die Raad se Britse lojaliteit is verder beaam deur sy opinie dat Frankryk nie na die konferensie genooi moes word nie. Alhoewel daar stemme in die Raad opgegaan het ten gunste van samewerking met die Nieu-Seelandse voorstel van selfverteenwoordiging op die IRFB, het Heyneman s'n die meeste gewig gedra.

> Those suggestions [made by the NZRFU and NSWRU] were absolutely revolutionary... At this Conference now the Home Unions will not have these revolutionary alterations and in a sense the Conference will have no effect, it might on a few minor points, but these revolutionary suggestions had no hope. The four Unions might not even give us a vote and we do not want it. We have supported the English Union as much as any other country. We have two really good men at the conference, and we do not want to upset things – it is not our nature.[400]

Die Raad se twee verteenwoordigers, R. Fitzgerald en V.H. Cartwright, is dus opdrag gegee om nie oor enige saak te stem nie, en die Raad het ook geen items op die agenda van die konferensie geplaas nie – iets waaroor Heyneman gesê het hy nie in die minste jammer was nie. Die agenda het dus slegs bestaan uit die items wat die NZRFU met ondersteuning van die NSWRU aangevoer het. Dit was inderwaarheid 'n herhaling van hul versoeke in 1920. Soos daar tóé nie grootskeepse toegewings gemaak is nie, was die 1924 Imperial Conference ook nie te vinde vir enige noemenswaardige verandering nie.

Die konferensie is geopen deur die voorsitter, George Rowland Hill, wat gestel het dat daar oor geen van die agenda-items gestem sou word nie. Die Nieu-Seelandse verteenwoordigers het dadelik kapsie aangeteken, veral oor die feit dat hul twee voorstelle rakende amateurwette dit nie eens tot op die agenda gemaak het nie. Rowland Hill het hierop geantwoord dat die IRFB eenvoudig nie bespreking oor die saak toelaat nie. Vanuit die staanspoor moes dit vir die Nieu-Seelanders en Australiërs duidelik gewees het dat hul voorstelle nie veel kanse op sukses gehad het nie. In Cartwright se verslag aan die SARFB oor die konferensie skryf hy hoe 'n lang debat ontstaan het oor die kwessie van selfverteenwoordiging op die IRFB. Daar is verduidelik hoe dié liggaam slegs van toepassing was tot interaksie en wedstryde tussen die vier Britse tuisunies, waarna die mosie onttrek is. Interessant genoeg is dit deur die Suid-Afrikaanse verteenwoordiger R. Fitzgerald voorgestel, moontlik in 'n poging om 'n aanvaarbare middeweg

399 SARFB minutes, 13 November 1924. SARRA, I, 3.
400 *Ibid.*

te vind, dat 'n Imperial Rugby Football Advisory Board gestig word, en dat die IRFB alle nodige stappe neem om dit te laat geskied.[401] Hierdie liggaam sou uit die vier Britse unies en die SARFB, NZRFU en NSWRU bestaan, en geen van sy besluite sou bindend wees nie. Dit kon slegs voorstelle aan die IRFB maak. Só het die Imperial Conference van 1924 dan effektief die beheer van wêreldrugby stewig in die hande van die RFU en die IRFB gehou.

Tydens 'n vergadering in Maart 1925, sowat drie maande ná die Imperial Conference, het die IRFB op sy voetspore teruggegaan en besluit dat die voorgestelde Imperial Rugby Football Advisory Board steeds te veel van 'n toegewing was. In stede daarvan sou daar elke drie jaar 'n Imperial Conference in Londen gehou word waar die drie suidelike halfrond unies direkte verteenwoordiging – op hul eie onkoste – kon hê. Die internasionale raad het egter min aan die saak gedoen, want 'n jaar het verloop sonder enige aksie in die verband. Toe die saak in 1926 weer bespreek is, het die RFU voorgestel dat nóg 'n konferensie gehou word om die stigting van 'n Imperial Advisory Board te bespreek.[402] Dit blyk dus dat die RFU, alhoewel hy nie bereid was om sy beheer oor die spel prys te gee nie, ten gunste van klein toegewings was, selfs al was dit net om die drie unies in die suide te paai.

Hierteenoor dui die IRFB se optrede, of gebrek daaraan, dat die unies van Wallis, Skotland en Ierland waarskynlik nóg sterker gevoel het oor die behoud van Britse beheer. Heyneman noem in 'n vergadering in Desember 1925 hoe die Skotte en Iere ook teen Frankryk se insluiting in die konferensie gekant was, en hy haal dan vir J.B. Moore, die Ierse verteenwoordiger in 1924, aan:

> I think it is a game born in the British Isles and it is our game. I do not think any foreigners should interfere with our game in any way. I think the control and making of our games should be in our hands.[403]

In die suidelike halfrond is daar met groot afwagting – en verwagtings – na die 1926 Imperial Conference uitgesien. Die teleurstelling van 1924 het die NZRFU nóg meer vasbeslote in sy najaag van selfverteenwoordiging gemaak. Die SARFB, wat in daardie jaar kennelik nie daarin belangestel het nie, was ná die konferensie se onderneming om 'n Imperial Advisory Board te stig, oorgehaal om vir homself 'n stem in die internasionale bestuur van rugby te beding. In die aanloop na die 1926 konferensie het daar heelwat korrespondensie tussen die betrokke unies plaasgevind, maar veral so vanuit Nieu-Seeland. In Oktober 1925, meer as 'n jaar voor die

---

[401] "Report on Imperial Rugby Conference 1924", 22 December 1924. SARRA, I, 3.
[402] T. Collins: *A Social History of English Rugby Union*, pp. 172-173.
[403] SARFB minutes, 7 December 1925. SARRA, I, 3.

konferensie, het die NZRFU ’n brief aan die unies in Suid-Afrika, Australië en Engeland gestuur waarin hulle hul misnoeë uitgespreek het en hul toekomstige planne en voorstelle vir selfverteenwoordiging uitgestippel het. Die SARFB het ’n spesiale vergadering belê om die skrywe te bespreek, en hier het dit duidelik geword dat die Suid-Afrikaners vir die grootste deel dit met die Nieu-Seelanders eens is. Onder andere is daar gesê hoe “generally the South African view was one of disappointment that the Imperial Advisory Board had been turned down”, en selfs hoe “South Africa was entitled to have some say in the government of the game.”[404] Daar is onderneem om as volg te antwoord:

> This Board expresses its keen disappointment that the International Rugby [Football] Board has decided against the establishment of an Imperial Advisory Board as agreed to at the Imperial Rugby Conference on Dec. 12th 1924. This Board, while not entirely agreeing with the suggestions contained in the letter of the New Zealand Rugby Football Union, and with the decision of the International Board of March 20th, accepts a conference as suggested therein at which it will again press for the establishment of an Imperial Advisory Board.[405]

Die datum van die 1926 Imperial Conference is op 13 November vasgestel, en in die weke in aanloop daartoe het die IRFB sy weersin vir verandering duidelik laat blyk. Op 23 Oktober het R.G. Warren, die IRFB se sekretaris, ’n telegram aan die Raad gestuur waarin hy noem dat “Advisory Board outside scope of invitation not placed on agenda.”[406] Dieselfde boodskap het natuurlik ook die Nieu-Seelandse unie bereik, wat gereageer het deur hul verteenwoordigers opdrag te gee om van die konferensie te onttrek indien ’n gesprek oor die kwessie nie toegelaat sou word nie.[407] Die SARFB se verteenwoordigers was J.C. Carden, die bestuurder van die 1906-1907 Springbokspan, en H.V. Cartwright, die unie se permanente verteenwoordiger op die RFU. Die Raad se boodskap aan hulle was duidelik: “Have cabled to international board in reply to their cable 23rd October; apparently misunderstanding exists re formation Advisory Board which is principle reason for sending our delegates; unless discussion allowed on the question instructing delegates withdraw from conference.”[408] Die tafel vir die konferensie was gedek, met die IRFB aan die een kant weerstandig vir verandering, en die suidelike halfrond unies aan die ander, sterk gemotiveerd om ’n stem vir hulself te wen.

[404] SARFB minutes, 7 December 1925. SARRA, I, 3.
[405] *Ibid.*
[406] IRFB telegram to SARFB, 23 October 1925. SARRA, I, 3.
[407] NZRFU letter to SARFB, 11 November 1926. SARRA, I, 3.
[408] SARFB cable to J.C. Carden, 12 November 1926. SARRA, I, 3.

Tony Collins se beskrywing van die 1924 konferensie as 'n "damp squib" is net soveel van toepassing op die 1926 Imperial Conference, indien selfs nie meer nie.[409] Die Nieu-Seelandse en Australiese unies het 11 voorstelle gemaak vir kleinere veranderinge aan sommige spelreëls, waarvan die meeste herhalings van twee jaar gelede was. Die belangrikste punt was egter die stigting van 'n Imperial Advisory Board wat aan die SARFB, NZRFU en NSWRU 'n mate van sinvolle verteenwoordiging sou gee. Tot die ontnugtering van dié drie unies is al die voorstelle summier buite orde verklaar en glad nie formeel bespreek nie.[410] Soos daar uit Carden se verslag aan die Raad afgelei kan word, is die suidelike halfrond verteenwoordigers slegs toegelaat om hul standpunte oor die stigting die Imperial Advisory Board te lig, waarna dit na die tuisunies vir verdere oorweging verwys is. Afgevaardigdes is ook belet om enigsens met die media oor enige van die konferensie se gesprekspunte te kommunikeer.[411] Waar die Imperial Conference van 1924 teen verandering gekant was, het die 1926 konferensie op bykans diktatoriale wyse die spreekwoordelike lyn in die sand getrek.

Die reaksie in die suidelike halfrond was een van uiterse teleurstelling en frustrasie. Die Nieu-Seelanders, wat die hardste vir selfverteenwoordiging gedruk het, het die die sterkste gereageer. Die NZRFU het tydens sy algemene jaarvergadering van 1927 gestel dat

> [it] is a cardinal principle of democracy that a governing body should be fully representative of those who are governed; but it would appear that our fellow-sportsmen in the Old Land require a little more enlightenment on these lines before an Imperial Board will come into force in Rugby control.[412]

Die unie, by monde van die sekretaris A.E. Neilson, het voorts ook in 'n brief aan die IRFB die volgende geskryf:

> I am instructed to state that my union has decided not to be represented at any future Conference until such time as an Imperial Rugby Board is set up on approved lines. We desire to withdraw all previous requests for the formation of an Advisory Board and for the calling of regular Conferences, as it is quite apparent to my union that these suggestions are of no value... We consider that the time has now arrived when the International Board should set up a controlling

[409] T. Collins: *A Social History of English Rugby Union*, p. 172.
[410] T. Collins: *A Social History of English Rugby Union*, p. 173.
[411] SARFB minutes, 11 February 1927; SARFB Annual Report 1926. SARRA, I, 3.
[412] "Rugby Football: Meeting of New Zealand Union", *Otago Daily Times*, 6 May 1927. Beskikbaar by: https://paperspast.natlib.govt.nz/newspapers/ODT19270506.2.74?end_date=30-09-1928&items_per_page=10&query=South+Africa+rugby+tour+1928+Maori&snippet=true&sort_by=byDA&start_date=01-01-1927 (Besoek op 20 Junie 2020.)

> body that will ensure adequate representation of all great Rugby-playing countries within the Empire.[413]

Cecil Carden het die konferensie as ’n “absolute wash-out” beskryf,[414] en sy sentimente is geëggo deur Andries Jacobus “Sport” Pienaar, wat in Maart 1927 die vyfde SARFB-president geword het, en wat dit ook later as ’n volslae mislukking beskryf het.[415] Die Raad het geen amptelike uitspraak oor die 1926 konferensie gemaak nie, maar daar kan logies afgelei word dat die heersende gevoel een van teleurstelling was. Die suidelike halfrond se stryd om selfverteenwoordiging was egter nog ver van klaar.

In 1927 is daar ooreengekom dat die Nieu-Seelandse All Blacks na Suid-Afrika sou toer. In Mei 1928, sowat ’n maand voor die span in Durban aangekom het, het die NZRFU aan die SARFB geskryf en gevra dat daar met Mr. W.F. Hornig, die Nieu-Seelandse spanbestuurder, vergader word in sake die “recent efforts to obtain a voice in the control of Rugby football, either by direct representation on the International Board, or through the setting up of an Imperial Advisory Board...”[416] Nieu-Seeland wou die goeie verstandhouding wat daar sedert 1919 met Suid-Afrika bestaan, gebruik om hul gemene doel van sinvolle verteenwoordiging te bereik. In die Raad is ’n sub-komitee van vyf saamgestel wat op 28 Augustus alleen met Hornig sou vergader, waarna hy genooi is om die hele Raad op 3 Oktober toe te spreek.

In die vergadering met die sub-komitee het Hornig nie noodwendig dít gehoor waarop hy gehoop het nie. Die Raad het in prinsiep met die Nieu-Seelandse beginsel van sinvolle verteenwoordiging saamgestem, maar daar is van hulle verskil wat betref die werkswyse en formaat van verteenwoordiging. Die NZRFU het gestreef na die stigting van ’n Imperial Board of Control wat die hoogste rugbyliggaam in die wêreld sou wees, en waarop die vier Britse unies en drie suidelike halfrond unies gelyke verteenwoordiging sou geniet. Onder dié bestel kon die IRFB voortgaan om die internasionale wedstryde tussen die Britse lande te administreer. Die Suid-Afrikaners het gevoel dat die Britse tuisunies se konserwatisme in berekening gehou moes word. Daar moes eers, sonder om aanstoot te gee, ’n Imperial Advisory Board gestig word waarop die drie suidelike halfrond unies saam die vier Britse tuisunies sit. Dié liggaam sou dan voorstelle maak en dit aan die IRFB vir besluitneming verwys. Selfverteenwoordiging op die internasionale raad sou dan hieruit vloei. Die NZRFU wou dus

[413] NZRFU letter to IRFB, 14 July 1927. SARRA, I, 3.
[414] SARFB minutes, 11 February 1927. SARRA, I, 3.
[415] SARFB minutes, 28 August 1928. SARRA, I, 4.
[416] NZRFU letter to SARFB, 18 May 1928. SARRA, I, 4.

onmiddellik ’n gelyke aandeel in die internasionale administrasie van rugby verkry, terwyl die SARFB vir eers net sinvolle selfverteenwoordiging op ’n liggaam onder die IRFB gesoek het.[417]

Tydens die vergadering op 3 Oktober het dit ook duidelik geword dat daar binne die Raad self uiteenlopende opinies bestaan het oor hoe daar te werk gegaan moes word om selfverteenwoordiging te verkry. Die OP-verteenwoordiger F. Bosman het byvoorbeeld gevoel dat

> [they] were prepared to recognise what the English Union had done for football but the time had arrived for South Africa to act and the South African Board will be belying its trust if it sat still. It would be rather a revolution in Rugby but they should put their armour on and adopt revolutionary methods. The time had arrived when Jack was as good as his master in the Rugby world and the time had come for action. If they sat with folded arms the English Union would think that they were satisfied. South Africa wished to be associated with the English Rugby Union but wished to have a say with them.[418]

Teenstrydig hiermee het die Transvaalse afgevaardigde, kol. G.A. Morris, gereken

> that they were today only boys compared with the greybeards of the British Isles. They should respect age and not try to force the old man. They were all agreed as to their objective but the whole point was that they must hasten slowly, they must proceed quietly and diplomatically for they were not going to get anywhere by firing a pistol at its head.[419]

Bosman se sentimente was egter in die minderheid en die Raad het grotendeels op Morris se meer diplomatiese beskouing ooreengekom. Dit moes sekerlik ’n teleurstelling vir die NZRFU gewees het toe Hornig na afloop van die All Black-toer verslag gedoen het oor sy gesprekke in Suid-Afrika. Die Nieu-Seelanders het waarskynlik gehoop om hul verhouding met die SARFB te konsolideer en toekomstige samewerking op grond van dieselfde beginsels te verseker. In stede hiervan is die verskille tussen die Nieu-Seelandse en Suid-Afrikaanse beskouings van die saak eerder blootgelê. In die najaag van ’n sinvolle aandeel in die bestuur van wêreldrugby het die NZRFU ’n rewolusionêre benadering gevolg, terwyl die SARFB ’n meer ewolusionêre ingesteldheid gehad het.

Die belangrikste uitkoms van die vergadering van 3 Oktober 1928 was stellig die onderhandelingsopdrag wat aan Paul Roos gegee is. Hy sou eersdaags na Europa vertrek vir ’n

[417] SARFB minutes, 28 August 1928. SARRA, I, 4.
[418] SARFB minutes, 3 October 1928. SARRA, I, 4.
[419] *Ibid.*

jaar se studies en sou die geleentheid gebruik om na Brittanje te reis om met rugbylui daar te gesels oor die toestaan van meer mag aan die unies in die suidelike halfrond. Teen 1928 was dit duidelik dat die platform van die Imperial Conferences misluk het en dat Suid-Afrika, Nieu-Seeland en Australië steeds nét so ver van sinvolle verteenwoordiging was as voor die konferensies. Daar is gevolglik gereken dat indien die SARFB, met sy diplomatiese benadering en geskiedenis van Engelse lojaliteit in ag genome, 'n afgevaardigde na Brittanje sou stuur om in persoon met belanghebbendes oor die saak te praat, daar moontlik meer vordering gemaak kon word. G.A. Morris het dié plan skerp opgesom toe hy gesê het dat "[a] little diplomatic pressure was better than any amount of writing and representations... for it was the man on the spot that did it."[420] Vir 'n beter 'man on the spot' kon die Raad ook nie vra nie. Roos was bekend vir sy formidabele karakter en suksesvolle kapteinskap van die eerste Springbokspan wat in 1906-1907 so 'n goeie indruk op die Britse publiek gemaak het.[421] Boonop was hy teen dié tyd ook 'n ervare rugby-administrateur en vise-president van die SARFB. Hy het dus 'n spesiale aansien en respek in Britse rugbykringe geniet.

Paul Roos het sy verslag in April 1929 aan die Raad gestuur. Kort na sy aankoms in Nederland het hy na Engeland vertrek waar hy met enkele invloedryke RFU-verteenwoordigers vergader het en dit aan hulle duidelik gemaak dat die SARFB slegs direkte verteenwoordiging op *'n* liggaam met wetgewende magte soek, sonder om hoegenaamd by interne sake in Brittanje in te meng.[422] Die RFU-manne was nie gewillig om die saak by die IRFB te opper nie en het voorgestel dat nóg 'n Imperial Conference gehou moes word. Roos het hulle vervolgens gewys op die mislukking van die 1926 konferensie en die NZRFU se onwilligheid vir enige verdere konferensies. Hy is aangesê om na Skotland te gaan om met James Aikman-Smith, voorsitter van die Scottish Rugby Union (SRU) se uitvoerende komitee, te vergader, maar dat hy nie te veel hoop op enige vordering moes hê nie. In Skotland het Roos gehoor dat die drie suidelike halfrond unies se affiliasie van die RFU problematies was. Skotland, Ierland en Wallis het gevrees dat indien die suidelike halfrond lande selfverteenwoordiging op die IRFB gegee sou word, hulle geneig sou wees om saam die RFU te stem, en in die proses die drie ander Britse lande sou oorheers. Roos en Smith het op die volgende voorneme ooreengekom:

[420] SARFB minutes, 3 October 1928. SARRA, I, 4.
[421] F.J.G. van der Merwe: "Sports heroes and national identity: The role of Paul Roos in Springbok rugby", pp. 219-225; D. Allen: "'Captain Diplomacy': Paul Roos and the Creation of South Africa's Rugby 'Springboks'", pp. 568-583.
[422] "Official Report of proceedings carried on by P.J. Roos with the Rugby Football Union and other Football authorities in Great Britain at the request of the South African Rugby Football Board", 28 April 1929. SARRA, I, 4. (Oorspronklike kursief)

> The South African [Rugby Football] Board requests the [Rugby] Football Union to take the initiative in creating a supreme Rugby legislative body for the British Commonwealth of Nations on the condition that it does not interfere with the control of the game as played in Great Britain and Ireland and to meet with representatives from the Dominions' Unions with a view to discussing what steps should be taken to this end.[423]

Roos het hierdie resolusie na die RFU teruggeneem, maar die Engelse liggaam was steeds nie bereid om in dié verband op te tree. Die verste wat die RFU bereid was om te gaan, was om 'n item op die agenda van die IRFB-vergadering van 15 Maart 1930 te plaas dat 'n informele gesprek met Paul Roos plaasvind in sake die posisie en versoeke van die suidelike halfrond unies. Roos is na die vergadering genooi waar hy die saak gestel het en afgevaardigdes se vrae beantwoord het. Hierna het hy die lokaal verlaat en aan die einde van die vergadering is hy die volgende resolusie van die IRFB gegee:

> That as a condition precedent to the consideration of the question of a consultative body under the supreme control of this Board, all Dominion Unions should agree to adopt the laws of the game as framed by the I[RF]B.[424]

Beide Paul Roos en die SARFB was natuurlik teleurgesteld met die uitkoms van sy sending. Daar is gehoop dat dit sou lei tot konkrete stappe nader aan sinvolle verteenwoordiging vir die drie suidelike halfrond unies, maar in stede daarvan kon Roos slegs 'n voorwaardelike onderneming van die IRFB kry. Die Raad het dit egter as die eerste treë in die lang, ewolusionêre pad na selfverteenwoordiging op 'n enkele beheerliggaam van rugby gesien. Ná die vier Britse tuisunies in 1929 die IRFB se spelreëls vir hul internasionale én plaaslike wedstryde aanvaar het, het die SARFB dit ook gedoen – "this Board will be ready to fall into line."[425]

In praktyk het dié besluit nie 'n wesenlike effek op rugby in Suid-Afrika gehad nie.[426] Dit was veel meer gemik daarop om die toegewing wat vroeër aan Nieu-Seeland en Australië gemaak is – dat die bal slegs van binne die skopper se kwartgebied direk uitgeskop mag word – terug te trek. Anders as die SARFB was die twee beheerliggame in die antipodes aanvanklik nié

---

423 "Official Report of proceedings carried on by P.J. Roos with the Rugby Football Union and other Football authorities in Great Britain at the request of the South African Rugby Football Board", 28 April 1929. SARRA, I, 4.

424 *Ibid.*

425 SARFB minutes, 26 March 1930. SARRA, I, 4.

426 Die mees noemenswaardige invloed wat dit op rugby in Suid-Afrika gehad het, was dat alle unies nou moes toesien dat spelers nie met rustyd die veld verlaat nie. Alhoewel die Transvaal byvoorbeeld die reël tot op die letter gevolg het, het die Westelike Provinsie en Natal spelers toegelaat om rustyd wél die veld te verlaat.

bereid om die internasionale raad se reëls te aanvaar nie. Die Nieu-Seelanders het teruggegaan op hul houding oor konferensies en nóg ’n Imperial Conference in 1930 voorgestel,[427] maar die unies van Brittanje én Suid-Afrika was nie hiervoor te vinde nie. Gefrustreerd met die Nieu-Seelanders se onwilligheid om saam te werk, het die RFU aan die NZRFU geskryf dat

> there should be no exceptions anywhere. We have found the particular dispensations once granted to you, of late a growing embarassment to other Dominions and are desirous of checking a growing tendency to take advantage of a special arrangement made with you.[428]

In ruil vir die opheffing van die toegewing het die RFU ’n Rugby Football Commission voorgestel. Dié liggaam sou dieselfde lyk as die Imperial Advisory Board wat in vorige jare bespreek is. Die SARFB het dit as “good step forward” beskou, en een wat uiteindelik, mits daar redelik en versigtig te werk gegaan sou word, sou lei tot “one Board for the whole Rugby world.”[429] Die NZRFU en NSWRU het uiteindelik die toegewing oor die direk-uitskop reël opgesê,[430] maar wel nie tot die stigting van die Rugby Football Commission ingestem nie. Ná bykans ’n dekade se druk het die Nieu-Seelanders en Australiërs nie meer in ’n raadplegende liggaam belang gestel nie. Hulle was nou op soek na selfverteenwoordiging op die IRFB. Dié twee unies het ’n duidelike alles-of-niks benadering gevolg.

In November 1931 het die Raad besluit dat sy president, Sport Pienaar, na Brittanje reis. Daar sou hy by die Springbokspan op toer aansluit en moes hy die SARFB se standpunte in sake selfverteenwoordiging met Britse rugbylui bespreek.[431] Waar Paul Roos se gelyksoortige sending van drie jaar vantevore ten minste ’n klein treë in die rigting van selfverteenwoordiging tot gevolg gehad het, het Pienaar se gesprekke in Brittanje tot die besef gelei dat dit waarskynlik nooit gaan gebeur nie.

Pienaar het sy verslag in 1932 geopen deur te stel dat dit vir hom duidelik geword het dat die RFU “were really the only people who were at all interested in the subject of Dominion relations and in satisfying Dominion aspirations for representation.”[432] Die Walliesers, met wie hy ongelukkig nie kon ontmoet nie, was ideologies nader aan Engeland as die Skotte en Iere, wie éintlik in die pad van selfverteenwoordiging gestaan het. Rugbylui van dié twee lande het

[427] NZRFU letter to SARFB, 27 January 1930, in: SARFB minutes, 26 March 1930. SARRA, I, 4.
[428] RFU letter to NZRFU, 2 January 1931. Aangehaal uit: T. Collins: *A Social History of English Rugby Union*, p. 173.
[429] SARFB minutes, 2 November 1931. SARRA, I. 5.
[430] T. Collins: *A Social History of English Rugby Union*, pp. 173-174.
[431] SARFB minutes, 2 November 1931. SARRA, I. 5.
[432] SARFB minutes, 30 March 1932. SARRA, I. 5.

dit aan Pienaar duidelik gemaak dat vir so lank as wat die suidelike halfrond unies aan die RFU geaffilieer is, hulle nie 'n sê op die IRFB sal kry nie – "[we] do not know you and until you are dissociated from the English Rugby Union we do not recognise you, you are merely a club affiliated to the English Rugby Union."[433] Die rugby-owerhede in Skotland en Ierland was verder ook só konserwatief dat dit moeilik was om logies met hulle te redeneer. Pienaar het geskryf hoe "the matter could only be approached jokingly and in that way one could make them laugh at themselves."[434]

Die Skotte en Iere het ook aan Pienaar gesê dat indien dit net oor Suid-Afrika gegaan het, die SARFB in die IRFB verwelkom sou word. Dit impliseer natuurlik dat die Nieu-Seelanders en Australiërs nié welkom was nie, hoofsaaklik te wyte aan hul aggressiewe pogings om selfverteenwoordiging te verkry. Dit moet ook in gedagte word dat die Springbokke van 1906-1907 'n baie beter indruk op die Britse publiek gemaak het as die 1905-1906 All Blacks en 1908-1909 Wallabies. Collins skryf hoedat die Nieu-Seelandse en Australiese toerspanne, ondanks hul goeie uitslae, deurgaans vir omstredenheid gesorg het. Van hul taktieke was onder verdenking, hulle was geneig om vuil te speel en die skeidsregter te probeer beïnvloed, en die feit dat die spelers 'n daaglikse toelaag ontvang het, het vrae oor hul amateurstatus na vore gebring. Hierteenoor het die eerste Springboktoer sonder enige polemiek verloop en die skoon karakter van die Suid-Afrikaners het vir hulle 'n hoër reputasie as dié van die Nieu-Seelanders of Australiërs gewen. Die Springbokke was daarom die enigste span van die dominiums wat voor die Eerste Wêreldoorlog wéér genooi is om na Brittanje te toer (1912-1913).[435] Skotland en Ierland se bereidwilligheid om Suid-Afrika op sy eie in die IRFB te verwelkom was in praktyk egter niks meer as 'n kompliment nie.

Teen 1932 was die SARFB, NZRFU en NSWRU steeds nét so ver daarvan om hul droom van selfverteenwoordiging te realiseer. Die RFU het waarskynlik 'n delikate balanseertoertjie uitgeoefen om die status quo in die magsbalans in wêreldrugby te behou. Aan die een kant is daar op Skotland, Ierland en Wallis se vrees van dominasie deur die dominiums gespeel, terwyl daar aan die ander kant aan Suid-Afrika, Nieu-Seeland en Australië verduidelik is dat die konserwatiewe houding van die ander tuisunies die rede agter hul uitsluiting was. Die suidelike halfrond unies sou egter onverskrokke na hul doel bly streef. Die res van die 1930's het enkele verdere pogings gesien sonder dat enige daadwerklike vordering gemaak is.

---

433 SARFB minutes, 30 March 1932. SARRA, I. 5.
434 *Ibid.*
435 T. Collins: *A Social History of English Rugby Union*, pp. 167-168.

In November 1933 het die NSWRU ’n lang brief aan die SARFB en NZRFU gestuur waarin hulle vir ondersteuning gevra het om die direk-uitskop reël – dieselfde toegewing wat hulle in 1930 opgesê het – weer ingestel te kry.[436] Die Raad het gevoel dat die Australiërs se voorstel op ’n slegte tyd kom en dat dit die bietjie vordering wat tot dusver gemaak is, sou ondermyn.[437] ’n Jaar later het die RFU ’n konferensie met die suidelike halfrond unies voorgestel wat in Desember 1935 plaasgevind het. Paul Roos en Bill Schreiner was die Raad se twee verteenwoordigers, en die mees vername resultaat van die konferensie was die stigting van ’n Dominions and Laws Committee binne die RFU wat elke drie jaar sou vergader. Dié komitee sou bestaan uit twee verteenwoordigers elk van die SARFB, NZRFU en NSWRU, en ses van die RFU, en dit kon slegs voorstelle aan die IRFB maak in sake die reëls van die spel.[438] Hierdie komitee sou amptelik vir die eerste maal in 1938 vergader het. Die Raad het voorgestel dat die vergadering in Julie van daardie in Suid-Afrika plaasvind omdat ’n Britse span dan juis hier op toer sou wees, maar dit wil voorkom asof die organisasie sy voete gesleep het. In Februarie 1938 het Pienaar gesê dat die voorgenome konferensie nie meer moontlik was nie “in view of the short time at their disposal to put anything on the agenda for that meeting.”[439]

Dit opper die vraag oor die Raad se houding jeens sodanige konferensies. In die verlede het dit geen wesenlike vooruitgang wat betref selfverteenwoordiging opgelewer nie, en die kanse dat dit nóú skielik sou, was skraal. Die SARFB het waarskynlik nie meer veel waarde aan die rugby-konferensies geheg nie. Dit is gevolglik uitgestel en die konferensie sou in Desember 1939 in Londen plaasvind om saam met die Australiese toer na Brittanje te val. In Junie van daardie jaar was daar steeds planne vir die konferensie om voort te gaan, maar die wêreld is kort daarna in ’n Tweede Wêreldoorlog gedompel.

Al het die konflik die 1939 konferensie in die wiele gery, het dit in die groter skema die drie suidelike halfrond unies nader aan hul doel gebring. Soos die Britse Ryk na afloop van die Tweede Wêreldoorlog stelselmatig verbrokkel het, moes die RFU ook sy beheer oor internasionale rugby geleidelik opgee om in pas met ’n veranderende wêreld te bly. Selfverteenwoordiging vir die unies van Suid-Afrika, Nieu-Seeland en Australië het danksy die oorlog onafwendbaar geword. Daar word in ’n volgende hoofstuk gekyk na hoe daar na afloop van die oorlog te werk gegaan is om dié ideaal te realiseer.

---

[436] NSWRU letter to SARFB, 2 November 1933. SARRA, I. 5.

[437] “SARFB Memorandum re the proposal put forward by the Australian Union”, 17 February 1934. SARRA, I. 5.

[438] SARFB minutes, 27 March 1936. SARRA, I, 6.

[439] SARFB minutes, 18 February 1938. SARRA, I, 6.

**Die uitbreiding van die meganisme van die Raad**

Vanuit ’n institusionele oogpunt het die tydperk 1914-1939 ’n noemenswaardige uitbreiding in die meganisme van die SARFB gesien. Met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog was dit steeds ’n betreklik klein en eenvoudig-saamgestelde organisasie met beperkte funksies, maar teen 1939 was die Raad ’n aansienlik groter liggaam met meer ontwikkelde funksies en ’n reikwydte wat verder gestrek het. In *History of South African Rugby Football* beskryf C.F.S. Nicholson hierdie groei as volg:

> Early in its history the Board was – to put it bluntly – just a happy family gathering, with practically no formality. A few enthusiasts did all the work and nobody worried unduly. Today [1933] it is a properly constituted and powerful body which wields supreme authority without fear or favour. Its rules of procedure and methods of governance are strict as need be, and it enjoys the confidence of the entire Rugby-loving public.[440]

Om die vraag te beantwoord na hoe die Raad dan in hierdie kwarteeu ontwikkel het, gaan daar vervolgens gekyk word na die affiliasie van nuwe unies, die totstandkoming van permanente komitees, hoe daar na stemme van buite die organisasie geluister is, die uitbreiding van internasionale betrekkinge, die uitbou van sy finansiële model, die ontwikkeling van ’n historiese bewussyn, asook die opkoms van Afrikaans binne die Raad.

Namate die spel in die verskillende streke van die land gegroei het en elders in suider-Afrika geïnstitusionaliseer is, het ses nuwe unies vanaf 1914 tot 1939 by die Raad geaffilieer. Die eerste was die South West Africa Rugby Football Union (SWARFU) in Augustus 1916.[441] Dié unie is vroeër in 1916 as die Damaraland Rugby Football Union (DRFU) in die lewe geroep nadat rugby daar ’n groot oplewing ervaar het weens die toestroming van Suid-Afrikaanse spelers na die gebied. Dít was natuurlik ’n resultaat van die Unie Verdedigingsmagte se militêre oorname van die voormalige Duitse kolonie in 1915. Dit is egter belangrik om te noem dat georganiseerde swart rugby in Suid-Wes Afrika wit rugby met enkele jare voorafgegaan het. Die German South West Africa Rugby Football Union (GSWARFU) is in 1909 gestig, en

[440] C.F.S. Nicholson: “South African Rugby Football Board”, in: I. Difford (ed.): *History of South African Rugby Football*, p. 36.
[441] SARFB minutes, 28 August 1916. SARRA, I, 2. Ondanks die unie se amptelike benaming as die Damaraland Rugby Football Union (DRFU), het dit aanvanklik as die South West Africa Rugby Football Union (SWARFU) aan die SARFB geaffilieer. Vyf jaar later, in Oktober 1921, het die unie aansoek gedoen om onder sy amptelike naam (DRFU) bekend te staan om só moontlike verwarring met die Suid Westelike Distrikte (SWD) te voorkom. Sien ook: H. Borchers: “The Damaraland Rugby Football Union and the Game in the South West Africa Mandated Territory”, in I. Difford (ed.): *History of South African Rugby Football*, pp. 205-208.

alhoewel dit net uit 'n handjievol klubs bestaan het, het die unie 'n lewendige jaarlikse ligakompetisie gehad. Die Eerste Wêreldoorlog en die gevolglike repatriasie van swart Suid-Afrikaners het beteken dat die GSWARFU 'n groot gros van sy spelers en administrateurs verloor het, wat uiteindelik die dood van die unie in 1914 beteken het.[442] Die affiliasie van die wit SWARFU aan die SARFB was stellig 'n meer ideologiese as praktiese verhouding tussen die twee. Die eerste gesprekke oor die moontlikheid van 'n Suidwes-Afrika span in die Curriebeker-toernooi het in 1939 plaasgevind, en dit sou eers in 1954 'n realiteit word.[443]

In 1920 het die Raad sy twaalfde unie bygekry in die vorm van Wes-Transvaal.[444] Dié voormalige sub-unie van die TRFU, met sy hoofkwartiere in Potchefstroom, het in die twintigste eeu tot só 'n mate gegroei dat aparte affiliasie op die Raad geregverdig was. In Maart 1925 het die Rugby Football Union of Kenya (RFUK) die dertiende unie op die Raad geword.[445] Die RFUK is in Augustus 1921 in die lewe geroep, maar, in die woorde van die ere-sekretaris Graham Wedderburn, "owing to lack of enterprise on the part of the officials elected then, no material progress was made until the end of [1923]..."[446] Vanweë die unie se afgesonderde ligging en onvermoë om die jaarlikse affiliasiefooi van £7.7s.0d. te kon betaal, is daar slegs aansoek gedoen om affiliasie in 'n ere-kapasiteit en sonder die reg om te stem. Ere-affiliasie vir die RFUK was hoofsaaklik slegs van simboliese waarde, maar dit het wél tot 'n suksesvolle toer deur 'n Suid-Afrikaanse universiteitspan daarheen in 1929-1930 gelei.[447] In 1935 het die Raad sy tweede ere-affiliaat in die vorm van die Northern Rhodesia Rugby Union bygekry.[448] Dié unie is in 1932 gestig en het luidens die aansoekbrief wat aan die Raad gestuur is, na die SARFB vaderliggaam opgesien. Dit het die totale aantal unies verbonde aan die SARFB op 14 te staan gebring. Die affiliasie van Suidwes-Afrika, Wes-Transvaal, Kenia en Noord-Rhodesië was relatief eenvoudige prosesse.

Die affiliasie van Noord-Transvaal en die Boland in 1938 en 1939, onderskeidelik, was egter meer ingewikkeld. In September 1937 het die Noord-Transvaal sub-unie aan die TRFU geskryf en versoek om 'n aparte unie te vorm en om vir affiliasie by die SARFB aansoek te doen. Die Transvaalse unie was verdeeld daaroor en het die saak na die Raad verwys. Prof. H.P. Davel

---

[442] S.A. de Beer (red.): *Namibia Rugby: Celebrating the First Century of Rugby in Namibia, 1909 to 2016*, pp. 19-20.
[443] *Ibid*., p. 26.
[444] SARFB minutes, 26 March 1920. SARRA, I, 2.
[445] SARFB minutes, 27 March 1925. SARRA, I, 3.
[446] Rugby Football Union of Kenya letter to SARFB, 7 May 1924. SARRA, I, 3.
[447] G. Wedderburn: "Rugby Football in Kenya", in I. Difford (ed.): *History of South African Rugby Football*, pp. 209-213.
[448] SARFB minutes, 8 March 1935. SARRA, I, 5.

van Pretoria het in November 1937 sy sub-unie se argument aan die Raad verduidelik. Hy het klubs in die noorde van Transvaal as "voices crying in the wilderness" beskryf. "They were under the control of the Transvaal Rugby [Football] Union who could not give them much attention as they were too far away."[449] Hy het verder aangevoer hoe rugby die sterkste sport in Pretoria geword het en dat die spel ongelooflike ontwikkeling in die streek getoon het. Op daardie stadium was daar so veel as 42 klubs, 95 spanne en sowat 5800 spelers. Davel het verder genoem hoe die stigting van 'n aparte unie die opeenhoping van spanne in die Transvaalse kompetisies sou verlig en eindelik ook 'n stimulant vir beter rugby in die hele Transvaal sou wees.

Die TRFU, by monde van sy president H.J. Sanderson, was van mening dat indien Noord-Transvaal 'n unie op sy eie sou word, dit die kwaliteit van die spel in die hele Transvaal sou verswak en dat ander sub-unies landwyd, soos byvoorbeeld die Noord-Vrystaat of Pietermaritzburg, dan óók sou wou afstig – "where would the line be drawn?"[450] Die meeste ander unies het die stigting van Noord-Transvaal gesteun. Die Raad wou egter nie by provinsiale sake inmeng nie, so daar is besluit om die kwessie na die TRFU terug te verwys. In Februarie 1938 het Transvaal aan die Raad verduidelik dat die teenkanting wat daar ten opsigte van die Noord-Transvaal se afstigting bestaan het, uit die weg geruim was, en dat die proses toe die TRFU se steun gehad het.[451] Noord-Transvaal het gevolglik in Maart 1938 amptelik die vyftiende unie op die SARFB geword.[452]

In November 1937, op dieselfde vergadering waar Noord-Transvaal se afstigting vir die eerste maal bespreek is, het die WPRFU aansoek gedoen om 'n tweede span in die Curriebeker in te skryf. Dié span sou opgemaak word uit spelers van die Westelike Provinsie se plattelandse klubs. Dit sou egter 'n verandering aan die Raad se grondwet én die Curriebeker-toernooi se reëls vereis, en die gevolg was dat die mosie afgekeur is.[453] In Maart 1938 het die Westelike Provinsie die saak wéér geopper en die argument ten gunste van 'n tweede WP-span uiteengesit. J.D. de Villiers van die WPRFU het verduidelik hoe rugby in sy unie se plattelandse streke in daardie stadium "in quite an unsupervised way" gespeel word, en dat die unie gevolglik nie rugby daar kon ontwikkel soos dit noodwendig wou nie.[454] Hy het ook die

---

449 SARFB minutes, 26 November 1937. SARRA, I, 6.
450 *Ibid.*
451 SARFB minutes, 18 February 1938. SARRA, I, 6.
452 SARFB minutes, 25 March 1938. SARRA, I, 6.
453 SARFB minutes, 26 November 1937. SARRA, I, 6.
454 SARFB minutes, 25 March 1938. SARRA, I, 6.

ander unies se vrese probeer besweer deur te sê dat twee WP-spanne geen finansiële risiko vir hulle inhou nie én dat dit as ’n eksperiment benader moes word – “if not a success, it need not be repeated.”[455]

Die Raad was verdeeld oor die voorstel. Die president en ander unies wat daartéén was, het gevoel dat dit tot die verswakking van die Westelike Provinsie se rugby sou lei. Hulle was van mening dat dié unie dit nie kon bekostig om te verswak nie omdat hy die toonaangewer in Suid-Afrikaanse rugby was, dus die standaard waaraan alle ander unies gemeet is. De Villiers se frustrasie was tasbaar.

> They [WPRFU] were tired of maintaining their standard. What was the good of doing so when only one or two other teams could come up to that standard? Why should they maintain their standard if there was no-one to beat?... They were forcing Western Province to come to the Board and say, two teams or no team.[456]

Die mosie is met ’n klein meerderheid verloor en die Westelike Provinsie is genoop om ’n ander benadering te volg. In November 1938 het die WPRFU toe voorgestel dat ’n aparte unie gestig word, naamlik Western Province Country Districts. De Villiers het verduidelik hoe dié streek minstens 2500 spelers het en dat die WPRFU nie rugby effektiewelik buite ’n 30-myl radius van Kaapstad kan administreer óf ontwikkel nie. Hy het ook uitgelig hoe daar sowat £2200 oor die volgende vier jaar aan die nuwe unie gegee sou word om dit finansieel lewensvatbaar te maak. Die hoogtepunt van sy betoog was dat die SARFB se gunstige oorweging van Noord-Transvaal se afstigting en uiteindelike affiliasie vroeër in die jaar ’n presedent geskep het. Die Raad was daarna kennelik meer ontvanklik vir die voorstel en daar is besluit om ’n konferensie in Bloemfontein te hou waar die saak besleg sou word.[457]

Hiér het die Westelike Provinsie hul saak nóg ’n maal in detail aan die Raad voorgelê. Daar was sterk opposisie van Natal en, ironies, van Noord-Transvaal, terwyl die Transvaal en Vrystaat hul steun vir die stigting van die nuwe unie uitgespreek het. Al het die meeste ander unies intussen ook die voorstel begin ondersteun, het president Sport Pienaar, wat berug was vir sy konserwatiewe ingesteldheid, dit bly teëstaan. Hy het so ver gegaan om, ofskoon verkeerdelik, te sê dat al stem almal in die Westelike Provinsie tot die idee in, die Raad stééds die reg behou om in te gryp. Daar is tot stemming oorgegaan en die mosie het met ’n groot

---

455 SARFB minutes, 25 March 1938. SARRA, I, 6.
456 *Ibid.*
457 SARFB minutes, 4 November 1938. SARRA, I, 6.

meerderheid geslaag.[458] In Februarie 1939 het die Raad amptelik die Country Districts of the Western Province as unie geaffilieer. Kort daarna het ’n debat egter uitgebreek oor die naam van hierdie nuwe unie. Die WPRFU wou alleenreg oor die kombinasie van die woorde “Western Province” behou omdat dit moontlik tot verwarring kon lei, dus is die saak is aan die uitvoerende bestuur oorgelaat. Ná korrespondensie tussen die nuwe unie en die Raad se uitvoerende bestuur is daar uiteindelik in Junie 1939 besluit dat die nuwe unie “The Boland Rugby Football Union” (BRFU) sou heet.[459] Die SARFB het nou uit sestien geaffilieerde unies bestaan.

Die wyse waarop nuwe unies tussen 1914 en 1939 by die Raad geaffilieer het, dui op ’n spesifieke ontwikkeling in die ingesteldheid van die organisasie. Die vinnige en eenvoudige affiliasie van Suidwes-Afrika, Wes-Transvaal, Kenia en Noord-Rhodesië wys dat die Raad rondom die vroeë 1920’s steeds gretig was om te vergroot. In teenstelling hiermee staan die teenkanting wat die stigting en affiliasie van Noord-Transvaal en Boland in die laat 1930’s voorafgegaan het. Dít suggereer dat die Raad teen daardie tyd sy groei meer versigtig wou bestuur. Trouens, met ’n bespreking oor moontlike veranderinge aan die formaat van die Curriebeker-toernooi in November 1938, is daar selfs voorgestel dat tot so veel as drie tot vier unies moes kombineer om een span te vorm. Só sou die toernooi dan slegs tussen vyf spanne beding word, en, luidens die argument, sou die administrasie vergemaklik word en die standaard van die spel gelig word.[460] Al het dié voorstel nie gerealiseer nie, dui dit op ’n vrees dat nóg meer unies moontlik kon lei tot ’n situasie waar die spel tot buite die omvang van die Raad se beheer kon groei.

Wat die Raad se struktuur en werksaamhede betref, het dit in hierdie kwarteeu ook vername groei getoon. Tot en met 1914 was die Raad relatief eenvoudig gestruktureer. In dié jaar het die Raad se amptenare bestaan uit ’n president (William Schreiner) en vise-president (Jack Heyneman) wat ook die twee trustees was, ’n besoldigde gesamentlike sekretaris en tesourier (Alec Solomon), sowel as twee verteenwoordigers van elke unie of provinsie, en uit húl geledere is daar ook twee ouditeurs aangewys. Met tien unies by die Raad geaffilieer, het die liggaam uit ’n totaal van 23 persone bestaan. Daar is by geleentheid tydelike sub-komitees saamgestel, soos byvoorbeeld die finansies sub-komitee in 1913, maar hul bevindinge was aan goedkeuring deur die Raad se algemene liggaam onderhewig, en sulke komitees het ná die

[458] SARFB Conference minutes, 2 December 1938. SARRA, I, 6.
[459] SARFB minutes, 9 June 1939. SARRA, I, 16.
[460] Annexure to Agenda for Conference, 2 December 1938. SARRA, I, 6.

afhandeling van ’n spesifieke taak weer ontbind. Die SARFB se werksaamhede en besluitneming was teen 1914 dus nog baie gesentraliseerd. Die stigting van enkele permanente komitees oor die volgende kwarteeu sou die Raad se werksaamhede uitbrei en besluitneming tot ’n mate desentraliseer.

Die eerste hiervan was die toernooi-komitee. Tydens die 1914 Curriebeker-toernooi in Natal het daar gesprekke begin oor moontlike veranderinge aan die formaat van die kompetisie. Die huidige formaat was nie slegs ’n groot las op die finansies van die unies wat deelgeneem het nie, maar dit was ook taai op spelers wat tot soveel as nege wedstryde in 13 dae moes speel.[461] Dié gesprekke het vir die duur van die oorlogsjare voortgegaan, en in 1920 is die Curriebeker-toernooi vir die laaste maal in een sentrum gespeel – Bloemfontein en Kimberley was die gesamentlike gasheer. Daarna is ’n toernooi-komitee in Maart 1921 saamgestel wat op ’n nuwe formaat vir die Curriebeker-toernooi sou besluit.[462] Unies het die geleentheid gehad om voorstelle aan die komitee te stuur, maar slegs Natal het ’n substantiewe voorstel gemaak. Ná die komitee enkele wysigings daaraan gemaak het, is daar besluit dat die toernooi voorts elke tweede jaar en in die vorm van tuis- en wegwedstryde gespeel sou word.[463]

Hierdie formaat het vir die eerste maal in 1922 in werking getree en die Transvaal het die Raad se trofeë vir die eerste maal verower. Die verandering in formaat het ’n groot invloed op die finansiële aspekte van die toernooi gehad. Die vernaamste verskil was dat die Raad 5% van die netto opbrengs (hekgelde) van elke wedstryd ontvang het, wat in 1922 ’n bedrag van £443.19s.9d. was.[464] Die geld wat die Raad só gemaak het, kon egter nie as skoon wins beskou word nie. Die organisasie se operasionale kostes in die 1920’s en 1930’s het gemiddeld sowat £400-600 per jaar beloop,[465] wat beteken het dat die toernooi se opbrengste onmiddellik daardeur in beslag geneem is. Die stigting van die toernooi-komitee het ook alle Curriebeker-administrasie bínne die ‘permanente’ SARFB gehou. Waar daar onder die ou formaat ’n tydelike toernooi-komitee geskep is in die dorp of stad waar die toernooi gespeel is en wat hoofsaaklik uit lede van die plaaslike unie bestaan het, het die nuwe formaat beteken dat die toernooi-komitee vir alle administrasie en reëlings verantwoordelik was. Die verandering in

[461] SARFB minutes, 3 August 1914. SARRA, I, 2.
[462] SARFB minutes, 25 March 1921; SARFB letter to unions, 29 March 1921. SARRA, I, 3.
[463] “Natal’s proposal re Currie Cup Tournament”; “Report of the Sub-Committee of the SARFB appointed to consider the method of playing future tournaments”; SARFB minutes, 7 October 1921. SARRA, I, 3.
[464] SARFB Annual Report 1922. SARRA, I, 3.
[465] Vergelyk: SARFB Annual Reports 1921-1926. SARRA, I, 3; SARFB Annual Reports 1927-1930. SARRA, I, 4; SARFB Annual Reports 1931-1934. SARRA, I, 5; SARFB Annual Reports 1935-1937. SARRA, I, 6; SARFB Annual Reports 1938-1939. SARRA, I, 16.

formaat van die toernooi het effektief die Raad se beheer daaroor versterk deur alle administrasie in Kaapstad te setel.

Wat die Curriebeker-toernooi verder betref, is daar tydens die Bloemfontein-konferensie in November 1938 besluit om die formaat wéér te verander. As ’n eksperiment is die spanne vir die 1939-toernooi in twee groepe verdeel – noord en suid. Nadat al ses spanne in elke groep teen mekaar gespeel het, is twee groepwenners bepaal, waarna dié twee spanne dan in ’n finaal kragte gemeet het. Transvaal het in die eerste noord-suid Curriebeker-finaal die Westelike Provinsie op Nuweland met 17-6 geklop, en die toernooi het die Raad ’n totaal van £886 in die sak gebring.[466]

Die tweede permanente komitee van die SARFB was die reëlskomitee. Soos vroeër belig, is die South African Rugby Referees’ Society in 1915 gestig. Dié liggaam was egter onaktief vir sy eerste agt jaar, hoofsaaklik weens die oorlogstoestande wat tot 1918 geduur het en ’n kennelike gebrek aan politieke wil in die jare net ná die oorlog. Soos Suid-Afrikaners rugby in hiérdie jare met nuwe geesdrif en in groot getalle begin speel het, het daar natuurlik weer verskillende interpretasies van die spelreëls ontstaan. Unies het navrae in hierdie verband aan die Raad gestuur, wat dit – indien dit nie binnenshuis opgelos kon nie – op sý beurt weer aan die RFU se Laws Committee aangestuur het. Navrae het só toegeneem dat die Raad in Maart 1923 besluit het om sy eie reëlskomitee te stig. Die doel was om eenvormigheid in die interpretasies van die spelreëls te behaal, en nie noodwendig die korrekte interpretasie nie – “[under] a Rules Committee they would be able to ensure that, whether they were doing a thing rightly or wrongly, they would all be doing the same thing.”[467]

Die besoek van ’n Britse span in 1924 het die herlewing van die South African Rugby Referees’ Society gesien. Voor die aankoms van die toerspan is ’n konferensie vir rugbyskeidsregters in Bloemfontein gehou met die oog op eenvormige interpretasie van die reëls, maar ’n belangriker resultaat was dat daar onderneem is om die skeidsregtersvereniging in ’n aktiewe liggaam te verander.[468] Sy grondwet is in Desember 1924 deur die SARFB goedgekeur, en in Mei 1926 is daar besluit om een permanente verteenwoordiger van die skeidsregtersvereniging op die Raad te hê wat slegs kon stem in sake oor spelreëls. Die Raad se reëlskomitee het nie ontbind

466 SARFB Annual Report 1939. SARRA, I, 16.
467 SARFB minutes, 23 March 1923. SARRA, I, 3.
468 Minutes of a Conference of Representatives of Unions Affiliated to the South African Rugby Football Board, Bloemfontein, 16 May 1924. SARRA, I, 3.

na die herlewing van die skeidsregtersvereniging nie, maar dit het wel ietwat na die agtergrond geskuif.

Die finansies-komitee, die derde vaste komitee op die Raad, het in 1933 ontstaan. In dié jaar sou daar geen Curriebeker-toernooi gespeel word nie, wat beteken het dat die toernooi-komitee nie aktief sou wees nie. Daar was egter nog uitstaande eise en finansiële navrae van die vorige jaar se toernooi. ’n Finansies-komitee is gevolglik in die lewe geroep om dié sake te finaliseer, sowel as om die Raad in alle algemene finansiële kwessies te adviseer.[469] Nie almal in die Raad was egter ten gunste van só ’n komitee nie. “J.D. de Villiers [WPRFU] asked what they wanted a Finance Committee for, seeing that the Board had no funds.”[470] Ondanks die protes is die komitee gestig en die vier lede daarvan aangewys. Hierna, met die volgende algemene jaarvergadering, is ’n Uitvoerende Komitee gestig bestaande uit die president, vise-president en die voorsitter van die finansies-komitee.[471]

Benewens die vaste komitees was dit algemene praktyk vir die SARFB om tydelike komitees of sub-komitees vir spesifieke take saam te stel, gewoonlik bestaande uit vyf afgevaardigdes.[472] Só is daar byvoorbeeld vir elke oorsese Springboktoer of internasionale besoek hierheen ’n toer- en keurkomitee geskep. Ander voorbeelde is die komitee wat die moontlikheid van Afrikaanse reëlboeke moes ondersoek (1926), ’n komitee wat ’n gepaste manier van danksegging aan Jack Heyneman moes bedink ná sy uittrede as president (1927), die komitee wat met W.F. Hornig, die Nieu-Seelandse spanbestuurder, vergader het (1928), en die komitee wat die wenslikheid van ’n skoletoernooi moes bepaal (1929).

Die SARFB het in hierdie era van sy geskiedenis ook vir die eerste maal geluister na stemme van buite sy algemene liggaam. Tot en met die vroeë jare twintig was alle gesprekke en besluitneming oor die nasionale administrasie van (wit) rugby tot dié liggaam beperk, maar dit is stadigaan, ofskoon tot ’n klein mate, gedesentraliseer. In 1924 het skeidsregters van regoor die land in Bloemfontein vergader met die doel om groter eenvormigheid in die interpretasie van die spelreëls te verkry. Met die gevolglike herlewing van die nasionale skeidsregtersvereniging het reëlverwante kwessies voorts by dié liggaam berus, en nie meer by die SARFB alleenlik nie. Die Raad het ook in September 1933, in die nadraai van die eerste

[469] SARFB minutes, 29 March 1933. SARRA, I, 5.
[470] *Ibid.*
[471] SARFB minutes, 28 March 1934. SARRA, I, 5.
[472] Die benaming van sulke tydelike komitees het gewissel tussen “Committee” en “Sub-Committee”. Die Raad het nie duidelik tussen dié twee benamings onderskei nie en daar was in praktyk ook geen wesenlike verskil tussen die twee nie.

Australiese toer na Suid-Afrika, ’n nasionale rugbykonferensie gehou. Die doel, luidens die skrywe wat aan unies gerig is, was “to give direct representatives of the Unions an opportunity of discussing football policy in general and matters arising out of the present or any other tour, and criticising the Board in the presences of the members of the Board.”[473] Vir die eerste maal in sy bestaan van meer as 40 jaar het die Raad ’n geleentheid geskep vir direkte verteenwoordigers, oftewel stemme van buite, om gehoor te word.

Die gesprekspunte van die konferensie was divers. Dit het gehandel oor sake soos die frekwensie en finansies van internasionale toere, die formaat en finansies van die Curriebeker-toernooi, sowel as enkele punte oor die grondwet en funksies van die Raad.[474] In die langtermyn het die konferensie egter nie tot enige grootskeepse veranderinge in die Raad óf sy funksies gelei nie. Die 1933-konferensie dui nietemin daarop dat die Raad ’n kopskuif gemaak het. ’n Punt is bereik waar die Raad gevoel het dat dit noodsaaklik is om ook na die unies sélf te luister omdat die sisteem van indirekte verteenwoordiging moontlik kon beteken dat daar mettertyd voeling met hulle verloor is. Die organisasie moes sy vinger op die spreekwoordelike pols van Suid-Afrikaanse rugby hou en ’n konferensie van direkte verteenwoordigers het juis dit gedoen. Al is daar nie noodwendig aan al die unies se versoeke en voorstelle gehoor gegee nie, kon die direkte verteenwoordigers ten minste na hul sentrums terugkeer met die wete dat daar met hulle gekonsulteer is.

Die SARFB se internasionale reikwydte het ook in die tydperk 1914-1939 aansienlik gegroei. Daarvoor was die Raad se enigste oorsese bondgenoot die RFU, maar in 1919 is daar met die NZRFU ’n band gesmee. Al dateer kommunikasie tussen die twee beheerliggame terug na 1904, het die besoek van die Nieu-Seelandse weermagspan in 1919 die begin van ’n verhouding tussen die SARFB en NZRFU aangekondig. Die Springbokke het vir die eerste maal in 1921 na Nieu-Seeland getoer en die eerste verteenwoordigende All Black-span het in 1928 hierheen gekom. Teen die tyd dat die Suid-Afrikaners in 1937 vir ’n twee maal daarheen getoer het, is die stryd tussen die Springbokke en All Blacks, ongetwyfeld die twee beste spanne in wêreldrugby, as die nie-amptelike wêreldkampioenskap beskou. Collins beskryf die hierdie as “a battle for supremacy of the rugby world.”[475] ’n Belangrike aspek van die Raad se kontak met Nieu-Seelandse rugby was die sogenaamde Maori-kwessie wat vervolgens in hierdie hoofstuk onder die loep kom.

---

473 SARFB letter to Unions, 8 August 1933. SARRA, I, 5.
474 SARFB Conference minutes, 8-9 September 1933. SARRA, I, 5.
475 T. Collins: *The Oval World: A Global History of Rugby*, p. 227.

Daar is in hierdie tyd ook ’n verhouding met Australiese rugby aangeknoop. Kommunikasie tussen die SARFB en die NSWRU het in 1907 begin, en sedertdien is vele versoeke aan die Raad gerig om ’n span na Australië te stuur om amateurrugby in daardie land te help red. Die Springbokke het in 1921 en 1937 in Australië vir ’n reeks wedstryde aangedoen, en die eerste Wallabies het in 1933 hierheen getoer. Die begin van gereelde besoeke tussen Suid-Afrika, Nieu-Seeland en Australië het produktiewe verhoudings tussen die drie beheerliggame gekweek. Hulle het begin om saam te werk ten opsigte van die gesamentlike doelwit van ’n aandeel in die internasionale administrasie van rugby. Die kontak met die RFU in hierdie tydperk – Britse toere na Suid-Afrika in 1924 en 1938, en ’n Springboktoer na Brittanje in 1931-1932 – het die krag van Suid-Afrikaanse rugby onderskraag en die Raad net verder gemotiveer om vir homself ’n stem in wêreldrugby te kry.

Die SARFB het in hierdie era ook kontak gehad en begin om bande te smee met rugbyunies van plekke anders as die sogenaamde tradisionele rugbylande. In Desember 1930 het die Raad ’n versoek van die Deutscher Rugby Verband (DRV) bespreek oor ’n moontlike reeks wedstryde in Duitsland na afloop van die toer na Brittanje in 1931-1932. Die aard van die bespreking laat blyk dat die Suid-Afrikaners gretig was om die Springbokke na Duitsland te stuur, en daar is besluit om die Britse tuisunies te vra om reëlings te tref vir ’n verlenging aan die toerprogram.[476] Gegewe die breër internasionale politiek van die tyd is dit geen verassing dat Brittanje nié ten gunste van Suid-Afrika se besoek aan Duitsland was nie. Die SARFB het ook met rugby in die Amerikas kennis gemaak. In 1932 het ’n junior Springbokspan met groot sukses na Argentinië getoer. Die doel van hierdie toer, soos dit was met Britse toere na Suid-Afrika rondom die draai van die vorige eeu, was om die gasheerland die spel te help leer en populariseer. Paul Roos, die spanbestuurder, het selfs twee lesings oor voorspelerspel en algemene taktiek in Argentinië aangebied.[477]

In 1934 het die Raad ’n skrywe van ’n ene Edgar Pomeroy van Kalifornië ontvang. Hy het aangedui dat 22 lede van The Olympic Club in San Francisco ’n wêreldtoer beoog en graag in Suid-Afrika wou aandoen vir ’n paar wedstryde. Na konsultasie met sy verteenwoordiger op die RFU het die Raad aan Pomeroy geskryf dat Suid-Afrika ongelukkig nie aan sy versoek kon

---

[476] SARFB minutes, 12 December 1930. SARRA, I, 4.
[477] Sien byvoorbeeld: P. Roos: “The South African Team in the Argentine, 1932”, in: I. Difford (ed.): *History of South African Rugby Football*, pp. 401-406; C.S. Legat: “The South African Team in the Argentine, 1932”, in: I. Difford (ed.): *History of South African Rugby Football*, pp. 407-412; P. Dobson: *Rugby in South Africa: A History, 1861-1988*, p. 73; SARFB Annual Report 1932. SARRA, I, 5.

gehoor gee nie.[478] In dieselfde jaar het P.E. Moreton, ’n voormalige Cambridge-speler wat toe in die Verenigde State van Amerika gewoon het, die SARFB gevra om ’n junior Springbokspan na New York te stuur in 1935.[479] Hy het in 1933 ’n suksesvolle Cambridge-toer na New York georganiseer en was vol vertroue dat hy die finansiële struikelblokke van nóg ’n toer kon oorkom, maar die Raad was nie vir híérdie idee te vinde nie.

’n Kort oorsig van die Raad se finansiële posisie bied ’n insiggewende blik op die organisasie se ontwikkeling in hierdie tyd. In 1914 het die SARFB ’n kontantbalans van £126.9s.3d gehad met £450 op vaste deposito.[480] In daardie stadium was die Raad se enigste bronne van inkomste die affiliasiefooie van unies, winste uit internasionale toer en die rente op vaste belegging, terwyl uitgawes bestaan het uit operasionale kostes en oorsese Springboktoere. In die 25 jaar ná 1914 het die Raad se finansiële model opmerklik uitgebrei deurdat twee nuwe bronne van inkomste geskep is. Eerstens is daar in 1922, met die verandering in die formaat van die Curriebeker-toernooi, besluit dat die Raad 5% van alle wedstryde se netto hekgelde sou ontvang. Toe die toernooi in 1939 verder in ’n noordelike en suidelike afdeling opgedeel is, is dit na 10% opgestoot.[481] Só het die Raad byvoorbeeld £1103 in 1936 en £886 in 1939 uit die toernooie gemaak.[482] Die tweede nuwe bron van inkomste was die heffing wat die Raad vanaf 1933 op internasionale wedstryde geplaas het. In die jare daarvoor het die unie wat ’n toetswedstryd aangebied het alleen daarby gebaat, maar op die vooraand van die eerste Australiese toer hierheen het die SARFB besluit op “the principle that an international match is a matter of national concern.”[483] Hierdie beginsel het in praktyk beteken dat unies 25% van die netto hekgelde van toetswedstryde aan die Raad moes oorbetaal. Hiervan kon die Raad ’n maksimum van £3000 behou, terwyl alles méér as dit proporsioneel onder unies wat nié ’n toetswedstryd aangebied het nie, verdeel moes word. Op die langtermyn het hierdie twee nuwe bronne van inkomste die Raad se finansiële posisie in ’n redelike mate verbeter. Die algemene jaarverslag van 1939 toon ’n kontantbalans van £1321.19s.3d en twee vaste depositos van gesamentlik £3500. Hiervan is £3000 by die South African Permanent Building and Investment Society belê en £500 by die Cape of Good Hope Savings Bank Society.

---

[478] SARFB minutes, 28 March 1934. SARRA, I, 5.
[479] SARFB minutes, 28 November 1934. SARRA, I, 5.
[480] SARFB Annual Report 1914. SARRA, I, 2.
[481] SARFB Annual Report 1922. SARRA, I, 3; SARFB Annual Report 1939. SARRA, I, 16.
[482] SARFB Annual Report 1939. SARRA, I, 16.
[483] SARFB Annual Report 1933. SARRA, I, 5.

Bykomend tot die nuwe bronne van inkomste het die Raad ook in 1922 ’n Common Fund gestig wat as ’n algemene lopende rekening geadministreer is. Onder die nuwe formaat van die Curriebeker-toernooi sou unies voorts hul £30 inskrywingsfooi sowel as 20% van alle netto hekgelde na dié fonds oorbetaal. Unies wat verliese tydens die toernooi gely het, kon eise teen die Common Fund instel. Enige oorblywende geld is óf proporsioneel tot hul bydrae aan unies terugbetaal, óf aangewend soos die Raad goedgedink het.[484] Laasgenoemde opsie het gewissel van oordrag na die volgende jaar, die betaling van unies se affiliasiefooie vir die komende jaar, of as gedeeltelike voorskotte op unies se waarborge vir internasionale toere. Die Common Fund het die Raad beter likiditeit gegee, maar weens die aard van die fonds kan dit nie as ’n bate, soos byvoorbeeld die vaste deposito, beskou word nie.

Die finansiële resultate van die internasionale toere in die tydperk 1914-1939 was uiters wisselvallig. By tye is daar goeie winste uit inkomende toere gemaak, soos met die besoek van die Nieu-Seelandse weermagspan in 1919 toe die Raad sy vaste deposito met ’n verdere £600 kon aansterk,[485] of met die Britse besoek in 1938 toe daar £1500 gemaak is.[486] Ander inkomende toere was weer nie naastenby so winsgewend nie, soos die Britse toer van 1924 wat maar ’n skamele £34.15s.4d geïn het.[487] Springboktoere oorsee was egter altyd duur ondernemings. Die 1921-toer na Australië en Nieu-Seeland het £612.4s.0d gekos,[488] terwyl die 1931-1932 toer na Brittanje die Raad met ’n agterstand van £1006.15s.6d gelos het ten spyte daarvan dat die proefwedstryde op Nuweland sowat £400 gemaak het.[489] Gegewe die internasionale ekonomiese depressie van die vroeë jare dertig is dit insiggewend dat Kapenaars steeds in groot getalle na rugbywedstryde gaan kyk het – proefwedstryde boonop – en dit is selfs meer verbasend dat die Raad hoegenaamd ’n oorsese toer onderneem het. Die gevolg van dié waagstuk was die duurste Springboktoer in daardie stadium.

Soos die SARFB se finansies beter daarna uitgesien het na afloop van ’n internasionale toer hierheen, is daardie geld grotendeels weer aangewend om die volgende oorsese Springboktoer te befonds. Indien daar in hierdie era nié twee nuwe bronne van inkomste geskep is nie, sou die Raad se finansiële posisie deurgaans wipplank gery het tussen toere na en van Suid-Afrika.

---

484 “Amended Temporary Rules Recommended by the Sub-Committee”. Annexure to SARFB minutes, 22 February 1922. SARRA, I, 3.
485 SARFB Annual Report 1919. SARRA, I, 2.
486 SARFB Annual Report 1938. SARRA, I, 16.
487 SARFB Annual Report 1924. SARRA, I, 3.
488 SARFB Annual Report 1921. SARRA, I, 3.
489 SARFB Annual Report 1932. SARRA, I, 5; C.F.S. Nicholson: “South African Rugby Football Board”, in: I. Difford (ed.): *History of South African Rugby Football*, p. 36.

Die ingrypings van 1922 en 1933, en die stigting van die Common Fund, het die Raad ’n mate van finansiële standvastigheid gegee te midde die heen-en-weer uitwerking van internasionale toere.

Nóg ’n belangrike verwikkeling in die Raad in hierdie era was die ontwikkeling van ’n historiese bewussyn. Toe Ivor Denis Difford, ’n jarelange krieket-administrateur en skrywer, in 1931 voorgestel het om die amptelike geskiedenis van die SARFB en rugby in Suid-Afrika te skryf, het die Raad met entoesiasme ingestem. In ’n Raadsvergadering is daar oor dié voorstel gesê dat “[there] was a need for such history and the present time was opportune before valuable information would be lost”,[490] en in die voorwoord van die boek wat uiteindelik in 1933 gepubliseer is, het Sport Pienaar geskryf dat “our history ought to have been published long ago.”[491] Die Raad het ’n sub-komitee saamgestel om Difford te assisteer, en daar is besluit om die projek as ’n kommersiële onderneming te benader. Daar is aanvanklik £10, en later nóg £5, tot die fonds vir voorlopige uitgawes voorgeskiet met die moontlikheid van ’n proporsie van die tantième indien die boek goed sou verkoop.[492]

Oor die volgende sowat twee jaar het die Raad deurgaans met Difford saamgewerk, hetsy dit was om unies te herinner om op die redakteur se versoeke te reageer en hul historiese inligting te verskaf, of om hulle aan te moedig om intekenaars vir die boek te werf. In Maart 1932 het ’n gebrek aan belangstelling gedreig om die boekprojek te beëindig, maar later in dieselfde jaar het bestelling genoegsaam toegeneem vir Difford om met publikasie voort te gaan.[493] Die laaste melding van die projek in die Raad se rekords verskyn in die jaarverslag van 1933, toe daar geskryf is hoe die boek baie goed deur die pers ontvang is, maar dat die verkope ongelukkig swak vaar en die redakteur en uitgewer (Specialty Press in Kaapstad) beide groot verliese in die gesig staar.[494] Die Raad het nooit ’n tantième ontvang nie en die boek was ’n finansiële mislukking. Desondanks bied dit vandag ’n waardevolle blik op die vroeë geskiedenis – en geskiedskrywing – van rugby in Suid-Afrika.

Difford het aanvanklik beplan om die boek ook in Afrikaans uit te gee. Hy skryf hoe duisende omsendbriewe en bestelvorms via die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge (FAK)

[490] SARFB minutes, 10 July 1931. SARRA, I, 4.
[491] I. Difford: “Foreword”, in I. Difford (ed.): *History of South African Rugby Football*, p. vii.
[492] SARFB minutes, 8 April 1931. SARRA, I, 4; SARFB minutes, 18 February 1932. SARRA, I, 5.
[493] SARFB minutes, 11 March 1932; SARFB Letter to All Unions re Official History of the South African Rugby Football Board, 17 March 1932; SARFB minutes, 13 October 1932; SARFB minutes, 14 December 1932; SARFB Annual Report 1932. SARRA, I, 5.
[494] SARFB Annual Report 1933. SARRA, I, 5.

versprei is, maar dat die reaksie “discouraging in the extreme” was.[495] Hoekom het Afrikaners nie in die boek belang gestel nie? Die eerste rede hiervoor is ’n kwessie van getalle – Fransjohan Pretorius skryf hoe die Afrikaanse leserspubliek in hierdie tyd nog nie besonder groot was nie.[496] Tweedens is dit ook waarskynlik dat Afrikaners in die vroeë 1930’s nog nie met die geskiedenis van Suid-Afrikaanse rugby kon assosieer nie. Alhoewel hulle in hierdie era die sport in groeiende getalle begin speel het en rugby mettertyd ’n voertuig vir Afrikaner nasionalisme geword het,[497] was die geskiedenis daarvan steeds die verhaal van ’n Engelse sport wat hoofsaaklik deur die middel- tot hoër klasse – effektief die Engelssprekende deel van die samelewing – gespeel is. Daar was dus ’n sterk koloniale ondertoon in die verhaal wat nie noodwendig onder Afrikaners geresoneer het nie. Dan kon die sogenaamde armblanke-vraagstuk van dié era ook beteken dat daar waarskynlik maar min Afrikaanssprekendes in die reeds klein poel lesers was wat £1.1s. vir ’n rugbygeskiedenisboek opsy kon sit.

Die mislukking van Difford se Afrikaanse projek opper ook die vraag na hoe en tot watter mate, indien wel, Afrikaans in hierdie era ’n vastrapplek in die administrasie van (wit) Suid-Afrikaanse rugby gekry het. Die eerste melding van die Afrikaanse taal in die Raad se rekords dateer terug na 1923 toe die Wes-Transvaal gevra het dat reëlboeke ook in Afrikaans gedruk moes word.[498] Ná dit duidelik geword het dat slegs 12 sulke eksemplare verlang word, is die idee laat vaar. In Februarie 1927 is daar besluit om die reëlboeke voortaan in beide Engels en Afrikaans te publiseer,[499] en vanaf 1932 het die jaarverslae ook in albei tale verskyn. Soos meer Afrikaners in die 1920’s en 1930’s begin rugby speel het, het die Raad in voeling met sy omstandighede opgetree deur belangrike dokumente ook in Afrikaans te verskaf.

Dit is vanselfsprekend dat daar in hierdie tyd ook meer Afrikaanssprekendes op die Raad gesit het. Die vernaamste voorbeelde is Andries Jacobus “Sport” Pienaar, wat in 1927 die SARFB se president geword het en die pos vir die volgende 26 jaar beklee het, en Paul Roos wat in dieselfde jaar tot vise-president verkies is. Ondanks hul Afrikaanse herkoms dui hierdie indiwidue se teenwoordigheid op die Raad nie noodwendig op ’n nuwe, Afrikaner nasionalistiese daeraad in die organisasie nie. Pienaar, oor wie daar min biografiese inligting beskikbaar blyk te wees, het byvoorbeeld vir die eerste maal in 1907 op die Raad gesit waar

---

495 I. Difford: “Foreword”, in: I. Difford (ed.): *History of South African Rugby Football*, p. ix.
496 F. Pretorius: “‘Mag ons vergeet?’ ’n Geskiedenis-serie en Afrikanernasionalisme, 1937-1948”, p. 184.
497 A. Grundlingh: “Playing for Power? Rugby, Afrikaner Nationalism and Masculinity in South Africa, c.1900-70”, p. 408-430; D. Allen: “Beating them at their own game: Rugby, the Anglo-Boer War and Afrikaner nationalism, 1899-1948”, pp. 37-57;
498 SARFB minutes, 23 March 1923. SARRA, I, 3.
499 SARFB minutes, 11 February 1927. SARRA, I, 3.

hy dan saam persone soos Billy Simkins en Louis Smuts gedien het. Hy kom dus uit die ou garde van Suid-Afrikaanse rugby-administrasie toe beide die Raad en die spel self ’n eksplisiet Engelse karakter en beeld gehad het. Bowendien was hy berug vir sy aanhang van die tradisionele amateurwaardes van die spel, en sy beroep as staatsadvokaat en parlementêre beleidskrywer vir die Unie-regering suggereer ook dat hy waarskynlik, in die taal van die tyd, ’n SAP (Suid-Afrikaanse Party ondersteuner) eerder as ’n NAT (Nasionale Party ondersteuner) was. Paul Roos is ’n ietwat meer komplekse figuur in hierdie opsig, hoofsaaklik weens sy verkiesing tot lid van die parlement in 1948 as ’n Nasionale Party (NP) kandidaat. Desondanks was hy dalk meer bekend vir sy pogings om, deur middel van rugby, Engelssprekendes en Afrikaners in die land te verenig, soos bewys deur sy uitsprake as kaptein tydens en na afloop van die 1906-1907 Springboktoer.[500] Hierdie sentimente strook veel eerder met Jan Smuts se konsiliasie-politiek as met die enger Afrikaner nasionalisme en republikeinse ideale van die NP. Verder het dit hom ontstel dat sy politieke affiliasie dalk iets van hom gesê het wat nie noodwendig so was nie. “What is more the many friends that I made overseas now think that I have turned anti-English, which I have not.”[501] Paul Roos se band met die NP het eintlik meer oor sy gevoel van geroepenheid tot die Afrikaner-saak gesê as wat dit sy persoonlike politieke oortuigings verklap het.

Die voorkoms van enkele Afrikaanse name op die Raad, soos dié van byvoorbeeld Pienaar en Roos, het nie ’n omwenteling in die organisasie se karakter beteken nie. As moedertaal Afrikaanssprekendes was hulle trouens steeds in die minderheid op die Raad. Dié balans sou tot in die vyftigerjare voortduur namate die rugby-administrasie stelselmatig verafrikaneriseer het.[502] In ’n sekere opsig kan daar gesê word dat die samestelling van die SARFB in hierdie era ’n weerspieëling van dié van die breër Suid-Afrikaanse staatsdiens was. Giliomee skryf hoe Afrikaners sedert die 1930’s die publieke sektor in betekenisvolle getalle begin betree het, maar dat dit ’n geleidelike proses was wat eers in die 1960’s volstrek is toe die staatsdiens ’n eng Afrikaner nasionalistiese identiteit aangeneem het.[503]

---

500 Sien byvoorbeeld: D. Allen: “Tours of Reconciliation: Rugby, War and Reconstruction in South Africa, 1891-1907”, p. 182; F.J.G. van der Merwe: “Sports heroes and national identity: The role of Paul Roos in Springbok rugby”, p. 223; D. Allen: “‘Captain Diplomacy’: Paul Roos and the Creation of South Africa’s Rugby ‘Springboks’”, pp. 576-577.

501 D. Allen: “‘Captain Diplomacy’: Paul Roos and the Creation of South Africa’s Rugby ‘Springboks’”, p. 572.

502 P. Dobson: *Rugby in South Africa: A History, 1861-1988*, p. 99, 106. Die verafrikanerisering van die wit Suid-Afrikaanse rugby-administrasie kom in hoofstuk 6 ter sprake.

503 H. Giliomee: *Maverick Africans: The Shaping of the Afrikaners*, pp. 190-191.

Teen die einde van die 1930's was die nasionale administrasie van wit rugby steeds 'n Engelse milieu. Die SARFB herinner in hierdie stadium van sy geskiedenis aan 'n laat negentiende eeuse 'gentlemen's club'.[504] Die Raad is nie slegs in 1889 in 'n voormalige 'gentlemen's club' gestig nie, maar dit het ook die waardes daarvan beliggaam – manlik, elite en privaat – en dit het noue bande met Empire-bouers soos Cecil John Rhodes en die Randlords van die Witwatersrand gehad. Die organisasie was 'n samekoms van hoofsaaklik eendersdenkende mans uit die hoë stande van die samelewing. Onder hulle het getel prokureurs, staatsamptenare en besigheidsmanne, en hulle is saamgebind deur 'n gedeelde liefde vir rugby, 'n uiteraard manlike en koloniale sport. Daar was 'n sterk kameraderie onder die mans op die Raad en baie van hulle, soos Sport Pienaar en William Francis (Bill) Schreiner, was bowendien ook jarelange vriende wat in dieselfde staatsdiensgebou gewerk het.[505] Sommige joernaliste wat Raadsvergaderings in hierdie era bygewoon het, het spottenderwys daarna as 'n "Oumannetehuis" verwys, terwyl Danie Craven, 'n toekomstige SARFB-president, dit as 'n Kaapse kliek beskou het.[506] Grundlingh skryf dat die Raad "was for much of its history under the sway of English speakers or anglicised Afrikaners and conducted its business in a time-honoured clubbish fashion."[507]

Die wyse waarop die Raad vergader het, sinspeel ook op 'n 'gentlemen's club'. Daar is gereeld op Vrydagaande saamgekom, soms tot skuins voor middernag, en vergaderings is gehou in plekke in Kaapstad waar slegs die gesiene persone van die samelewing welkom sou wees. Hieronder tel die kantore van staatsamptenare, soos die Bar Common Room en die raadsaal van die Board of Executors in Waalstraat 4, en die General Estate and Orphan Chamber in Adderleystraat. Daar is by tye ook in die raadsaal van die *Cape Argus* in St. Georgestraat saamgekom, sowel as in die Royal Hotel in die Kaapse middestad. Die Raad was ook 'n relatief private organisasie. Dit was eerstens 'n ekslusiewe wit spasie, en sommige mans soos Louis Smuts, Jack Heyneman en Bill Schreiner het vir dekades lank op die Raad gedien. Dít het nie slegs beteken dat daar mettertyd 'n institusionele geheue opgebou is nie, maar dit het ook meegebring dat nuwe en moontlik jonger administrateurs só uit die Raad gehou is. Dan het daar ook in die jare voor die Tweede Wêreldoorlog 'n waarneembare versigtigheid in die Raad

---

[504] Sien byvoorbeeld: A. Milne-Smith: "A Flight to Domesticity? Making a Home in the Gentlemen's Clubs of London, 1880–1914", pp. 796-818; A. Milne-Smith: "Club Talk: Gossip, Masculinity and Oral Communities in Late Nineteenth-Century London", pp. 86-106.
[505] P. Dobson: *Rugby in South Africa: A History, 1861-1988*, p. 106.
[506] H. Gerber: *Craven*, p. 174; P. Dobson: *Doc: The life of Danie Craven*, p. 137.
[507] A. Grundlingh: "Playing with Purpose: Rugby and its wider significance in Afrikaner society, c.1900-c.1989", in: A. Grundlingh: *Potent Pastimes: Sport and leisure practices in modern Afrikaner history*, p. 74.

ontstaan om té veel uit te brei, wat suggereer dat daar ’n hoë premie op lidmaatskap geplaas is. Die kanse was in alle waarskynlikheid maar skraal dat ’n nuwe verteenwoordiger toegelaat sou word wat nié aan die vereistes van die groep voldoen het nie. Die Engelse karakter waarmee die SARFB in 1889 gebore is, was 50 jaar later steeds ’n bepalende faktor in sy institusionele identiteit.

**Die Maori-kwessie**

Geen bespreking van Suid-Afrikaanse rugby in die tydperk 1914-1939 sal volledig wees sonder verwysing na die sogenaamde Maori-kwessie nie. Waar die saak in die historiografie belig word, word daar hoofsaaklik op die apartheids-era gekonsentreer, en spesifiek Eerste Minister Hendrik Verwoerd se 1965 Loskopdam-toespraak en die uitwerking daarvan op die toenemende isolasie van Springbokrugby in die dekades daarna.[508] In die lig hiervan is dit belangrik om die ontstaan van die kwessie in vroeëre dekades te ondersoek. Die toere tussen Suid-Afrika en Nieu-Seeland in die tussenoorlogse era (1919, 1921, 1928, 1937) was aan die een kant ’n stryd vir die nie-amptelike wêreldkampioenskap wat die verbeelding van die hele rugbywêreld aangegryp het, maar aan die skadukant hiervan was die omstrede posisie van die Maori-spelers. Hoe het die SARFB rugby met die Maori’s in hierdie tyd benader?

Toe daar begin is met reëlings vir die besoek van die Nieu-Seelandse weermagspan in 1919, het die SARFB te staan gekom voor die moontlikheid dat die toerspan Maori’s kon insluit. Die Raad se rekords dui slegs dat die kwessie breedvoerig bespreek is, maar dit bevat ongelukkig geen detail van die gesprek nie. Daar is met agt stemme teenoor ses besluit dat die toerspan uitsluitlik wit moes wees, en ’n vertroulike telegram is aan William Schreiner, voormalige SARFB-president, in Londen gestuur waarvandaan hy aan die toer help organiseer het: “[If] visitors include Maori’s tour would be wrecked and immense harm politically and otherwise would follow. Please explain position fully and try arrange exclusion.”[509]

Interessant genoeg was Schreiner se seun, William Francis (Bill), wat in hierdie tyd op die Raad gedien het, een van die agt persone wat téén die insluiting van Maori’s gestem het.

[508] Sien byvoorbeeld: P. Dobson: *Rugby’s Greatest Rivalry: South Africa vs New Zealand*, pp. 28-37; J. Nauright & D. Black: “‘Hitting Them Where It Hurts’: Springbok-All Black Rugby, Masculine National Identity and Counter-Hegemonic Struggle, 1959-1992”, in: J. Nauright & T.J.L. Chandler (eds): *Making Men: Rugby and Masculine Identity*, pp. 205-226; T. Collins: *The Oval World: A Global History of Rugby*, pp. 385-396.

[509] SARFB minutes, 2 June 1919. SARRA, I, 2.

Schreiner sr. was, soos sy befaamde skrywer-suster Olive, welbekend as 'n liberale persoon wat in die "equal rights [of] all civilised men South of the Zambezi" geglo het.[510] Van der Merwe voer verder aan dat dit vir Schreiner sr. sekerlik 'n skok moes wees om te weet dat sy seun se politieke oortuigings nie noodwendig met syne gestrook het nie. Dit is egter onmoontlik om te bepaal of Schreiner jr. se stem deur sy persoonlike oortuigings gemotiveer is, en of hy nie dalk gestem het om te verhoed dat rugby tot spanning in die land lei nie, wel wetende dat ras 'n vername politieke kwessie was. Hoe dit ookal sy, Schreiner sr. het vermoedelik teësinnig die Raad se wense uitgevoer, want die span wat uiteindelik na Suid-Afrika getoer het, het nie die twee Maori-spelers Ranji Wilson en Parekura Tureia ingesluit nie.

Die SARFB se uitsluiting van Maori's in 1919 het stellig om twee redes gebeur. Eerstens was die Raad die administratiewe liggaam vir *wit* rugby in Suid-Afrika. Alhoewel die SARFB nie noodwendig 'n amptelike beleid ten opsigte van ras in sy grondwet gehad het nie, was dit 'n ongeskrewe reël dat daar nie onder sy jurisdiksie met ander rasse gemeng sou word nie. Die Raad se houding jeens gemengde sport was sedert sy vroegste jare reeds implisiet bekend. Henry Cadwallader se ontslag in 1893, toe hy ten gunste van die insluiting van 'n gekleurde speler in die Suid-Afrikaanse krieketspan was, is 'n gepaste voorbeeld hiervan. Dit is insiggewend dat daar in 1919 nogtans oor die saak gestem is, en boonop ook dat daar ses stemme vír die insluiting van Maori's was. Die Raad was kennelik bereid om sy eie ongeskrewe reël teë te gaan indien die meerderheid daarvoor gestem het.

Die besluit is tweedens ook te wyte aan die onmiddellike politieke konteks waarbinne die SARFB homself bevind het. Sedert die koms van die eerste Europeërs na Suid-Afrika was ras 'n belangrike twispunt in die politiek van die land, en teen 1919 was dit geensins anders nie. Met Uniewording in 1910 is 'n Union Native Affairs Department opgerig, en alhoewel dié department vir sy eerste dekade relatief swak georganiseerd was en 'n lae status beklee het, het dit in die tyd ná die Eerste Wêreldoorlog 'n grootskaalse transformasie ondergaan om meer effektief op die voorgrond van Suid-Afrika se politiek te funksioneer.[511] Boonop het die Nasionale Party onder J.B.M. Hertzog, wat ras-gebaseerde segregasie voorgestaan het, ook in hierdie tyd groot opgang gemaak. Die Raad se besluit om nié Maori-spelers te ontvang nie, was ook 'n manier om homself, soos met die Eerste Wêreldoorlog, nie by die politiek van die dag te begewe nie.

---

510 F.J.G. van der Merwe: "Race and South African Rugby: A Review of the 1919 'All Black' Tour", p. 167.
511 S. Dubow: "Holding 'a just balance between white and black': The Native Affairs Department in South Africa, c.1920-33", pp. 217-239.

Toe daar vir die eerste maal na Nieu-Seeland getoer is in 1921, het die Springbokke teen ’n Maori-span in Napier te staan gekom. Die wedstryd is gekenmerk deur fisieke spel deur beide spanne, twyfelagtige beslissings deur die skeidsregter en swak gedrag onder sommige toeskouers. Groot polemiek het egter na die tyd ontstaan toe die inhoud van ’n kabelgram wat Charles Blackett, ’n Suid-Afrikaanse joernalis wat saam die span gereis het, uitgelek het.

> Most unfortunate match ever played. Only as result of great pressure being brought to bear on Bennet [Springbok-spanbestuurder] induced them to meet Maori’s, who assisted largely in the entertainment of the Springboks. Bad enough to play team officially designated New Zealand native, but the spectacle of thousands of Europeans frantically cheering on band of coloured men to defeat members of own race was too much for Springboks, who were frankly disgusted. That was not the worst. The crowd was most unsportsmanlike experienced on tour, especially the section who lost all control of their feelings. When not booing the referee, they indulged in sarcastic remarks at his expense. On many occasions Africans were hurt. Crowd, without waiting for possibility of immediate recovery, shouted: “Take him off! Take him off!” Their faithful coloured allies proved loyal to New Zealand, for in addition to serious injury to Kruger’s leg, Van Heerden had to stay off field for 15 minutes. Other were limping badly. Maori’s flung their weight around regardless of niceties of the game.[512]

Blackett se verslag wat uiteindelik in *The Cape Argus* verskyn het, was ietwat minder verdoemend,[513] maar die skade was nogtans gedoen. Die Springbokke is wyd vir hul skynheiligheid gekritiseer – hulle het die Maori’s se verwelkoming en gasvryheid aanvaar, maar wou skynbaar nie teen hulle speel nie. Die spanbestuurder Harold Bennet het die toerspan vinnig van Blackett se sentimente gedistansieer. George Slade, voorsitter van die NZRFU Management Committee in 1921, en Ned Parata, Maori-spanbestuurder, het Bennet se ontkenning beaam,[514] maar dit was nie genoeg om die Suid-Afrikaners van verdere kritiek te spaar nie. Peter Buck, ’n vername Maori-politikus, het geskryf dat

> ...the so-called grievance of the Springboks against playing a Maori team is an unmitigated insult. If the South Africans have any of the broadmindedness of the great Louis Botha or the imperialistic General Smuts, they should correct the report if it is wrong, or apologise if it is correct. If a team of reputed sports will not make honourable amends and still persist in the

---

[512] “Football, Springboks and Maoris, The offending message”, *Stratford Evening Post*, 15 September 1921. Beskikbaar by: https://paperspast.natlib.govt.nz/newspapers/STEP19210915.2.34?end_date=30-09-1921&items_per_page=10&page=4&query=Springboks+Maori+rugby&snippet=true&sort_by=byDA&start_date=07-09-1921 (Besoek op 9 Junie 2020.)
[513] P. Dobson: *Rugby’s Greatest Rivalry: South Africa vs New Zealand*, p. 21.
[514] G. Ryan: “Anthropological Football: Maori and the 1937 Springbok Tour of New Zealand”, in: G. Ryan (ed.): *Tackling Rugby Myths: Rugby and New Zealand Society, 1854-2004*, p. 106.

> curious attitude of drawing a colour line in sport in this country, then the New Zealand Rugby [Football] Union should, by not extending any future invitation to South Africa, protect its Maori supporters and their friends from further gratuitous insult.[515]

Waar die Raad in 1919 die Maori-kwessie stilweg onder die mat wou invee, het die gebeure op die 1921-toer, en veral die publieke reaksies wat dit ontlok het, die kwessie op die voorgrond geskuif. Dit was nou onmoontlik vir wit Suid-Afrikaanse rugby om rassediskriminasie te ontken, en dit sou vanselfsprekend 'n kwelpunt wees in enige toekomstige kontak tussen die SARFB en NZRFU.

Toe die eerste verteenwoordigende All Blacks in 1928 na Suid-Afrika getoer het, was die insluiting al dan nie van Maori-spelers natuurlik weer ter sake. Die Raad se rekords bevat geen teken van interne gesprekke óf korrespondensie met die NZRFU oor die saak nie, maar daar kan aangeneem word dat daar wél opdrag gegee is om nie Maori's in die toergroep in te sluit nie. Greg Ryan skryf dat die spanbestuurder Harold Bennet op die 1921-toer aan Nieu-Seelandse rugbyowerhede gesê het dat die Maori's "would not be acceptable as tourists in South Africa",[516] en Paul Dobson noem ook in verwysing na die Maori's dat "much of the [1928] tour was organised 'through other channels.'"[517] In Nieu-Seeland het die NZRFU vertroulik aan sy unies laat weet dat hulle liefs geen Maori's na proefwedstryde vir die All Black-toerspan moet stuur nie. Die Akarana Maori Association dié opdrag gekritiseer, maar die Nieu-Seelandse Raad het teruggekap en gestel dat hul besluit die goedkeuring van die Maori Advisory Board dra. 'n Debat soortgelyk aan dié van 1921 het gevolglik in die Nieu-Seelandse media ontstaan, waar dit duidelik geword het hoekom die NZRFU nie Maori's na Suid-Afrika wou stuur nie – om hulle teen enige moontlike rasse-insidente te beskerm in 'n land "with different racial circumstances to those enjoyed in New Zealand."[518] Die uitsluiting van Maori's op toere hierheen het uiteindelik daaroor gegaan om die vrede in (wit) Suid-Afrika te bewaar. Die prys wat beide die SARFB en NZRFU bereid was om hiervoor te betaal, was dat die nie-amptelike stryd om die wêreldkampioenskap sonder minstens twee van Nieu-Seeland se beste spelers, Jimmy Mill en George Nepia, sou plaasvind.

---

[515] "Springboks and Maoris", *New Zealand Herald*, 14 September 1921. Beskikbaar by: https://paperspast.natlib.govt.nz/newspapers/NZH19210914.2.95?end_date=30-09-1921&items_per_page=10&page=3&query=Springboks+Maori+rugby&snippet=true&sort_by=byDA&start_date=07-09-1921 (Besoek op 9 Junie 2020.)

[516] G. Ryan: "Anthropological Football: Maori and the 1937 Springbok Tour of New Zealand", in: G. Ryan (ed.): *Tackling Rugby Myths: Rugby and New Zealand Society, 1854-2004*, p. 109.

[517] P. Dobson: *Rugby's Greatest Rivalry: South Africa vs New Zealand*, p. 38.

[518] G. Ryan: "Anthropological Football: Maori and the 1937 Springbok Tour of New Zealand", in: G. Ryan (ed.): *Tackling Rugby Myths: Rugby and New Zealand Society, 1854-2004*, p. 109.

Na dit in Nieu-Seeland rugbaar geword het dat ’n Springbokspan in 1937 daarheen sou toer, het die gesiene Te Arawa Maori’s ’n sterkbewoorde memorandum aan die NZRFU oorhandig. Daarin het die groep, by monde van die voorsitter Tai Mitchell, gevra dat “no Maori player be called upon to play against the Springboks during their tour in 1937, and that no Maori representative match be staged to play them.”[519] Daar is verder, met die onsmaaklikhede van 1921 steeds in gedagte, ook versoek dat die Maori’s nie gevra moes word om deel te neem aan enige amptelike verwelkoming van die Springbokspan nie. Oor die volgende dae en weke het verskeie belanghebbendes op die Arawa-memorandum gereageer. Interessant genoeg het die sterkste steun uit die geledere van die ‘pakeha’ (wit Nieu-Seelanders) gekom, en die mees kritiese teenstand is deur ander Maori-groepe, soos die Tairawhiti Association en die Tuahiwi van die Suid-eiland, uitgespreek.

Die aanvanklike reaksie van die NZRFU was ’n oefening in diplomasie. Stan Dean, voorsitter van die NZRFU Management Committee van 1922-1947, het in ’n persverklaring die Arawa-eise met respek ontvang, maar hulle nogtans daaraan herinner “that in Maori history indignities and affronts which affected the dignity of chieftains and tribes were not requited in the manner suggested in the resolutions, but in other ways which will no doubt occur to you.”[520] Die kern van Dean se boodskap was dat die kwessie van waar en teen wie die Springbokke sou speel, ’n saak vir die NZRFU bly, en dat die “strongest and wisest course to adopt is to expect them [Springboks] to conform to the codes obtaining in this country.”[521]

Enkele dae na dit oorspronklik in Nieu-Seeland verskyn het, is die Arawa-memorandum in Suid-Afrika in die *Natal Advertiser* gepubliseer, waarna die Natalse unie die saak voor die SARFB gelê het. Uit ’n deel van die notule van die vergadering op 12 Augustus 1936 wat “strictly confidential” gemerk is, word dit duidelik dat daar vernaamlik drie opinies in die Raad oor die Maori-kwessie bestaan het. Eerstens was daar stemme wat sterk téén rugby met Maori’s was, soos verwoord deur J.D. de Villiers:

> He was convinced that the greater portion of players in South Africa would decline to play against the Maoris. If asked to do so, they would feel the same as if they were asked to play a

[519] “Rugby Bomb”, *Auckland Star*, 24 July 1936. Beskikbaar by: https://paperspast.natlib.govt.nz/newspapers/AS19360724.2.9?items_per_page=10&query=Springboks+Maori+Arawa+1937&snippet=true&sort_by=byDA (Besoek op 17 Junie 2021.)
[520] “Arawa Maoris and Springboks: Rugby Union’s reply”, *Stratford Evening Post*, 6 August 1936. Beskikbaar by: https://paperspast.natlib.govt.nz/newspapers/STEP19360806.2.39?end_date=31-08-1936&items_per_page=10&query=springboks+tour+maori&snippet=true&sort_by=byDA&start_date=06-08-1936 (Besoek op 16 Junie 2020.)
[521] *Ibid.*

> match against the Cape Coloured. The principle in South Africa was definitely that there would be no inter-mixing of white and coloured on the sporting field... Players would definitely not play against coloured people. Parents would not allow their sons to do so. He objected to the principle of the thing.[522]

Dan was daar ook die stemme vír rugby met die Maori's. J.S. Dunn het die Raad gemaan om die saak op 'n waardige en Christelike wyse te benader, terwyl J.P. Findlay die "fine sporting spirit among the Maoris" geprys het.[523] M.J. Green het die verskil in konteks tussen die twee lande benadruk en voorgestel dat die Suid-Afrikaners Nieu-Seeland se gebruike moet respekteer en volg. Die derde opinie oor die saak het êrens tussen die eerste twee gelê, met 'n effense neiging na steun vir kontak met die Maori's. Sport Pienaar en Bill Schreiner het aangevoer dat die kwessie volkome by die NZRFU gelos moes word, en dat enige uitspraak of optrede deur die Raad problematies sou wees.

> Mr. Schreiner was in favour of leaving the matter for New Zealand to decide. It was no use looking for trouble at that stage. They were not in a position to know what circumstances were like over there. Mr. Dean, he said, had written to him and had expressed the wish that nothing would be done which might tend to make things difficult. If New Zealand decided to include Maoris, they should put no obstacle in their way.[524]

Nie slegs het die Raad mosies beide vír en téén rugby met die Maori's afgekeur nie, maar selfs 'n derde mosie om aan die NZRFU te kommunikeer dat die saak in hul hande gelos word, is óók deur Pienaar as buite orde afgemaak. Daarna is die saak, wat die Raad se amptelike rekords betref, net daar gelos. Dit wil voorkom asof die SARFB 'n tipe 'stille diplomasie' beoefen het – omstredenheid is omseil deur 'n kennelike passiwiteit oor 'n saak en die vermyding van 'n publieke uitspraak in die hoop dat die kwessie homself sal uitwoed sonder om die Raad daarby te betrek of sy aandeel daarin te impliseer. Die SARFB se gebrek aan reaksie en uitspraak oor die Eerste Wêreldoorlog, vergeleke met sy eweknieë elders in die Britse Ryk, herinner ook aan hierdie 'stille diplomasie'.

Enkele weke later, in mid-September 1936, het die NZRFU met verskeie Maori-groepe in Wellington vergader. Die Nieu-Seelandse Raad het onderneem om die Arawa-griewe aan die SARFB voor te lê en versekering te kry dat die Suid-Afrikaners die Maori's 'soos Nieu-Seelanders' sal behandel en nie soos 'lede van 'n minderwaardige ras' nie. Daar is verder selfs

---

[522] SARFB minutes, 12 August 1936. SARRA, I, 6.
[523] *Ibid.*
[524] *Ibid.*

besluit dat die Springbokke 'n wedstryd teen 'n Maori-span sou speel indien hulle [Maori] die finansiële waarborg kon verskaf.[525] Ryan skryf verder hoe die SARFB se amptelike respons nooit gepubliseer is nie. Uit die Raad se rekords is dit duidelik dat daar geen so 'n amptelike reaksie was nie. Bill Schreiner se melding van private kommunikasie tussen hom en die NZRFU se Stan Dean suggereer dat die saak volgens sulke nie-amptelike kanale besleg is. Schreiner, wie se kantoor in dieselfde gebou as dié van sy boesemvriend en SARFB-president Sport Pienaar was, het waarskynlik aan Dean geskryf dat die Raad die kwessie van 'n Springbok-Maori wedstryd in hul hande laat.

Die NZRFU het op 8 November 1936 aangekondig dat só wedstryd nie gespeel sal word nie omdat die toerprogram, wat korter as dié van die 1921-toer was, dit nie sou toelaat nie. Die Springbokke het egter in 1937 teen sommige swakker provinsiale spanne gespeel en ook 'n veeleisende reis na Gisborne aangepak, wat toevallig die tuiste van die Tairawhiti Maori's is wat die Arawa-memorandum teëgestaan het. Dít, volgens Ryan, impliseer dat die NZRFU se afstel van die Springbok-Maori wedstryd die gevolg was van Stan Dean se pogings om enige verdere omstredenheid te vermy. Daar was wél Maori-spelers in sommige provinsiale spanne waarteen die Springbokke te staan gekom het, en twee Maori's, Everard Jackson en Bill Phillips, het die All Blacks in toetswedstryde verteenwoordig.[526]

Die 1937-toerprogram is verder ook só opgestel dat daar 'n geleentheid vir versoening tussen die Springbokke en Maori's was. Ná die wedstryd in Gisborne het die Suid-Afrikaners 'n twee-dag lange besoek aan Roturua, die tuiste van die Te Arawa, afgelê, waar hulle met 'n tradisionele Maori-verwelkoming en konsert getrakteer is. Tai Mitchell, outeur van die Arawa-memorandum, het selfs die hoop uitgespreek dat die Springbokke nie weer 16 jaar sal laat verbygaan tussen besoeke nie, maar eerder net 16 maande.[527] Hierdie rekonsiliasie – hoe suksesvol dit was, is debatteerbaar – het allermins nie die einde van die Maori-kwessie vir wit Suid-Afrikaanse rugby beteken nie.

Die All Black-spanne wat in 1949 en 1960 na Suid-Afrika getoer het, het op sterk aandrang uit Nieu-Seeland geen Maori's ingesluit nie, en in 1965, ten tyde die Springbokke se toer dáár, het Eerste Minister Hendrik Verwoerd sy berugte Loskopdam-toespraak gemaak waarin hy die kwessie tot 'n hoogtepunt gedryf het. Verwoerd het verklaar dat Maori's nie op die

[525] G. Ryan: "Anthropological Football: Maori and the 1937 Springbok Tour of New Zealand", in: G. Ryan (ed.): *Tackling Rugby Myths: Rugby and New Zealand Society, 1854-2004*, p. 119.
[526] *Ibid.*, pp. 119-120.
[527] *Ibid.*, p. 120

eerskomende 1967 All Black-toer hier sou welkom wees nie, waarna die NZRFU die toer gekanselleer het. Dit was eers in 1970, meer as 50 jaar nadat Ranji Wilson en Parekura Tureia uit die Nieu-Seelandse weermagspan gelaat is, dat die eerste Maori's na Suid-Afrika getoer het, ofskoon as 'honorary whites' onder die apartheidsbestel. Dat die Maori-kwessie in 1970 'opgelos' is en teen 1981 'dood' was, soos Dobson aanvoer,[528] is ook oop vir bespreking. Desondanks is dit belangrik om kennis te neem van die wortels van die sogenaamde Maori-kwessie wat tot 1919 terug dateer.

In oënskou was die tydperk 1914-1939 een van belangrike vooruitgang vir die SARFB. Die vernaamste ontwikkeling was stellig die Raad se pogings om 'n aandeel in die internasionale administrasie van rugby te beding. Die tuisunies se konserwatisme het egter geseëvier en die beheer van wêreldrugby het in Britse hande behoue gebly. Op 'n institusionele vlak het die SARFB ook betekenisvolle stappe vorentoe geneem – nuwe unies is by die Raad geaffilieer namate die sport oor die land en in Suider-Afrika gegroei het; enkele permanente komitees is tot stand gebring; daar is begin luister na stemme van buite die Raad self; kontak is gemaak met rugby owerhede in lande soos die VSA, Duitsland en Argentinië; en die finansiële model van die Raad is ook op betekenisvolle wyse uitgebou. Die sogenaamde Maori-kwessie in sy kontak met Nieu-Seelandse rugby in hierdie kwarteeu was egter 'n strydpunt wat nog ver van afgehandel was.

Teen 1939 was die SARFB 'n groter liggaam met meer komplekse werksaamhede en 'n breër internasionale teenwoordigheid as 25 jaar vantevore. Die skeidslyn wat die Tweede Wêreldoorlog oor die volgende jare in Suid-Afrika se politiek en samelewing veroorsaak het, is ook in die raadsale van rugby getrek. Presies hoe sou dit in die rugby-administrasie neerslag vind, en hoe het die Raad hierdie spanning hanteer?

[528] P. Dobson: *Rugby's Greatest Rivalry: South Africa vs New Zealand*, p. 36.

## Hoofstuk 5: Die Raad en die Tweede Wêreldoorlog, 1939-1945

Die Tweede Wêreldoorlog het ’n skeidslyn bykans reg deur die middel van Suid-Afrika se wit politiek en samelewing getrek. Aan die een kant was Jan Smuts en diegene wat Suid-Afrika se oorlogspoging gesteun het, terwyl J.B.M. Hertzog en diegene téén die land se betrokkenheid in die oorlog aan die ander kant gestaan het. Hierdie verdeeldheid het weldra ook na die land se rugbypolitiek uitgekring waar ’n debat ontstaan het oor die gebruik van rugbygeld vir oorlog- en ander liefdadigheidsfondse.

Die hoofsaaklik Engelse establishment het aangevoer dat rugbygeld aan oorlogsfondse geskenk mag word omdat dit Suid-Afrikaanse rugby se morele plig was om hul soldate, waarvan baie self rugbyspelers was, te help. Daarteenoor het ander, meer Afrikaner-gesindes geargumenteer dat die aanwend van rugbyfondse vir liefdadigheid ’n oortreding van die spel se amateurkode is, en dat wedstryde in daardie geval net sowel ten behoewe van die Reddingsdaadbond (RDB) se fonds gespeel kon word. Die resultaat was vurige debatte in die raadsaal en tweespalt op die speelveld, met sommige klubs in die Westelike en Oostelike Provinsie wat weggebreek het en hul eie provinsiale unies op die been gebring het. Alhoewel die skeur in Suid-Afrikaanse rugby tydens die oorlogsjare waarsynlik meer oor die wit samelewing as van die SARFB gesê het, het dit nogtans die nasionale beheerliggaam te doen gestaan om ’n oplossing vir die interne verdeeldheid te vind.

Hierdie hoofstuk bied ’n oorsig van die gebeure van die ‘rugby skeuring’ in Suid-Afrika tydens die Tweede Wêreldoorlog. Wat was die oorsprong van die tweespalt en hoe het dit in die Raad afgespeel? Daarna volg ’n bespreking van die vernaamste faktore wat tot die ontstaan, omvang en oplos van die krisis bygedra het, waarna daar ’n kort blik op enkele speelveld hoogtepunte van die oorlogsjare volg.

### Die ‘rugby skeuring’

Toe die Tweede Wêreldoorlog in September 1939 uitbreek, is Suid-Afrika bykans onmiddellik in ’n krisis gedompel. Op 4 September 1939 het Eerste Minister J.B.M. Hertzog se mosie om Suid-Afrika neutraal ten opsigte van die oorlog te hou, met 80 stemme teenoor 67 misluk, waarna hy bedank het. ’n Nuwe kabinet is vervolgens onder Jan Smuts saamgestel en hy het Suid-Afrika aan die kant van Brittanje tot die oorlog laat toetree. Herman Giliomee beskryf dit

as ’n waterskeiding in die land se politiek en dat dit tot hewige polarisasie van die wit bevolking gelei het.[529] Die verdeeldheid het die wit gemeenskap se taalverskille rofweg weerspieël, met Engelssprekendes hoofsaaklik vír die land se oorlogspoging en Afrikaners meestal daartéén.[530]

Suid-Afrikaanse rugby was ook nie immuun teen die omvattende gevolge van die oorlog nie. Die beoogde konferensie van suidelike halfrond beheerliggame met die RFU in Londen in Desember 1939 is gekanselleer en die 1940-toer van die All Blacks na Suid-Afrika is ook afgelas. Die publiek moes tevrede wees met ’n uitsluitlik plaaslike program. Soos rugbyspelers in groeiende getalle by die Unie-Verdedigingsmag aangesluit het,[531] is klubspanne met verloop van tyd ook só uitgedun dat verskeie ligakompetisies landwyd gestaak is. Omdat proviniale spanne nie op volle sterkte was nie, het die SARFB gevolglik ook die tweede helfte van die Curriebeker-toernooi in sy nuwe formaat, wat in 1939 begin het, gekanselleer. Die enigste noemenswaardige rugby wat vir toeskouers oorgebly het, was die vriendskaplike wedstryde wat klubs en provinsiale spanne onder mekaar kon reël. Dit was egter nie lank nie of ’n debat het uitgebreek oor die aanwend van die fondse van sommige sulke wedstryde.

Gebeure in die Westelike en Oostelike Provinsies onderskeidelik het tot die ontstaan van die twis gelei. Spanning in die WPRFU het in 1940 begin oplaai toe D.F. Bosman homself vir die presidentskap genomineer het nadat die sittende president, J.D. de Villiers, nie openlike steun aan die regering se oorlogspoging wou toesê nie. Bosman het wedstryde ten bate van die Governor General’s War Fund voorgestaan, terwyl De Villiers, wat uiteindelik herverkies is, ’n beleid van “business as usual” bepleit het om die spel in die provinsie aan die gang te hou.[532] De Villiers wou skynbaar nie persone in die anti-oorlog kamp vervreem nie. Enkele maande later het spanning wéér opgevlam toe die WPRFU besluit het om die inkomste van die vriendskaplike wedstryd tussen die Westelike Provinsie en Boland op 17 Augustus 1940 aan die Governor General’s War Fund te skenk. Die Bolanders was nie hiervoor te vinde nie en die wedstryd is gekanselleer. Klubrugby is in die plek daarvan gespeel en die Nuweland-hekgelde

---

529 H. Giliomee: *Die Afrikaners*, pp. 390-392.

530 Natuurlik was nie álle Afrikaners teen Suid-Afrika se oorlogspoging gekant nie. Vanuit nasionalistiese kringe veral het daar hewige kritiek gekom, maar terselfdertyd was daar betekenisvolle steun vir Jan Smuts onder sommige Afrikaners, veral onder sogenaamde ‘bloedsappe’. Dit is ook opvallend dat sowat die helfte van alle soldate wat vrywilliglik by die Unie-Verdedigingsmag aangesluit het, Afrikaners was. Sien byvoorbeeld A. Grundlingh: “The King’s Afrikaners? Enlistment and Ethnic Identity in the Union of South Africa’s Defence Force during the Second World War, 1939-45”, *The Journal of African History* 40(3), 1999, pp. 351-365.

531 Wanneer die felheid van die ‘rugby skeuring’ gekonfronteer word met die feit dat sowat 190 000 vrywilligers van militêre ouderdom (18-44) by die Unie-Verdedigingsmagte aangesluit het, waarvan nagenoeg die helfte ook Afrikaners was, wil dit voorkom asof die land se oorlogspoging ’n veel groter politieke kwessie vir ouer rugby-administrateurs was as wat dit ’n probleem vir die jonger spelers was.

532 A.C. Parker: *WP Rugby Centenary, 1883-1983*, p. 49.

is aan die fonds bemaak. In reaksie hierop het die Paarl Rugbyklub aansoek gedoen om ’n wedstryd ten behoewe van die RDB se Reddingsdaadfonds te speel. Die RDB is in Oktober 1939 tydens die Afrikaner-Broederbond (AB) se ekonomiese volkskongres gestig, en was bemoeid met die insameling van fondse vir Afrikaanse ondernemings as deel van ’n strategie om die sogenaamde armblanke-vraagstuk van die tyd op te los.[533] Alhoewel die WPRFU nie noodwendig van die RDB se status as *bona fide* liefdadigheidsorganisasie oortuig was nie, is toestemming nietemin verleen en is die wedstryd op 31 Augustus 1940 gespeel. Dít het ’n duidelike skeidslyn oor die kwessie van rugby vir liefdadigheid in die provinsie getrek. Daar was die groep wat rugby vir oorlogsfondse wou speel en die kamp wat rugby vir die RDB wou speel.

In die Oostelike Provinsie was die verdeeldheid ewe fel. Op 10 Junie 1940 het die EPRFU besluit om alle klubkompetisies te staak en dit met vriendskaplike wedstryde in ’n sogenaamde Dependants Competition te vervang. ’n Kwart van alle hekgelde van hierdie wedstryde sou aan die Dependant’s Fund, wat na afhanklikes van soldate op diens omgesien het, geskenk word. Bowendien was daar ook streng voorwaardes aan die spelers gestel. Slegs spelers wat as vrywilligers by die gewapende magte aangesluit het, sowel as dié wat weens hul sleutelposisies van militêre diens vrygestel is, sou toegelaat word om in die Dependants Competition te speel. R.St.L. Searle, EPRFU-voorsitter, het gesê dat die unie nie bereid was om wedstryde te reël vir spelers wat nie bereid was om hul land te dien nie. Hierdie besluite is bykans onmiddellik teëgestaan deur Graaff-Reinet en Park Rugbyklub van Port Elizabeth. By monde van John Vorster, toekomstige Nasionale Party leier en Suid-Afrikaanse Eerste Minister, het Park geargumenteer dat die EPRFU se beperkings op spelers op diskriminasie neerkom en dat dit dus ongrondwetlik was. Die unie het in Maart 1941 onder die teenstand ingegee en dit gestel dat alle besluite voortaan aan die eise van grondwetlikheid sou voldoen.[534] In die korttermyn is die dispuut dalk opgelos, maar die twee kampe wat in die Oostelike Provinsie gevorm het, was duidelik gedefinieër – diegene vír en diegene téén rugby vir oorlogsfondse.

Die kwessie van rugby vir liefdadigheid was ’n groter politieke dispuut. Dit was inderwaarheid ’n weerspieëling van die verdeeldheid in die breër samelewing oor die land se betrokkenheid by die oorlog. Diegene wat Suid-Afrika se oorlogspoging gesteun het, wou rugby ten bate van oorlogs- of liefdadigheidsfondse speel, terwyl dié wat daarteen gekant was wou keer dat

---

[533] G. Verhoef: “Afrikanernasionalisme in die Sakewêreld: ’n Verenigde Front? Die Verhouding Tussen Afrikanersakeondernemings in die Noorde en in die Suide, 1934-1950”, pp. 53-54.
[534] W. Muller: *’n Eeu van OP Rugby, 1888-1988*, pp. 21-22.

rugbyfondse vir die oorlogspoging gebruik word. Indien rugbygeld wél vir liefdadigheid aangewend kon word, wou hulle sien dat skenkings eerder aan die Reddingsdaadfonds gemaak word. Al het die kwessie in twee provinsies in die suide ontstaan, het dit mettertyd wit Suid-Afrikaanse rugby as geheel verdeel. Om tot 'n beter begrip van die sogenaamde 'rugby skeuring' te kom, moet daar eers gekyk word na hoe die saak in die SARFB uitgespeel het.

Rugby vir liefdadigheid is op 11 Desember 1940 vir die eerste maal in die nasionale raadsaal bespreek na aanleiding van die wedstryde wat deur die loop van die jaar vir oorlogsfondse én die RDB gespeel is. Sport Pienaar, in verwysing na die onrus in die Westelike en Oostelike Provinsies, het begin deur te sê dat "the past season had illustrated the danger when Rugby was played for anything else than for the game and the danger in playing for other causes, however laudable the object may be."[535] Die doel van die daaropvolgende bespreking was om die Raad se grondwetlike posisie teenoor rugby vir liefdadigheid te verduidelik en om tot 'n gemeenskaplike verstaan van die saak te kom. Pienaar het vervolgens verduidelik hoe die SARFB geen van sy eie reëls ten opsigte van professionalisme het nie en dat die Raad in hierdie verband afhanklik is van dié van die RFU. Hierdie reëls het dit verbied om geld wat uit rugbywedstryde gemaak is vir enige ander doel as die spel self aan te wend. Pienaar se slotsom, ná 'n ietwat regstegniese ontleding van enkele punte in die Raad se grondwet, het drie punte uitgestippel, naamlik dat liefdadigheidswedstryde teen die amateurkode indruis, dat sulke wedstryde so ver moontlik vermy moes word, en dat unies, indien hulle so 'n wedstryd wou speel, nogtans by die Raad kon aansoek doen.

Die vergadering het geen besluit oor liefdadigheidswedstryde geneem nie. Met die voordeel van nakennis kan daar geargumenteer word dat 'n duideliker riglyn heel waarskynlik sou keer dat Suid-Afrikaanse rugby oor die volgende paar jaar skeur. Wat hierdie vergadering wél gedoen het, was om die skuiwergate in die Raad se beheer oor die kwessie uit te lig. Unies en klubs aan beide kante van die politieke debat het nou geweet dat selfs al was liefdadigheidswedstryde nie wenslik nie, dit nogtans moontlik was. Hierdie dubbelsinnigheid het die deur wyd oopgemaak vir toekomstige tweespalt.

Dit was nie lank nie of daar is gebruik gemaak van hierdie skuiwergat. Met die algemene jaarvergadering in Maart 1941 het die Raad 'n aansoek oorweeg vir 'n wedstryd tussen Noord-Transvaal en Transvaal ten bate van die Reddingsdaadfonds. Ná heelwat bespreking is daar tog

[535] SARFB minutes, 11 December 1940. SARRA, I, 16.

besluit om toestemming te verleen vir die wedstryd om op 14 April gespeel te word, maar met die uitdruklike verstandhouding dat dit die Raad se laaste toegewing sou wees:

> Provided that the Transvaal and Northern Transvaal Unions consent to the playing of the match under review and within the jurisdiction of the Unions, the Board's approval is granted in the exceptional circumstances of the case, arrangements being far advanced and the policy of the Board in the past not having been clearly defined, but on the full understanding that the permission granted should not be taken as a precedent.[536]

Saam met hierdie toegewing het die Raad laat blyk hoe hy oor die RDB en wedstryde ten bate van die Reddingsdaadfonds gevoel het. In die jaarverslag vir 1940 is daar genoem hoe moeilikhede in die afgelope seisoen ontstaan het oor wat as *bona fide* liefdadigheid beskou is – 'n verwysing na die spanning in die Westelike Provinsie. Die jaarverslag sê voorts dat "'n openbare of nasionale saak nie noodwendig liefdadigheid is nie", en dat dit onnodig sou wees om uit te brei oor die "nadelige gevolg wat goedbedoelde maar onbesonne optrede tot gevolg kan hê op die plek wat Rugbyvoetbal in ons volkslewe inneem."[537] In die vergadering het Sport Pienaar selfs die mening uitgespreek dat "to attract the public and raise money from them for objects outside the game... amounted to prostitution."[538] Die heersende rugby establishment het nie 'n geheim gemaak van sy afkeur in rugby vir die RDB nie.

Die Raad se toegewing in Maart het die teenoorgestelde uitwerking gehad. Drie maande later, in Junie 1941, het 'n hernieude aansoek vir 'n tweede liefdadigheidswedstryd tussen spanne van Noord-Transvaal en Transvaal voor die Raad gedien. Die eerste wedstryd het nie die gewenste aftrek gekry het nie. In sy korrespondensie met die SARFB lê die Transvaalse unie die skuld voor die deur van die RDB se Sportkomitee wat dié wedstryd georganiseer het. Die tweede wedstryd, indien goedgekeur, sou deur die TRFU sélf gereël word en die unie sou hierdie maal 50% van die netto inkomste vir homself hou. Die ander helfte sou aan die Reddingsdaadfonds gaan. Slegs die Westelike Provinsie het die aansoek teengestaan. Klaarblyklik weens Bill Schreiner se pleidooi dat hierdie aansoek as deel van die oorspronklike een beskou moes word, het die Raad uiteindelik sy goedkeuring vir die wedstryd gegee.[539] Dit moet hier genoem word dat beide Schreiner en Sport Pienaar goed bevriend was met H.J. Sanderson, die president van die TRFU. Pienaar en "Sandy" se briewewisseling oor die jare getuig van 'n hegte persoonlike verhouding tussen dié drie en hul gesinne. Die Transvaal se

[536] SARFB minutes, 21 March 1941. SARRA, I, 16.
[537] SARFB Jaarverslag vir 1940. SARRA, I, 16.
[538] SARFB minutes, 21 March 1941. SARRA, I, 16.
[539] SARFB minutes, 5 June 1941. SARRA, I, 16.

noue bande met twee belangrike lede van die Raad se uitvoerende bestuur het waarskynlik ’n invloed gehad in die goedkeuring van die tweede liefdadigheidswedstryd. Die SARFB het egter die erns van die saak baie duidelik probeer maak. Dit sou die héél laaste toegewing in hierdie verband wees.

> As the Board considers that this application refers to the same matter in connection with which, at its annual meeting, it granted permission to play a match; and as that match owing to a series of unfortunate circumstances did not attain the object for which it was intended; and as exceptional circumstances still prevail, it is therefore resolved that without departing from its expressed policy and repeating that this case will not serve as a precedent, the application of the Transvaal union be granted.[540]

So veel as wat die Raad homself van die teendeel probeer oortuig het, het hierdie besluit ’n duidelike presedent vir unies en klubs geskep – ondanks die spel se streng reëls teen professionalisme, was rugby vir liefdadigheid tóg moontlik. Toe daar in Maart 1942 vir die algemene jaarvergadering bymekaar gekom is, was die Raad onder die indruk dat die kwessie iets van die verlede was. “As regards... charity matches, these matters were all more or less settled and [the president] had nothing further to say about them.”[541] Die stilte wat daar geheers het, was nie tekens van vrede nie, maar ’n skietstilstand. Suid-Afrikaanse rugby sou binne enkele maande skeur. Wéér was dit gebeure in die Westelike en Oostelike Provinsies wat die wortel van die kwaad was.

J.D. de Villiers, WPRFU-president, het op 15 September 1942 voorgestel dat die unie 45 Suid-Afrikaanse soldate teen ’n koste van 7s 6d elk aanneem. Die maandelikse totaal van net minder as £17 sou aan die South African Gifts and Comforts Fund gaan. Dié fonds is deur Issie Smuts, Eerste Minister Jan Smuts se vrou, gelei. De Villiers het geargumenteer dat

> [the] hardships and sufferings of hundreds and thousands of rugby players fighting in defense of South Africa has now reached such a stage that I can no longer allow the minority in the union to act on the advice of those miserable politicians to withhold from our Springboks the little comforts which their comrades who are enjoying the game at leisure in the Western Province ought to send them without delay.[542]

Dit is waarskynlik dat die val van Tobruk in Junie 1942, waar duisende Suid-Afrikaanse soldate gevangene geneem is, sowel as toenemende druk van die Kaapse publiek, De Villiers

[540] SARFB letter to TRFU, 6 June 1941. SARRA, I, 16.
[541] SARFB minutes, 20 March 1942. SARRA, I, 16.
[542] A.C. Parker: *WP Rugby Centenary, 1883-1983*, p. 50.

gemotiveer het om sy opinie oor rugby vir oorlogsfondse te verander. Sy mosie is met ’n groot meerderheid aanvaar, en in ’n voorskou tot die skeuring het die rugbyklub van die Universiteit van Stellenbosch sterk teen die besluit uitgevaar. Met die volgende WPRFU vergadering op 5 Oktober 1942 het die Stellenbossers van die Westelike Provinsie se kompetisies onttrek omdat die klub homself nie met die unie se oorlogspoging kon vereenselwig nie. As die “bastion van die Afrikanerdom” was dit logies, byna te verwagte, dat Stellenbosch hierdie posisie sou inneem.[543] Die WP se reaksie was ’n verklaring dat geen speler of klub onder sy jurisdiksie toegelaat word om teen Stellenbosch, of enige lede van die klub, te speel nie, en dat oortreding van hierdie reël met skorsing strafbaar is.

In Maart 1943 het die klubs van Tuine én Stellenbosch pogings aangewend om die Westelike Provinsie te kry om sy besluit van September 1942 om te keer. Tuine het daarop aangedring dat die unie onmiddellik sy maandelikse bydrae tot die Oumafonds, soos dit alom bekend gestaan het, moet staak, terwyl Stellenbosch vrywillige eerder as verpligte bydraes bepleit het. Beide voorstelle is van die hand gewys en die gevolg was ’n skeuring in die WPRFU. Tuine het dieselfde stap as Stellenbosch geneem deur óók van die unie te onttrek en hulle is gevolg deur die klubs van die Paarl, Bellville, Maitland, Tiervlei en Goodwood. Hierdie wegbreekklubs, sowel as die nuutgestigde Groote Schuur wat uit simpatieke studente van die Universiteit van Kaapstad bestaan het, het hulself in die Wes-Kaaplandse Rugbybond (WKRB) georganiseer.[544]

Die unie van die Oostelike Provinsie het op ’n soortgelyke wyse geskeur. Op 28 Oktober 1942 het D.G. Strydom, ’n verteenwoordiger van Park Rugbyklub in Port Elizabeth, kennis gegee dat sy klub nie met die Westelike Provinsie se besluite, naamlik die maandelikse bydrae tot die Oumafonds en die verbod op wedstryde teen Stellenbosch, kan assosieer nie. Hy kon egter nie die EPRFU sover kry om dié posisie as sy eie te aanvaar nie. Spanning het verder opgelaai toe die Polisie rugbyklub hul wedstryd teen ’n weermagspan gekanselleer het en eerder teen die anti-oorlog gesinde Park gespeel het. Om sake te vererger het die EPRFU kort voor die einde van 1942 ook ’n bydrae van £10 elk aan die Oumafonds en die South African Prisoner of War Fund gemaak.[545] Die slagorde was hiermee finaal getrek. Die vonk in die kruitvat was die skorsing van dr. A.M. Rabie van Grootfontein in 1943 vir “misbehaviour” tydens ’n vroeëre

---

543 F.J.G. van der Merwe: “Rugby en Afrikanernasionalisme gedurende die Tweede Wêreldoorlog”, p. 89.
544 A.C. Parker: *WP Rugby Centenary, 1883-1983*, pp. 50-52; P. Dobson: *Rugby in South Africa: A History, 1861-1988*, pp. 86-88.
545 SARFB minutes, 5 October 1944. SARRA, I, 16.

vergadering van EPRFU.[546] Andrew Rabie was ’n vurige teenstander van rugby vir oorlogsfondse en hy kon kennelik staatmaak op wye ondersteuning in die unie. Cradock, Graaff-Reinet, Old Collegians en Park, almal klubs wat vroeër geweier het om wedstryde vir oorlogsfondse te speel, het hul gewig agter Rabie gegooi en in die onmiddellike nadraai van sy skorsing is die Oos-Kaaplandse Rugbybond (OKRB) in die lewe geroep.[547]

Die stigting van die Wes- en Oos-Kaaplandse Rugbybonde in 1943 vereis om in die gees van die tyd beskou te word. Die era van die 1930’s en 1940’s in Suid-Afrika word gekenmerk deur, onder andere, die sterk groei van Afrikaner nasionalisme. Afrikaners het toe op politieke, ekonomiese en sosiale vlakke gemobiliseer om groter en meer betekenisvolle uitdrukking vir hulself as ’n etniese groep te bewerkstellig. In hierdie konteks het Suid-Afrika se toetrede tot die Tweede Wêreldoorlog vir groot polarisasie in die wit gemeenskap gesorg, met Engelssprekendes wat dit vir die grootste deel ondersteun het en Afrikaners in die meeste gevalle daarteen. In Suid-Afrikaanse rugby het die heersende establishment nog ’n sterk Engelse karakter gehad, wat verklaar hoekom sommige provinsiale unies en administrateurs die land se oorlogspoging gesteun het. Toe rugby vir die RDB deur die nasionale beheerliggaam veroordeel is en die unies van die Westelike en Oostelike Provinsies met bydraes tot oorlogsfondse volgehou het, het Afrikaners in die sport besluit om daadwerklik op te tree. ’n Atmosfeer het in Suid-Afrikaanse rugby ontstaan waar hulle nie welkom gevoel het nie, en hulle het gemeen dat die tyd ryp was om hul stempel af te druk. Die land se rugby en politiek was onlosmaaklik met mekaar verweef, dus moet die totstandkoming van die WKRB en OKRB gelees word as die uiteinde van ’n twis tussen Natte en Sappe in die rugby-administrasie.

Giliomee skryf hoe die Kaapse nasionalistiese intelligentsia die middelpunt van politieke invloed in Afrikanergeledere ná 1933 was,[548] en dat daar “binne die driehoek van Kaapstad, Stellenbosch en die Paarl ’n ware etniese establishment van politici, akademici, joernaliste, kerkmanne en sakeleiers ontwikkel” het.[549] Dít verklaar ook deels hoekom die ‘rugby skeuring’ in die Kaapprovinsie van die tyd ontstaan het en nie die Vrystaat, Transvaal of Natal nie. Dit was die Paarl se rugbyklub wat aanvanklik op ’n wedstryd vir die RDB aangedring het; die Universiteit van Stellenbosch was die eerstes om van die pro-oorlog WPRFU te onttrek; en dit

[546] SARFB minutes, 17 May 1943. SARRA, I, 16.
[547] W. Muller: *’n Eeu van OP Rugby, 1888-1988*, pp. 23-24; P. Dobson: *Rugby in South Africa: A History, 1861-1988*, p. 88.
[548] H. Giliomee: *Maverick Africans: The Shaping of the Afrikaners*, p. 152.
[549] H. Giliomee: *Die Afrikaners*, p. 372.

was die hoofsaaklik Afrikaanse plattelandse unies van die Boland en Suid-Westelike Distrikte (SWD) wat bereid was om teen spanne van die WKRB en OKRB (soms ten bate van die RDB) te speel. Die stigting van die Wes- en Oos-Kaaplandse Rugbybonde is ’n voorbeeld van die Kaapse nasionaliste wat die voortou geneem het in ’n vroeë poging om rugby in Suid-Afrika te verafrikaneriseer.

Relatief min inligting is oor die Wes- en Oos-Kaaplandse Rugbybonde bekend. Die WKRB is op 17 Maart 1943 in Bellville se NG Kerksaal in die lewe geroep en dr. Ebenhaeser Theodore (Ebbie) Stegmann, ’n wiskundige verbonde aan die Universiteit van Stellenbosch, was die president.[550] Die dagbestuur het bestaan uit mnre. E. Olivier (Bellville, voorsitter), J.H. Vlok (Paarl, ondervoorsitter), George van Reenen (Tuine, sekretaris), F. Bosman (Kuilsrivier) en L.M. la Cock (Goodwood), terwyl daar ook ’n spesiale komitee saamgestel is om “op die hele kwessie van ’n grondwet vir die bond in te gaan.”[551] Dit is egter nie bekend of daar ooit ’n grondwet vir die Bond saamgestel en ingestem is nie. Verder is dit belangrik om kennis te neem van die stigtingsmosie soos dit deur die rektor van die Universiteit van Stellenbosch, dr. R.W. Wilcocks, voorgestel is:

> Hierdie vergadering, bestaande uit lede van verskillende rugbyklubs, besluit tot die stigting van ’n bond om rugbysake en verwante sake in Wes-Kaapland te reël gedurende die komende seisoen en solank daarna as wat nodig mag blyk. Die vergadering is van oortuiging dat die invoering in rugbysake van belange anders as dié van die spel self, soos deur die Rugby-unie van die Westelike Provinsie gedoen is, te betreur is. Dit is sterk afgekeur deur die groot meerderheid van klubs wat tot die Rugby-unie behoort het. Nieteenstaande herhaalde pogings om die Rugby-unie van die Westelike Provinsie tot ’n ander gedragslyn te beweeg, het die unie voortgegaan op ’n weg wat onnodige verdeeldheid veroorsaak tussen rugbyspelers en ondersteuners en dus rugby benadeel. Die bond wat tans gestig word en die naam sal dra van die Wes-Kaaplandse Rugbybond, sal hom beywer vir die bevordering van rugby om die spel self.[552]

Teen die einde van die 1944-seisoen het die WKRB uit altesaam 14 klubs en 56 spanne bestaan,[553] en sy hoofkwartier het tussen Stellenbosch en Bellville gewissel. Die wegbreek van hierdie klubs uit die WPRFU het dié unie se speelkrag en finansies aansienlik verswak. In 1943,

550 WKRB-brief aan SARFB, 26 Maart 1943. SARRA, I, 16; “Stegmann, Prof Ebenhaeser Theodore”. Beskikbaar by: http://www.s2a3.org.za/bio/Biograph_final.php?serial=2700 (Besoek op 9 Oktober 2020.)
551 “Nuwe Rugbybond vir Wes-Kaapland”, *Die Burger*, 18 Maart 1943.
552 *Ibid.*
553 SARFB minutes, 5 October 1944. SARRA, I, 16.

byvoorbeeld, het slegs ses spanne in die unie se Grand Challenge toernooi gespeel en 'n verlies van meer as £600 is vir die seisoen aangeteken.[554]

Die OKRB is in die lewe geroep ná die skorsing van dr. Andrew Rabie uit die EPRFU in April 1943. Rabie was nie slegs die president van die nuutgestigde Bond nie, maar hy het ook die Oos-Kaapland span as bestuurder vergesel in vriendskaplike wedstryde teen die Boland en SWD.[555] Die OKRB het teen die einde van die 1944-seisoen uit altesaam 18 klubs en 40 spanne bestaan,[556] wat natuurlik ook die standaard van rugby én die finansiële vooruitsigte in die EPRFU negatief moes beïnvloed het. Die wegbreek van Afrikaanse klubs en die gevolglike totstandkoming van die WKRB en OKRB het ongetwyfeld die unies van die Westelike en Oostelike Provinsies seergemaak. Vir so lank as wat Suid-Afrikaanse rugby verdeel was, moes dié unies sonder die anti-oorlog gesinde Afrikaners in hul geledere klaarkom. Hulle moes sekerlik gretig gewees het om die wegbreekklubs terug te kry, natuurlik op hul eie voorwaardes en sonder om hul desperaatheid te kenne te gee, want vanuit 'n finansiële perspektief was dié klubs en hul ondersteuners van kardinale belang.

Dit het duidelik geword dat die tweespalt nie vanself sou verdwyn nie, maar dat die SARFB as nasionale beheerliggaam moes ingryp. Met die Raad se algemene jaarvergadering op 26 Maart 1943 het Sport Pienaar die onlangse skeuring in die Westelike Provinsie betreur en gesê dat die Raad vanuit 'n "South African point of view" na die saak kyk.[557] Sy hoop dat unies die kwessie op dieselfde manier sou benader, was 'n pleidooi wat aan die sogenaamde konsiliasiepolitiek van die Suid-Afrikaanse Party in die eerste jare van Unie herinner. Soos Botha en Smuts tóé die Engels- en Afrikaanssprekende dele van die wit gemeenskap wou saamsnoer, wou Pienaar ook die pro- en anti-oorlog gesindes in Suid-Afrikaanse rugby versoen. As konflikbemiddeling was dié pleidooi egter oneffektief, want enkele weke later het die Oostelike Provinsie óók geskeur. Meer beslissende optrede was nodig.

Voor dít kon gebeur, moes die Raad in Mei 1943 eers 'n mosie van die Westelike Provinsie oorweeg. Dit het die potensiaal ingehou om unies verder te polariseer. "[No] union shall authorise any club within the area of its jurisdiction to play a match against any club within the area of another union unless the consent of such union has been obtained."[558] Die WPRFU was

---

554 A.C. Parker: *WP Rugby Centenary, 1883-1983*, pp. 53-54.
555 W. Muller: *'n Eeu van OP Rugby, 1888-1988*, p. 23; EPRFU letter to SARFB, 11 August 1943. SARRA, I, 16.
556 SARFB minutes, 5 October 1944. SARRA, I, 16.
557 SARFB minutes, 26 March 1943. SARRA, I, 16.
558 SARFB minutes, 17 May 1943. SARRA, I, 16.

diep gegrief oor, eerstens, Noord-Transvaal se goedkeuring van ’n *inter-varsity* wedstryd tussen die universiteite van Pretoria en Stellenbosch wat op 29 Mei 1943 sou plaasvind, en tweedens, dat sommige klubs van die Boland wedstryde teen klubs van die WKRB gespeel het.[559] Die doel van die WP se mosie was om wegbreekklubs van wedstryde te ontneem om hulle só te dwing om onvoorwaardelik tot hul voormalige unies terug te keer. Hiervan het J.D. de Villiers nie eens ’n geheim probeer maak nie. “They had only thought that if the dissentients did not have games, they would realise the error of their ways, and would return to the fold. For that reason they felt that dissentients should not play.”[560] De Villiers wou sien dat die wegbreekklubs en dié wat hulle goedgesind was, gestraf word.

Ná ’n vurige debat het slegs die hoofsaaklik Engelse Transvaal en Natal die Westelike Provinsie se mosie gesteun. Die meeste steun het egter aan ’n voorstel van Noord-Transvaal gegaan, naamlik dat ’n besluit oor die WP-mosie uitgestel word en dat ’n spesiale komitee eerder aangestel word “with the object of finding a solution and settlement of the difficulty experienced in this Union [WP] and other Unions...”[561] Bykans drie jaar ná die kwessie ontstaan het, het die Raad vir die eerste maal daadwerklik ingegryp om ’n oplossing vir die ‘rugby skeuring’ te probeer vind.

**Spesiale komitee**

Die spesiale komitee is drie maande later, ná heelwat korrespondensie met unies en indiwidue, op 21 Augustus 1943 aangewys. Dit het bestaan uit vyf persone, naamlik R.P. Fitzgerald (voorsitter), H. Drew, H.W. Carolin, W.A. Millar en R.M. Scholtz. Onder hulle was slegs R.M. Scholtz, SWD-president, nié ’n voormalige Westelike Provinsie speler of administrateur nie.[562] Oor die volgende sowat vyf maande het die komitee beurtelings met die WPRFU en WKRB ontmoet in ’n poging om tot ’n skikking te kom. Opmerklik genoeg het die komitee aansienlik minder aandag aan die situasie in die Oostelike Provinsie geskenk.

559 A.C. Parker: *WP Rugby Centenary, 1883-1983*, p. 53.
560 SARFB minutes, 17 May 1943. SARRA, I, 16.
561 *Ibid*.
562 A.C. Parker: *WP Rugby Centenary, 1883-1983*, p. 53.

> For various reasons we have not yet been able to visit Port Elizabeth, nor have members of the Oos-Kaaplandse Rugbybond found it possible to accept our invitation to appear in Cape Town, so further comment on the position there must await developments.[563]

Die spesiale komitee het kennelik gereken dat indien die breuk in die WPRFU geheel kon word, die probleme elders ook opgelos sou wees. Kaapstad en die Westelike Provinsie was nog duidelik die hartklop van Suid-Afrikaanse rugby en die verwagting was dat verwikkelinge dáár na die res van die land sou uitkring. Nog voor die spesiale komitee sy werksaamhede kon begin, het die WPRFU op 14 September 1943 besluit om sy bydrae tot die Oumafonds, wat aanvanklik net vir een jaar sou geld, te verleng tot en met die einde van die oorlog. Asof die taak van die komitee nie reeds moeilik genoeg was nie, het die Westelike Provinsie met hierdie besluit nóg ’n struikelblok in die pad na moontlike versoening gerol.

Die spesiale komitee het op 17 November 1943 met die WKRB vergader. Die Bond was van mening dat, alhoewel die WPRFU se besluit om tot die Oumafonds by te dra binne die raamwerk van die unie se grondwet was, dit nogtans téén die nasionale beheerliggaam se beleid oor liefdadigheidswedstryde was. Húl voorstel was dat klubs van die WPRFU en WKRB toegelaat word om teen mekaar te speel totdat daar ’n vriendelike atmosfeer tot stand kom waarbinne hereniging moontlik sou wees. Op dieselfde dag is daar ook met die Boland vergader. Dié unie het die WKRB se mening dat die WP se bydraes tot oorlogsfondse teen die gees van die Raad se beleid indruis, gedeel. Die Boland het selfs voorgestel dat die leiers van beide die WPRFU en die WKRB moes bedank omdat persoonlikhede, meer as enige iets anders, in die pad van ’n oplossing gestaan het.[564] Dit moes vir die komitee van meet af duidelik gewees het dat ’n reusetaak voorlê.

Toe daar op 9 Desember 1943 met die WPRFU vergader is, het die komitee ’n hardkoppige J.D. de Villiers teëgekom. Hy het verduidelik dat toenemende druk van lojale ondersteuners in die Westelike Provinsie in 1942 die unie genoop het om tot oorlogsfondse by te dra. Die WPRFU was ook nie te vinde vir die Bond se voorstel nie. Indien wegbreekklubs na die unie wou terugkeer, moes hulle skriftelik en sonder voorwaardes aansoek doen om hertoelating, en slegs dán kon De Villiers móóntlik sy unie oortuig om sulke klubs weer te aanvaar.[565] Hy het dit baie duidelik gemaak dat die wegbreekklubs slegs op die Westelike Provinsie se voorwaardes na die unie kon terugkeer.

[563] SARFB Special Committee Report, 13 March 1944. SARRA, I, 16.
[564] SARFB Special Committee Report, 13 March 1944. SARRA, I, 16.
[565] *Ibid.*

Ná ontmoetings met beide partye het die Raad se komitee ’n kompromis van drie punte geformuleer waarmee hulle gehoop het om die saak te besleg. Eerstens moes die WPRFU sy klubs opdrag gee om kollektelyste oop te maak waarvolgens lede en ondersteuners vrywillige bydraes tot die South African Prisoner of War Fund kon maak. In die loop van 1943 het sommige WKRB-klubs tot hierdie fonds bygedra, so die hoop was om hier gemene grond te vind. Tweedens moes die Westelike Provinsie sy maandelikse bydrae tot die Oumafonds staak, en in die derde plek moes die unie onderneem om geen verdere resolusies te aanvaar wat sou toelaat dat rugbyfondse vir enige saak anders as die spel self aangewend sou word nie. Die WKRB het in beginsel met die voorstel saamgestem, maar het egter ’n verdere drie voorwaardes gehad. Hulle wou hê dat ’n onafhanklike komitee gestig word wat die bydraes tot die krygsgevangene fonds sou hanteer, dat bydraes slegs deur indiwidue gemaak kon word en nie uit klubfondse nie, en dat dié kompromis ook afhanklik sou wees van die OKRB se instemming.[566]

Die spesiale komitee het waarskynlik geweet dat J.D. de Villiers en die Westelike Provinsie nie sou instem tot die WKRB se bykomende voorwaardes nie, gevolglik is daar op 24 Februarie 1944 wéér met die Bond vergader. Die komitee het voorgestel dat die Bond die oorspronklike bewoording van die voorgestelde kompromis aanvaar omdat klubs, na mening van die komitee, oorhaastig en onwyslik opgetree het toe hulle vroeër van die WPRFU weggebreek het. Die Bond het dié swak verskuilde belediging nie goed gevat nie en by hul voorwaardes gestaan. Toe die komitee op 29 Februarie 1944 vir ’n tweede maal met die Westelike Provinsie vergader, het De Villiers aangedui dat sy unie nie die komitee óf die Bond se voorstelle sou aanvaar nie. Hy het die eis herhaal dat wegbreekklubs skriftelik moes aansoek doen om ’n onvoorwaardelike terugkeer.[567]

Byna ’n halwe jaar nadat die spesiale komitee se werksaamhede begin het, het die vyfmanskap ’n dooiepunt bereik. Nie net wou niemand van die WPRFU óf die WKRB sy kompromis aanvaar nie, maar hul pogings het kennelik tot ’n verharding van standpunt aan beide kante gelei. Ondanks die aanstel van ’n spesiale komitee was die SARFB niks nader daaraan om ’n oplossing vir die ‘rugby skeuring’ te vind nie.

In hul verslag het die komitee hul spyt uitgespreek dat versoening onmoontlik blyk te wees, en daar is uitgevaar teen beide die WKRB en die WPRFU. Die komitee kon nie die wegbreekklubs

---

566 SARFB Special Committee Report, 13 March 1944. SARRA, I, 16.
567 *Ibid.*

se optrede goedkeur nie, want dié klubs het nie die meerderheidsbesluite van hul unie gerespekteer nie "and this action must have been largely influenced by political opinion."[568] Die komitee het wel geglo dat indien dié klubs ingelig is dat die WP se besluit om tot die Oumafonds by te dra op 'n presedent van die Eerste Wêreldoorlog berus het, die moeilikhede dalk vermy kon word. Die verslag het die WPRFU opsigtelik skerper gekritiseer.

> From the uncompromising tone of several delegates of the Union who addressed us it was evident to your Committee at our first meeting with them, that there was little, if any, chance of any compromise being agreed to by the W.P. Union. We ascribed this uncompromising attitude adopted by the delegates of the Union throughout our negotiations with them, to the fact that they had so firmly entrenched themselves behind their second resolution, passed after the appointment of your Committee that they found they could not depart from it without considerable loss of prestige. The W.P. Union emphasized to your Committee that in contributing to War Funds they were giving expression to the wishes of a large majority of their supporters. Whatever the Union's object may have been it undoubtedly had the effect of increasing the difficulties in our efforts to effect a settlement.[569]

Toe dié verslag op die Raad se algemene jaarvergadering op 31 Maart 1944 bespreek is, het J.D. de Villiers natuurlik sterk kapsie aangeteken. Buiten dat hy die komitee se werkswyse gekritiseer het – "[at our meeting] the Committee had done all the talking" – en hulle van partydigheid aan die kant van die wegbreekklubs beskuldig het, het hy puntsgewys teen heelwat van die komitee se bevindings uitgevaar. Sy finale betoog was "that the Report of the Special Committee was full or errors and omissions, and the sooner it was buried the better, for his Union were all for appeasement. The Report was fit only to be pigeon-holed and forgotten."[570] Met geen oplossing sig nie, is die Raad versoek om die WKRB te nooi vir 'n gesprek met die oog op bemiddeling.

'n Ontmoeting tussen die SARFB, WPRFU en die WKRB het binne die volgende week, op 5 April 1944, plaasgevind. Op aandrang van dr. Ebbie Stegmann en die WKRB is daar in die geboue van die Nederduits Gereformeerde Kerk in Parlementstraat in Kaapstad byeengekom. Buiten dat dít moontlik 'n simboliese gebaar was om die Afrikaner-aard van die Bond binne die gees van die era te benadruk, was dit waarskynlik ook 'n taktiek om 'n oorhand in onderhandelinge te kry nog voordat daar gesels is. Die rektor van die Universiteit van Stellenbosch, dr. R.W. Wilcocks, het ook onder die verteenwoordigers van die Bond getel.

568 SARFB Special Committee Report, 13 March 1944. SARRA, I, 16.
569 *Ibid.*
570 SARFB minutes, 31 March 1944. SARRA, I, 16.

Gegewe dat hy in die 1930's op verskeie kommissies oor sake van nasionale belang gedien het,[571] en dat dit sý universiteit was wat die voortou in die wegbreek van die WPRFU geneem het, was Wilcocks in alle waarskynlik slegs om ampshalwe betrokke. Sy rol was vermoedelik eerder dié van brugbouer as verteenwoordiger. Dit is belangrik om te onthou dat hy tydens die stigtingsvergadering van die Bond 'n jaar vantevore "daarop gewys [het] dat die gevoel nie is om vir goed twee rugbyliggame [in die provinsie] te hê nie. Die nuwe liggaam [WKRB] wil die deur tot samewerking nie vir altyd sluit nie."[572] Ondanks Wilcocks se betrokkenheid het die vergadering klaaglik daarin misluk om 'n oplossing vir die 'rugby skeuring' te vind.

Die WPRFU het voorgestel dat die tweespalt as gedane sake beskou word en dat die unie voortaan sy maandelikse bydrae aan die krygsgevangenefonds sal bemaak. Dit was egter nie genoeg vir die Bond nie. Hulle wou eerder sien dat die unie álle steun aan oorlogsfondse summier staak. Vernaamlik het die Bond ook geëis dat rugby in die provinsie vir die duur van die oorlog onder die beskerming van beide die WPRFU én die WKRB gespeel word. Die Westelike Provinsie het natuurlik nie hierdie voorwaardes aanvaar nie. Die Bond het daarna voorgestel dat 'n onafhanklike komitee, bestaande uit lede van die Bond en die WPRFU, saamgestel word om onderhandelings verder te neem. Die Westelike Provinsie was daarteen gekant omdat die Bond nie aan die SARFB geaffilieer is nie en dus geen amptelike status as 'n provinsiale rugbyunie gehad het nie.[573] Die vergadering het op 'n dooiepunt uitgeloop.

Die spanning in Suid-Afrikaanse rugby sou eers verder opgejaag word voordat 'n oplossing gevind kon word. Die Raad het op 19 Mei 1944 vergader om 'n aansoek van Noord-Transvaal vir 'n *inter-varsity* wedstryd tussen die universiteite van Pretoria en Stellenbosch op 24 Junie te oorweeg. Brigadier George Baston, verteenwoordiger van die Noord-Transvaalse unie en waarnemende kommissaris van die Suid-Afrikaanse polisiemag tydens die oorlogsjare, het dit gestel dat "whether we like it or not, the match is going to be played."[574] Vanselfsprekend was die WPRFU se J.D. de Villiers eerste om kapsie aan te teken en hy kon daarin slaag om die Raad sover te kry om die aansoek af te keur. Daarna het die Raad ook die volgende posisie,

[571] R.W. Wilcocks het byvoorbeeld gedien op die Carnegie-kommissie van ondersoek na die sogenaamde armblanke-vraagstuk (1929-1932), terwyl hy die Wilcocks-kommissie (1935-1938) wat die stand van die Kleurlingbevolking ondersoek het, gelei het. Sien byvoorbeeld H. Giliomee: *Die Afrikaners*, pp. 294-301, 413-414; "SU Leaders: Prof R.W. Wilcocks". Beskikbaar by: https://www0.sun.ac.za/100/en/team/prof-rw-wilcocks/ (Besoek op 9 Oktober 2020.)
[572] "Nuwe Rugbybond vir Wes-Kaapland", *Die Burger*, 18 Maart 1943.
[573] A.C. Parker: *WP Rugby Centenary, 1883-1983*, p. 54; P. Dobson: *Rugby in South Africa: A History, 1861-1988*, p. 92; SARFB Report of Meeting of Representatives of the Western Cape Rugby Union and the Western Province Rugby [Football] Union. SARRA, I, 16; SARFB minutes, 5 October 1944. SARRA, I, 16.
[574] SARFB minutes, 19 May 1944. SARRA, I, 16.

soos voorgestel deur De Villiers, aangeneem: “In view of the fact that the Board does not recognize the Stellenbosch University Club which is not affiliated to the Western Province Union, the Board cannot associate itself with the suggested match between Pretoria University and Stellenbosch University.”[575] Ten spyte daarvan dat die Raad die wedstryd verbied het, is dit steeds gespeel. Dit het begin voorkom asof die SARFB se beheer oor rugby in Suid-Afrika aan die kwyn was.

In die nadraai van die bogenoemde vergadering het die Raad aan unies geskryf om hulle gevoel oor ’n konferensie met direkte verteenwoordiging te toets. ’n Gelyksoortige konferensie in Bloemfontein in November 1939 het daarin geslaag om die uitgerekte proses oor die Curriebeker-toernooi se formaat te besleg, so die hoop was waarskynlik dat ’n samekoms van direkte verteenwoordigers ook ’n einde aan die ‘rugby skeuring’ kon meebring. Die reaksie van unies was egter louwarm en die idee is laat vaar. Direkte verteenwoordigers is wel uitgenooi om die Raad se volgende vergadering in Oktober 1944 by te woon.

**Hereniging**

Toe die SARFB op 5 Oktober 1944 vergader het om sy standpunt teenoor wegbreekklubs te formuleer, was daar tekens dat die Tweede Wêreldoorlog nie veel langer meer sou duur nie. Min het die verteenwoordigers op die Raad daardie aand geweet dat die einde van húl stryd, naamlik die ‘rugby skeuring’, ook in sig was.

Met die aanvang van die vergadering het dit gelyk asof groter tweespalt eerder as versoening die uiteinde sou wees. Die WPRFU het nóg ’n mosie voorgestel wat wegbreekklubs van wedstryde sou ontneem omdat hulle nie by ’n erkende unie geaffilieer was nie. Vervolgens is die WPRFU én WKRB se uiteenlopende verslae oor hul ontmoeting van 5 April 1944 voorgelees, en die vergadering het gedreig om opinies verder te polariseer. Die Oostelike Provinsie se R.St.L. Searle het die moontlike gevaar raakgesien en die Raad aangeraai om ’n ander rigting in te slaan. Hy het die Westelike Provinsie gevra om hul mosie te onttrek en gepleit dat

> [unless] the present meeting dealt with the position in a responsible and unbiased fashion, they would see the disintegration of the Board... It was of the utmost importance that the Board

[575] SARFB minutes, 19 May 1944. SARRA, I, 16.

> should find some common ground for agreement so that they could all remain together. If they did not do so, the prestige of the Board would be so far gone that it would be the end of the Board as an authoritative body.[576]

Sy boodskap het ’n definitiewe trefkrag gehad. J.D. de Villiers was bereid om die WPRFU se mosie te onttrek en verskeie voorstelle vir hereniging is van die vloer gelug, veral deur Sport Pienaar en F.E.J. Roselli, ’n direkte verteenwoordiger van Rhodesië. Na heelwat bespreking, enkele beskuldigings én ’n verdaging vir aandete, is ’n sub-komitee saamgestel om al die idees te oorweeg en ’n amptelike voorstel te bewoord. Die komitee het bestaan uit Pienaar, Roselli, J.D. de Villiers (Westelike Provinsie), H.H. Roos (Boland), R.St.L. Searle (Oostelike Provinsie), J.P. Pretorius (Wes-Transvaal), R.M. Scholtz (Suid-Westelike Distrikte) en J.S. Dunn (Transvaal). Die vergadering is verdaag en na sowat ’n halfuur, om 22:10, het Pienaar die voorstel wat die ‘rugby skeuring’ sou heel, aan die Raad voorgelê.[577]

Dit het bestaan uit vier punte. Eerstens het die SARFB erken dat unies wat in akkoord met hul grondwet tot oorlogsfondse bygedra het, binne hulle regte opgetree het. Tweedens sou alle unies die reg behou om hul fondse te spandeer soos hul grondwet dit toegelaat het, maar dat daar vanaf 1 April 1945 geen fondse aan enige saak anders as die spel self geskenk mag word nie, met die uitsondering van die derde punt. Derdens mag unies een dag per seisoen opsy sit vir ’n spesiale program waarvan die inkomste aan liefdadigheid of oorlogsfondse geskenk kon word. Die vierde en laaste punt het dit gestel dat indien wegbreekklubs ná hierdie versekerings stééds weier om na hul oorspronklike provinsiale unies terug te keer, die Raad aksie sou neem deur wedstryde teen sodanige klubs te verbied, en dat die oortreding van dié reël met skorsing strafbaar sou wees. Daar is eenparig hierop ingestem en Pienaar het die hoop uitgespreek dat “all parties would try to carry out the resolution in the splendid spirit in which it had been introduced.”[578] Die bloudruk vir die herstel van die skeuring in wit Suid-Afrikaanse rugby is daarmee geskep en al taak wat oorgebly het, was die herintegrasie van die wegbreekklubs by hul voormalige unies. Dit was egter makliker gesê as gedaan.

In die loop van die volgende twee maande het Sport Pienaar met die WKRB en OKRB in verbinding getree oor die terugkeer van hul klubs na die WPRFU en EPRFU, onderskeidelik. Besonderhede hieroor is in Desember 1944 in ’n reeks koerantberigte vervat. Te oordeel aan die inhoud daarvan is dit duidelik dat die emosies in die Westelike Provinsie, ondanks die Raad

---

[576] SARFB minutes, 5 October 1944. SARRA, I, 16.
[577] *Ibid.*
[578] *Ibid.*

se resolusie van 5 Oktober, nog hoog geloop het. Die gesprek in die Engelse media het begin met die *Cape Argus* wat berig het hoe Pienaar, na aanleiding van 'n skrywe wat hy van die Bond ontvang het, dit gestel het dat dié liggaam geen nuwe voorwaardes aan die WPRFU gestel het nie, maar "[they] have put forward certain points which they asked me to pass on to the Western Province Union for discussion, as they had difficulty in getting a meeting with that union."[579] Die *Cape Times* het op dieselfde dag berig dat dr. Ebbie Stegmann beaam het dat die Bond geen nuwe voorwaardes aan die WPRFU stel nie. Hy het dit eerder beskou as "practical arrangements... which must be taken into consideration before the [Bond] could be disbanded."[580] J.D. de Villiers was woedend.

In 'n brief aan die *Cape Times* het De Villiers die koerant oor die kole gehaal omdat daar glo 'n onwaarheid gepubliseer is, naamlik dat hy (De Villiers) van die Bond en Raad se gesprekke bewus was. "Such false statements are very damaging to me personally." Sy grootste kritiek het hy egter vir Pienaar gespaar.

> I think past experience should have been sufficient to have made the president of the South African Rugby [Football] Board realise that his sympathetic interviews with the Bond and its sympathisers simply encouraged the secessionists in their obstinate and impertinent attitude, and I am sorry that he has started them again instead of sending the secessionist clubs to their only Union recognised by the Board.[581]

Onderaan die brief het die redakteur bygelas dat "[it] has been necessary to excise from Mr. De Villiers' remarks certain adjectives which raise a doubt whether he has kept within the field of what lawyers call 'fair comment'."[582] Dié kommentaar verbaas glad nie. Buiten dat J.D. de Villiers berug was vir sy sterk persoonlikheid, het hy gereeld tydens Raadsvergaderings opsigtelik warm onder die boordjie geraak én was dit algemeen bekend dat "there was no love lost between him and [Pienaar]."[583] T.J. Kenmuir, SARFB-sekretaris, het in 'n brief aan Sport Pienaar in November 1944 vertel hoe De Villiers 'n woede uitbarsting gehad het toe hy (Kenmuir) 'n WKRB-brief na De Villiers se kantoor geneem het. Ná De Villiers die brief gelees het, het hy dit met 'n gemor oor sy lessenaar teruggestoot en Kenmuir uit sy kantoor gejaag. "In recording what happened I have not attempted to quote his language."[584] J.D. de Villiers se

[579] "The Rugby Split', *Cape Argus*, 15 December 1944.
[580] "Western Province Rugby", *Cape Times*, 15 December 1944.
[581] "To the Editor", *Cape Times*, 16 December 1944.
[582] *Ibid.*
[583] A.C. Parker: *WP Rugby Centenary, 1883-1983*, p. 51.
[584] Brief van T.J. Kenmuir aan A.J. Pienaar, 13 November 1944. SARRA, I, 16.

vurige temperament het dus niks goeds vir die herenigingsproses in Suid-Afrikaanse rugby beteken nie. Toe hy enkele dae later sy aanval op Pienaar in die media voortsit, het die risiko ontstaan dat die positiewe stappe wat tot in daardie stadium geneem is, omver gegooi kon word.

> Major Pienaar has throughout the difficult period during which the [WPRFU] had to defend its cause... never shown any sympathy with the union, and surely it is not too much to expect of Major Pienaar that he now ceases intervening on behalf of the secessionists.[585]

As 'n ervare advokaat het Pienaar klaarblyklik geweet dat dit tot voordeel van Suid-Afrikaanse rugby sou wees indien hy nié op De Villiers se beskuldigings reageer nie.

Toe die Raad in Maart 1945 vir sy algemene jaarvergadering gesit het, was die 'rugby skeuring' in beginsel opgelos, maar wel nog nie in die praktyk nie. Die jaarverslag het dit gestel dat die WKRB en OKRB die Raad se besluit van 5 Oktober 1944 aanvaar het, maar dat hulle "ongeneë is om die Bonde wat hulle gestig het op te breek sonder om eers 'n skikking te tref met hul onderskeie Unies ten opsigte van sekere bloot plaaslike aangeleenthede."[586] In die loop van Maart en April 1945 het daar 'n reeks vergaderings tussen die WKRB en WPRFU, en tussen die OKRB en EPRFU, plaasgevind. Die omstandighede waaronder die wegbreekklubs na hul unies sou terugkeer, is hier finaal uitgestryk.[587] Na alle waarskynlikheid het die naderende einde van die Tweede Wêreldoorlog die laaste struikelblokke op die pad na rekonsiliasie verwyder, want daarsonder sou daar geen oorlogsfondse wees waartoe unies omstrede finansiële bydraes kon maak nie.

Met die aanvang van die 1945-seisoen, teen die middel van April, was sake in die Westelike en Oostelike Provinsies weer 'normaal'. Die wegbreekklubs was terug en die WKRB en OKRB is ontbind. Daarmee saam was die skeuring wat wit Suid-Afrikaanse rugby vir nagenoeg vyf jaar gedomineer het, op die oog af iets van die verlede. Die laaste saak wat oorgebly het, was om te bepaal wat presies as liefdadigheid beskou is. Met verwysing na die deel van die Oktober 1944 resolusie wat verklaar het dat unies een dag per seisoen vir liefdadigheidswedstryde opsy kon sit, het die Westelike Provinsie versoek dat die Raad 'n duidelike definisie van 'charitable objects or charitable purposes' daarstel. Die definisie wat uiteindelik aanvaar is, het 'n boodskap ingehou vir diegene wat rugby vir die RDB gespeel of ondersteun het:

[585] "The Rugby Split: W.P. Union replies to Major Pienaar", *The Cape Argus*, 18 December 1944.
[586] SARFB Jaarverslag vir 1944. SARRA, I, 16.
[587] A.C. Parker: *WP Rugby Centenary, 1883-1983*, pp. 57-58; W. Muller: *'n Eeu van OP Rugby, 1888-1988*, pp. 23-24.

> a) The object should be philantropic or humanitarian, e.g. the Red Cross Society or St. John's Ambulance, *the decisive test being not mere lack of means* but the appeal to pity and sympathy.
>
> b) The purpose to which the money is to be applied should not be confined to any particular sect or section. This does not preclude a religious society from conducting the institution concerned, e.g. an orphanage, but *the relief must be applicable to persons of every denomination*.
>
> c) The purpose should be such as to be *free from the risk of causing dissension on religious, political or social grounds.*
>
> Note: i) A benefit or charity match connected with football is a contravention of the Laws of Professionalism; ii) Charity begins at home.[588]

Die onderliggende boodskap hierin is dat die Reddingsdaadfonds nié deur die Raad as liefdadigheidsfonds erken sou word nie. Dit wil ook voorkom asof daar só vir oulaas 'n steek ingekry is na die Afrikaners wat van die erkende unies weggebreek het en rugby vir die RDB gespeel het. Al was die 'rugby skeuring' op die oppervlak geheel, was daar teen 1945 twee uiteenlopende ideologiese groepe in wit Suid-Afrikaanse rugby teenwoordig. Die hoofsaaklik Engelssprekende establishment wat rugby-administrasie vir sowat 50 jaar gedomineer het, moes voortaan rekening hou met die Afrikaners in hul geledere wat skynbaar al hoe meer invloedryk geword het.

### Ontstaan, omvang en oplos van die 'rugby skeuring': bydraende faktore

Dit is nie genoeg om slegs te vra hóé die 'rugby skeuring' tydens die oorlogsjare afgespeel het nie. Hóékom het dit daardie spesifieke dimensies aangeneem? Voorts word daar gekyk na vyf onderling verbonde faktore wat tot die ontstaan, omvang en oplos van die krisis bygedra het.

Eerstens het die Raad aanvanklik nie sterk genoeg opgetree nie. Die vergadering op 11 Desember 1940 is byeengeroep nie om tot 'n besluit oor liefdadigheidswedstryde te kom nie, maar "in an endeavour to arrive at some common understanding and to give a clear interpretation of the constitutional position."[589] Dit suggereer dat die Raad sy unies en klubs vertrou het om by die gees van die regulasies te hou. Gegewe hoe diep die politieke twis oor

[588] SARFB minutes, 28 March 1945. SARRA, I, 16. (Eie kursief)
[589] SARFB minutes, 11 December 1940. SARRA, I, 16.

Suid-Afrika se oorlogspoging gestrek het, was dít egter ’n taamlik naïewe houding. Tydens hierdie vergadering is daar ook verduidelik hoedat liefdadigheidswedstryde téén die reëls van amateurrugby was, maar dat dit onderhewig aan ’n aansoek nogtans moontlik was. Hierdie dubbelsinnigheid is vervolgens deur klubs en unies aan beide kante van die politieke dispuut uitgebuit. ’n Belangrike deel van die Raad se onbeslissende optrede in die vroeë stadiums van die skeuring was ook die goedkeuring van twee wedstryde tussen Noord-Transvaal en Transvaal in 1941 ten bate van die Reddingsdaadfonds. Anders as wat daar gehoop is, het die Raad daarmee ’n gevaarlike presedent geskep, naamlik dat die reëls buigsaam was. Dít het onteenseglik ’n groot invloed op die ontstaan van die krisis gehad.

Tweedens het die Raad ’n belangrike oordeelsfout begaan deur terselfdertyd sy eie mag te óórskat en die vasberadenheid van die anti-oorlog kamp in wit Suid-Afrikaanse rugby te ónderskat. Die Raad was klaarblyklik daarvan oortuig dat ’n verduideliking van sy grondwetlike posisie in Desember 1940, sowel as ’n waarskuwing dat geen verdere toegewings ná Junie 1941 gemaak sou word nie, voldoende sou wees om meer liefdadigheidswedstryde te keer. Dit was egter nie, want die skuiwergat in die beleid is voortaan uitgebuit soos unies en klubs rugbyfondse aan liefdadigheid bemaak het.

Verder moes die Raad magteloos toekyk hoe ’n betekenisvolle aantal klubs van die Westelike en Oostelike Provinsies wegbreek en hul eie provinsiale beheerliggame in die lewe roep. Niks het dié klubs gekeer om hierdie roete in te slaan nie, want wit Suid-Afrikaanse rugby is in wese deur ’n ‘gentlemen’s’ ooreenkoms bymekaar gehou, naamlik dat die SARFB die enigste beheerliggaam van wit rugby in die land was. Dié beginsel was nie sterk genoeg om die aanslag van Afrikaner nasionalisme af te weer nie. Met die land se omstrede oorlogspoging wat die opwelling van hierdie nasionalisme verder aangevuur het, was daar ook nou die politieke wilskrag onder Afrikaner rugbylui om hul stem dik te maak. Dit is ook belangrik om in gedagte te hou dat daar teen die 1940’s nóg twee nasionale rugby beheerliggame in Suid-Afrika was, by name die South African Coloured Rugby Football Board (SACRFB), gestig in 1897, hoofsaaklik vir bruin spelers, sowel as die South African Bantu Rugby Board (SABRB), gestig in 1936 – die liggaam vir hoofsaaklik swart spelers.[590] Om hierdie rede het die afstigters waarskynlik gereken dat hulle, gegewe hul vervreemding van die SARFB, binne hul regte optree deur hul eie (durf ons sê ‘aparte’?) rugbybonde te stig. Met die gemoedere wat in hierdie

[590] A. Odendaal: “‘The thing that is not round’: The untold history of black rugby in South Africa”, in: A. Grundlingh, A. Odendaal, B. Spies (eds.): *Beyond the Tryline: Rugby and South African society*, pp. 24-63; P. Dobson: *Rugby in South Africa: A History, 1861-1988*, pp. 167-227.

tyd hoog geloop het, was die idee van ’n nasionale rugbyliggaam vir Afrikaners seker ook nie vergesog nie. Die politieke tydstrominge van die oorlogsjare was sterker as wat die Raad kon hanteer.

In hierdie lig moet daar ook gevra word of die Wes- en Oos-Kaaplandse Rugbybonde met die Afrikaner-Broederbond (AB) verbind kan word. Behalwe vir hul bydraes tot die Reddingsdaadfonds kon daar geen direkte verband tussen die Bonde en die AB gevind word nie.[591] Die gebruik van die woord ‘Bond’ in hul benaming moet egter nie as toevallig beskou word nie. Dit was in alle waarskynlikheid ’n manier om hulself simbolies aan die AB, en dus die Afrikaner-saak, te koppel. Deur rugby vir die Reddingsdaadfonds te speel, het die Bonde ook aan Afrikaners die geleentheid gegee om tegelykertyd hul plig teenoor hul mede-Afrikaners na te kom én om met hul voete teen die land se oorlogspoging te stem. Deur op hul éie terme te speel, het die twee Bonde rugbywedstryde in ’n daad van politieke verset omskep.

’n Derde faktor wat die omvang van die ‘rugby skeuring’ beïnvloed het, was dat die Raad nie gerat was om só ’n intense interne verdeeldheid op te los nie. Vir meer as 50 jaar lank het die organisasie uit hoofsaaklik die Engelssprekende en verangliseerde Kaapse elite bestaan. Dit was ’n ‘gentlemen’s club’ van professionele, eendersdenkende en grotendeels pro-Brits gesinde persone. Toe die sport in die oorlogsjare byna oornag in ’n krisis gedompel is, moes die Raad ’n vername ideologiese kloof tussen dié groep en Afrikaner nasionaliste oorbrug. Te oordeel aan die jammerlike mislukking van die spesiale komitee was die versoening van Sappe en Natte in eie geledere ’n taak buite die vermoeëns van die Raad. In hierdie verband is dit ook opvallend dat die voorstelle wat uiteindelik die skeuring geheel het, van búite die Raad gekom het. Drie van die vier punte wat in Oktober 1944 aanvaar is, is deur Rhodesië se direkte verteenwoordiger F.E.J. Roselli gemaak. Die naderende einde van die oorlog het natuurlik ook ’n groot rol gespeel in die aanvaarding van die voorstelle in Oktober 1944. Wat die konflikoplossing van die oorlogsjare aangaan, was die Raad klaarblyklik afhanklik van eksterne invloede.

In die vierde plek het die Westelike Provinsie se frustrasie met die Raad ook tot die omvang van die krisis bygedra. Uit die WPRFU se herhaalde mosies om wegbreekklubs van wedstryde

[591] Die name van diegene wat by die WKRB en OKRB betrokke was, so ver dit bekend is, is sonder sukses in die naamlyste van die AB opgesoek. Die enigste moontlike verband tussen die twee rugbybonde en die AB was die naam van B.J. Vorster, bewese AB-lid en verteenwoordiger van Park Rugbyklub in Port Elizabeth, een van die voorlopers in die stigting van die OKRB. Vorster is egter in 1942 in Koffiefontein geïnterneer vir sy betrokkenheid by die Ossewa-Brandwag, en dus is dit onwaarskynlik dat hy direk by die OKRB betrokke sou wees. Sien I. Wilkins & H. Strydom: *The Super Afrikaners: Inside the Afrikaner Broederbond*, Appendix I, pp. A1-A155.

te ontneem, is dit duidelik dat die unie wou hê dat die nasionale beheerliggaam sulke klubs moes straf. Wel wetende dat wraaksugtige besluite sake net verder sou belemmer, was die Raad daarteenoor heelwat meer diplomaties. Dít het natuurlik weer verdere frustrasie aangevuur en ’n sneeubal effek het ontstaan. ’n Belangrike aspek van die Westelike Provinsie se frustrasie was die uitreik van ’n verklaring deur Sport Pienaar en Paul Roos oor die ‘rugby skeuring’ kort vóór die algemene jaarvergadering in Maart 1944.[592] Na die mening van J.D. de Villiers was die verslag nie streng genoeg op die wegbreekklubs nie terwyl dit die WPRFU skynbaar vir die skeuring blameer het.

> Mr. De Villiers wished to express his displeasure at the statement issued by the president and vice-president... The president had explained that the publication was intended as an expression of their personal views, which merely aggravated the matter. It would have been more dignified for them not to have published the statement while the matter could be considered as still sub judice.[593]

Die onderlinge frustrasie is vererger deur die betrokke persoonlikhede, vernaamlik dié van J.D. de Villiers en Sport Pienaar. Pienaar, ’n ervare regsgeleerde en deeglik bewus van die pligte van sy amp, was deurgaans taktvol en omsigtig in sy omgang met die ‘rugby skeuring’. In die hoop dat die strydende partye so spoedig moontlik die strydbyl sou begrawe, het hy gereeld vir kalmte, wedersydse respek en ’n ‘South African spirit’ gepleit. Hy was daarop toegespits om samewerking tussen die pro- en anti-oorlog gesindes te bewerkstellig. Hierteenoor was J.D. de Villiers ’n heethoofdige man. Hy wou sien dat wegbreekklubs soos Stellenbosch, die Wes- en Oos-Kaaplandse Rugbybonde, sowel as die unies wat teen hulle gespeel het of hulle na sý mening in hul kwaad gesterk het (Boland, SWD en Noord-Transvaal), deur die Raad gedissiplineer word. Sy herhaalde mosies om sulke spanne van wedstryde te ontneem was ’n poging om geregtigheid, soos hy dit gesien het, te laat seëvier. De Villiers het verder ook nie geskroom om onder sy teenstaanders in te klim nie. In Mei 1943 het hy byvoorbeeld gesê dat die SWD se D.J. de Villiers “deserved a good and sporting thrashing” vir sy unie se betrokkenheid in ’n onlangse wedstryd teen die WKRB. In byna dieselfde asem het hy dit ook prontuit gestel dat die WPRFU “must say to the Northern Transvaal that they wanted nothing to do with them” nadat dié unie ’n *inter-varsity* wedstryd in 1943 tussen Stellenbosch en

[592] Sien Addendum 4: “SARFB statement, 31 March 1944”.
[593] SARFB minutes, 31 March 1944. SARRA, I, 16.

Pretoria toegelaat het.[594] J.D. de Villiers se persoonlikheid het sekerlik bygedra tot ’n gespanne atmosfeer waarbinne ’n oplossing vir die ‘rugby skeuring’ moeilik gevind sou kon word.

Die Westelike Provinsie se frustrasie is moontlik óók aangevuur deurdat die unie nie meer soos vantevore ’n relatiewe monopolie op mag in die Raad gehad het nie. Weens sy status as ’n groot, suksesvolle en ryk unie, kon hy in vroeëre jare sake in die Raad tot ’n redelike mate dikteer. Die WPRFU was die spreekwoordelike stert wat die hond kon swaai. Teen die 1940’s en ná die skeuring in wit Suid-Afrikaanse rugby kon die unie kennelik nie meer dieselfde invloed op die Raad uitoefen nie. Hy kon nie verhoed dat unies soos die Boland, SWD en Noord-Transvaal die wegbreekklubs en nuutgestigde rugbybonde, op welke wyse ookal, steun nie. Die feit dat dit sogenaamde klein, plattelandse en oorwegend Afrikaanse unies was wat hom teengegaan het, moes sekerlik vir die WPRFU se Engelse establishment ’n groot bron van frustrasie wees.

’n Vyfde faktor wat tot die omvang van die skeuring bygedra het, was die rol wat die media gespeel het. Gegewe die gewildheid van rugby en die omstredenheid van Suid-Afrika se oorlogspoging, was dit onafwendbaar dat die ‘rugby skeuring’ ’n prominente onderwerp in die openbare diskoers van die tyd sou wees. Koerante soos die *Cape Times* en *Cape Argus* aan die een kant en *Die Burger* aan die ander, het in hierdie opsig ’n belangrikse funksie vervul. Nadat die Raad se spesiale komitee nie daarin kon slaag om die skeur te heel nie, het die *Cape Times* die optrede van die afstigters van voor af met afgryse bejeën. Duidelik aan die kant van die establishment en gefrustreerd met die volgehoue tweespalt in Suid-Afrikaanse rugby, het die koerant geskryf dat

> [nobody] is more anxious than the *Cape Times* to see South Africa’s grand game expand and flourish. But if some players prefer wrecking politics to the game or are prepared to become the tools of scheming politicians, then the game must suffer.[595]

Dit is ook veelseggend dat beide die *Cape Times* en *Cape Argus* J.D. de Villiers se aantygings teen Sport Pienaar in Desember 1944 gepubliseer het. Dié koerante was tydens die oorlogsjare, maar ook in historiese terme, die agente van die Engelssprekende, pro-Britse deel van die Kaapse samelewing. Dit is daarom te verwagte dat dié koerante die WPRFU se saak sou probeer bevorder.

---

[594] SARFB minutes, 17 May 1943. SARRA, I, 16.
[595] “The Rugby Dispute”, *Cape Times*, 22 March 1944.

Daarenteen was die Afrikaanse dagblad *Die Burger* weer die spreekbuis van die wegbreekklubs en nuutgestigde Bonde. Gegewe die koerant se oorsprong in 1915 as ’n mondstuk vir Afrikaner nasionalisme met D.F. Malan as die eerste redakteur,[596] is dit vanselfsprekend dat dié koerant die saak van die afstigters sou opneem. Die ‘rugby skeuring’ was gereeld die onderwerp van bespreking in *Die Burger* en die koerant het die WPRFU se optrede deurgaans hewig gekritiseer.[597] Die unie se besluit om tot die Oumafonds by te dra is byvoorbeeld as ’n “skoorsoekende mosie” en ’n “heeltemal ongevraagde plan” beskryf wat “treurige verwarring en onvrede” in die unie veroorsaak het.[598] Ná die onttrekking van Stellenbosch uit die unie is daar ook kwaai onder J.D. de Villiers en die pro-oorlog kamp in die WPRFU ingeklim:

> Dit spreek nogal van astrantheid dat die persoon wat in die eerste instansie politiek by die hare in ons voetbalwêreld ingesleep het, nou die kreet van politiek aanhef teen diegene wat ons rugby daarteen wil beskerm. Deur ons rugby, soos ons dit geken het, te vernietig, word daar vandag diepe wonde geslaan wat nog lank ná die oorlog nie genees sal wees nie; en al heel die wonde eendag, en kom die roof af, die litteken sal bly staan as herinnering aan 'n man wat 'n dom plan in sy kop gekry het, en aan sy aanhang, wat aan die hoogste tradisie van die spel ontrou gewees het.[599]

Die herhaaldelike gebruik van die woorde “ons rugby” is ook nie toevallig nie. Wanneer dit beskou word in die lig van Grundlingh en Allen wat skryf hoe Afrikaners in die eerste dekades van die twintigste eeu rugby vir hulself toegeëien het,[600] kan dit gelees word as ’n voorbeeld van die rol wat die populêre Afrikaanse media in hierdie proses gespeel het. Om van “ons rugby” te skryf, het *Die Burger* die idee bevorder dat rugby deel was van die Afrikaners se kulturele erfenis en eiendom. Wat rugbysake betref, volgens dié argument, was Afrikaners geregtig op net soveel seggenskap as die Engelse wat die sport oorspronklik na die land gebring het en wie se nasate dit steeds grootliks geadministreer het. Die media het stellig die ‘rugby skeuring’ verdiep deur kant te kies en openbare opinie oor die saak verder te polariseer.

---

[596] H. Giliomee: *Die Afrikaners*, p. 281
[597] Sien byvoorbeeld “Moeilikheid Soek”, *Die Burger*, 16 September 1942; “Is Dit Rugby?”, *Die Burger*, 1 Oktober 1942; “Van Kwaad tot Erger in Rugby-unie”, *Die Burger*, 8 Oktober 1942; “Rugby-unie Volhard in Noodlottige Beleid: Vergeefse Beroepe om Wortel van Kwaad te Verwyder”, *Die Burger*, 6 Maart 1943; “Rugbyspelers van U.K. Teen Unie se Beleid: Koddige Houding van President”, *Die Burger*, 11 Maart 1943.
[598] “Is Dit Rugby?”, *Die Burger*, 1 Oktober 1942.
[599] G. Kotzé: “Sport en Politiek: Apartheid, Nat en Sap”. Beskikbaar by: https://gelofteland.org/index.php/suid-afrika/109-sport-en-politiek/2564-sport-en-politiek-apartheid-nat-en-sap (Besoek op 20 Oktober 2020.)
[600] A. Grundlingh: “Playing for Power? Rugby, Afrikaner Nationalism and Masculinity in South Africa, c.1900-70”, pp. 408-430; D. Allen: “Beating them at their own game: Rugby, the Anglo-Boer War and Afrikaner nationalism, 1899-1948”, pp. 37-57.

**Enkele speelveld hoogtepunte**

Alhoewel Suid-Afrikaanse rugby tydens die oorlogsjare deur die drama in die raadsale gedomineer is, was daar ook belangrike oomblikke op die speelveld – hier en elders in die wêreld – om van kennis te neem. ’n Blik op sommige van die hoogtepunte sal help om die ‘rugby skeuring’ in konteks te plaas.

Op eie bodem het Danie Craven, voormalige Springbokkaptein en nou ’n majoor in die Unie-Verdedigingsmag, ’n talentvolle weermagspan op ’n binnelandse toer geneem. Die span het vier Springbokke ingesluit en van Julie tot September 1941 het hulle 15 wedstryde regoor die land gespeel. Die toer het natuurlik in die konteks van ’n verdeelde Suid-Afrika plaasgevind en in ’n tyd toe spanning in die rugbypolitiek aan die oplaai was. Met die aanvang van die toer het Eerste Minister Jan Smuts die doel daarvan uitgestippel: “To stimulate interest in rugby throughout the Union, the Union Defence Force is sending a representative team to tour the country. On the rugby field South Africans forget their political differences. The game is the thing that counts.”[601]

’n Duidelik hoopvolle Smuts het, soos die SARFB, homself misgis met hoe sterk Afrikaners se gevoelens téén die oorlog was. Die rugbyveld (en raadsaal) was nie meer ’n plek waar Suid-Afrikaners hul verskille opsy gesit nie. Die ‘rugby skeuring’ sou oor die volgende paar jaar wys dat die sport eerder ’n platform geword het waar politiek aktief uitgeleef is en waar ideologiese verskille tot ’n spits gedryf kon word. Rugby wás politiek. Baie ondersteuners het tussen die lyne van Smuts se verduideliking gelees en die toer gesien vir wat dit éintlik was – deels ’n poging om rekrute te werf en deels ’n poging om die oorlog meer aanvaarbaar te maak vir diegene wat daarteen gekant was.

In sý biografie van Craven skryf Bun Booyens hoe baie anti-oorloggesindes die toer as oorlogspropaganda beskou het. Sommiges het selfs gemeen dat die eintlike doel was om geld vir die oorlogspoging in te samel, waarna die toer in sekere kringe ‘Craven se Sirkus’ gedoop is. Craven het súlke bewerings sterk ontken en volgehou dat die toer ter wille van die sport self onderneem is.[602] In sy verslag aan die Noord-Transvaalse unie na afloop van die toer het hy dié punt sterk benadruk:

[601] P. Dobson: *Doc: The life of Danie Craven*, p. 197.
[602] B. Booyens: *Danie Craven*, p. 128.

> Rugby is the only language South Africans understand, and we undertook to play rugby... [We] all realise the difference of political opinions in this country, yet [I] cannot see why these differences cannot be solved in a sportsmanlike manner. On the rugby field we learn to respect our opponents and to give credit where it is due. If we could take this spirit which prevails on the rugby field with us into our private lives, I am sure that we could settle our differences more easily and serve South Africa as true citizens.[603]

Hierdie aanhaling spreek van só 'n sterk gees van 'South Africanism' dat dit aan enige een van Craven, Sport Pienaar of Jan Smuts sélf toegeskryf kan word. Wat sy persoonlike politieke oortuigings betref het, is dit bekend dat Craven 'n toegewyde "Smuts man" tot sy dood toe was.[604] Hoe dit ook al sy, ten spyte daarvan dat die toer nie die ondersteuning van die hele (wit) Suid-Afrikaanse publiek geniet het nie, het die weermagspan aantreklike rugby gespeel en só 'n mate van belangstelling in die sport die land lewendig gehou. Die toer het egter onder 'n politieke wolk plaasgevind wat die kanse op sukses kwaai belemmer het.

Weermagrugby was baie meer gewild in lande soos Brittanje, Nieu-Seeland en Australië waar daar groter eensgesindheid oor die oorlog geheers het. In baie gevalle is hierdie wedstryde ook gebruik om geld vir allerlei oorlogs- en verwante liefdadigheidsfondse in te samel. In Brittanje, byvoorbeeld, was die Rooi Kruis een van die mees gereelde begunstigdes van sulke wedstryde. Rugbywedstryde tussen weermagspanne het 'n algemene gesig in oorlogtydse Brittanje geword, en daar is selfs enkele 'service internationals' tussen weermagspanne van die vier tuisunies gespeel. Verder is die strydkreet daar só sterk aangehoor dat die RFU, soos met die Eerste Wêreldoorlog, professionale rugby-liga spelers toegelaat het om met amateurs mee te ding, mits hulle by een van die afdelings van die gewapende magte betrokke was. Wallis het dieselfde toegewing gemaak, maar die Skotte, stellig die mees konserwatiewe van die vier tuisunies, het aan hul amateurbeginsels vasgeklou.[605]

Die feit dat duisende rugby amateurs op oorlogsfronte regoor die wêreld verspreid was, het beteken dat daar 'n tekort aan spelers aan die tuisfront was. Dit is beduidend dat die RFU kort voor die aanvang van die 1946-seisoen sy toegewing aan rugby-liga spelers opgehef en na sy amateurwaardes teruggekeer het. Die liggaam se tydelike omarming van professionele spelers moet beskou word as 'n poging om amateurrugby in 'n moeilike tyd lewend te hou eerder as wat dit 'n patriotiese gebaar van broederskap en eenheid in die rugbylandskap was. Desondanks

[603] B. Booyens: *Danie Craven*, pp. 128-129.
[604] P. Dobson: *Doc: The life of Danie Craven*, p. 6.
[605] T. Collins: *The Oval World: A Global History of Rugby*, pp. 296-299.

het die Tweede Wêreldoorlog ’n gevoel van samehorigheid in die samelewings van die Engelssprekende wêreld tot gevolg gehad. Waar daar tydens die Eerste Wêreldoorlog byvoorbeeld wyd gedebateer is of sport in die oorlogtyd moes voortgaan of nie, is daar teen 1939 besef dat sport ’n groot bydrae kon maak tot die skep van ’n positiewe moraal aan die tuisfront.[606]

Wedstryde ten bate van oorlogsfondse was ook algemene praktyk in Nieu-Seeland en Australië. In Nieu-Seeland het die nasionale beheerliggaam reeds in die vroeë stadiums van die oorlog pertinent gesê dat hulle rugby ondergeskik aan die land se oorlogspoging stel. Stan Dean, NZRFU-voorsitter, het met die jaarvergadering van 1940 gesê dat "[we] should not play any matches which are going to be a discouragement to recruiting."[607] Vervolgens is die Nieu-Seelandse inter-provinsiale kompetisie – die Ranfurly Shield – opgeskort tot aan die einde van die oorlog, sowel as die Prince of Wales wedstryde waarin Maori's van die noordelike en suidelike eilande jaarliks teen mekaar te staan gekom het. Ook die befaamde jaarlikse North-South wedstryd is van 1940 tot 1942 nie gespeel nie. Die NZRFU het ook onderneem om, so ver moontlik, wedstryde tussen militêre spanne te organiseer en die fondse te gebruik om sporttoerusting aan soldate te verskaf. Verder is Nieu-Seelandse koerante deurspek met advertensies vir rugbywedstryde ten bate van oorlogsfondse, en veral die National Patriotic Fund. In een só ’n advertensie vir ’n kragmeting tussen NZ Army en NZ Air Force op 18 September 1943 word toeskouers gelok met die woorde "What a contest! What an attraction! What a crowd will fight for seats. Here is your opportunity of enjoying a really good Rugby match and helping at the same time our boys overseas."[608] Die pro-oorlog samehorigheid wat daar in Nieu-Seelandse rugby tydens die oorlogsjare geheers het, staan in skrille kontras met die tweespalt in wit Suid-Afrikaanse rugby oor dieselfde tyd.

’n Soortgelyke situasie het in Australië afgespeel met advertensies vir liefdadigheidswedstryde volop in die land se koerante. Alhoewel dit wil voorkom asof die professionele rugby-liga kode dalk meer gereeld vir oorlogsfondse gespeel het, het die amateurkode tóg aan sulke wedstryde

---

[606] T. Collins: *The Oval World: A Global History of Rugby*, pp. 296-297; T. Collins: *A Social History of English Rugby Union*, p. 68; M. Taylor: "Sport and Civilian Morale in Second World War Britain", pp. 315-338.
[607] "Nation's Energy", *Evening Post*, 2 May 1940. Beskikbaar by: https://paperspast.natlib.govt.nz/newspapers/EP19400502.2.160?end_date=31-05-1945&items_per_page=10&page=2&query=patriotic+rugby+match+war+fund&snippet=true&start_date=01-10-1939 (Besoek op 28 Oktober 2020.)
[608] "Advertisements", *Evening Star*, 4 September 1943. Beskikbaar by: https://paperspast.natlib.govt.nz/newspapers/ESD19430904.2.4.6?end_date=31-05-1945&items_per_page=10&page=3&query=patriotic+rugby+match+war+fund&snippet=true&start_date=01-10-1939 (Besoek op 28 Oktober 2020.)

deelgeneem. *The Courier Mail*, 'n koerant van Brisbane in Queensland, het byvoorbeeld 'n sportdag geadverteer waar wedstryde in al vier die voetbalkodes gespeel sou word. "Four codes – Rugby League, Rugby Union, Soccer, and Australian Rules – will combine in a patriotic carnival on two grounds tomorrow."[609] Die New South Wales Rugby Union (NSWRU) het in 1944 'n veelseggende verklaring uitgereik nadat daar kritiek gelewer is op 'n liefdadigheidswedstryd wat die unie vroeër aangebied het.

> It was quite untrue that the matches resulted in a loss... Despite the appalling weather, the North Sydney Patriotic Fund benefited to the extent of £65/19/7. This donation of the net proceeds by the New South Wales Rugby Union would have been considerably increased had the conditions been at all favourable... Criticism of this nature is most unfair when it is realised that the rugby union, in addition to staging special matches for patriotic funds each season, has since the commencement of the war given the whole of its net profits to patriotic funds.[610]

Waar die twis in wit Suid-Afrikaanse rugby gegaan het oor die vraag of rugbygeld hoegenaamd aan oorlogsfondse geskenk mag word, het Australiërs skynbaar gedebateer oor presies hoeveel geld genoeg is.

Rugby is nie slegs aan die tuisfronte van die wêreld gespeel nie, maar ook aan die oorlogsfront self. In 1941 en 1942 het Suid-Afrikaanse weermagspanne teen gelyksoortige Nieu-Seelandse spanne in 'n reeks wedstryde in Egipte te staan gekom.[611] Een van hierdie wedstryde, wat op 21 Oktober 1942 in El Alamein gespeel is, is byvoorbeeld met die uitdruklike doel gereël om Duitse spioene onder 'n vals indruk te bring dat die geallieerde magte nie 'n aanval binnekort beplan het nie. Twee dae later het die Slag van El Alamein egter begin en "the back of Rommel's powerful Afrika Korps was finally broken."[612] Dit bly 'n ope vraag of die rugbywedstryd enigsins tot die geallieerde oorwinning bygedra het.

In Desember 1944 het weermagspanne van Suid-Afrika, Nieu-Seeland, Engeland en Wallis in 'n 'toetsreeks' in Kaïro gespeel. Reëlings is met groot erns benader, want keurders is aangewys, proefwedstryde is georganiseer en skares van so groot as 18 000 is deur sommige wedstryde

---

[609] "Football for War Funds", *The Courier Mail*, 2 August 1940. Beskikbaar by: https://trove.nla.gov.au/newspaper/article/40926388?searchTerm=rugby%20match%20war%20funds (Besoek op 28 Oktober 2020.)
[610] "Rugby Union match for funds: Union statement", *The Sydney Morning Herald*, 28 September 1944. Beskikbaar by: https://trove.nla.gov.au/newspaper/article/17922397?searchTerm=rugby%20match%20war%20funds (Besoek op 28 Oktober 2020.)
[611] P. Dobson: *Rugby's Greatest Rivalry: South Africa vs New Zealand*, pp. 58-60.
[612] P. Dobson: *Rugby in South Africa: A History, 1861-1988*, p. 92.

gelok. Die Suid-Afrikaners het die reeks onoorwonne afgesluit en met die "rugby crown of the Middle East" weggestap.[613]

Rugby was ook 'n belangrike tydverdryf vir krygsgevangenes. In die Duitse kamp Stalag IV-B, waar sowat 10 000 geallieerde krygsgevangenes aangehou is, is 'n reeks georganiseer vir spanne wat uit elke hut saamgestel is. Soldate van Suid-Afrika, Engeland, Skotland, Wallis, Ierland, Nieu-Seeland, Australië en die VSA het sowat 30 spanne gevorm en 'n liga-kompetisie is onderneem. Alhoewel die bittere Europese winter van 1944 en die gepaardgaande aansteeklike siektes die einde van die sogenaamde 'hut league' beteken het, het krygsgevangenes gesien wat moontlik is.

Ná die winter is daar werk gemaak om 'n 'internasionale toetsreeks' te organiseer. Die Suid-Afrikaanse span, toegerus met groen-en-goud gekleurde hemde en tuisgemaakte Springbokwapens, het al vyf hul wedstryde gewen. Hulle het gespeel teen onderskeidelik 'n Anzac-span (Australia and New Zealand Army Corps), 'n gekombineerde span van Engeland, Wallis en Skotland, toe 'n span bestaande uit slegs Walliesers, 'n 'rest of the camp' span, en in die laaste wedstryd wéér teen Wallis. Altesaam 23 spelers het die 'Springbokke' verteenwoordig en een van hulle, die kaptein, Fiks van der Merwe, het in 1949 regte Springbokkleure verwerf toe hy gekies is om teen die besoekende All Blacks te speel.[614] Dit is ook opgeteken dat 'n Suid-Afrikaanse span wat die Springbokstut Okey Geffin ingesluit het in Stalag XX-A in Pole teen 'n Nieu-Seelandse krygsgevangene-span te staan gekom het.[615] Die uitslag is onbekend, maar omdat spanne kaalvoet in die Poolse winter moes speel, is dit onwaarskynlik dat daar aantreklike rugby gesien is. Dit is natuurlik krygsgevangenes soos hierdie en soldate soos dié wat in Egipte en Italië gespeel het, wat die begunstigdes was – of kon wees – van die omstrede oorlogsfondse wat vir die 'rugby skeuring' in Suid-Afrika verantwoordelik was.

Ná die oorlog in Europa in Mei 1945 beëindig is, was duisende geallieerde troepe regoor die kontinent verspreid en bevelvoerders moes hulle besig hou terwyl almal op vervoer na hul tuislande gewag het. Dit is in hierdie konteks dat 'n Suid-Afrikaanse span uit die Sesde Divisie saamgestel is en 'n vier-maand lange rugbytoer deur Europa onderneem het. Na afloop van proefwedstryde en 'n oefenkamp in Italië is 'n groep van 30 spelers gekies, met die voormalige

[613] P. Dobson: *Rugby in South Africa: A History, 1861-1988*, p. 93; P. Dobson: *Rugby's Greatest Rivalry: South Africa vs New Zealand*, p. 59.
[614] P. Dobson: *Rugby in South Africa: A History, 1861-1988*, pp. 93-95; P. Dobson: *Rugby's Greatest Rivalry: South Africa vs New Zealand*, p. 61.
[615] T. Collins: *The Oval World: A Global History of Rugby*, p. 300.

Springbok Boy Louw as afrigter. Vanaf November 1945 het die span teen allerlei saamgestelde spanne in Italië, Engeland, Frankryk, Duitsland en Egipte gespeel. Van die 14 wedstryde het die span 10 gewen en twee verloor, terwyl twee gelykop geëindig het.[616] Gideon Nieman beskryf hierdie span se verhaal in groot detail in sy boek *Khaki-Clad Springboks*.[617]

Die Tweede Wêreldoorlog was 'n ontstuimige tyd in die geskiedenis van wit Suid-Afrikaanse rugby. Die debat oor die aanwend van rugbygeld vir oorlogsfondse het vir groot verdeeldheid gesorg soos die pro- en anti-oorlog sentimente wat in die breër samelewing geheers het in die rugbypolitiek neerslag gevind het. Twee uiteenlopende ideologiese kampe het ontstaan en namate die kloof vergroot het, was toenadering en versoening tussen die twee groepe ál moeiliker om te bewerkstellig. Soos die einde van die oorlog nader gekruip het, is 'n groot deurbraak uiteindelik in Oktober 1944 gemaak toe die Raad 'n resolusie ingestem het wat vir almal aanvaarbaar was. 'n Permanente skeuring in wit rugby is só ontwyk, maar dat die onenigheid 'n effek op die lang duur gehad het, is nie te betwyfel nie. Afrikaners was nou gretig om húl stempel op die sport af te druk en die 'verafrikanerisering' van rugby sou voortaan momentum kry. Indien die 'rugby skeuring' van die oorlogsjare slegs één feit beklemtoon, is dit dat sport en politiek in Suid-Afrika onlosmaaklik aan mekaar verbind is. Die slagspreuk dat die twee nie moet meng nie is 'n leë refrein met geen historiese gronde nie. Die 'rugby skeuring' is 'n bewys dat gebeure in Suid-Afrikaanse politiek tydens die oorlogsjare 'n direkte invloed op die administrasie van rugby gehad het.

Ná die oorlog is rugby wêreldwyd geesdriftig hervat en die spel het 'n merkbare oplewing in Suid-Afrika ervaar. In die algemeen gesproke was die jare direk ná die oorlog 'n tydperk van vernuwing vir Suid-Afrikaanse rugby. Die SARFB moes tred hou met die ontwikkelings in en om die spel, en in 1956, met die verskiesing van Danie Craven tot president van die Raad, het die organisasie stellig 'n nuwe fase in sy bestaan ingegaan. Die volgende hoofstuk belig hierdie belangrike dekade in die geskiedenis van die Raad.

---

[616] P. Dobson: *Rugby in South Africa: A History, 1861-1988*, pp. 95-98; P. Dobson: *Rugby's Greatest Rivalry: South Africa vs New Zealand*, p. 60.

[617] G. Nieman: *Khaki-Clad Springboks: Rugby matches played by the 6th South African Armoured Division 1943-46*. Stellenbosch: Sun Media, 2017.

# Hoofstuk 6: Vernuwing, 1946-1956

Die dekade ná die Tweede Wêreldoorlog was ’n tydperk van vernuwing in die Suid-Afrikaanse rugbylandskap. Op die speelveld is rugby met groot geesdrif hervat en die publiek het ’n hernieude belangstelling in die sport getoon. Daar het ’n rugby-herlewing plaasgevind wat op verskeie maniere gemanifesteer het – meer toeskouers as ooit vantevore het na Curriebeker- en toetswedstryde gaan kyk, ’n nuwe provinsiale unie het in die Oos-Transvaal tot stand gekom, daar was ’n merkbare behoefte aan afrigtingskursusse en opvoedkundige rugbyfilms, toernooie en toere vir allerlei skole-, universiteits- en saamgestelde spanne het ál meer volop geword, en publikasies en populêre literatuur oor rugby het met groter reëlmaat verskyn. Die Suid-Afrikaanse publiek se groeiende vraag na rugby het beteken dat die sport toenemend gekommersialiseer het en die Raad moes in pas bly met hierdie ontwikkelings.

Wesenlik het die SARFB in hierdie tyd ook iets van ’n hergeboorte ondergaan. Op internasionale vlak het Suid-Afrika, Nieu-Seeland en Australië in 1948 selfverteenwoordiging op die IRFB verkry. Na bykans 30 jaar se pogings het die sogenaamde ‘leerlinge van die spel’ wasdom bereik en hul plek aan die tafel van internasionale bestuur ingeneem. Gelyke verteenwoordiging het nogtans die mikpunt gebly, maar dit sou eers ’n dekade later realiseer. Op plaaslike vlak het Danie Craven in 1956 president van die SARFB geword en die liggaam in ’n nuwe fase van sy bestaan ingelei. Onder sy hand is die ganse administrasie van (wit) Suid-Afrikaanse rugby oor die komende dekades geprofessionaliseer. Sommige van die boustene waarop dié proses plaasgevind het, is reeds in die eerste jaar of twee van sy termyn gelê.

Hierdie hoofstuk beskryf eerstens die Suid-Afrikaanse rugby-herlewing in die dekade ná die oorlog ten einde die rol van die Raad daarin te verstaan. Daarna kom die dominiums se selfverteenwoordiging op die IRFB onder die soeklig – wat het dit teweeg gebring, hoe het Suid-Afrika, Nieu-Seeland en Australië se sienings daaroor verskil, en hoe het dit oor tyd ontwikkel? Laastens volg ’n bondige inleiding tot die Craven-era met ’n vraag oor die moontlike betekenis van sy verkiesing en ’n oorsig van die belangrikste ingrypings in sy eerste jaar of twee in die amp.

**Die rugby-herlewing**

Die dekade van 1946-1956 het 'n vername herlewing in Suid-Afrikaanse rugby gesien. Die spel is met 'n nuwe ywer gespeel en opnuut met groot belangstelling ondersteun. Watter vorme het hierdie rugby-herlewing aangeneem?

'n Blik op die Curriebeker-toernooi in hierdie tydperk illustreer die oplewing in die sport. Die strydbyle in die administrasie was nog skaars begrawe toe die SARFB in September 1945 besluit het om die Curriebeker-toernooi in die daaropvolgende jaar te hervat. Daar was 'n vrees dat die onderbreking van sowat vyf jaar spelers én die publiek se belangstelling in rugby geknou het, terwyl provinsiale unies se geldkoffers ook veel swakker daaraan toe was. Die oorlogtydse raadsaal-konflik het ook as motivering vir sommiges gedien om die toernooi so gou as moontlik weer te speel. J.D. de Villiers van die Westelike Provinsie, stellig die episentrum van die 'rugby skeuring', het aangevoer dat 'n toernooi in 1946 "would mean that all Unions would be afforded the opportunity of coming together and as it were confirming the burying of the hatchet."[618] Die eerste post-oorlog Curriebeker-toernooi het die driedubbele oogmerk gehad om belangstelling in rugby te laat herleef, provinsiale unies se finansies te stimuleer én om 'n simboliese gebaar van eenheid in wit Suid-Afrikaanse rugby te wees.

Enige vrese wat daar oor die publiek se belangstelling in rugby mag bestaan het, is vinnig besweer. Die finansiële opbrengste van die ses Curriebeker-toernooie wat van 1946 tot 1956 gespeel is, getuig dat die sport meer gewild as ooit was. Deur 10% van die netto hekgelde van elke wedstryd te neem, het die Raad met die laaste vooroorlogse toernooi in 1939 'n bedrag van £886 gemaak.[619] In die jare ná die oorlog het die Raad se inkomstes uit die toernooi die hoogte in geskiet. In 1946 is daar nét meer as £2660 gemaak,[620] sowat drie maal meer as in 1939. Unies se afgevaardigdes wou die positiewe momentum behou en het die Raad gedruk om die volgende toernooi so gou as moontlik te speel.

> If the second leg of the Currie Cup competition is to be held during this coming season [1947], we are likely to have good public support. Rugby has really taken the fancy of the public and

[618] SARFB minutes, 28 September 1945. SARRA, I, 7.
[619] SARFB Annual Report 1939. SARRA, I, 16.
[620] "Currie Cup Competition, 1946: Summary of Returns Furnished by Competing Unions in Terms of Tournament Rule". Addendum to SARFB minutes, 21 March 1947. SARRA, I, 7.

> they are supporting the game and we as a Board should support them by giving the people rugby which they can enjoy.[621]

Uit die 1947-toernooi het die Raad ’n bedrag van £2109 gemaak.[622] Die 1950 Curriebeker-toernooi het in die nadraai van die Springbokke se 1949 skoonskip-reeksoorwinning oor die All Blacks plaasgevind en die euforie wat onder Suid-Afrikaanse rugbyondersteuners geheers het, het vir die Raad goeie finansiële vrugte afgewerp. ’n Rekordbedrag van £3713 is in 1950 ingevorder,[623] en dít sonder om ’n heffing te plaas op enige van die sewe wedstryde van Rhodesië wat in dié jaar sy buiging in die toernooi gemaak het. Voor die volgende toernooi het die Transvaal se H.J. Sanderson opgemerk dat “[the] tremendous amount of money that has to be spent on grounds to accommodate the vast crowds which we are now getting, is something phenomenal...”[624] Die 1952 Curriebeker-toernooi het hierdie tendens voortgesit en ’n skaflike £3389 vir die Raad besorg.[625] In 1954 het die sisteem waarvolgens die toernooi gespeel is wéér verander – die 15 provinsiale unies is in drie groepe van vyf spanne elk verdeel om Damaraland te akkommodeer. Alhoewel die Raad se inkomste van £2909 in 1954[626] en £2060 in 1956[627] ’n effense afname toon, oorskadu dit steeds die bedrae wat vóór die oorlog uit die toernooi gemaak is.

Internasionale toetswedstryde in dieselfde tyd het ook ál groter skares gelok. ’n Blik op pre- en post-oorlog toeskouergetalle in Johannesburg en Kaapstad, Suid-Afrika se twee grootste rugbysentra, is insiggewend in hierdie verband.

[621] SARFB minutes, 22 November 1946. SARRA, I, 7.
[622] “Currie Cup Competition, 1947: Summary of Returns Furnished by Competing Unions in Terms of Tournament Rule”. Addendum to SARFB minutes, 19 March 1948. SARRA, I, 7.
[623] “Currie Cup Competition, 1950: Summary of Returns Furnished by Competing Unions in Terms of Tournament Rule”. Addendum to SARFB minutes, 10 November 1950. SARRA, I, 8.
[624] SARFB minutes, 30 & 31 March 1951. SARRA, I, 8.
[625] “Currie Cup Competition, 1952: Summary of Returns Furnished by Competing Unions in Terms of Tournament Rule”. Addendum to SARFB minutes, 3 October 1952. SARRA, I, 8.
[626] SARFB Annual Report 1954. Addendum to SARFB minutes, 25 & 26 March 1955. SARRA, I, 9.
[627] SARFB Annual Report 1956. Addendum to SARFB minutes, 5 April 1957. SARRA, I, 10.

**Tabel 1**: Toeskouergetalle by internasionale toetswedstryde in Johannesburg en Kaapstad, 1938-1955.[628]

| *Jaar* | *Opposisie* | *Ellis Park, Johannesburg* | *Nuweland, Kaapstad* |
|---|---|---|---|
| 1938 | Brittanje | 35 000 | 18 038 |
| 1949 | Nieu-Seeland | 72 000 | 42 000 |
| 1953 | Australië | 70 000 | 34 500 |
| 1955 | Brittanje | 90 000-100 000 | 52 000 |

Hierdie tabel dui op ’n skerp toename in toeskouergetalle in die jare ná die oorlog. Wat veral opvallend is, is dat skares met die eerste post-oorlog reeks in 1949 meer as dubbeld so groot was as in 1938. Dit is wél so dat die kapasiteit by Ellis Park en Nuweland in hierdie era stelselmatig vergroot is, maar dit is in sig self ook aanduidend van ’n oplewing in rugby. Stadions word nie vergroot as skares aan die kwyn is nie, terwyl sulke projekte hoofsaaklik deur groter hekgeld-inkomste gefinansier is. Dit moet ook in ag geneem word dat die opbloei in die Suid-Afrikaanse ekonomie in die jare direk ná die oorlog baie meer mense in staat gestel het om geld op ontspanning, soos byvoorbeeld kaartjies vir rugbywedstryde, te spandeer.[629] Dat die publiek in hierdie tyd honger vir rugby was en die spel in groter getalle as ooit tevore ondersteun het, is nie te betwyfel nie. Die vraag na toetskaartjies het teen 1954 só toegeneem dat die Raad die Four Home Unions Tour Committee (FHUTC) gevra het om ’n vyfde toets op die toerprogram van die 1955 Britse Leeus te plaas.[630] Tot die teleurstelling van baie wou die Britte nie meer as die praktyk van vier toetswedstryde speel nie.

Die Suid-Afrikaanse rugby-herlewing het ook gemanifesteer in die stigting van ’n nuwe provinsiale unie in die Oos-Transvaal. Die argumente wat H.J. Sanderson, TRFU-president, en J.J.C. Grabe, verteenwoordigeer van die Verre Oosrand sub-unie, gemaak het ten gunste van die totstandkoming van die unie, spreek van ’n lewendige rugbygemeenskap in die streek. Daar

[628] Data is saamgestel uit: “Great Springbok Victory”, *The Cape Argus*, 6 August 1938; “Brittanje Klop SA in Derde Toetswedstryd”, *Die Burger*, 12 September 1938; P. Dobson: *Rugby’s Greatest Rivalry: South Africa vs New Zealand*, pp. 223-224; “Wallaby Tour Cost Will Exceed £33,000”, *The Cape Argus*, 28 September 1953; P. Dobson: *Rugby in South Africa: A History, 1861-1988*, p. 108; “All Part of the Show for 52,000”, *The Cape Argus*, 20 August 1955.
[629] Sien byvoorbeeld: H. Giliomee: *The Rise & Demise of the Afrikaners*, pp. 83-114; M. Nkosi: “The South African Economy: Structural Changes and Implications for the Future”, pp. 88-89.
[630] SARFB minutes, 26 February 1954. SARRA, I, 9.

is onder meer aangevoer dat dié streek se wit bevolking van sowat 85 000 ’n selfstandige provinsiale rugby-unie regverdig, dat dit die Transvaalse sub-unie met die meeste aktiewe spelers was, dat sy klubspanne rugby van ’n hoë gehalte gespeel het, én dat die munisipaliteite van Benoni, Brakpan, Springs en Nigel almal groot bedrae geld spandeer het om uitstekende rugbyvelde en -geriewe in die laaste paar jaar op te rig. Verder kon die sub-unie in terme van sy finansies en administrasie op sy eie voete staan en “[public] support has been wonderful.”[631] Toeskouergetalle van klubrugby in Springs en Brakpan is op gemiddeld 1500 per wedstryd bereken, terwyl meer as 8000 mense na die wedstryd tussen die Verre Oosrand en Pretoria in 1945 gaan kyk het. Dit is ook genoem dat die regering se opleidingsentrums vir myne in die streek goeie kweekskole vir rugby was.[632]

Daar was natuurlik teenstand, veral van die Natalse unie en die president Sport Pienaar self – “Cannot we administer the game more efficiently and satisfactorily as we have done in the past with a smaller number of unions?”[633] Desondanks het die Raad met ’n groot meerderheid ingestem om volle status aan die Verre Oosrand toe te staan, wat voorts as die Oos-Transvaal Rugbyvoetbal Unie sou bekendstaan.[634] Hul 6-5 oorwinning oor die All Blacks in 1949 moes sekerlik vir die Raad ’n geldigverklaring van sy besluit gewees het. Die ontstaan van die Oos-Transvaalse unie kan as ’n resultaat van die rugby-herlewing gelees word, sowel as ’n verdere stimilus daarvoor.

Die tydperk 1946-1956 kan ook geken word aan ’n behoefte om georganiseerde rugby wyer as slegs klub-, provinsiale- of nasionale vlak te speel. In dié tyd is heelwat voorstelle aan die SARFB gemaak vir allerlei toernooie en toere vir skole-, universiteits- en saamgestelde spanne. In 1946 het Rhodesië byvoorbeeld voorgestel dat ’n onder-19 inter-provinsiale toernooi volgens die Curriebeker-formaat gespeel word,[635] terwyl die Noord-Transvaalse unie in die daaropvolgende jaar ’n landwye universiteitstoernooi, soortgelyk aan die hedendaagse Varsitybeker, voorgestel het.[636] Die Raad se antwoord teenoor beide voorstelle was louwarm en daar het niks van gekom nie. In 1948 het Danie Craven namens die Universiteit van Stellenbosch navraag gedoen oor die moontlikheid van ’n Matie-rugbytoer na Brittanje,[637] maar dit is ook nie deur die nasionale beheerliggaam goedgekeur nie. Dit was eers sewe jaar

[631] SARFB minutes, 22 November 1946. SARRA, I, 7.
[632] *Ibid.*
[633] *Ibid.*
[634] SARFB minutes, 21 March 1947. SARRA, I, 7.
[635] SARFB minutes, 28 September 1946. SARRA, I, 7.
[636] SARFB minutes, 25 April 1947. SARRA, I, 7.
[637] SARFB minutes, 19 March 1948. SARRA, I, 7.

later in 1955-1956 dat ’n gekombineerde Suidelike Universiteite span, wat bestaan het uit spelers van die universiteite van Kaapstad en Stellenbosch, na Brittanje getoer het. Rhodesië het aansoek gedoen om ’n gekombineerde Britse universiteite span in 1950 daarheen te bring as deel van dié kolonie se sestigjarige herdenking. Die Raad het dit afgekeur,[638] maar wel tot ’n kompromis ingestem en besluit om ’n Junior Springbokspan daarheen te stuur.[639] Die feesvieringe is egter tot 1953 uitgestel en die Junior Springboktoer het deur die mat geval. In 1949 het Rhodesië die Raad wéér genader in verband met ’n moontlike toer van ’n Britse span. Hierdie toer sou eksperimenteel van aard wees – die span van die Barbarian Football Club sou met ’n huurvlug deur Rhodesië reis in ’n poging om die toer so kort en winsgewend as moontlik te maak. Die Westelike Provinsie se J.D. de Villiers het die konserwatiewe gees wat in die Raad geheers het goed saamgevat toe hy gevra het

> Can you imagine where it is going to end?... What is our football coming to? In the end it will be nothing but tours and air trips, commercialised football. No, Sir, I hope that we will think the matter over very, very carefully. Rhodesia has tried before to get the Board’s permission to get university sides. I was hoping that after all that discussion they would not make a similar application again, but here they come.[640]

Die toer is afgekeur, maar Rhodesië het die Raad in 1951 wéér genader oor die moontlikheid van ’n sogenaamde ‘sectional tour’. Hierdie keer wou die Rhodesiërs ’n kort toer van Brittanje in 1953 meemaak om daar aan die Rhodes-Beit-Jameson eeufeesvieringe deel te neem. Die SARFB het sy goedkeuring verleen nadat dit genoem is dat die RFU in Londen die uitnodiging ondersteun het.[641] In 1951 het ’n gekombineerde Oxford-Cambridge span na Suid-Afrika getoer in wat die Raad as ’n “educational and goodwill tour” beskou het.[642] Sewe unies met universiteite het wedstryde aangebied en elkeen het ’n skaflike wins aangeteken.[643] In 1955 het Oos-Transvaal goedkeuring gekry om ’n gekombineerde Walliese skolespan hierheen te bring.[644] Rugby het voorwaar die verbeelding van die Suid-Afrikaanse publiek aangegryp en daar was duidelik ’n behoefte aan ’n groter dieet van die sport.

Daarmee saam het daar kennelik ook ’n behoefte aan afrigtingskursusse en veral opvoedkundige rugbyfilms ontstaan. Die Vrystaat wou in 1947 ’n rugbykursus vir afrigters

---

638 SARFB minutes, 19 March 1948, 14 May 1948. SARRA, I, 7.
639 SARFB minutes, 8 October 1948. SARRA, I, 7.
640 SARFB minutes, 11 November 1949. SARRA, I, 7.
641 SARFB minutes, 16 November 1951. SARRA, I, 8.
642 SARFB minutes, 25 May 1951. SARRA, I, 8.
643 SARFB minutes, 28 March 1952. SARRA, I, 8.
644 SARFB minutes, 19 August 1955. SARRA, I, 9.

aanbied. Daar is aangevoer dat "school and other junior rugby would be greatly benefitted by a course of lectures and demonstrations given by experts for the benefit of School Masters and other Rugby Coaches."[645] Die Raad het die aansoek egter afgekeur omdat dit gekant was teen die afrigting van afrigters wat self nog nooit rugby gespeel het nie.[646] In 1951 het 'n regerings-organisasie, die Unie van Suid-Afrika Filmdiens, aan die SARFB geskryf oor die moontlike verfilming van 'n opvoedkundige rugbyfilm tydens die Springbokke se toer na Brittanje later in daardie jaar.

> Daar bestaan 'n geweldige behoefte aan instruksionele films oor Rugby soos die Springbokke die spel speel... Dit is belangrik dat 'n film wat vervaardig word oor Rugby, geïllustreer word deur die beste eksponente van die spel... U sal stellig saamstem dat behoorlik opgestelde films van die aard van nasionale belang is...[647]

Die Raad het die aansoek van die hand gewys. Op dieselfde vergadering in April dat dié besluit geneem is, het die Raad 'n sub-komitee aangestel om die plaaslike verspreiding van 'n RFU-vervaardigde 'talkie film' te behartig.[648] Toe die sub-komitee in November verslag doen, is daar voorgestel dat die projek gestaak word weens stygende kostes en moeilikhede om die nodige invoerpermitte te kry. Daar is egter genoem hoe "[the] most pleasing feature has been the response of all our Unions, everyone of which has expressed the desire to subscribe to one or more copies."[649] In die daaropvolgende jaar het die Raad gestem om nié sy steun te verleen aan Springbok Radio wat 'n opvoedkundige rugbyfilm wou maak nie. "[Firms] making educational films of rugby do so on their own responsibility and the Board would not give permission for the exploiting of Springbok players or Springbok colours."[650] Die SARFB se amateurstatus het hom nie toegelaat om kommersiële projekte soos dié te ondersteun nie, 'n sentiment wat beaam is toe die regering die Raad in 1954 opnuut genader het. Hierdie keer het die Raad ingestem tot die Filmdiens se versoek op die voorwaardes dat dit eerstens prakties uitvoerbaar moes wees, en tweedens dat die film alleenlik "ten voordele van die opkomende jeug" onder skole versprei sou word.[651] 'n Bewese behoefte aan opvoedkundige rugbyfilms in Suid-Afrika is 'n teken van die herlewing in die spel op voetsoolvlak.

---

[645] SARFB circular, "Proposed 'Rugby Course' for coaches at Bloemfontein", 17 January 1947. SARRA, I, 7.
[646] SARFB minutes, 25 April 1947. SARRA, I, 7.
[647] Unie van Suid-Afrika Filmdiens brief aan SARFB, 27 Februarie 1951. SARRA, I, 8.
[648] SARFB minutes, 30 & 31 March 1951. SARRA, I, 8.
[649] SARFB minutes, 16 November 1951. SARRA, I, 8.
[650] SARFB minutes, 3 October 1952. SARRA, I, 8.
[651] SARFB minutes, 12 & 13 November 1954. SARRA, I, 9.

Publikasies en populêre literatuur oor rugby het ook in dekade ná die oorlog met groter reëlmaat verskyn. Ter agtergrond is dit belangrik om te onthou dat Suid-Afrikaanse publikasies oor rugby tot die dertigerjare terugstrek na Ivor Difford se *History of South African Rugby Football* (1933) en die Afrikaanse skrywer I.D. du Plessis se reeks van vier jeugverhale oor die sport.[652] Ná die oorlog het rugbypublikasies gedy. Topsy Smith se *Ons Springbokrugbyspelers en Tokkelossie* het in 1946 verskyn,[653] terwyl heruitgawes van Du Plessis se rugby-jeugverhale in bundelvorm in 1948 die rakke gesien het. In November van dié jaar het Difford die SARFB ook genader met 'n voorstel vir 'n tweede, bygewerkte volume van *History of South African Rugby Football*. Die Raad het £20 aan hom bewillig,[654] maar sy afsterwe kort daarna het die einde van die projek beteken.[655]

In 1948 het Danie Craven, wat stellig Suid-Afrika se mees produktiewe rugbyskrywer sou word, met *Die Grondbeginsels van Rugby* debuteer. Die Afrikaanse dagblad *Die Burger* het dit as die "eerste gesaghebbende en omvattende werk oor rugby in Afrikaans" beskryf.[656] In daaropvolgende jare het sy outobiografie *Ek speel vir Suid-Afrika* (1949), en ander boeke *Danie Craven on Rugby* (1952), *Ons Toetsprestasies* (1954), *Springbok story, 1949-1953* (1954), *Met die Maties op die Rugbyveld, 1880-1955* (1955), *Springboks Down the Years* (1956) en *Die Leeus Keil Ons Op* (1956) verskyn.[657] Die Springbokkaptein Hennie Muller het ook sý outobiografie, *Tot Siens to Test Rugby*, in 1954 gepubliseer.[658] Dan het dit byna ook praktyk geword vir rugbyjoernaliste om boeke oor die sport te skryf. Só, byvoorbeeld, het R.K. Stent se *The Fourth Springboks, 1951-1952* (1952) en *Green and Gold: A Sporting Miscellany* (1954) die lig gesien;[659] Maxwell Price se *The Springboks Talk* het in 1955 verskyn,[660] en in

[652] I.D. du Plessis: *Die Springbok*. Kaapstad: Nasionale Pers, 1932; I.D. du Plessis: *Die Silwervaring*. Kaapstad: Nasionale Pers, 1933. I.D. du Plessis: *Die rugby-kroon*. Kaapstad: Nasionale Pers, 1934. I.D. du Plessis: *Rugby in Rio*. Kaapstad: Nasionale Pers, 1941.
[653] T. Smith: *Ons Springbokrugbyspelers en Tokkelossie*. Johannesburg: Afrikaanse Pers Boekhandel, 1946.
[654] SARFB minutes, 19 November 1948. SARRA, I, 7.
[655] SARFB minutes, 25 March 1949. SARRA, I, 7.
[656] "Persoonlik", *Die Burger*, 5 April 1948.
[657] D.H. Craven: *Die Grondbeginsels van Rugby*. Kaapstad: Nasionale Pers, 1948; D.H. Craven: *Ek speel vir Suid-Afrika*. Kaapstad: Nasionale Pers, 1949; D.H. Craven: *Danie Craven on Rugby*. Cape Town: Beerman, 1952; D.H. Craven: *Ons Toetsprestasies*. Johannesburg: Afrikaanse Pers Boekhandel, 1954; D.H. Craven: *Springbok story, 1949-1953*. Cape Town: Beerman, 1954; D.H. Craven & P. Jordaan: *Met die Maties op die Rugbyveld, 1880-1955*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1955; D.H. Craven: *Springboks Down the Years*. Cape Town: Howard Timmins, 1956; D.H. Craven: *Die Leeus Keil Ons Op*. Johannesburg: Afrikaanse Pers Boekhandel, 1956.
[658] H. Muller: *Tot Siens to Test Rugby*. Cape Town: Howard Timmins, 1954.
[659] R.K. Stent: *The Fourth Springboks, 1951-1952*. Cape Town: Longmans, Green and Co., 1952; R.K. Stent: *Green and Gold: A Sporting Miscellany*. Cape Town: Longmans, Green and Co., 1954.
[660] M. Price: *The Springboks Talk*. Cape Town: Howard Timmins, 1955.

1956 het A.C. Parker se *Giants of South African Rugby with a Report on the Lions* verskyn.[661] In die jare sestig sou Parker ’n boek oor bykans elke groot internasionale toetsreeks van die Springbokke skryf. Verder is die eerste *South African Rugby Annual* in 1950 gepubliseer,[662] terwyl ’n skeidsregtersgids in die vorm van J.J. de Kock, lid van die nasionale skeidsregtersvereniging, se *Rugby Referees’ Right Rulings* in 1951 verskyn het.[663]

Die vlaag rugbyboeke van 1946 tot 1956 dui daarop dat Suid-Afrika se rugby-herlewing verder gestrek het as slegs die speelvelde en die raadsale – die sport het ook deel geword van die kulturele weefsel van die samelewing, en veral dié van Afrikaners. Grundlingh skryf in besonderhede oor hoe rugby in die 1930’s en 1940’s, tydens die opbloei van Afrikaner nasionalisme, so deel van hul kultuur geword het soos byvoorbeeld volkspele – “[the] sport became part of a cluster of cultural symbols closely associated with resurgent Afrikanerdom.”[664] ’n Opbloei in literatuur oor rugby, en spesifiek Afrikaanse tekste, het dié proses in die hand gewerk. Met ’n boek oor rugby kon ondersteuners boonop ook iets tasbaars van die spel besit.

Suid-Afrika se rugby-herlewing was nie tot die wit samelewing beperk nie. Onder swart Suid-Afrikaners het die spel óók nuwe lewe gekry. In die Westelike Provinsie, byvoorbeeld, is die Western Province League (WPL) in 1936 gestig wat aan die SACRFB geaffilieer het. Die WPL se agt unies het in 1941 vir die eerste maal om die Van Riebeeck en Flag trofeë meegeding, maar die oorlog het momentum onderbreek. Die toernooi is in 1947 hervat en in die agt jaar tot 1954 is daar ses maal om die trofeë uitgespeel. In dieselfde tyd het daar ook ses nuwe sub-unies by die WPL aangesluit, wat die unie genoop het om sy kompetisie in twee afdelings te verdeel. Teen 1954 was die WPL verreweg die grootste unie in die SACRFB met 14 sub-unies, sowat 200 klubs en nagenoeg 10 000 spelers.[665] Sake in die SABRB het in die jare ná die oorlog ook beter daarna uitgesien. Die SABRB se inter-provinsiale kompetisie is in 1944 hervat en tot en met 1956 is daar nie minder nie as 10 maal om die Native Recruitment Corporation Cup meegeding. Dit is insiggewend om daarop te let dat daar in dieselfde tydperk slegs ses Curriebeker-toernooie in die wit SARFB gespeel is. Die SABRB het ook in 1952 en 1953

---

[661] A.C. Parker: *Giants of South African Rugby with a Report on the Lions*. Cape Town: Howard Timmins, 1956.
[662] R. Aldridge: *South African Rugby Annual*. Johannesburg: Donaldson, 1950.
[663] J.J. de Kock: *Rugby Referees’ Right Rulings*. Cape Town: Maskew Miller, 1951.
[664] A. Grundlingh: “Playing with Purpose: Rugby and its wider significance in Afrikaner society, c.1900-c.1989”, in: A. Grundlingh: *Potent Pastimes: Sport and leisure practices in modern Afrikaner history*, p. 55.
[665] P. Dobson: *Rugby in South Africa: A History, 1861-1988*, pp. 170-171; A. Odendaal: “‘The thing that is not round’: The untold history of black rugby in South Africa”, in: A. Grundlingh, A. Odendaal, B. Spies (eds.): *Beyond the Tryline: Rugby and South African society*, p. 54.

interskole-toernooie aangebied, ’n volle 12 jaar voor die eerste (wit) Craven-week toernooi vir skolespelers in 1964 plaasgevind het.[666]

Op nasionale vlak was daar ook ’n belangrike ontwikkeling in swart rugby in die vorm van groter toenadering tussen die SACRFB en SABRB. Daar is begin om ‘toetswedstryde’ onder mekaar te speel. Die eerste van hierdie wedstryde is in Oktober 1950 in Port Elizabeth voor ’n skare van sowat 15 000 gespeel. Die ‘Bantu Springboks’, geklee in swart truie, het die ‘Coloured Springboks’ in hul groen truie met 14-3 geklop. Oor die volgende twee jaar is daar nóg vier sulke wedstryde gespeel. Dan was daar ook pogings om die twee beheerliggame op institusionele vlak nader aan mekaar te bring. In 1951 is ’n gesamentlike komitee gestig met die oog op ’n toer na Nieu-Seeland om teen die Maori’s te gaan speel. In die daaropvolgende jaar het die twee liggame ’n federasie gevorm en ’n span is saamgestel om in 1953 deur Suid-Afrika te toer. Daar is verder ook planne beraam om ’n span van Fiji in 1954 hierheen te bring. Geen van dié projekte het egter gerealiseer nie, hoofsaaklik weens finansiële struikelblokke en interne politiek.[667] Tekens is egter duidelik dat rugby ook ’n oplewing onder swart Suid-Afrikaners in die dekade ná die oorlog ervaar het.

Die rugby-herlewing het beteken dat die sport gedurende hierdie era ál meer kommersiële waarde gekry het. Eenvoudig gestel, was daar nou baie meer geld uit rugby te make. Ondersteuners se hernieude belangstelling in die sport het van rugbywedstryde, op welke vlak ookal, hoogs winsgewende geleenthede gemaak. Die bostaande bespreking van Curriebeker-winste en toeskouersgetalle benadruk dié punt. Internasionale toere was seker die méés winsgewende van sodanige geleenthede. Die *Cape Argus* het byvoorbeeld berig hoe die bruto-inkomste wat Suid-Afrika se provinsiale unies uit die Australiese toer van 1953 sou maak, op sowat £500 000 beraam is,[668] en dat “[when] the full financial returns are known, it is certain that the 1953 Wallabies will have proved the biggest money-spinners of all rugby teams to have visited South Africa.”[669] Dat twee voormalige Springbokkapteins, Danie Craven en Hennie Muller, ook in hierdie era outobiografië gepubliseer het, is veelseggend – dit was ’n poging om munt te slaan uit hul rugbyfaam in ’n tydperk wat die sport in gewildheid toegeneem het. Die kommersialisasie van rugby het nie ongesiens by die Raad verbygegaan nie. In November

---

666 P. Dobson: *Rugby in South Africa: A History, 1861-1988*, pp. 202-206, 227.
667 P. Dobson: *Rugby in South Africa: A History, 1861-1988*, p. 204; A. Odendaal: “‘The thing that is not round’: The untold history of black rugby in South Africa”, in: A. Grundlingh, A. Odendaal, B. Spies (eds.): *Beyond the Tryline: Rugby and South African society*, p. 52; A. Booley: *Forgotten Heroes: A history of black rugby, 1882-1992*, pp. 13-22.
668 “Wallabies want share of profits”, *The Cape Argus*, 2 June 1953.
669 “Wallaby tour cost will exceed £33,000”, *The Cape Argus*, datum onbekend.

1950, toe die gasheer van die (hoogs winsgewende) proefwedstryde vir die 1951-1952 Springbokspan bespreek is, het die WPRFU se J.D. de Villiers ’n sterk waarskuwing aan unies gerig.

> Rugby football in South Africa has not been built up on your pound of flesh. Rugby football in South Africa has been built up by giving as much as you can and taking as little as possible, and that has been a wonderful spirit and it has made our game in South Africa... And while some of us are in the game, I do want to take the opportunity while I am still here to appeal to the gentlemen who are taking over the reins in all the various Unions not to commercialise football. There is a desire to do so... And when municipalities put in £25,000 into rugby grounds, they do not do it for the love of Rugby Football. I am certain of that, and I must ask you gentlemen who conduct the game to beware.[670]

Dat die rugby-herlewing tot die kommersialisasie van die sport gelei het, is gewis. Dat dit vrees by sommiges in die administrasie ingeboesem het, is ook duidelik.

**Die rol van die Raad?**

Dit is belangrik om te vra na die oorsake van die rugby-herlewing en die rol wat die Raad daarin gespeel het al dan nie. Die oplewing in die sport was die resultaat van die wisselwerking van ’n paar faktore. Die eerste hiervan is stellig die terugkeer na vredestoestande en die gepaardgaande hunkering na ’n ‘normale’ lewe in die jare ná die oorlog. Wêreldwyd wou samelewings na hul daaglikse lewens terugkeer en ’n mate van ‘normaliteit’ herwin.[671] Hier ter plaatse was dit geensins anders nie, veral gegewe hoe tekorte aan voedsel en basiese goedere, byvoorbeeld, die lewens van Suid-Afrikaners tydens die oorlog ontwrig het.[672] Die vooruitsig van ’n vol rugbyprogram moes vir baie mense dus aantreklik gewees het as ’n manier om na hul ‘normale’ lewens van voor die oorlog terug te keer. In een van die SARFB se eerste vergaderings ná die oorlog is hierdie sentiment goed saamgevat toe Sport Pienaar genoem het dat “some of the Unions feel that they have been dead and they want to revive themselves.”[673]

[670] SARFB minutes, 10 November 1950. SARRA, I, 8.
[671] Sien byvoorbeeld: A.G. Creadick: *Perfectly Average: The Pursuit of Normality in Postwar America*. Amherst: University of Massachusetts Press, 2010.
[672] H. Giliomee & B. Mbenga: *New History of South Africa*, pp. 295-296.
[673] SARFB minutes, 28 September 1945. SARRA, I, 7.

’n Soortgelyke motivering het agter die sogenaamde Victory Internationals van 1945-1946 gesit. Met die einde van die oorlog in sig het weermagspanne van Engeland, Skotland, Wallis, Ierland, Nieu-Seeland en Frankryk van Januarie 1945 tot April 1946 ’n reeks wedstryde gespeel om die Britse rugbyprogram weer op dreef te kry. Daar is geskryf dat “the series marked the beginning of the UK’s journey towards rebuilding and healing after years of devastation” en dat “the significance of the Victory Internationals lies in its role as a necessary bridge between war and peace.”[674] Alhoewel daaglikse lewe in Suid-Afrika nie noodwendig op dieselfde vlak as in Brittanje deur die oorlog beïnvloed is nie, moes Suid-Afrikaners sekerlik net soveel daarna uitgesien het om na ‘normaal’ terug te keer. Gegewe die vername posisie wat rugby in die samelewing hier beklee het, kon die spel ’n belangrike rol in dié verband speel.

’n Tweede faktor wat tot die rugby-herlewing bygedra het, is die Springbokke se internasionale sukses in hierdie era. Philip Nel se span wat in 1937 na Australasië getoer het, het as die nie-amptelike wêreldkampioene teruggekeer. Toe internasionale rugby ná die oorlog hervat is, het die Springbokke hul kroon vier maal op ’n streep verdedig. In 1949 is die All Blacks in al vier toetse geklop; op die 1951-1952 toer na die Brittanje, Ierland en Frankryk het die Springbokke ’n Grand Slam behaal deur elkeen van die vyf toetswedstryde te wen, insluitend ’n rekord 44-0 oorwinning oor Skotland; in 1953 is die tuisreeks teen Australië 3-1 gewen; en die 1955 Britse Leeus, volgens baie kommentators die beste span om nóg na Suid-Afrika te toer,[675] kon dit slegs vermag om die reeks met 2-2 gelykop te speel. Die Springbokke was die wêreld se beste span in die onmiddellike post-oorlog era. Dit het nie slegs die aansien van die sport in Suid-Afrika verhoog nie, maar was sekerlik ook ’n bron van groot vreugde en trots vir ’n samelewing wat rééds op rugby versot was.

’n Derde moontlike verklaring lê opgesluit in die sosio-politieke konteks van die tyd. Die oplewing in die spel kan deels aan groter Afrikaner-deelname toegeskryf word. Afrikaners het rugby in die 1920’s en 1930’s in groot getalle begin speel en mettertyd die sport op kulturele vlak vir hulself toegeëien. Dít moet in die lig van die opbloei van Afrikaner nasionalisme van daardie tyd beskou word.[676] Suid-Afrika se omstrede toetrede tot die oorlog in 1939, die

[674] J.R. Suber: “After the War: The Victory Internationals, 1945-46”. Beskikbaar by: https://worldrugbymuseum.blog/2019/06/10/after-the-war-the-victory-internationals-1945-46/ (Besoek op 22 Maart 2021.)
[675] P. Dobson: *Rugby in South Africa: A History, 1861-1988*, p. 107.
[676] Sien byvoorbeeld: A. Grundlingh: “Playing with Purpose: Rugby and its wider significance in Afrikaner society, c.1900-c.1989”, in: A. Grundlingh: *Potent Pastimes: Sport and leisure practices in modern Afrikaner history*, pp. 54-92; D. Allen: “Beating them at their own game: Rugby, the Anglo-Boer War and Afrikaner nationalism, 1899-1948”, pp. 37-57; F.J.G. Van der Merwe: “Afrikaner Nationalism in Sport”, pp. 34-46.

aanloop tot die nasionale verkiesing in 1948 én die Nasionale Party se oorwinning by die stembus het stellig die dryfkrag van hierdie nasionalisme verder aangevuur. Wanneer die polities-gemotiveerde 'rugby skeuring' van die oorlogsjare, die stigting van die twee Afrikaner-gesinde rugbybonde en hul eksplisiete ondersteuning van die Reddingsdaadbond dan ook in berekening gebring word, is die implikasie dat rugby vir baie Afrikaners 'n quasi-politieke aktiwiteit geword het. Teen die middeljare van die twintigste eeu het 'n groot groep Afrikaners rugby vir meer as bloot 'n sport ingesien – dit was 'n instrument vir meer betekenisvolle politieke selfuitdrukking. Daarby het hul ekonomiese opwaartse mobiliteit in hierdie tyd, soos Giliomee verduidelik,[677] ook beteken dat méér Afrikaners, in eenvoudige terme, nou die vrye tyd en geld gehad het om die sport te beoefen en te ondersteun. Gegewe hierdie konteks kan die omstandighede rondom Afrikaner-deelname aan rugby in hierdie era die herlewing in die sport deels verduidelik.

Watter rol het die SARFB dan in die rugby-herlewing gespeel? Die bydraende faktore, soos hierbo verduidelik, was almal van buite die Raad afkomstig. Dít suggereer dat die oplewing in die sport hoofsaaklik 'n organiese beweging 'van onder' was en nie soseer die resultaat van optrede deur die nasionale beheerliggaam, oftewel 'van bo' nie. Al was die Raad verantwoordelik vir die administrasie van wit rugby in Suid-Afrika, was die herlewing in die sport nie die gevolg van sý toedoen nie. Trouens, dit blyk asof die Raad onder Sport Pienaar toenemend uit pas was met rugby in Suid-Afrika gedurende hierdie era. Enkele voorbeelde dien ter illustrasie.

Terwyl die Curriebeker-toernooi meer gewild onder ondersteuners was as ooit vantevore, het daar 'n sterk opinie in die SARFB ontwikkel dat die kompetisie se doel uitgedien was. Heelwat vergaderings én 'n spesiale konferensie is aan samesprekings oor die formaat en toekoms van die Curriebeker gewy.[678] In Maart 1952 het die TRFU-president H.J. Sanderson dit selfs gestel dat die "Currie Cup competition had outlived its usefulness."[679] Dit moet hom toegegee word dat die formaat van die toernooi mettertyd ietwat lomp geword het soos meer spanne deelgeneem het, maar 'n lewendige belangstelling onder die publiek was onmiskenbaar. Suid-Afrikaners was trouens in die vroeë 1950's hongerder vir rugby as ooit vantevore.

---

[677] Sien byvoorbeeld: H. Giliomee: *The Rise & Demise of the Afrikaners*, pp. 83-114; H. Giliomee: *Die Afrikaners*, pp. 384-390, 437-439.
[678] Sien byvoorbeeld: SARFB minutes, 16 November 1945, 19 December 1945. SARRA, I, 7; SARFB minutes, 10 November 1950, 1 December 1950, SARFB circular to unions, 5 December 1950, SARFB minutes, 30 & 31 March 1951, SARFB minutes of Currie Cup Conference, 13 July 1951, SARFB minutes, 28 March 1952. SARRA, I, 8; SARFB minutes, 28 October 1955. SARRA, I, 9.
[679] SARFB minutes, 28 March 1952. SARRA, I, 8.

Die Raad onder Pienaar was ook teësinnig om vernuwing te omarm. Dit is beduidend dat die RFU, stellig die toonbeeld van konserwatiwiteit in die rugbywêreld, 'n opvoedkundige rugbyfilm in die vroeë 1950's geproduseer het, terwyl die SARFB in dieselfde tyd téén samewerking gestem het in soortgelyke ondernemings van die Filmdiens en Springbok Radio op eie bodem. Pienaar het dit as "exploiting and prostituting the game" beskou.[680] Beheerliggame in Brittanje het ook in hierdie era begin om korter rugbytoere te oorweeg weens ontwikkelings in burgerlugvaart en die feit dat rugbyspelers ál meer gespesialiseerd in hul werke geraak het en dus minder verlof as in vroeër jare kon kry. Daar is gesê dat indien Suid-Afrika die beste moontlike toerspan hier sou wou sien, "we shall have to accept the principle of a shorter tour...".[681] Toe Rhodesië in 1949 so 'n kort toer van hul unie deur 'n Barbarian-span aan die Raad voorlê, is dit afgekeur. Hul poging om die Raad te kry om sy besluit om te keer, het óók misluk.[682] Sport Pienaar se opinie was waarskynlik instrumenteel daartoe: "We, as a joint Board, have to consider the interests of everybody and find out whether an exceptional case like this may not be a bad precedent for others..." en "the whole idea was [that] we would only have national tours."[683] Selfs al het sommiges in die Raad ingekoop op hierdie nuwe beskouing van rugby – H.J. Sanderson het oor kort toere gevra "[but] would that be a bad thing? Haven't we got to change our ideas with the changing times?" – het die SARFB as 'n geheel konserwatief daarteen gekant gebly.

Aspekte van die Raad se finansies dui ook daarop dat die organisasie onder Sport Pienaar se leiding nie met die ontwikkelings in die rugbywêreld tred gehou het nie. Die laaste maal dat daar aan die Raad se finansiële model geskaaf is, was in 1933 toe 'n heffing op internasionale toetswedstryde geplaas is. Toe rugby in die post-oorlog jare 'n nuwe kommersiële era binnegaan het, het die nasionale beheerliggaam met 'n uitgediende finansiële model gesit en skynbaar ook geen voornemens om dit in pas te bring met die nuwe konteks nie. Pienaar het die Raad se konserwatiewe benadering tot sy geldsake saamgevat toe hy die jaarverslag vir 1950 voorlê:

> You will see there is a healthy surplus of revenue over expenditure during last year. We do not talk about profits etc., because we are not a trading concern... So what looks now like a good, hefty balance [£13,125.15s.4d] will be reduced probably by £3000 to £4000 during the coming

680 SARFB minutes, 3 October 1952. SARRA, I, 8.
681 SARFB minutes, 26 February 1954. SARRA, I, 9.
682 SARFB minutes, 17 March 1950. SARRA, I, 8.
683 *Ibid.*

> season. Not that it matters, because there is no reason why the Board should hold more money than it really needs, seeing that it is really money belonging to the Unions.[684]

Dit blyk dus dat die SARFB onder Pienaar, soos dit sedert die ontstaan van die liggaam in 1889 hoofsaaklik die geval was, slegs finansiële oorlewing nagestreef het. Daar was geen opsigtelike behoefte om munt te slaan uit die na-oorlogse herlewing en gevolglike kommersialisasie van die sport nie. Die Raad se strome van inkomste het onveranderd gebly terwyl uitgawes vermeerder het. Dit was ’n onvolhoubare finansiële posisie wat aan ’n konserwatiewe institusionele karakter en -leierskap toegeskryf kan word. Toe Sport Pienaar die algemene jaarvergadering in Maart 1953 afsluit, het hy meer as net sy eie konserwatisme erken.

> I have been battling for a long time against my inclination. I have had enough and I want to get out. I am losing interest in rugby. The tendencies are so different now from my happy days when I still played and some time after. Today finance is so important and everybody urges people to play pretty-pretty football for the sake of a gate... I am getting more and more out of touch with modern developments...[685]

Sy toespraak was ’n voorafskaduwing van gebeure later in daardie jaar. Sport Pienaar, wat sy eerste Raadsvergadering in 1907 bygewoon het en later vir 26 jaar lank die president was, het op 12 Oktober 1953 gesterf. Hy is in Desember van daardie jaar tydelik deur die vise-president, Edgar Dryden Tudhope, opgevolg, wat die pos in Februarie 1954 permanent aanvaar het en tot April 1956 sou beklee. Tudhope was ’n Kaapse prokureur en voormalige kaptein van Villagers waar hy ’n vername rol in die administrasie van die klub gespeel het.[686] In sy openingsrede het hy hulde aan Sport Pienaar gebring. Enkele uittreksels uit sy toespraak help om die konserwatiewe gees van die Raad onder Pienaar te verduidelik:

> He administered the game in the way in which he played it, that is to say, for the game’s own sake. To him all other considerations, even financial ones which weigh heavily on some unions, were secondary to the enjoyment the game gave to players... Most of us have been to rugby matches or rugby occasions with him and we all remember how his personality dominated those occasions. He made his own atmosphere round him and helped to make the occasion.[687]

Die geskiedskrywing beskou Pienaar in eenderse terme. Daar is geskryf dat hy “abrupt in manner” was en dat daar “a strong spirit of conservatism” onder hom in die Raad geheers het.[688]

---

[684] SARFB minutes, 30 & 31 March 1951. SARRA, I, 8.
[685] SARFB minutes, 27 March 1953. SARRA, I, 9.
[686] P. Dobson: *Rugby in South Africa: A History, 1861-1988*, p. 106.
[687] SARFB minutes, 11 December 1953. SARRA, I, 9.
[688] P. Dobson: *Rugby in South Africa: A History, 1861-1988*, p. 99, 106.

Van der Berg tipeer hom selfs as 'n "autocrat supreme" en "the true article: a dictator!"[689] Beskrywings van hom verg egter meer nuanse.

Die kombinasie van Pienaar se persoonlikheid, ervaring en aansien aan die een kant, en die SARFB se institusionele kultuur as 'n semi-formele 'gentleman's club' aan die ander, het aanleiding gegee tot 'n konteks waarbinne die opinie van die president in baie gevalle die opinie van die hele organisasie geword het. Beskrywings van hom as 'n diktator is egter te sterk. Sy agtergrond as regsgeleerde het hom buitendien nie toegelaat om diktatoriaal, in die eng sin van die woord, op te tree nie. Sport Pienaar was eerder 'n charismatiese en gerespekteerde figuur wat president was van 'n organisasie wat hom toegelaat het om sake tot só 'n mate te lei dat dit voorgekom het asof hy alleenreg oor besluitneming en beleidsrigtings gehad het. Pienaar het deurgaans 'n sterk invloed uitgeoefen op 'n Raad wat beïnvloedbaar was, maar om aan te voer dat hy 'n diktatuur bedryf het, sal feitelik verkeerd wees.

Onder Edgar Tudhope het die SARFB 'n relatiewe stil tydperk beleef. Dit was die algemene opvatting dat hy net tydelik die stoel moes warm hou terwyl die voormalige Springboksenter Geoff Gray genoeg ervaring in die rugby-administrasie opdoen om die presidentskap oor te neem. Gray was Sport Pienaar se keuse om hóm op te volg.[690] Dit is opvallend hoe skugter Tudhope voorgekom het om 'n besluit te maak. Uit sy hantering van vergaderings is dit duidelik dat hy nie soos Pienaar die Raad 'van bo' in 'n rigting gestuur het nie, maar dat hy eerder die ruimte aan afgevaardigdes gegee het om sake self 'van onder' te beslis. 'n Studie van die Raad se rekords getuig dat hy hoegenaamd nie dieselfde imposante teenwoordigheid as sy voorganger gehad het nie, waarskynlik deels omdat hy sy eie termyn as 'n tussenfase beskou het. Tudhope het glo gereeld gesê dat die werk vir hom te veel is en dat hy eerder wil hê 'n jonger persoon die leisels by hom moes oorneem.[691]

Die uitstaande gebeurtenis in Tudhope se termyn wat dit rugby-administrasie betref, was die SARFB se aanneem van sy eie amateurreëls. Tot 1953 was die Raad onderhewig aan die RFU se reëls in hierdie verband. 'n Spesifieke geval van 'n Natalse rugbyspeler wat onder 'n skuilnaam vir geld gestoei het en daarna na amateurrugby wou terugkeer, het die Raad genoop om sy posisie te hersien. Daarby het die gevoel ook bestaan dat die RFU se reëls ook nie altyd met die praktiese realiteite in Suid-Afrika strook nie. Dit was byvoorbeeld teen die amateurreëls om 'n verteenwoordigende span meer as twee dae voor 'n wedstryd in een plek

[689] W. van der Berg: *150 Years of South African rugby*, pp. 47-48.
[690] H. Gerber: *Craven*, p. 176.
[691] T. Partridge: *A Life in Rugby*, p. 71.

saam te roep. Dít was dalk in Brittanje prakties moontlik, maar nie in Suid-Afrika nie omdat spelers hier oor ’n veel groter geografiese area verspreid was. Die kernvraag was of die SARFB se amateurreëls strenger of meer toegeeflik as dié van die RFU moes wees.[692] Die uiteinde van die proses was dat die Raad na sowat twee jaar se samesprekings sy eie amateurreëls aangeneem het en ’n dissiplinêre- of tugkomitee in die lewe geroep het wat gevalle van oortreding sou ondersoek.

Die laaste jare van Sport Pienaar se ampstermyn kan geken word aan die groeiende gaping tussen die SARFB en rugby op voetsoolvlak. Terwyl die sport in die dekade ná die oorlog ’n oplewing ervaar het en toenemend gekommersialiseer het, het die Raad konserwatief in sy benadering gebly. Onder Edgar Tudhope het die nasionale beheerliggaam begin om homself van sy konserwatiewe aard los te wikkel deur sy eie amateurreëls aan te neem. Dit is eers vanaf 1956, met die aanvang van die Craven-era, dat daar begin is om die Raad meer in pas met die moderne spel te bring. Dít word later in hierdie hoofstuk bespreek.

**Selfverteenwoordiging op die IRFB**

Die SARFB, die NZRFU en die Australian Rugby Football Union (ARFU)[693] het in Maart 1948 selfverteenwoordiging op die IRFB gekry. Die vier Britse tuisunies het nou saam met die drie dominiums rugby regoor die wêreld bestuur. Hier word gevra wat aanleiding gegee het tot die internasionale raad se besluit, hoe die dominiums hul nuwe status beskou het, sowel as hoe opinies oor gelyke verteenwoordiging verskil en oor tyd ontwikkel het.

Die einde van die Tweede Wêreldoorlog het ’n universele era van groter politieke onafhanklikheid ingelei. Die nuutgestigde Verenigde Nasies het basiese menseregte vooropgestel, terwyl Europese moondhede wêreldwyd meer betekenisvolle politieke selfstandigheid aan hul (voormalige) kolonies gegee het. Só is daar gepoog om ’n meer

[692] Die onderwerp is tydens talle vergaderings in groot detail bespreek. Sien byvoorbeeld: SARFB minutes, 12 & 13 November 1954, 25 & 26 March 1955, 19 August 1955, 28 October 1955. SARRA, I, 9.
[693] Tydens ’n konferensie van die rugby-owerhede van Australië se verskillende streke in Desember 1945 in Sydney is daar besluit dat die land se rugbybelange die beste deur ’n nuwe nasionale beheerliggaam gedien sou word. Tot in daardie stadium het die NSWRU Australië se nasionale rugbysake bestuur. Die ARFU is gevolglik in die lewe geroep, maar dit was nie tot in November 1949 dat die liggaam se grondwet bekragtig is nie. Sien: “Australian Rugby Union to Foster Code”, *The Mercury*, 6 December 1945. Beskikbaar by: https://trove.nla.gov.au/newspaper/article/26141556 (Besoek op 8 April 2021); “Union Council to Meet”, *Brisbane Telegraph*, 23 November 1949. Beskikbaar by: https://trove.nla.gov.au/newspaper/article/216424138 (Besoek op 8 April 2021.)

regverdige wêreldorde te skep waarbinne lande en volke as gelykes kon funksioneer. Wat Brittanje betref, het die sogenaamde winde van verandering deur hul politieke ryk én internasionale sport betrekkinge gewaai.

Die internasionale politieke konteks is stellig die eerste rede agter die IRFB se demokratisering van wêreldrugby. Tony Collins skryf dat die RFU, wat tot 1948 effektief steeds die internasionale raad beheer het, se "paternalist control of international rugby was not to survive the new order established after the Second World War."[694] Die era van groter politieke onafhanklikheid het die rugbywêreld sodanig beïnvloed dat selfverteenwoordiging vir die dominiums onafwendbaar geword het. Die vier Britse tuisunies was egter nog nie bereid om wêreldrugby as gelykes met die dominiums te administreer nie, so daar is besluit om aan die SARFB, NZRFU en ARFU elk een verteenwoordiger, vergeleke met hul twee elk, te gee. Die RFU het ingestem om sy ses verteenwoordigers na vier te verminder.

Buiten die breër internasionale konteks het die dominiums se volgehou pogings om selfverteenwoordiging te kry ook 'n rol in die 1948-besluit gespeel. Australië en Nieu-Seeland het sedert 1920 gepoog om reëlveranderinge in rugby mee te bring wat die toekoms van die sport in hul lande sou help verseker. Alhoewel enkele toegewings aan hulle gemaak is, het hulle steeds geen betekenisvolle sê gehad nie. Die twee Imperial Conferences van 1924 en 1926, sowel as die RFU se Dominions and Laws Committee wat in 1935 gestig is, het die ideaal van selfverteenwoordiging soos 'n goue wortel voor die dominiums se neuse gehang, maar in praktyk het beheer oor wêreldrugby steeds in Britse hande gebly. Na afloop van die Tweede Wêreldoorlog het 'n aandeel aan die bestuur van internasionale rugby vir die dominiums ononderhandelbaar geword en die IRFB het waarskynlik besef dat Suid-Afrika, Nieu-Seeland en Australië vanaf 1945 opnuut sou poog om dit te bekom. In hierdie stadium kon selfverteenwoordiging hulle nie meer ontsê word nie.

Daarmee saam was dit teen die laat veertigerjare ook duidelik dat die drie dominiums rugby bemeester het. Suid-Afrika, Nieu-Seeland en Australië was lankal nie meer leerlinge van die spel nie, soos die beskouing gereeld in Brittanje was, en hul nasionale spanne het boonop sake teen Britse spanne gedomineer. 'n Stoel aan die IRFB-tafel moes eenvoudig aan hulle toegestaan word omdat hulle hulself herhaaldelik op die internasionale speelveld bewys het. Die verkryging van selfverteenwoordiging is verder ook toe te skryf aan die

[694] T. Collins: *A Social History of English Rugby Union*, p. 174.

> changed attitude of the Home Unions towards the Dominions [which] arose in part from the closer ties forged under wartime conditions, but perhaps even more from the retirement of administrators who were strongly opposed to any widening of the [International] Board's constitution.[695]

In die lig van hierdie veranderde houding het die RFU 'n derde Imperial Conference in Desember 1947 in Londen belê. Op 2 Desember sou die RFU met die afgevaardigdes van die drie dominiums vergader, waarna Skotland, Wallis en Ierland die tweede sitting op 17 en 18 Desember sou bywoon. Die SARFB, NZRFU en ARFU is genooi om voorstelle vir reëlveranderinge te bring, maar die saak bo-aan die agenda sou altyd die kwessie van selfverteenwoordiging op die IRFB wees.

Die SARFB het 'n pre-konferensie in Junie 1947 gehou waar presidente en ander direkte verteenwoordigers van unies voorstelle kon bring wat Sport Pienaar en Paul Roos, wat die Raad sou verteenwoordig, na die Londen-konferensie moes neem. Hierdie pre-konferensie het bevestig dat die SARFB seggenskap in internasionale rugby nagejaag het, maar dat dit streng volgens 'n diplomatiese en egalige proses moes geskied om die Britse tuisunies nie te affronteer nie. Natal het aangevoer dat die tyd ryp was om 'n "supreme Rugby Legislative body" te stig, maar Pienaar het vir versigtigheid gepleit. Hy het opgemerk "how jealous they [British home unions] are of their self-government" en hoe "the only way to make advance is by this gradual means of approach – you cannot rush them."[696] Pienaar en Roos sou as 'n eerste stap slegs vir die herlewing van die Dominion and Laws Committee druk.

> If we can get that Committee first and then broaden it into one in which the other [Welsh, Scottish and Irish] Unions will take part, we will eventually be able to get some control body which will manage the affairs of the Rugby playing world.[697]

Toe daar ná die Imperial Conference aan die Raad terug gerapporteer is, was daar groter nuus as slegs die herlewing van bogenoemde komitee. Pienaar en Roos moes egter kripties in hul verslag wees omdat die IRFB nog moes vergader – interessant genoeg op dieselfde dag as die SARFB – waar die besluite van die Londen-konferensie bekragtig sou word. Hul verslag het dit gestel dat "there will be no radical changes in the laws of the game", maar dat "a resolution dealing with the constitution of the International Board was in our opinion the most

[695] E.W. Moses: *A History of the Proceedings of the International Rugby Football Board, 1886-1959*, p. 13.
[696] SARFB minutes, 6 June 1947. SARRA, I, 7.
[697] *Ibid.*

important."[698] Twee maande later, in Mei 1948, is die Raad amptelik daarvan in kennis gestel is dat sy affiliasie aan die RFU verstryk het en dat die IRFB se grondwet só gewysig is om nou een direkte verteenwoordiger van elk van die SARFB, NZRFU en ARFU in te sluit.

Hoe het dié liggame hul mondigwording in die internasionale rugby-administrasie beskou? Dit moes eerstens as 'n skok gekom het dat al vier Britse tuisunies vír dominiums se selfverteenwoordiging op die IRFB gestem het, veral gegewe Skotland se historiese weersin daarteen. Pienaar en Roos het na die Londen-konferensie gegaan met die idee om slegs 'n komitee te laat herleef as 'n eerste stap in die rigting van selfverteenwoordiging. Wat hulle egter teëgekom het, was 'n internasionale raad wat gereed was om die sprong te neem. Die vier Britse tuisunies het waarskynlik gereken dat indien húlle die inisiatief neem, die dominiums tevrede sou wees met die model van ongelyke verteenwoordiging. Wat dit die SARFB betref, het dié toertjie gewerk, maar die NZRFU en ARFU was minder ingenome daarmee.

Die SARFB het gemengde gevoelens oor sy nuwe status gehad het. Enersyds, en soos dit verwag kan word van 'n konserwatiewe liggaam wat sy affiliasie aan die RFU regdeur sy geskiedenis hoog geag het, was daar 'n mate van hartseer om dié verbintenis te breek. Frank Mellish het dit as "a great pity indeed" en 'n "great loss to us all" beskryf, terwyl Pienaar erken het dat "if we want to claim equal rights... we have to pay that price."[699] 'n Veelseggende mosie is ook eenparig aanvaar.

> That the [SARFB] at its first annual general meeting since the formation of the International Rugby [Football] Board and the consequent severance of the parental ties with the Rugby [Football] Union, desires to record its deep gratitude to the [RFU] for its practical and fatherly interest for more than fifty years. This Board further desires to express its sincere appreciation of the cordial manner in which the [RFU] has fostered the game in South Africa and for the support given by the [RFU] to South Africa in attaining membership of the [IRFB].[700]

Dié mosie moet ook as 'n politieke stelling in die konteks van die tyd gelees word. Toe D.F. Malan se Nasionale Party (NP) die nasionale verkiesing in 1948 gewen het, was dit duidelik dat die land voortaan sy eie politieke rigting onder die vaandel van apartheid sou inslaan. Die NP het beloof om Suid-Afrika weg van ondergeskiktheid aan die Britse Kroon te lei. Dié proses is in 1961 voltooi toe die Republiek van Suid-Afrika tot stand gekom het en die land kort tevore van die Britse Statebond onttrek het. Teen die agtergrond van die Afrikaner nasionaliste wat in

[698] SARFB Report of Delegates to Imperial Conference 1947, 18 March 1948. SARRA, I, 7.
[699] SARFB minutes, 14 May 1948. SARRA, I, 7.
[700] SARFB minutes, 25 March 1949. SARRA, I, 7.

1948 die oorhand in die Suid-Afrikaanse politiek gekry het, het die SARFB waarskynlik genoop gevoel om sy eie politieke aard en ideologie, naamlik lojaliteit teenoor die RFU, te beklemtoon. Die feit dat die NP die verkiesing gewen het slegs twee maande ná Suid-Afrika selfverteenwoordiging op die IRFB verkry het, het sekerlik nie ongesiens by die Raad verbygegaan nie.

Die SARFB se nuwe status in die rugbywêreld was andersyds 'n bron van groot trots vir die organisasie – "the greatest achievement that could have come about."[701] Die feit dat die dominiums nie op gelyke voet saam met die Britse tuisunies op die IRFB gesit het nie, was kennelik ook nie vir die Raad 'n probleem nie. Vir Suid-Afrika het dit oor erkenning gegaan. Leon Rood, wat Suid-Afrika by sy eerste IRFB-vergadering in Maart 1949 verteenwoordig het, het dié sentiment in sy verslag verwoord: "My main impression of the visit is the wonderful *reputation* that South Africa has over there in the Rugby world."[702]

Daarenteen het selfverteenwoordiging op die IRFB vir Nieu-Seeland en Australië nog altyd daaroor gegaan om die vermoë te hê om spelreëls te kan verander. Vir die NZRFU en ARFU was die implikasie van die 1948-besluit tweeledig. Eerstens het dit beteken dat die RFU nie meer toegewings wat betref spelreëls aan hulle kon maak nie omdat hul affiliasie aan daardie liggaam verstryk het. Tweedens was enige toekomstige kanse om reëls te kon verander uiters skraal danksy die sisteem van ongelyke verteenwoordiging. Met hul een verteenwoordiger elk, en geen waarborg dat hulle deur die konserwatiewe SARFB ondersteun sou word nie, sou hul stemme altyd deur dié van die Britse tuisunies oorskadu word. Die Nieu-Seelanders en Australiërs het hul selfverteenwoordiging op die IRFB dus nie in dieselfde lig as die Suid-Afrikaners gesien nie, want hulle is effektief daardeur geneutraliseer. Sport Pienaar het die situasie goed opgesom:

> I don't know how much our fellow Dominions will like it. They like dispensations. They may view it differently. We in South Africa feel it is the greatest achievement that could have come about. We have fought for years to have some say in what the laws of the game should be. I repeat the other Dominions may not like it very much but I think it is for the common good.[703]

Nieu-Seeland en Australië sou ongelyke verteenwoordiging nie gelate aanvaar nie. Die dominiums het nog skaars hul sitplekke om die IRFB-tafel ingeneem toe die NZRFU en ARFU in 1950 vir 'local dispensations' begin druk het. Die SARFB het besluit om hieroor neutraal te

---

701 SARFB minutes, 14 May 1948. SARRA, I, 7.
702 SARFB minutes, 25 March 1949. SARRA, I, 7. (Eie kursief)
703 SARFB minutes, 14 May 1948. SARRA, I, 7.

bly – "we should not oppose it, but we also should not vote for it."[704] Die Suid-Afrikaners wou nie die goedgunstigheid van die Britse tuisunies, wat hulle in die eerste plek op die internasionale raad toegelaat het, verloor nie. Die IRFB se reaksie was om 'n moratorium op reëlveranderinge van 1951 tot 1954 te plaas. Die rede wat hiervoor aangevoer is, was dat "players and referees must be given a fair opportunity of getting used to what alterations have been made."[705] In die praktyk was dit eerder die internasionale raad se manier om te wys wie éíntlik wêreldrugby beheer, sowel as om die moontlike invloed van die NZRFU en ARFU op die spel se ontwikkeling te beperk. Die toestaan van selfverteenwoordiging aan die dominiums kan dus as 'n blote gebaar geïnterpreteer word – terwyl dit moes lyk asof die administrasie van wêreldrugby gedemokratiseer word, is beheer effektief in Britse hande gehou.

Dit was vanselfsprekend dat die NZRFU gelyke verteenwoordiging sou bepleit. Vir so lank as wat Sport Pienaar die SARFB se president was, sou Suid-Afrika egter nie sy gewig agter die Nieu-Seelanders gooi nie. Hy het in 1948 reeds oor die sisteem van ongelyke verteenwoordiging gesê dat "[we] are quite satisfied with that position however. We told them [IRFB] that we do not mind what the voting principle is as long as the principle is accepted that we are members of the Board."[706] Toe dit in Desember 1951 duidelik word dat Nieu-Seeland by die eerskomende IRFB vergadering in Maart 1952 vir gelyke verteenwoordiging sou druk, het Sport Pienaar aan die owerhede in Brittanje geskryf om te sê dat Suid-Afrika dit nie sal ondersteun nie.[707]

Onder Edgar Tudhope, wat homself as 'n tussenganger in die presidentstoel beskou het, het sake nie beduidend verander nie. Toe die NZRFU in 1954 wéér gelyke verteenwoordiging voorgestel het, het Tudhope nie slegs die SARFB se sentimente herbevestig nie, maar selfs sy mede-dominium verteenwoordigers daarteen gewaarsku: "[It] might be dangerous to give recognition to the principle that overseas countries are entitled to claim representation on the International Board. The game has spread to many countries."[708] 'n Dubbele slag het die NZRFU en ARFU in hierdie jaar getref. Nie net het die mosie vir gelyke verteenwoordiging misluk nie, maar die moratorium op reëlveranderinge is tot Januarie 1958 verleng. Só het die internasionale raad die Nieu-Seelanders en Australiërs effektief vir hul eerste dekade as lede van dié liggaam verydel. Alhoewel dit die SARFB kennelik nie te veel gepla het nie, het die

---

[704] SARFB minutes, 10 November 1950. SARRA, I, 8.
[705] SARFB minutes, 30 & 31 March 1951. SARRA, I, 8.
[706] SARFB minutes, 14 May 1948. SARRA, I, 7.
[707] Edgar Tudhope personal letter to L.E.L. Donne, 26 April 1954. SARRA, I, 9.
[708] SARFB Report: International Rugby Football Board 1954, 17 May 1954. SARRA, I, 9.

gevaarligte wél vir sommiges begin flikker. Dit het duidelik geword dat die internasionale raad die deelname van twee lidlande beteuel het, en dit kon in die toekoms ook die lot van Suid-Afrika wees. 'n Diplomatiese oplossing moes gevind word vir die spanning wat daar in die IRFB aan die oplaai was.

In 'n persoonlike brief van Tudhope aan L.E.L. Donne, FHUTC-voorsitter, het hy benadruk dat Suid-Afrika nie gelyke verteenwoordiging nastreef nie. As kompromis vir die groeiende ontevredenheid het hy voorgestel dat elke dominium 'n kontakpersoon in Engeland aanstel wat hulle op hoogte van verwikkelinge daar kon hou.

> It will not help to pacify those who are dissatisfied with the the present arrangement to give them a representative in London with no status beyond acting as a liaison between visitors and the Home Unions, but it might help to offer them a representative who could keep in touch with committees and secretaries of Home Unions, and with the secretary of the [IRFB] and act as a two-way channel for the exchange of information and ideas relating to rugby matters of common interest in your country and ours.[709]

Hierdie plan het egter op niks uitgeloop nie. In Mei 1954 het stemme in die SARFB vir die eerste maal ten gunste van gelyke verteenwoordiging opgegaan. Dít dui op 'n draaipunt in die Raad se internasionale betrekkinge. Die Vrystaat wou hê dat alles moontlik gedoen moes word om 'n tweede verteenwoordiger op die IRFB te kry, terwyl Danie Craven, wat die Oos-Transvaal verteenwoordig het, dit selfs gestel het dat "we have a right to two votes not because of this that or the other, but simply because we play international rugby."[710] Tudhope wou duidelik net die vrede bewaar – "I do not think it is right and proper for us to turn round now and say that we are not satisfied with the position."[711] Dit wil dus voorkom asof daar 'n gaping ontstaan het tussen die opinie van die SARFB se (konserwatiewe) leierskap en die idees wat op voetsoolvlak aan die ontwikkel was. Die Boland se H.H. Roos het aan Tudhope gesê dat

> I can therefore quite see your point that it may perhaps be not sporting just yet to press for the additional vote but I think in time that will come. Whether we are going to press for it now or later, it is bound to come in the end.[712]

Toe Danie Craven in 1956 die leisels in die Raad oorneem, het Suid-Afrika 'n beduidend nuwe rigting ingeslaan wat gelyke verteenwoordiging betref. Die diplomatiese benadering wat

[709] Edgar Tudhope personal letter to L.E.L. Donne, 26 April 1954. SARRA, I, 9.
[710] SARFB minutes, 21 May 1954. SARRA, I, 9.
[711] *Ibid.*
[712] *Ibid.*

Pienaar en Tudhope voorgestaan het, is met ’n meer direkte taktiek vervang. Craven het die IRFB in 1956 versoek om ’n ekstra afgevaardigde aan elke dominium toe te staan “al is dit maar net vir raadpleging”, en selfs terwyl hy getwyfel het of dit toegelaat sou word, het hy prontuit aan hulle gesê het dat “[we] will come to you for two representatives and we want two.”[713] Danie Craven het nie doekies omgedraai nie.

Die IRFB sou in 1958, ná volgehoue druk van al drie dominiums se beheerliggame, gelyke verteenwoordiging aan alle lidlande gee. Die verskil was nou dat die SARFB die NZRFU en ARFU se pogings daarvoor ondersteun het, sowel as dat die IRFB bloot nie langer die dominiums van gelyke verteenwoordiging kon ontsê nie. Die dekade lange skyn-seggenskap van die suidelike halfrond nasies was ’n onvolhoubare posisie, veral gegewe die winde van verandering wat op daardie tydstip deur die wêreldpolitiek in die algemeen, en die Britse Statebond spesifiek, gewaai het. Daarby het die IRFB se algemene jaarvergadering van 1957 onder die voorsitterskap van Australië se Justice L.J. Herron plaasgevind, en hy het die wekroep vir gelyke verteenwoordiging herhaal. Daarby het die dominiums se “proud achievements” op die speelveld óók hul gelyke status in die internasionale raadsaal in hierdie stadium geregverdig.[714] Teen 1958 was die konteks in die (rugby)wêreld van só aard dat die IRFB eenvoudig al sy lidlande op gelyke voet móés plaas.

**Inleiding tot die Craven-era**

Die verhaal van die SARFB van 1889-1956 word afgesluit met die verkiesing van Danie Craven tot president van die liggaam op 5 April 1956 wat ’n bepaald nuwe era in die Raad se geskiedenis aangekondig het. Oor die volgende 36 jaar sou Craven die administrasie van wit Suid-Afrikaanse rugby professionaliseer terwyl die sport meestal gedomineer is deur kwessies wat uit die land se apartheidsbestel gespruit het. Die Craven-era is, as’t ware, ’n wese van sy eie en vereis daarom ’n afsonderlike studie. Wat híér van belang is, is die moontlike betekenis van Craven se verkiesing en die administratiewe boustene wat hy in sy eerste jaar of twee in die amp gelê het.

Ter agtergrond is ’n kort biografiese blik noodsaaklik. Danie Craven is in 1910 in Lindley in die Vrystaat gebore. Ná sy skooljare daar het hy aan die Universiteit van Stellenbosch gestudeer

[713] SARFB minutes, 5 April 1957. SARRA, I, 10.
[714] E.W. Moses: *A History of the Proceedings of the International Rugby Football Board, 1886-1959*, p. 14.

waar hy vinnig opgang in rugby gemaak het. In 1931 is hy vir die Springbokspan gekies wat na Brittanje getoer het, maar hy sou eers in die daaropvolgende jaar sy buiging op provinsiale vlak in die kleure van die WP maak. In 1937 is hy aangewys as die onderkaptein van die Springbokspan wat na Australasië getoer het, en in 1938, toe die Britse span hierheen getoer het, het hy die Suid-Afrikaners op die veld gelei. Al het die Tweede Wêreldoorlog sy speeldae kortgeknip, het majoor Craven, later luitenant-kolonel, ’n belangrike bydrae as hoof van die Liggaamlike Opvoedings Bataljon gemaak deur ’n landwye rugbytoer te onderneem om die belangstelling in die spel tydens die oorlog lewend te hou. In 1947 het hy sy eerste vergadering van die SARFB bygewoon as ’n afgevaardigde van die Oos-Transvaal, en in 1949 het hy sy verhouding met die Universiteit van Stellenbosch voortgesit toe hy as ’n Professor in die Departement Liggaamlike Opvoeding aangestel is. Hier het hy vir dekades om te kom ’n sentrale rol in Matie-rugby gespeel. In 1949 het hy ook ’n keurder en die spanbestuurder/afrigter van die Springbokke geword, en sy betrokkenheid in die rugby-administrasie het verdiep toe hy in 1954 op die uitvoerende bestuur van die WPRFU gesit het. Craven se opgang in die raadsale van Suid-Afrikaanse rugby het gekulmineer in sy verkiesing tot president van die nasionale beheerliggaam op 5 April 1956.

Was Danie Craven se verkiesing tot president ’n teken van die verafrikanerisering van die wit Suid-Afrikaanse rugby-administrasie in die algemeen, en van die SARFB spesifiek? Om dié vraag te beantwoord, moet die term eers verduidelik word. Verafrikanerisering, in hierdie verband, kan twee dinge beteken. Enersyds kan dit verwys na die blote toename van Afrikaners in die rugby-administrasie tot só ’n vlak dat die samestelling van rugby-beheerliggame verteenwoordigend geword het van die demografie van die wit rugby-spelende publiek. Die verklaring kan verder gaan deur andersyds te verwys na nasionalisties-gesinde Afrikaners se oorname van mag binne die Suid-Afrikaanse rugby-administrasie met ’n gepaardgaande transformasie van die SARFB se institusionele karakter van ’n liggaam met ’n sterk lojaliteit teenoor Brittanje na een wat meer ooreengestem het met die ideologie en waardes van die heersende NP-regering van die tyd.

Craven se presidentskap kan wél beskou word as ’n aanduiding van die verafrikanerisering van die wit Suid-Afrikaanse rugby-administrasie, maar slegs sover dit die eerste van die bostaande verduidelikings betref. Die demografiese samestelling van die rugby-administrasie was besig om te verander en Craven se verkiesing tot rugbybaas was aanduidend hiervan. In die veertiger- en vyftigerjare het Afrikaners in groeiende getalle op rugby-beheerliggame gesit, maar die nasionaliste onder hulle het nie in 1956 eensklaps beheer van die Raad oorgeneem en die

organisasie in ooreenstemming met die NP-regering gebring nie. Dít sou trouens nooit volkome gebeur nie, want onder die leierskap van Craven sou die Raad regdeur die tweede helfte van die eeu gereeld met die regering oor kwessies rondom ras- en sportbeleid bots. Boonop het Craven se persoonlike politieke beskouings as 'Smuts-man' en sy bewese afkeur in die Afrikaner-Broederbond (AB) beteken dat hy ook nie om dieselfde spreekwoordelike vuur as die nasionaliste gesit het nie.[715] Kortliks dan, hoe het die verafrikanerisering van die wit Suid-Afrikaanse rugby-administrasie gelyk?

Die SARFB het in 1889 ontstaan as 'n semi-formele, konserwatiewe, hoër-middelklas Engelse 'gentlemen's club' met 'n erkende lojaliteit teenoor Brittanje. Die organisasie het só gebly vir rofweg die eerste helfte van die twintigste eeu. Die meeste provinsiale rugbyunies is in hierdie tyd ook deur Engelssprekendes of verengelsde Afrikaners beheer. Rugby op voetsoolvlak het met verloop van die eeu anders begin lyk weens toenemende Afrikaner-deelname aan die sport. Al was rugby histories 'n Britse sport, het dit oor tyd ál meer sinoniem met die Afrikaners geword.

In die veertigerjare het die situasie in die land se rugby-raadsale egter begin verander. Die oorlogtydse 'rugby skeuring' en gevolglike stigting van die WKRB en OKRB was die eerste noemenswaardige tekens van dít wat Dobson beskryf as die "rise of Afrikanerism in rugby football."[716] Afrikaners het begin om 'n vastrapplek in die rugby-administrasie na te jaag. 'n Groep Transvaalse Afrikaners, onder leiding van die Diggers-klub se Willem Stork, het 'n beweging geloods om die TRFU-president, H.J. Sanderson, uit die kussings te lig. Hul pogings het egter misluk en die Transvaalse unie is eers in 1965 onder Afrikaner-beheer gebring toe Jannie le Roux in 'n sogenaamde 'Afrikaner putsch' die leisels oorgeneem het.[717] Die enigste vername provinsiale unies waar Afrikaners teen middel van die eeu die hef in die hand gehad het, was stellig die Oostelike Provinsie, onder leiding van dr. Andrew Rabie wat vroeër instrumenteel in die stigting van die OKRB was, en die Vrystaat, waar die bewese Broederbond-lid Flippie Groenewoud die president was.

[715] Sien byvoorbeeld: B. Booyens: *Danie Craven*, pp. 207-208; H. Gerber: *Craven*, pp. 175-178; T. Partridge: *A Life in Rugby*, pp. 68-73; P. Dobson: *Doc: The life of Danie Craven*, pp. 6, 131-140; Persoonlike korrespondensie tussen D.H. Craven en Prof. Ben Marais in sake die Broederbond, 25 Julie 1979; SARRA, III, B 4.

[716] P. Dobson: *Doc: The life of Danie Craven*, p. 138.

[717] Sien byvoorbeeld: G. Kotzé: "Sportrevolusie en die Beesblaasbond". Beskikbaar by: http://gelofteland.org/index.php/suid-afrika/109-sport-en-politiek/2497-sportrevolusie-en-die-beesblaasbond (Besoek op 14 April 2021); P. Dobson: "Jannie le Roux passes". 1 February 2016. Beskikbaar by: https://rugby365.com/countries/south-africa/jannie-le-roux-passes/ (Besoek op 14 April 2021); P. Dobson: *Doc: The life of Danie Craven*, pp. 133, 138.

Die sportjoernalis Hennie Gerber beaam dit dat die verafrikanerisering van die rugby-administrasie ’n stelselmatige proses was. Hy skryf dat “[gedurende] en net na die Tweede Wêreldoorlog het veranderinge geleidelik in die samestelling van besture van rugby-unies ingetree. Die oorheersend Engelse inslag daarvan het plek begin maak vir ’n groter persentasie Afrikaanssprekendes.”[718] Dit was geen skielike omwenteling nie, want teen die middel vyftigerjare was die sektor, volgens Dobson, “still largely ‘English establishment’.”[719] Ook Grundlingh skryf dat die “Afrikanerisation of the rugby establishment was a slow process.”[720]

In 1956 het die voormalige Springbok voorspeler Lucas Strachan hierdie toestand betreur toe hy tydens ’n vergadering van die Innesdale rugbyklub in Pretoria opgemerk het hoe “99 percent of rugby players today are Afrikaners, yet the other 1 percent are controlling the game.”[721] Nasionalisties-gesinde Afrikaners was duidelik gefrustreerd met die stadige transformasie van die rugby-administrasie, en waarskynlik ook met die aard daarvan. Afrikaners het teen 1956 politieke mag in die land gehad, maar steeds nie die sterkste stem in die rugby-administrasie nie. Dieselfde kan byvoorbeeld van die staatsdiens in hierdie era gesê word. Giliomee skryf dat die “Afrikanerization of the public sector was in fact a gradual process instead of a sudden take-over”, en dat “it was only in the 1960s that the senior levels of the [civil] service started to resemble the white population composition.”[722] Strachan se uitlating som Afrikaners se frustrasies goed op.

Toe Danie Craven in 1956 president van die SARFB word, was dit ’n teken van die groter proses van verafrikanerisering wat aan die gang was, naamlik dat die getal Afrikaners in die wit rugby-administrasie aan die toeneem was. Craven was ook, met die uitsondering van Percy Ross Frames, die eerste SARFB-president wat nie uit die geledere van die Engelssprekende Villager of Hamilton-klubs in Kaapstad gekom het nie. Hy het boonop van Stellenbosch gekom, die klub wat die stigting van die Afrikaner-gesinde WKRB gelei het en waarvan die universiteit, waar Craven sedert 1949 werksaam was, stellig as die bastion van die Afrikanerdom bekend gestaan het. Desondanks kan sy presidentskap nie gelees word as die aanbreek van ’n era van Afrikaner-dominansie in die raadsale van die sport nie. Al was vyf van Craven se vise-presidente oor die komende jare almal lede van die AB, moet daar gewaak word

[718] H. Gerber: *Craven*, pp. 175-176.
[719] P. Dobson: *Doc: The life of Danie Craven*, p. 133.
[720] A. Grundlingh: “Playing with Purpose: Rugby and its wider significance in Afrikaner society, c.1900-c.1989”, in: A. Grundlingh: *Potent Pastimes: Sport and leisure practices in modern Afrikaner history*, p. 74.
[721] “What politics has the Springbok?”, *The Cape Argus*, 21 February 1956; “Sport and Prejudice”, *Cape Times*, 22 February 1956.
[722] H. Giliomee: *Maverick Africans: The Shaping of the Afrikaners*, pp. 190-191.

om nie té veel mag en invloed aan die Broederbond in Suid-Afrikaanse rugby toe te skryf nie.[723] Dat die AB Craven verkiesing in 1956 gesteun het, is gewis.[724] As Afrikaanssprekende het sy presidentskap 'n beweging weg van die organisasie se Engelse wortels aangedui. Om verder te gaan en aan te voer dat die AB rugbysake in die jare daarna beheer het deur Craven as 'n marionet te gebruik, sal egter feitelik verkeerd wees.

Die Raad en sy funksies is tydens die Craven-era van 1956-1992 geprofessionaliseer. Watter administratiewe boustene is in sy eerste jaar of twee in die amp gelê waarop daar in toekomstige jare voortgebou is? Craven het dit as sy primêre taak beskou om die aansien van die Raad te verhoog en om aan die liggaam die gestalte te gee wat hy gereken het dit verdien. Hy het dít gedoen deur, in besonder, vir die Raad 'n eie gebou te bekom en om die organisasie se geldsake te versterk. Toe Danie Craven sy eerste vergadering van die SARFB in Junie 1947 bygewoon het, was hy teleurgesteld in die Raad se klein gehuurde kantoortjie in kamer 604 van die SA Permanent Building in Darlingstraat 9 in die Kaapse middestad. Daar was 'n gebrek aan 'n rugby-atmosfeer met foto's van resiesperde en wedrenbeamptes teen die mure, en die Raad se dokumente en foto's het in 'n ongeorganiseerde hoop op die deeltydse sekretaris se tafel gelê. In die raadsale van die *Cape Argus* of ander staatsdiensgeboue waar daar in hierdie era vergader is, was dit ook die praktyk dat die "hoë kokkedore van die Raad" almal om 'n groot tafel in die middel gesit het met ander afgevaardigdes op stoele teen die muur.[725] Die situasie het dringende aandag geverg, maar Craven moes kennelik eers sommiges in die Raad oorreed dat 'n nuwe gebou wél nodig was.

> U sal verbaas wees hoeveel persone van oorsee kom en ons besoek en hulle verwag dat die Suid-Afrikaanse Rugbyraad, die hoogste liggaam in die land, ten minste 'n mooi kantoor sal hê... Nou kom hierdie mense van oorsee en hulle sien ons kantoor. Maar dit daar gelaat. Ons het 'n plek van ons eie nodig.[726]

Daar is uiteindelik 'n transaksie met Kenneth Fischer & Co. aangegaan om die hele vierde verdieping van die nuutgeboude Thibault House op die Kaapse voorstrand teen 'n maandelikse bedrag van £55 te huur. Die binnemure is uitgelaat om een groot vertrek te vorm waar

---

[723] Die vise-presidente van die SARFB in die Craven-era was, in chronologiese volgorde, H.J. Sanderson, Gert Potgieter, Flippie Groenewoud, Kobus Louw, Jannie le Roux en Fritz Eloff. Van hulle was slegs Sanderson nie 'n lid van die AB nie. Sien: P. Dobson: *Doc: The life of Danie Craven*, p. 133.

[724] Sien byvoorbeeld: A. Grundlingh: "Playing with Purpose: Rugby and its wider significance in Afrikaner society, c.1900-c.1989", in: A. Grundlingh: *Potent Pastimes: Sport and leisure practices in modern Afrikaner history*, pp. 74-76; H. Gerber: *Craven*, pp. 175-178; T. Partridge: *A Life in Rugby*, pp. 68-73; P. Dobson: *Doc: The life of Danie Craven*, p. 136.

[725] H. Gerber: *Craven*, p. 175.

[726] SARFB minutes, 7 December 1956. SARRA, I, 10.

vergaderings gehou is en waar daar mettertyd ook ’n argief van die Raad se rekords en allerlei rugby-aandenkings opgebou is. Die SARFB het amptelik op 1 Mei 1957 by sy nuwe gebou ingetrek, en dit is ingehuldig tydens die Raad se eerste vergadering daar op 13 September 1957. Elke unie het nou sy eie tafel gehad, kompleet met naambordjies en asbakkies, en die uitvoerende bestuur het voor in die vertrek agter ’n groot tafel gesit. Teen die mure het foto’s van Springbokspanne en Curriebeker-wenners gehang en daar was “’n atmosfeer wat niks anders as rugby geadem het nie.”[727] Dit was ook met hierdie September-vergadering dat daar besluit is om die pos van deeltydse sekretaris in ’n voltydse betrekking te verander. J.J. de Kock van die SWD is vroeg in die volgende jaar in die posisie aangestel.[728]

Craven het homself ook daarop toegespits om die SARFB se finansies op ’n stewiger voet te plaas. Toe hy in April 1956 tot president verkies is, het die Raad maar ’n kontantbalans van £212 gehad en ’n geakkumuleerde fonds van sowat £10,100. Dié bedrag sou grootliks uitgewis word deur die uitgawe van £7670 wat dit gekos het om die Springbokke in daardie jaar na Australië en Nieu-Seeland te stuur.[729] Craven het die “verontrustende toestand” van die Raad se finansies in ’n nuusbrief in Julie aan unies uitgestippel.[730] Volgens sy beramings sou die Raad teen die einde van 1956, en selfs nadat die reserwefonds by hul rekenmeester en alle kleinere deposito’s onttrek is, slegs sowat £1800 oorhê om sy funksies in die volgende jaar te verrig. Dit sou nie naastenby genoeg wees nie en Craven is gedwing om enkele noodmaatreëls te tref om die organisasie finansieel lewend te hou.

Hy het unies vir ’n voorskot gevra op die Raad se aandeel van hul Curriebeker-hekgelde vir 1956, en daar is £1500 by die WPRFU geleen. Die Transvaal het goedgunstelik ’n vertoonwedstryd tussen die Springbokke en die Res van Suid-Afrika in Johannesburg aangebied wat die Raad ’n verdere £1419 besorg het.[731] Dan is daar ook in Desember 1956 besluit om die Common Fund van sowat £3000, ’n bedrag wat tegnies aan die unies behoort het, in die Raad se hande te los totdat die liggaam se finansies gestabiliseer het. In die korttermyn kon Craven daarin slaag om die Raad se kop bo water te hou. In die langer termyn het hy toegesien dat die Raad voorts ’n groter proporsie van hekgelde van Curriebeker- en toetswedstryde ontvang, terwyl hy ook ’n fonds gestig het waarmee die Raad in toekomstige jare sy werksaamhede mee uitgebou het. Hierdie fonds is begin toe hy vir die eerste maal met

[727] H. Gerber: *Craven*, p. 180.
[728] B. Booyens: *Danie Craven*, p. 172.
[729] SARFB Annual Report 1955; SARFB Annual Report 1956. SARRA, I, 10.
[730] Newsletter from the Executive of the SARFB, July 1956. SARRA, I, 10.
[731] SARFB Annual Report 1956. SARRA, I, 10.

die uitvoerende bestuur vergader het. Alhoewel hulle “a collective gasp” gegee het toe Craven £50 000 van unies gevra het, het hy oor tyd sy wens gekry.[732] Danie Craven het die mening gehuldig dat rugby op ’n professionele wyse en met ’n kommersiële benadering geadministreer moes word ondanks die sport se amateurstatus.[733] Dít het ’n belangrike verandering in die Raad se institusionele kultuur en denke aangedui, want tot vóór 1956 het die organisasie skynbaar slegs finansiële oorlewing nagejaag.

Craven het ook die basiese funksies van die Raad opgeskerp deur kommunikasie met unies te verbeter. Alle amptelike kommunikasie van die nasionale beheerliggaam aan unies was voortaan streng tweetalig (Engels en Afrikaans), en hy het die praktyk begin om ’n kwartaallikse nuusbrief van die uitvoerende bestuur te sirkuleer. Tot op hede was die enigste kontak tussen die uitvoerende bestuur en unies die Raad se vergaderings wat somtyds etlike maande uit mekaar gehou is. Die nuusbrief het ’n oop en effektiewe kommunikasiekanaal geskep.

Craven het ook werk daarvan gemaak om ’n groter gevoel van nasionale samehorigheid in die SARFB te kweek ten einde die organisasie ’n “meer saambindende rol in die Suid-Afrikaanse rugbytoneel te laat speel.”[734] In sy aanvaardingsrede op 5 April 1956 het hy by uitstek genoem dat

> [hy] voel dat ons ’n baie groter homogene eenheid kan vorm as wat die geval op die oomblik is. As ons daardie eenheid kan ontwikkel kan ons, selfs wanneer ons hier is bokant provinsialisme uitstyg en ons aandag net bepaal by Suid-Afrikaanse rugby. Dit sal my strewe in elk geval wees.[735]

Die eerste nuusbrief van April 1956 het ’n tabel ingesluit om te wys hoe elke provinsiale unie in die land ’n bydrae tot die Springbokspan van daardie jaar gemaak het. Elke unie het ten minste een Springbokspeler gehad wat óf in die streek gebore is, óf sy skoolopleiding daar ontvang het, óf die unie op die speelveld verteenwoordig het, hetsy in die verlede of op daardie tydstip. “En van Springbokke gepraat: laat ons tog altyd onthou dat die <u>hele</u> land hulle oplewer en nie net sekere gebiede nie; gevolglik het elke unie rede om trots te wees op ons gesamentlike

[732] T. Partridge: *A Life in Rugby*, p. 74. Sien ook: H. Gerber: *Craven*, p. 179; P. Dobson: *Doc: The life of Danie Craven*, p. 140.
[733] T. Partridge: *A Life in Rugby*, p. 75.
[734] B. Booyens: *Danie Craven*, p. 172.
[735] SARFB minutes, 5 April 1956. SARRA, I, 10.

produk."[736] In sy eerste verslag as spanbestuurder op die 1956 Springboktoer het hy hierdie sentiment beaam. "I want to emphasize again that this team belongs to the whole of South Africa and that the players are no longer representatives of a particular club or province."[737]

Craven se pogings om 'n groter samehorigheidsgevoel te kweek het saamgegaan met sy unieke hantering van vergaderings. In teenstelling met die "stramheid en kilheid" van vergaderings onder Pienaar en Tudhope, het Craven 'n meer menslike benadering gevolg.[738] Vergaderings is met gebed en die nodige dekorum geopen, maar hy sou kort daarna die draak met iemand steek of 'n humoristiese aanmerking maak om die atmosfeer lig te hou. Hy het ook 'n punt daarvan gemaak om aan elke afgevaardigde 'n spreekbeurt te gee. "Vir Craven het elkeen 'n eie plekkie in die groot onsigbare rugbyfamilie gehad."[739] Sy persoonlike politieke siening, naamlik "My party is South Africa",[740] verklaar grootliks waarom hy só gevoel het en dus hierdie nasionale eenheidsgevoel in die Raad nagestreef het.

Die tydperk 1946-1956 was een van vernuwing in die Suid-Afrikaanse rugbylandskap. Daar was 'n vername oplewing in die sport op voetsoolvlak, maar die SARFB was toenemend uit pas met die ontwikkelings in en om die sport. Die Raad het 'n uiters konserwatiewe organisasie onder Sport Pienaar se leiding gebly, en buiten die aanneem van sy eie amateurreëls het Edgar Tudhope se termyn geen noemenswaardige verandering in hierdie verband ingehou nie. Selfs toe Suid-Afrika saam Nieu-Seeland en Australië in 1948 selfverteenwoordiging op die IRFB verkry het, het die Raad 'n diplomatiese benadering tot die doel van gelyke verteenwoordiging bepleit. Die wit Suid-Afrikaanse rugby-administrasie was egter besig om stelselmatig te verafrikaneriseer, en Danie Craven se verkiesing tot president van die SARFB in 1956 was tekenend hiervan. Die Craven-era in die tweede helfte van die eeu het 'n professionalisering van die Raad se werksaamhede gesien, terwyl die verhaal van Suid-Afrikaanse rugby toenemend gedomineer is deur kwessies wat hul ontstaan in die land se apartheidsbestel gehad het.

---

736 Nuusbrief van die Uitvoerende Bestuur van die SA Rugbyraad, April 1956. SARRA, I, 10. (Oorspronklik onderstreep)
737 SARFB First Report of Manager SA Touring Team, 11 May 1956. SARRA, I, 10.
738 B. Booyens: *Danie Craven*, pp. 171-172, 174-176.
739 *Ibid.*, p. 172.
740 P. Dobson: *Doc: The life of Danie Craven*, p. 135.

## Slotopmerkings

Rugby beklee ’n spesiale plek in die Suid-Afrikaanse samelewing van vandag. Dit is nie slegs een van die mees gewilde sportsoorte nie, maar dit het met verloop van tyd só ’n belangrike deel van die sosiale en kulturele weefsel van baie Suid-Afrikaners uitgemaak dat die sport bykans sinoniem met die land en sy mense geword het. Die Springbok-embleem het mettertyd ’n simbool van beide internasionale rugbysukses én apartheid geword, terwyl politici in meer onlangse jare allerlei politieke oogmerke van ‘nasionale eenheid’ aan die spel toegedig het. Die Springbokke se oorwinnings van die Webb Ellis-trofee by die Rugby Wêreldbeker-toernooie in 1995, 2007 en 2019 het stellig rugby se verhewe status in die Suid-Afrikaanse samelewing beklemtoon.

Die geskiedenis van die sport is eweneens nét so gewild. Dit is veral in die jare ná die Tweede Wêreldoorlog dat rugbygeskiedenisboeke gewilde items op Suid-Afrikaanse boekrakke en koffietafels geword het. Meer onlangs het akademici van regoor die wêreld ook met toenemende belangstelling oor die spel begin skryf. Desnieteenstaande ontbreek daar studies van die administrasie van die spel en daar is aansienlik minder bekend oor die tydperk vóór Danie Craven se presidentskap in 1956. Dit is hierdie leemte in die geskiedskrywing en die beskikbaarheid (en my kennis van) die SARR se argief wat hierdie studie gemotiveer het. Hoe het die Suid-Afrikaanse Rugbyraad die spel van 1889 tot 1956 geadministreer?

Met die beantwoording van dié vraag deur die loop van hierdie proefskrif, het enkele belangrike temas in die rugby-administrasie na vore gekom. Die eerste hiervan is die bepalende rol wat die institusionele karakter in die SARR se verhaal van 1889 tot 1956 gespeel het. Met sy stigting in die laat negentiende eeu was die Raad ’n Engelse ‘gentlemen’s club’ vir die hoër-middelklas elite van Kaapstad. Die organisasie se ontstaansgeskiedenis is gewortel in die gees van Britse imperialisme van daardie era. Die Raad het ’n relatief eenvoudige samestelling gehad en sake in die eerste sowat 30 jaar is hoofsaaklik deur die algemene liggaam en op ’n semi-informele basis hanteer. Dit was eers in die 1930’s, nadat die spel in Suid-Afrika in gewildheid toegeneem het en internasionale rugbytoere sake van nasionale belang geword het, dat die funksies en werksaamhede van die Raad sodanig uitgebrei het dat allerlei komitees geskep is. Met die stelselmatige verafrikanerisering van die administrasie en die herlewing in die spel vanaf die veertigerjare, het hierdie proses momentum opgebou, soveel so dat die Raad oor tyd ál minder ’n ‘gentlemen’s club’ was en ál hoe meer ’n komplekse beheerliggaam geword het. Hierdie gedaanteverwisseling is volbring in die jare van die Craven-era.

’n Belangrike aspek van hierdie institusionele karakter is ook die tipe persoon wat van 1889 tot 1956 op die SARR gesit het. Omdat dit meestal mans met ’n goeie onderrig en professionele beroepe soos staatsamptenare of prokureurs was, was daar ’n ingeboude vermoë in die Raad om sy basiese administratiewe funksies met groot noukeurigheid en dissipline te verrig. Al was die rugby-administrasie uiteraard ’n amateur-aktiwiteit, is dit nogtans met ’n professionele ingesteldheid uitgevoer.

’n Pro-Britse sentiment staan ook sentraal in die SARR se institusionele karakter. Op plaaslike vlak het dit byvoorbeeld beteken dat die Raad, in vergelyking met sy eweknieë elders in die Britse Ryk, homself van direkte betrokkenheid by of uitspraak oor die Eerste Wêreldoorlog weerhou het. Die Raad wou homself nie by die prekêre Suid-Afrikaanse konsiliasiepolitiek van die tyd begewe nie. Dit is egter op die gebied van internasionale betrekkinge dat hierdie pro-Britse karakter die sterkste invloed op die organisasie se werkinge gehad het. Toe die drie dominiums in die suidelike halfrond vanaf die 1920’s pogings aangewend het om selfverteenwoordiging op die IRFB te verkry, het die SARR deurgaans ’n voet aan albei kante van die draad gehad. Nieu-Seeland en Australië wou die rugby werklik óóp maak – vinnig vir die speler, aantreklik vir die toeskouer, en ’n meer liberale omgang met geld. Vir die Britse tuisunies het dít teen ’n trotse amateur-tradisie ingedruis en hulle sou nie hul beheer van die spel sonder weerstand prysgee nie. Die SARR het wel ook sinvolle seggenskap in die internasionale administrasie nagestreef, maar het regdeur ’n diplomatiese benadering aangehang wat nie die risiko ingehou het om die Britse tuisunies aanstoot te gee nie. Dit was eers in die vyftigerjare, met die stelselmatige verafrikanerisering van die rugby-administrasie en veral ná Sport Pienaar se termyn as president, dat die Suid-Afrikaners hulself meer stewig agter die Nieu-Seelanders en Australiërs geskaar het. Die institusionele karakter van die SARR was van só aard dat die liggaam homself vir die grootste gedeelte van sy eerste 67 bestaansjare as ’n onderdanige tak van die RFU, die moederliggaam in Londen, beskou het.

Hierdie proefskrif het ook daarop gewys hoe deurslaggewend die invloed van indiwidue en persoonlikhede op die rugby-administrasie was. In die eerste jare van die twintigste eeu het die Westelike Provinsie se Louis Smuts byvoorbeeld ’n groot rol gespeel in die magstryd wat daar tussen sy unie en die Transvaal in die nasionale beheerliggaam gewoed het. Dit was telkens sý uitsprake wat Transvaalse gemoedere hoog laat loop het en dit was ook hý wat so byna toegesien het dat die Transvaal in 1908 uit die Raad geskors is. Daarteenoor het Billy Simkins, SARR-president van 1893-1913, skynbaar ’n meer versoenende invloed op die organisasie gehad. Hy het menige male ’n sterk pleidooi gelewer om ’n moeilike situasie te besleg of

wrywing in die kiem te smoor. In later jare het J.D. de Villiers, die WPRFU-president, óók 'n sterk invloed op sake in die Raad gehad. Hy was 'n vurige persoonlikheid en het gereeld met afgevaardigdes koppe gestamp oor allerlei kwessies. Dit was veral met die 'rugby skeuring' tydens die Tweede Wêreldoorlog dat sy onversetlikheid teenoor die wegbreekklubs – wat by tye aan wraaksug gegrens het – gedreig het om die skeuring in die rugby-administrasie te verdiep en om die herenigingsproses te ontspoor.

Geen persoon het egter só 'n bepalende invloed op die ontwikkelingspeil van die SARR van 1889 tot 1956 gehad soos Sport Pienaar nie. Pienaar is wyd in die geskiedskrywing as 'n diktator getipeer, ofskoon sulke beskrywings meer nuanse verg. Sy imposante persoonlikheid en hoë aansien wat hy onder tydgenote geniet het, tesame met die Raad se aard as 'n semi-informele 'gentlemen's club', het gesorg vir 'n konteks waarbinne hy sake kon domineer. Vir 27 jaar, van 1927 tot 1954, het hy aan die stuur van die organisasie gestaan, baie van die administratiewe werk sélf gedoen, en uiteindelik ook die heersende denkwyse in die Raad bepaal. Só het dit dan gebeur dat die SARR in die vroeë 1950's 'n konserwatiewe liggaam was met 'n oudmodiese benadering tot rugby, een wat stellig uit die dae nog vóór Uniewording dateer. Die gevolg was dat die nasionale beheerliggaam kwaai uit pas was met die ontwikkelings wat in daardie era in en om die spel plaasgevind het.

Geldelike oorwegings is ook 'n belangrike tema wat gereeld die rigting in die rugby-administrasie aangedui het. Dit is nogal ironies omdat die konserwatiewe SARR, in ooreenstemming met die Britse tuisunies, veel gewag van die spel se amateur-status gemaak het. Finansiële oorwegings het byvoorbeeld bepaal waar die eerste klompie Curriebeker-toernooie in die laat negentiende en vroeg twintigste eeue gespeel is, terwyl dit ook deels die rede was waarom die Springbokke nie vroeër al na Nieu-Seeland en Australië getoer het nie. Omdat die Raad van unies se waarborge afhanklik was om internasionale toere te organiseer, en gegewe die belang van sulke toere om die Raad én rugby relevant te hou, het dit aanleiding daartoe gegee dat die sogenaamde groot unies – dié met geld soos die WPRFU en die TRFU – sake binne die Raad tot 'n redelike mate kon dikteer. Geldelike oorwegings het provinsialisme in die nasionale beheerliggaam aangevuur. Wanneer daar spanning tussen groot en klein, oftewel ryk en arm unies was, was dit baie keer as gevolg van een of ander geldelike kwessie. Dit is ook opvallend watter invloed die indiwidu, en spesifiek wéér Sport Pienaar, op die Raad se finansies gehad het. Sy eng amateur-ingesteldheid teenoor geld in rugby, 'n sentiment waarop hy baie trots was, het die SARR in die vroeë 1950's in 'n benarde finansiële posisie

gelaat. Dit het drastiese ingrypings van Danie Craven in 1956 en die jare daarna geverg om die gety te draai.

Dit is ook noodsaaklik om te let op die reuse impak wat politieke tydstrominge op die rugby-administrasie gehad het. Wat die internasionale administrasie betref, het Brittanje se toestaan van groter politieke onafhanklikheid aan haar dominiums en kolonies na afloop van die twee wêreldoorloë ook die rugbypolitiek van die tyd beïnvloed. Die drie rugby-spelende dominiums in die suidelike halfrond het met toenemende wilskrag ’n posisie om die IRFB-tafel nagejaag. In die jare twintig en dertig kon dit hulle nog ontsê word – die Britse tuisunies het in weerwil van die groter politieke konteks aan beheer oor wêreldrugby vasgeklou. Ná 1945 was dit egter net ’n kwessie van tyd voor die dominiums seggenskap in die internasionale bestuur van die sport sou kry soos die spreekwoordelike ‘winde van verandering’ ook deur die rugbypolitiek gewaai het.

Plaaslik het geen gebeurtenis só sterk op die SARR ingewerk soos die Tweede Wêreldoorlog nie. Die verdeeldheid wat daar in die Suid-Afrikaanse politiek en (wit) samelewing oor die land se oorlogsbetrokkenheid geheers het, het ’n tydelike skeuring in rugby se raadsale veroorsaak. Alhoewel die pro- en anti-oorlog gesindes in rugbykringe herenig kon word, het dit die verafrikanerisering van die administrasie verder aangemoedig. Hiérdie proses het oor tyd – slegs sowat tien jaar – uitgeloop op Danie Craven se verkiesing as president van die SARR, wat ’n heel nuwe fase in die organisasie se bestaan ingelei het.

Oplaas is hierdie proefskrif ’n studie van ’n organisasie in sy omgewing. Dit het die SARR se ontstaansgeskiedenis, binnewerkinge, aard en ontwikkeling oor die tydperk van 1889 tot 1956 ondersoek, sowel as die wyse waarop die Raad beïnvloed is deur die (rugby)wêreld waarbinne dit gefunksioneer het. Die komplekse geskiedenis van rugby in Suid-Afrika kan nie suksesvol bestudeer en omskryf word sonder om die belangrike aandeel van die administrasie daarvan te erken nie. Hierdie proefskrif het ’n vername gaping in die geskiedskrywing gevul en die hoop is dat daar tot nuwe insigte oor die sport gekom is. Dit maak egter nie aanspraak daarop om die volle verhaal te wees nie – daar bestaan heelwat onderwerpe vir verdere studie.

Wat die tydperk 1889-1956 betref, is daar nog ’n paar belangrike vrae wat gevra kan word. Dit moet in gedagte gehou word dat hierdie proefskrif slegs op geselekteerde brandpunte gefokus het. Daar kan byvoorbeeld in meer diepte gekyk word na die narratief in Suid-Afrika rondom die Britse rugbytoere hierheen in 1903 en 1910 en hoe dit in Afrikaner-kringe, gegewe die onmiddellike post-oorlog konteks, beskou is. ’n Verdere studie kan ook gemaak word van die

imperiale verhoudinge in die eerste helfte van die twintigste eeu. Hoe en hoekom het die dominiums se reputasies in Britse rugbykringe verskil en oor tyd ontwikkel, en hoe het die tuisunies die aanslag op hul beheer van wêreldrugby beskou? Verder kan daar gevra word na die rol van die Afrikaanse en Engelse pers in die 'rugby skeuring' van die Tweede Wêreldoorlog. Gegewe die politieke tydstrominge in die land op daardie tydstip, kan só studie ons kennis oor Afrikaner nasionalisme en die samelewing in die breë help uitbou. In dieselfde lig kan daar ook ondersoek ingestel word na presies hoe rugby en die administrasie daarvan in Suid-Afrika verafrikaneriseer het en hoe dit met die groei van Afrikaner nasionalisme verbind kan word.

In die tweede instansie is daar die ganse tweede helfte van die SARR se bestaan. Die Craven-era van 1956 tot 1992 het die potensiaal om nét so 'n ryke navorsingsveld te wees as die tydperk wat dit voorafgegaan het. Trouens, bykans 90% van die inhoud van die Raad se argief dateer uit dié era en die kwessies wat gevolglik bestudeer kan word, veral weens die toenemende invloed van die land se politiek op die wit rugby-administrasie, is legio. Wat die administrasie spesifiek betref, kan daar gevra word na presies hoe Danie Craven die werksaamhede van die SARR uitgebou en geprofessionaliseer het. 'n Analise van die Raad se verhouding met die IRFB gedurende die apartheidsjare, en die rol wat Craven as persoon daarin gespeel het, kan ook nuwe insigte aan die lig bring. Die SARR se pogings om nuwe internasionale opponente gedurende die isolasiejare te kry, verdien 'n ondersoek, sowel as die Raad se bevordering en ontwikkeling van plattelandse rugby in die sewentiger- en tagtigerjare. Dan kan die oploop tot veelrassige rugby in Suid-Afrika en die praktiese besonderhede van die samesmelting van die SARFB met die SARFF en SARA ook bestudeer word. Daarby bied Danie Craven en sy ikoon-status ook vrugbare grond vir verdere studie. Ten slotte moet dit genoem word dat 'n breedvoerige sosiale geskiedenis van rugby in Suid-Afrika nog geskryf moet word – 'n reuse-taak in sigself.

# Addendums

## Addendum 1

SARFB Grondwet, 28 Mei 1894.[741]

1. That the name of the Board be the South African Rugby Football Board and that it adopt the rules of the English Rugby Union, as amended at the March meeting of each year.
2. That the Board be governed by a general body, consisting of a President, Hon. Secretary, and two representatives from each State, Colony, or Province affiliated to the Board. Five of whom shall form a quorum.
3. That the election of the President, Vice-President, and Secretary be made at the Annual General Meeting of the Board.
4. That the Annual General Meeting of the Board be held on or about the second Monday in March of each year, and written notice be sent to the Secretaries of the various centres affiliated to the Board, at least three weeks before such meeting is convened, together with an audited statement of accounts made up to date.
5. That, in order to facilitate the working of the Board, and with the view of keeping a complete record of the Board's minutes, correspondence and accounts, and also to carry out such instructions as may from time to time be issued by the General Meeting of the Board, an Honourary Secretary, resident at Cape Town, be appointed.
6. That the annual subscription of each Union belonging to the Board be three guineas, payable at or before the Annual General Meeting, and that any union failing to pay such subscription within the prescribed time shall cease to be represented on the Board.
7. That the following be recognised as Districts for Unions to start with, namely, Western Province, Eastern Province, Border, Natal, Transvaal, Griqualand West and Orange Free State.
8. That any other State, Colony or Province desirous of affiliation to the Board shall be proposed by one of the Unions and seconded by another Union, after which the application shall be submitted to the next meeting of the Board.

[741] SARFB minutes, 28 May 1894. SARRA, IV, C 1.3.


9. That each Union shall be entitled to send two representatives to meetings of the Board, who shall each have one vote. This number will not include the President or Hon. Secretary and Treasurer, who shall each be entitled to a vote.
10. At any meeting of the Board the representative of any Union may be allowed to record a vote on behalf of his Union co-delegate by means of proxy granted by him.
11. That a Special General Meeting may be called by the forwarding of a requisition signed by two Unions represented on the Board.
12. That at the Annual General Meeting two auditors be appointed for the ensuing year.
13. That the duties of the Hon. Secretary shall be to keep a careful record of all minutes and correspondence, open and keep proper books, and, in conjunction with the President, prepare an annual report and balance sheet of the Board, duly audited, such report and balance sheet to be forwarded to each Union not later than three weeks prior to the Annual Meeting.
14. The Board, having a permanent centre, a general meeting of delegates from each Union shall be called by the Hon. Secretary at such places as a tournament is to be held; the local Union to arrange all preliminary details regarding such tournament. At such general meeting a Tournament Secretary shall be elected, whose duty it shall be to conduct the business of such tournament and meeting. Such Secretary shall receive every information and assistance from the Honourary Secretary, who shall be furnished with a full report of the minutes and proceedings during the tournament, together with a financial statement. Such reports, minutes and accounts, after confirmation by the local Union, to be incorporated in the permanent records of the Board.
15. That the distribution of all receipts during all tournaments be decided at a meeting of the Board, to be held at the centre at which such tournament takes place; such meeting to regulate all expenses, etc., in conjunction with the local Union, in connection with such tournament.
16. That all expenses incurred by the Board in connection with such tournaments shall be a first against the receipts, and that the local Union shall then be recouped for all expenses in connection with such tournament, subject to the submission to and confirmation by the Board then sitting, who shall decide what is proper to be charged to such account. After the Board has paid out the expenses of competing team, the balance, if any, shall be lodged to the credit of the Board at their bankers

by the Honourary Secretary, who shall operate on such account by means of cheques drawn by him and countersigned by the President.

17. That the Board shall be the medium through which all challenges for the South African Football Trophy and the Donald Currie Cup shall be made, such trophies to be played for at the same time.
18. The Board's Trophy, as well as the Currie Cup, shall be vested in and remain the property of the Board, who shall cause the same to be insured. Should any Union winning the trophies be desirous of holding them until the next tournament, the Board may allow such Union to do so, provided proper security is given for their safe custody.
19. The Board shall award each member of the winnig team with an ornamented cap, suitable as a memento.
20. All challenges for the trophies of the Board shall be made through the Hon. Secretary, at least three months prior to such tournament, who shall thereupon convene a meeting of the Board, in order to decide where and when such Tournament shall be held and to make the necessary arrangements, provided always that no tournament shall be held unless three representative teams compete. In no case shall the trophies of the Board be competed for more than once in each season.
21. The Board's Trophies shall be open for competition to any team of resident representatives of any Union affiliated to the Board. For purposes of this rule a resident shall be held to be: Any player who has continuously resided in any such Union for a period of not less than one month prior to the competition for the Cup.
22. That each Union be furnished with copies of the rules and regulations of the Board, and of the laws of the game and be bound thereby.

## Addendum 2

Aansoekvorm vir voormalige Northern Union spelers om hertoelating tot amateurrugby in Suid-Afrika.[742]



Application of a Northern Union Player for Re-instatement under the Special Power granted to the S.A. Rugby Football Board.

I, hereby apply to the South African Rugby Football Board for my re-instatement as an Amateur Rugby Football Player with leave to take part in Rugby Football in South Africa generally under the jurisdiction of the said Board and in support of this application I give in the Schedule hereto the information required by the said Board.

Dated at on this the day of 190

SCHEDULE.

| QUESTIONS. | ANSWERS. |
| --- | --- |
| 1. What is your full name? ... ... | 1. ........ |
| 2. What is your residence and address? ... | 2. ........ |
| 3. Name of Club or Clubs of the Northern Union in Great Britain or other professional Rugby Club for which you played? ... ... | 3. ........ |
| 4. Under what name or names did you play? ... | 4. ........ |
| 5. When did you commence to play for such Club or Clubs? ... ... ... ... | 5. ........ |
| 6. What was your age at that date? ... | 6. ........ |
| 7. When did you cease to play for such Club or Clubs? ... ... ... ... | 7. ........ |
| 8. Did you sign a Northern Union form? ... | 8. ........ |
| 9. What sum or sums, remuneration or consideration direct or indirect did you receive from any Club or Clubs or from any person or sporting body for playing Rugby Football? | 9. ........ |
| 10. State name of person, Club or Clubs, or sporting body from whom such payment, remuneration or consideration was received? .. ... | 10. ........ |
| 11. When did you come to South Africa? ... | 11. ........ |
| 12. For what Team or Club in South Africa or elsewhere have you played Rugby Football since you ceased to play under the Northern Union in Great Britain or for other professional Rugby Clubs? ... ... | 12. ........ |
| 13. What evidence can you produce in support of the above statements? ... ... | 13. ........ |
| 14. Have you made any previous application for re-instatement in South Africa, and if so when? | 14. ........ |

I, do hereby solemnly and sincerely declare that the Answers given to the Questions in the foregoing Schedule are in every respect absolutety true and correct and that I have not withheld any information whatsoever which should be stated so as to give a full and true answer to any question, or which does in any way either directly or indirectly affect my application for re-instatement.

DECLARED at on this

the day of 190

Before me,

**Note.**—This application is to be sent to the S.A.R. Football Board through the Union in which the Applicant is in residence, the Union to submit its recommendations on the application.

[742] Annexure to SARFB minutes, 27 May 1908. SARRA, I, 1.

**Addendum 3**

SARFB Rules for Observance by Team for England, 1906.[743]

# South African Rugby Football Board.

## Rules for Observance by Team for England, 1906.

### MANAGER, CAPTAIN, SELECTION COMMITTEE, ETC.

1. The Manager shall be the representative of the Board.

2. The Manager shall have authority to receive all sums of money which may from time to time accrue to the Board in connection with the tour, and shall make all necessary disbursements during the course of the tour.

3. The Manager shall be required to keep an account of all receipts and disbursements, the various items of which shall, as far as is practicable, be supported by proper vouchers, and at the close of the tour he shall render to the Board a statement of all receipts and disbursements, which statement shall be submitted for audit to the Board's Auditors.

4. The Manager shall be the proper medium for correspondence from and to the Board, and he shall take charge of and deal with all correspondence generally relating to the tour.

5. The Manager shall have charge of the Members composing the Team from the date of leaving Table Bay until the end of the tour, off the field of play. He shall regulate the travelling of the Team, allocate the accommodation, and decide what entertainment (if any) should be accepted.

6. Any Member of the Team who may be desirous of obtaining leave shall be required to apply in the first instance to the Manager, who shall have power to decide whether such leave will be granted, provided always that if the Manager sees fit to grant such leave the concurrence of the Captain of the Team shall be necessary.

7. The Manager shall decide all disputes and questions which may arise during the course of the tour.

8. The selection of the Teams for the respective matches and the arrangements for training and practice shall be in the hands of the Committee to consist of the Manager, Captain, and one other playing Member of the Team to be selected by the Members of the Team. This Committee shall also constitute a General Committee to decide upon any points upon which the Manager or Captain may desire to have advice.

In the event of the Captain being absent through illness or any other cause the General Committee shall have power to appoint a Vice-Captain to act during the absence (and no longer) of the Captain.

9. The Manager shall be an Honorary Officer and shall be subject to the discipline applicable to the other members of the Team.

10. The Manager will be permitted to incur reasonable and moderate expenditure in the entertainment of visitors should necessity therefor arise, and also in providing entertainment for Members of the Team.

### MEMBERS OF THE TEAM.

11. Every selected player shall produce a certificate from a duly qualified Medical Officer to the effect that he is physically fit to undertake the journey and stand the strain involved in the tour.

12. No Member of the Team shall be permitted to act as a correspondent for any newspaper or engage in any business during the course of the tour, and no player shall comment in the press on incidents occurring in matches or on the tour.

13. Any player misbehaving himself or refusing to submit to discipline or refusing to obey the orders of the Manager off the field of play or the Captain on the field of play shall be liable to be forthwith expelled from the team by the Manager, and the Board shall not be liable for his expenses from and after the date of such expulsion, save and except his expenses of return journey.

14. No Member of the Team shall be permitted, without the previous sanction of the Manager obtained therefor, to take part in any athletic or sports meeting, or play in any football or other match except meetings or matches connected with the tour.

15. No financial advances shall be made to any Member of the Team.

16. Each Member of the Team shall from time to time submit to the Manager a memorandum of his "out-of-pocket expenses," which shall be examined by the Manager. Should the Manager find such memorandum or part thereof in order he shall pay the amount so found to be in order to the Member submitting it with as little delay as possible. By the term "out-of-pocket expenses" is meant such expenses as may be incurred in washing and cab fares, railway fares or bus fares necessarily expended in travelling to and from practices and matches. Money expended on refreshment, tobacco or gratuities shall not be included in the term.

743 Annexure to SARFB minutes, 20 August 1906. SARRA, I, 1.

**Addendum 4**

SARFB statement, 31 March 1944.[744]

. STATEMENT.

In regard to what may for brevity's sake be called the Rugby Split, we feel that some statement in regard to our attitude to this unfortunate matter is due to the Unions.

At a very early stage of the War it became apparent that there was a danger that the unhappy differences which existed in the country over the question of South Africa's active participation in the War, might find their way into our game, which until now had been such a powerful influence in fostering a common national sentiment among all sections of the population. To avoid this and to retain our rugby fields and clubs as a common meeting place for people who differed bitterly and acutely on the question of the War seemed to us a matter of vital national importance. As a means towards this object, it was made clear in a Board meeting held on the 11th December, 1940 that the permission of the Board would be required for the playing of any game if it was proposed to devote the gate receipts or any portion thereof to any charitable object. This restriction rests upon the laws of Professionalism which South Africa has adopted from the Constitution of the Rugby Union in England, and which bind us. While its operation may sometimes seem harsh to those who do not know the genesis of the laws of Professionalism in England and Wales, we are convinced that it is a wholesome rule that only in exceptional circumstances and for very exceptional reasons should any match be played for any purpose not connected with the game. It strikes at the root of amateurism if the players should be given any reason to be interested in gate receipts provided that they are satisfied that the proceeds of their matches are used for the advancement of the game.

Subsequently the Executive Committee refused permission to several Unions who proposed to play matches for either hospital or war funds. The Unions concerned accepted these decisions loyally and the Executive Committee in the Annual Report for 1941 expressed its appreciation of this. In September, 1942, the Western Province Union decided to make a grant from its revenue to the Ouma Gifts & Comforts Fund. To this the Stellenbosch Rugby Club, apparently relying on the Board's ruling in regard to playing for charity, objected, and withdrew from the Union's competitions. This caused the 'Split' which developed so seriously last season.

We wish to repeat and emphasize that subject to its Constitution and the laws of professionalism, a Union may use its funds as it thinks fit.

The Western Province Union's decision supported as it was by a long line of precedents was therefore legal, but in view of the earnest opposition of an important Club whose members regarded this decision as the introduction of a political issue into the game it is a matter of opinion whether the Western Province Union acted wisely in persisting in the policy it had adopted. If the opposing elements discarded all considerations but the interests of our game, and wholeheartedly tried to see the matter from the other man's point of view and made allowances for the emotions stirred by the War we are convinced a solution or truce could be evolved which would bring them together once more. The Board cannot officially recognize any Club or Organisation other than its constituent Unions and their Clubs, and the seceding Clubs should realise that while they remain outside the bodies recognised by the Board their future progress is greatly limited. The game at the present time is sorely in need of all its combined resources and we appeal to the parties interested to seek a solution which will be mutually satisfactory.

We are of opinion that the Board should pursue a policy of appeasement, and if reconciliation is not possible at present, to aim at localizing the difficulties and avoiding all measures which would hinder reconciliation at a more distant date.

A. J. PIENAAR,
PRESIDENT,
S.A.R.F. BOARD.

P. J. ROOS,
VICE-PRESIDENT,
S.A.R.F. BOARD.

[744] SARRA, I, 16.

## Bronnelys

### *Argivale bronne*

Suid-Afrikaanse Rugbyraad Argief (SARRA), Universiteit van Stellenbosch.

- Afd. I: Notules
- Afd. II: Versameling A
- Afd. III: Versameling B
- Afd. IV: Versameling C
- Afd. VIII: Groot Toere
- Afd. XII: Groot Houers / Diverse

### *Boeke*


Aldridge, R. *South African Rugby Annual 1950*. Johannesburg: Donaldson, 1950.

Archer, R. & A. Bouillon. *The South African Game: Sport and Racism*. London: Zed Press, 1982

Black, D. R. & J. Nauright. *Rugby and the South African Nation: Sport, Cultures, Politics, and Power in the Old and New South Africas*. Manchester: Manchester University Press, 1998.

Booley, A. *Forgotten Heroes: A history of black rugby, 1882-1992*. Cape Town: Manie Booley Publications, 1998.

Booth, D. *The Race Game: Sport and Politics in South Africa*. London: Frank Cass, 1998.

Booyens, B. *Danie Craven*. Kaapstad: Suid-Afrikaanse Rugbyraad, 1975.

Cammack, D. *The Rand at War, 1899-1902: The Witwatersrand and the Anglo-Boer War*. Pietermaritzburg: University of Natal Press, 1990.

Collins, T. *A Social History of English Rugby Union*. London: Routledge, 2009.

Collins, T. *The Oval World: A Global History of Rugby*. London: Bloomsbury, 2015.

Craven, D.H. *Die Grondbeginsels van Rugby*. Kaapstad: Nasionale Pers, 1948.

Craven, D.H. *Ek speel vir Suid-Afrika*. Kaapstad: Nasionale Pers, 1949.

Craven, D.H. *Danie Craven on Rugby*. Cape Town: Beerman, 1952.

Craven, D.H. *Ons Toetsprestasies*. Johannesburg: Afrikaanse Pers Boekhandel, 1954.

Craven, D.H. *Springbok story, 1949-1953*. Cape Town: Beerman, 1954.

Craven, D.H. & P. Jordaan. *Met die Maties op die rugbyveld, 1880-1955*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1955.

Craven, D.H. *Springboks Down the Years*. Cape Town: Howard Timmins, 1956.

Craven, D.H. *Die Leeus Keil Ons Op*. Johannesburg: Afrikaanse Pers Boekhandel, 1956.

Craven, D.H. *Springbok annale: internasionale toere na en van Suid-Afrika, 1891-1958*. Johannesburg: Mimosa, 1958.

Craven, D.H. *Oubaas Mark*. Johannesburg: Afrikaanse Pers Boekhandel, 1959.

Craven, D.H. *Handleiding van rugby vir skole en klubs*. Johannesburg: Afrikaanse Pers Boekhandel, 1960.

Craven, D.H. *Die verhaal van rugby*. Johannesburg: Afrikaanse Pers Boekhandel, 1960.

Craven, D.H. *Springbok annale: internasionale toere na en van Suid-Afrika, 1891-1964*. Johannesburg: Mimosa, 1964.

Craven, D.H. *Die sewe pilare van rugby*. Kaapstad: Suid-Afrikaanse Rugbyraad, 1965.

Craven, D.H. *Die ABC van rugby*. Johannesburg: Janssonius & Heyns, 1966.

Craven, D.H. *Rugby handbook*. Cape Town: Tafelberg, 1970.

Craven, D.H. *Patroon vir rugby: ’n praktiese handleiding oor grondbeginsels, vaardighede, spelsette en oefenmetodes*. Kaapstad: Tafelberg, 1974.

Craven, D.H. *Rugby vir almal*. Kaapstad: Tafelberg, 1976.

Craven, D.H. *Die groot rugbygesin van die Maties*. Kaapstad: Galvin & Sales, 1980.

Craven, D.H. *Doc Craven’s rugby: playing and training*. Cape Town: HAUM, 1985.

Craven, D.H. *Ons rugby in die platteland*. Kaapstad: Suid-Afrikaanse Rugbyraad, 1985.

Craven, D.H. *Enjoyment in the playing and training of rugby*. Cape Town: South African Rugby Board, *s.a.*

Craven, D.H. *Evaluation guide for the positions on the rugby ground*. Cape Town: South African Rugby Board, *s.a.*

Craven, D.H. *Afrigters: vereistes en swakhede*. Kaapstad: Suid-Afrikaanse Rugbyraad, *s.a.*

Craven, D.H. *Karakterloosheid in rugby*. Kaapstad: Suid-Afrikaanse Rugbyraad, *s.a.*

Craven, D.H. *Rugbyterme: 1827 terme*. Johannesburg: Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge, *s.a.*

Creadick, A.G. *Perfectly Average: The Pursuit of Normality in Postwar America*. Amherst: University of Massachusetts Press, 2010.

De Beer, S.A. (red.). *Namibia Rugby: Celebrating the First Century of Rugby in Namibia, 1909 to 2016*. Windhoek: Pro Publishing Namibia, 2017.

De Kock, J.J. *Rugby Referees' Right Rulings*. Cape Town: Maskew Miller, 1951.

Denoon, D. *A Grand Illusion: The failure of imperial policy in the Transvaal Colony during the period of reconstruction 1900-1905*. London: Longman, 1973.

Difford, I (ed.). *History of South African Rugby Football*. Cape Town: Specialty Press, 1933.

Dobson, P. *Great moments in South African sport*. Cape Town: Don Nelson, 1988.

Dobson, P. *Rugby in South Africa: A History, 1861-1988*. Cape Town: South African Rugby Board, 1989.

Dobson, P. *Newlands 100: One hundred years of rugby at Newlands, 1890-1990*. Cape Town: On The Ball Publications, 1990.

Dobson, P. *Bishops Rugby: A History*. Cape Town: Don Nelson, 1990.

Dobson, P. *Doc: The life of Danie Craven*. Cape Town: Human & Rousseau, 1994.

Dobson, P. *30 Super Springboks*. Cape Town: Human & Rousseau, 1995.

Dobson, P. *1995 Rugby World Cup review*. Cape Town: Sable Media, 1995.

Dobson, P. & N. Cain: *The story of the Rugby World Cup South Africa 1995*. Cape Town: Royston Lamond, 1995.

Dobson, P. *Tight heads, loose balls: South African rugby's funniest stories*. Cape Town: Sable Media, 1995.

Dobson, P. *Rugby's Greatest Rivalry: South Africa vs New Zealand*. Cape Town: Human & Rousseau, 1996.

Dobson, P. *Nick Mallet: The story so far*. Cape Town: Struik, 1999.

Dobson, P. *Champions and Challengers: South Africa at the 1999 Rugby World Cup*. Cape Town: Struik, 1999.

Dobson, P. & A. Colquhoun. *The Chosen: The 50 greatest Springboks of all time*. Cape Town: Don Nelson, 2003.

Dobson, P. *André Watson: The autobiography*. Cape Town: Don Nelson, 2005.

Dobson, P. et al. *The badge: A centenary of the Springbok emblem*. Cape Town: South African Rugby Union, 2006.

Dobson, P. & A. Botha. *Larger than life: A biography of Jan Bull Pickard*. Cape Town: Picardi Publishers, 2008.

Du Plessis, I.D. *Die Springbok*. Kaapstad: Nasionale Pers, 1932.

Du Plessis, I.D. *Die Silwervaring*. Kaapstad: Nasionale Pers, 1933.

Du Plessis, I.D. *Die rugby-kroon*. Kaapstad: Nasionale Pers, 1934.

Du Plessis, I.D. *Rugby in Rio*. Kaapstad: Nasionale Pers, 1941.

Gerber, H. *Craven*. Kaapstad: Tafelberg, 1982.

Giliomee, H. *Die Afrikaners*. Kaapstad: Tafelberg, 2004.

Giliomee, H. *The Rise & Demise of the Afrikaners*. Cape Town: Tafelberg, 2019.

Giliomee, H. *Maverick Africans: The Shaping of the Afrikaners*. Cape Town: Tafelberg, 2020.

Giliomee, H. & B. Mbenga (eds.). *New History of South Africa*. Cape Town: Tafelberg, 2007.

Grundlingh, A., A. Odendaal, A. & B. Spies (eds.). *Beyond the Tryline: Rugby and South African society*. Johannesburg: Ravan Press, 1995.

Grundlingh, A. *Potent Pastimes: Sport and leisure practices in modern Afrikaner history*. Pretoria: Protea Book House, 2013.

Heydenrych, D.H. *Tukkie Rugby 75*. Pretoria: Universiteit van Pretoria, 1984

Holt, R. *Sport and the British: A Modern History*. Oxford: Clarendon Press, 1989

Lapchick, R. *The Politics of Race and International Sport: The Case of South Africa*. Westport: Greenwood Press, 1975.

Lush, P. & H. Snyders. *Tries and Conversions: South African Rugby League Players*. London: London League Publications, 2015.

Malmesbury Rugbyklub Eeufeeskomitee. *Malmesbury Rugbyklub Eeufees, 1881-1981*. Malmesbury: Malmesbury Rugbyklub Eeufeeskomitee, 1981.

Moses, E.W. *A History of the Proceedings of the International Rugby Football Board, 1886-1959*. Twickenham: Walker & Co., 1961.

Muller, H. *Tot Siens to Test Rugby*. Cape Town: Howard Timmins, 1954.

Muller, W. *'n Eeu van OP Rugby, 1888-1988*. Port Elizabeth: OPRU, 1988.

Nauright, J. *Sport, Cultures and Identities in South Africa*. Cape Town: David Philip, 1997.

Nauright, J. & T.J.L. Chandler (eds.). *Making Men: Rugby and Masculine Identity*. London: Routledge, 1996.

Nauright, J. & T.J.L. Chandler (eds.). *Making the Rugby World: Race, Gender, Commerce*. London: Frank Cass, 1999.

Nauright, J. & T. Collins (eds.). *The Rugby World in the Professional Era*. London & New York: Routledge, 2017.

Nieman, G. *Khaki-Clad Springboks: Rugby matches played by the 6th South African Armoured Division 1943-46*. Stellenbosch: Sun Media, 2017.

Odendaal, A., K. Reddy, A. Samson. *The Blue Book: A History of Western Province Cricket, 1890-2011*. Cape Town: Fanele, 2012.

Owen, O.L. *The History of the Rugby Football Union*. London: Playfair Books, 1955.

Palenski, R. *Century in Black: 100 years of All Black Test Rugby*. Auckland: Hodder, Moa, Beckett, 2003.

Palenski, R. *Rugby: A New Zealand History*. Auckland: Auckland University Press, 2015.

Parker, A.C. *Giants of South African Rugby with a Report on the Lions*. Cape Town: Howard Timmins, 1956.

Parker, A.C. *The All Blacks juggernaut in South Africa*. Cape Town: Tafelberg, 1960.

Parker, A.C. *Now is the hour*. Cape Town: Howard Timmins, 1965.

Parker, A.C. *Ruffled roosters*. Cape Town: Howard Timmins, 1967.

Parker, A.C. *The Lion tamers*. Cape Town: Howard Timmins, 1968.

Parker, A.C. *The Springboks, 1891-1970*. London: Cassel, 1970.

Parker, A.C. *WP Rugby Centenary, 1883-1983*. Cape Town:WPRFU, 1983.

Partridge, T. *A life in rugby*. Pretoria: Southern Book Publishers, 1991.

Pollard, J. *Australian Rugby Union: The Game and the Players*. Melbourne: Angus & Robertson, 1984.

Pope, S.W. & J. Nauright (eds.) *Routledge Companion to Sports History*. London: Routledge, 2012.

Price, M. *The Springboks Talk*. Cape Town: Howard Timmins, 1955.

Roberts, B. *Cecil Rhodes: Flawed Colossus*. New York: WW Norton, 1988.

Ryan, G. (ed.). *Tackling Rugby Myths: Rugby and New Zealand Society, 1854-2004*. Dunedin: University of Otago Press, 2005.

Ryan, G. & G. Watson (eds.). *Sport and the New Zealanders: A History*. Auckland: Auckland University Press, 2018.

Smith, T. *Ons Springbokrugbyspelers en Tokkelossie*. Johannesburg: Afrikaanse Pers Boekhandel, 1956.

Snyders, H. *Blitzboks: Rugby Sevens in South Africa – A History, 1904-2019*. Johannesburg: Naledi, 2021.

Stent, R.K. *The Fourth Springboks, 1951-1952*. Cape Town: Longmans, Green & Co., 1952.

Stent, R.K. *Green and Gold: A Sporting Miscellany*. Cape Town: Longmans, Green and Co., 1954.

Suid-Afrikaanse Rugbyraad. *Rugby in Suid-Afrika, 1889-1964*. Kaapstad: Johnston & Neville, ten behoewe van die Suid-Afrikaanse Rugbyraad, 1964.

Swan, A.C. *The New Zealand Rugby Football Union, 1892-1967*. Wellington: A.H. & A.W. Reed, 1967.

Sweet, R. *Natal 100: Centenary of Natal Rugby Union*. Durban: Natal Rugby Union, 1990.

Thomas, J.B.G. *The Men in Scarlet: The Story of Welsh Rugby Football*. London: Pelham Books, 1972.

Thorburn, A.M.C. *The Scottish Rugby Union Official History*. Edinburgh & London: HarperCollins Distribution Services, 1985.

Titley, U.A. & A.R. Mcwirther. *Centenary History of the Rugby Football Union*. Twickenham: Rugby Football Union, 1970.

Van der Berg, W. *150 Years of South African rugby*. Johannesburg: Bookstorm, 2011.

Van Heerden, I. *et al*. *100 Jaar Rugby in Potchefstroom*. Potchefstroom: Telerent, 1985.

Van Rensburg, F. *Griekwaland-Wes Rugby: Die ontstaan en geskiedenis van Griekwaland-Wes rugby, 1886-1986*. Kimberley: Noordkaap, 1986.

Wilkins, I. & H. Strydom. *The Super Afrikaners: Inside the Afrikaner Broederbond*. Cape Town: Jonathan Ball, 2012.

Woolgar, J. *The Official RFU History*. London: Virgin Books, 1999.

### *Akademiese artikels*

Allen, D. "Beating them at their own game: Rugby, the Anglo-Boer War and Afrikaner nationalism, 1899-1948", *The International Journal of the History of Sport* 20(3), 2003, pp. 37-57.

Allen, D. "Tours of Reconciliation: Rugby, War and Reconstruction in South Africa, 1891-1907", *Sport in History* 27(2), 2007, pp. 172-189.

Allen, D. "'The Race for Supremacy': The Politics of 'White' Sport in South Africa, 1870-1910", *Sport in Society* 14(6), 2011, pp. 741-753.

Allen, D. "'Captain Diplomacy': Paul Roos and the Creation of South Africa's Rugby 'Springboks'", *Sport in History* 33(4), 2013, pp. 568-583.

Barnard, L. & C. Rademeyer. "Die 1981 Springbok rugbytoer na Nieu-Seeland: die katalisator in die stryd teen apartheid in Suid-Afrikaanse rugby", *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 28(3), 2003, pp. 178-197.

Barnard, L. & C. Rademeyer. "Plaaslike en internasionale verset teen apartheid in Suid-Afrikaanse sport gedurende die tagtigerjare", *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 29(2), 2004, pp. 134-151.

Black, D. "Book review: 'Beyond the Tryline: Rugby and South African society'". *Sporting Traditions* 12(2), May 1996, pp. 133-135.

Booth, D. "Mandela and Amabokoboko: The political and linguistic nasionalisation of South Africa?", *The Journal of Modern African Studies* 34(3), 1996, pp. 459-477.

Booth, D. "Sites of Truth of Metaphors of Power? Refiguring the Archive", *Sport in History* 26(1), 2006, pp. 91-109.

Bothma, G.J. "Lightning strikes twice: The 2007 Rugby World Cup and memories of a South African rainbow nation", *Communicato: South African Journal for Communication Theory and Research* 36(1), 2010, pp. 1-19.

Coetzee, J.M. "Retrospect: The World Cup of Rugby", *Southern African Review of Books* 38, July/August 1995.

Collins, T. "The Tyranny of Deference: Anglo-Australian Relations and Rugby Union before World War II", *Sport in History* 29(2), 2009, pp. 437-456.

De Wet, W. "Tendense in populêre werke oor Suid-Afrikaanse rugby, 1948-1995: 'n historiografiese studie", *Historia* 61(1), 2016, pp. 113-131.

Dubow, S. "Holding 'a just balance between white and black': The Native Affairs Department in South Africa, c.1920-33", *Journal of Southern African Studies* 12(2), April 1986, pp. 217-239.

Farquharson, K. & T. Marjoribanks. "Transforming the Springboks: re-imagining the South African nation through sport", *Social Dynamics* 29(1), 2003, pp. 27-48.

Grundlingh, A. "Playing for Power? Rugby, Afrikaner Nationalism and Masculinity in South Africa, c.1900-70", *The International Journal of the History of Sport* 11(3), 1994, pp. 408-430.

Grundlingh, A. "From redemption to recidivism? Rugby and change in South Africa during the 1995 Rugby World Cup and its aftermath", *Sporting Traditions* 14(2), 1998, pp. 1-19.

Grundlingh, A. "The King's Afrikaners? Enlistment and Ethnic Identity in the Union of South Africa's Defence Force during the Second World War, 1939-45", *The Journal of African History* 40(3), 1999, pp. 351-365.

Grundlingh, A., S. Robolin, A. Hinsman, L. Saint, S. Pearl, S. Pinto. "Roundtable on *Invictus*", *Safundi: The Journal of South African and American Studies* 13(1-2), 2012, pp. 115-150.

Holt, R. "Historians and the history of sport", *Sport in History* 34(1), 2014, pp. 1-33.

Horton, P. "Rugby Union Football in the Land of the Wallabies, 1874-1949: same game, different ethos", *The International Journal of the History of Sport* 26(11), 2009, pp. 1611-1629.

Johnes, M. "Archives and Historians of Sport", *The International Journal of the History of Sport* 32(15), 2015, pp. 1784-1798.

Labuschagne, P.A.H. "An analytical perspective of Afrikaner ideological hegemony (1961-1980): The role of politics and rugby", *Journal for Contemporary History* 40(1), 2015, pp. 125-143.

Maingard, J. "Imag(in)ing the South African nation: representations of identity in the Rugby World Cup 1995", *Theatre Journal* 49(1), 1997, pp. 15-28.

Marks, S. & S. Trapido. "Lord Milner and the South African State", *History Workshop* 8, 1979, pp. 50-80.

Milne-Smith, A. "A Flight to Domesticity? Making a Home in the Gentlemen's Clubs of London, 1880–1914", *Journal of British Studies* 45(4), 2006, pp. 796-818.

Milne-Smith, A. "Club Talk: Gossip, Masculinity and Oral Communities in Late Nineteenth-Century London", *Gender & History* 21(1), 2009, pp. 86-106.

Nauright, J. "'A besieged tribe?' Nostalgia, white cultural identity and the role of rugby in a changing South Africa", *International Review for the Sociology of Sport* 31(1), 1996, pp. 69-86.

Nauright, J. "Epilogue: Making new histories of sport in South Africa", *The International Journal of the History of Sport* 28(1), 2011, pp. 181-185.

Nkosi, M. "The South African Economy: Structural Changes and Implications for the Future", *African Journal of Political Economy* 1(1), 1986, pp. 75-94.

Pretorius, F. "'Mag ons vergeet?' 'n Geskiedenis-serie en Afrikanernasionalisme, 1937-1948", *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 54(2), 2014, pp. 178-204.

Rademeyer, C. "'No normal sports in an abnormal society': Sports isolation and the struggle against apartheid in South African sport, 1980-1992", *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 25(1), 2000, pp. 17-41.

Rademeyer, C. "Sports isolation and the struggle against apartheid in South African sport: the sports policy of the National Party during the 1980s", *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 38(2), 2013, pp. 70-90.

Rademeyer, C. "Entrenching apartheid in South African sport, 1948 to 1980: the shaping of a sporting society during the Strijdom-, Verwoerd- and Vorster administrations", *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 39(2), 2014, pp. 119-137.

Ryan, G. "Rural myth and urban actuality: the anatomy of All Black and New Zealand rugby 1884-1938", *New Zealand Journal of History* 35(1), 2001, pp. 45-69.

Ryan, G. "A Tale of Two Dinners: New Zealand Rugby and the Embrace of Empire, 1919-32", *The International Journal of the History of Sport* 28(10), 2011, pp. 1409-1425.

Snyders, H. "'Preventing Huddersfield': The rise and decline of rugby league in South Africa, c.1957-1965", *The International Journal of the History of Sport* 28(1), 2011, pp. 9-31.

Snyders, H. "Rugby, national pride and the struggle of Black South Africans for international recognition, 1897-1992", *Sporting Traditions* 32(1), 2015, pp. 95-122.

Snyders, H. "'An Outrage, Not Athletics': Apartheid and South African-United States Rugby Relations, 1976-1990", *The International Journal of the History of Sport* 35(10), 2018, pp. 1029-1059.

Snyders, H. "Rugby football and the display of New Zealand identity during and beyond the Anglo-Boer War, 1899-1907", *South African Journal of Cultural History* 34(2), 2020, pp. 42-64.

Steenveld, L. & L. Strelitz. "The 1995 Rugby World Cup and the politics of nation-building in South Africa", *Media, Culture and Society* 20(4), 1998, pp. 609-629.

Swart, S. "'Desperate Men': The 1914 Rebellion and the Politics of Poverty", *Southern African Historical Journal* 42, 2000, pp. 161-175.

Taylor, M. "Sport and Civilian Morale in Second World War Britain", *Journal of Contemporary History* 53(2), 2018, pp. 315-338.

Van der Merwe, F.J.G. "Afrikaner Nationalism in Sport", *Canadian Journal of History of Sport* 22(2), 1991, pp. 34-46.

Van der Merwe, F.J.G. "Rugby in the Prisoner-of-War Camps during the Anglo-Boer War of 1899-1902". January 1997. Beskikbaar by: https://www.researchgate.net/publication/242159541_Rugby_in_the_Prisoner-of-War_Camps_During_the_Anglo_Boer_War_of_1899-1902 (Besoek op 8 Januarie 2019.)

Van der Merwe, F.J.G. "A History of the Springbok", *The Sports Historian* 19(2), 1999, pp. 80-83.

Van der Merwe, F.J.G. "Rugby en Afrikanernasionalisme gedurende die Tweede Wêreldoorlog", *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 14(2), November 2000, pp. 83-93.

Van der Merwe, F.J.G. "Race and South African Rugby: A Review of the 1919 'All Black' Tour", *South African Journal for Research in Sport, Physical Education and Recreation* 32(2), 2010, pp. 161-169.

Van der Merwe, F.J.G. "Sports heroes and national identity: The role of Paul Roos in Springbok rugby", *African Journal for Physical, Health Education, Recreation and Dance* 17(2), 2011, pp. 219-225.

Verhoef, G. “Afrikanernasionalisme in die Sakewêreld: ’n Verenigde Front? Die Verhouding Tussen Afrikanersakeondernemings in die Noorde en in die Suide, 1934-1950”, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 30(1), 2005, pp. 44-64.

Vincent, G.T. “Practical imperialism: the Anglo-Welsh rugby tour of New Zealand, 1908”, *The International Journal of the History of Sport* 15(1), 1998, pp. 123-140.

Winch, J. “Unlocking the Cape Code: Establishing British Football in South Africa”, *Sport in History* 30(4), 2010, pp 501-522.

Winch, J. “Ebrahim Patel: The IRB’s first black South African in more than 100 years”, *Sport in History* 33(4), 2012, pp. 512-531.

***Koerante***

*Brisbane Telegraph* (23 November 1949)

*Cape Times* (22 March 1944, 15 December 1944, 16 December 1944, 22 February 1956)

*Diamond Fields Advertiser* (12 September 1889)

*Die Burger* (12 September 1938, 16 September 1942, 1 Oktober 1942, 8 Oktober 1942, 6 Maart 1943, 11 Maart 1943, 18 Maart 1943, 5 April 1948)

*Evening Post* (2 May 1940)

*Evening Star* (4 September 1943)

*New Zealand Herald* (14 September 1921)

*Otago Daily Times* (6 May 1927)

*Stratford Evening Post* (15 September 1921, 6 August 1936)

*The Cape Argus* (6 August 1938, 18 December 1944, 2 June 1953, 28 September 1953, 20 August 1955, 21 February 1956)

*The Courier Mail* (2 August 1940)

*The Mercury* (6 December 1945)

*The Sydney Morning Herald* (28 September 1944)

### *Bibliografieë*

South African Sports Documentation and Information Centre (SASI). *South African rugby 1889-1989: A bibliography of monographs*. Pretoria: Human Sciences Research Council, 1989.

### *Proefskrifte*

Allen, D. "'A Far Greater Game': Sport and the Anglo-Boer War", MA-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, 2002.

Hoefnagels, J.A.M. "A History of the South African Rugby Referees' Society, 1914-1981", MA-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, 1983.

Winch, J. "Sir William Milton: a leading figure in Public School Games, Colonial Politics and Imperial Expansion, 1877-1914", PhD-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, 2013.

### *Internetbronne*

Artefacts. Beskikbaar by: http://www.artefacts.co.za/main/Buildings/archframes.php?archid=128 (Besoek op 27 Oktober 2018.)

Collins, T. "The 1919 King's Cup: Rugby Union's First 'World Cup'?". Beskikbaar by: http://www.tony-collins.org/rugbyreloaded/2015/6/2/the-1919-kings-cup-rugby-unions-first-world-cup (Besoek op 1 April 2020.)

Collins, T. "Springboks versus All Blacks – Rivalry, Racism and Ranji Wilson". Beskikbaar by: https://soundcloud.com/user-523674328/71-springboks-versus-all-blacks-rivalry-racism-and-ranji-wilson (Besoek op 3 April 2020.)

Dobson, P. "Jannie le Roux passes". 1 February 2016. Beskikbaar by: https://rugby365.com/countries/south-africa/jannie-le-roux-passes/ (Besoek op 14 April 2021.)

"Duke of Edinburgh's Own Volunteer Rifles". Beskikbaar by: https://www.angloboerwar.com/unit-information/south-african-units/323-duke-of-edinburghs-own-volunteer-rifles (Besoek op 8 Januarie 2019.)

"From the Great Exhibition to the Festival of Britain, 1851-1951". Beskikbaar by: https://www.sheffield.gov.uk/content/dam/sheffield/docs/libraries-and-archives/archives-and-local-studies/research/Exhibitions%20Study%20Guide%20v1-0%20PDF.pdf (Besoek op 3 Desember 2018.)

Geni – Genealogy Tools. Beskikbaar by: https://www.geni.com/people/William-SIMKINS-Captain-Duke-of-Edinburgh-s-Own-Volunteer-Rifles/6000000039161303422 (Besoek op 27 Oktober 2018.)

Jenkins, J. "Trend or Tradition? Part 2". Beskikbaar by: https://worldrugbymuseum.blog/2019/06/07/trend-or-tradition-part-2/ (Besoek op 21 Junie 2019.)

Kotzé, G. "Sport en Politiek: Apartheid, Nat en Sap". Beskikbaar by: https://gelofteland.org/index.php/suid-afrika/109-sport-en-politiek/2564-sport-en-politiek-apartheid-nat-en-sap (Besoek op 20 Oktober 2020.)

Kotzé, G. "Sportrevolusie en die Beesblaasbond". Beskikbaar by: http://gelofteland.org/index.php/suid-afrika/109-sport-en-politiek/2497-sportrevolusie-en-die-beesblaasbond (Besoek op 14 April 2021.)

Odendaal, A. "Cricket's history of foul play in SA". Beskikbaar by: https://www.iol.co.za/capetimes/opinion/crickets-history-of-foul-play-in-sa-209641 (Besoek op 6 Desember 2018.)

S2A3 Biographical Database of Southern African Science. "Frames, Percival Ross". Beskikbaar by: http://www.s2a3.org.za/bio/Biograph_final.php?serial=3456 (Besoek op 25 Oktober 2018.)

S2A3 Biographical Database of Southern African Science. "Stegmann, Ebenhaeser Theodore". Beskikbaar by: http://www.s2a3.org.za/bio/Biograph_final.php?serial=2700 (Besoek op 9 Oktober 2020.)

Stellenbosch University. "SU leaders: Prof R.W. Wilcocks". Beskikbaar by: https://www0.sun.ac.za/100/en/team/prof-rw-wilcocks/ (Besoek op 9 Oktober 2020.)

Suber, J.R. "After the War: The Victory Internationals, 1945-46". Beskikbaar by: https://worldrugbymuseum.blog/2019/06/10/after-the-war-the-victory-internationals-1945-46/ (Besoek op 22 Maart 2021.)

World Rugby Museum: "Up for the Cup, 1919". Beskikbaar by: https://worldrugbymuseum.blog/2019/01/21/up-for-the-cup-1919/ (Besoek op 1 April 2020.)